

Sue Grové

Studiegids

Via Afrika Geskiedenis

Graad 11



Our Teachers. Our Future.

Inhoud

Inleiding tot Geskiedenis Graad 11	1
--	---

Onderwerp 1 Kommunisme in Rusland: 1900 tot 1940	2
---	----------

EENHEID 1 Vraagstukke en gebeurtenisse wat gelei het tot die 1917-Revolusies	3
---	---

EENHEID 2 Die Februarie- en Oktoberrevolusies van 1917	9
---	---

EENHEID 3 Burgeroorlog en Oorlogskommunisme	22
--	----

EENHEID 4 Rusland onder Stalin	29
---	----

OPSOMMING EN VRAE	37
-------------------------	----

Onderwerp 2 Kapitalisme in die VSA: 1900 tot 1940	43
--	-----------

EENHEID 1 Die aard van kapitalisme in die VSA	44
--	----

EENHEID 2 Die ineenstorting van Wall Street in 1929	55
--	----

EENHEID 3 Die New Deal	55
---------------------------------	----

EENHEID 4 Die impak van die Tweede Wêreldoorlog	67
--	----

OPSOMMING EN VRAE	73
-------------------------	----

Onderwerp 3 Idees oor ras in die laat 19de en 20ste eeu	77
--	-----------

EENHEID 1 Teorieë en praktyke oor ras	78
--	----

GEVALLESTUDIE 1 Australië en die inheemse Australiërs	83
--	----

GEVALLESTUDIE 2 Nazi-Duitsland en die Jodeslagting (Holocaust)	87
---	----

OPSOMMING EN VRAE	95
-------------------------	----

Onderwerp 4 Nasionalisme: Suid-Afrika, die Midde-Ooste en Afrika..... 101

EENHEID 1 Wat is nasionalisme?102

GEVALLESTUDIE 1 Suid-Afrika.....107

GEVALLESTUDIE 1A Die opkoms van Afrika-nasionalisme.....109

GEVALLESTUDIE 1B Die opkoms van Afrikanernasionalisme.....123

GEVALLESTUDIE 2 Die Midde-Ooste.....135

GEVALLESTUDIE 3 Van die Goudkus tot Ghana.....149

EENHEID 2 Positiewe en negatiewe aspekte van nasionalisme156

OPSOMMING EN VRAE158

Onderwerp 5 Apartheid in Suid-Afrika: 1940's tot 1960's165

EENHEID 1 Rassisme en segregasie in die 1920's en 1930's.....166

EENHEID 2 Segregasie ná die stigting van die Unie.....168

EENHEID 3 Die Nasionale Party-oorwinning in 1948170

EENHEID 4 Wettiging van apartheid.....173

EENHEID 5 Oorkoming van apartheid177

EENHEID 6 Wêreldwye weerstand teen rassisme en onderdrukking183

EENHEID 7 Die apartheidstaat se reaksie op die weerstand teen apartheid.....185

EENHEID 8 Impak van die Sharpeville-menseslagting.....187

EENHEID 9 Die Rivonia-verhoor en die nagevolge daarvan189

EENHEID 10 Apartheid word 'n internasionale woord.....190

OPSOMMING EN VRAE.....191

Antwoorde195

Eksamenoefening214

Antwoorde vir eksamenoefening231

Inleiding tot Geskiedenis Graad 11

Wie is jy? Wat maak jy hier?

Waarheen is jy op pad? Hoe gaan jy daar kom?

Geskiedenis kan jou help om sommige van hierdie vrae te beantwoord.

Deur die verlede te bestudeer, kan ons leer hoe om in die hede te leef. Ons kan sien watter foute gemaak is en ons kan verhoed dat hulle in die toekoms herhaal word. Deur hierdie foute van die verlede te bestudeer, sowel as baie korrekte en moedige besluite wat geneem is, kan ons beter verstaan waarom ons wêreld nou is soos dit is.

Geskiedenis is die studie van mense: beroemde mense, berugte mense en gewone mense, en hoe hulle besluite en optrede vorm gee aan die toekoms. Die bestudering van hierdie mense kan ons inspireer om 'n meer aktiewe rol in die totstandbring van ons wêreld te speel en in ons strewe om ons individuele potensiaal te bereik. Geskiedenis is 'n opwindende en dinamiese vak. Bestudering van Geskiedenis kan ons help om die verlede beter te verstaan en intelligenter te kan saam praat oor wat in die wêreld gebeur.


Die geskiedenis omvat baie besonderhede, soos die gebeure, datums en name van mense en plekke. Maar, wanneer jy Geskiedenis bestudeer, moet jy nie bekommerd wees dat jy deur al die besonderhede oorweldig sal word nie. Probeer om die belangrikheid van die groter prentjie te sien..

As jy goed wil presteer in Geskiedenis is hier 'n paar strategieë wat jy kan volg:

- Luister aandagtig in die klas.
- Vra vrae aan jou onderwyser totdat jy verstaan wat aangaan.
- Gaan dieselfde dag nog oor die werk wat jy in die klas gedoen het.
- Doen jou eie ekstra navorsing oor die onderwerp wat jy bestudeer.
- Moet nooit wag tot die dag voor 'n toets of eksamen om te begin studeer nie.
- Maak jou eie kopkaarte en opsommings.
- Praat met jou self terwyl jy studeer en toets jou eie kennis.

Kommunisme in Rusland 1900 tot 1940

Kernvraag for Onderwerp 1: Hoe het Lenin en Stalin kommunisme in Rusland toegepas?



Vraagstukke en gebeurtenisse wat gelei het tot die 1917-Revolusies

Kernvraag: Watter vraagstukke en gebeurtenisse het gelei tot die 1917-Revolusies?

1 Wat is kommunisme?

Ná die industrialisering van Europa in die 19de eeu het idees oor gelykheid tussen mense bekend geword as sosialisme of kommunisme. Dit is geskoei op twee hoofbeginsels:

- goedere en dienste wat in 'n ekonomiese bestel gelewer word, moet openbare besit wees
- goedere en dienste moet beheer en beplan word deur 'n gesentraliseerde organisasie.

Sosialisme

- ekonomiese en politieke stelsel waar eiendom en kapitaal tot voordeel van almal benut word
- die rykdom van 'n gemeenskap moet gedeel word en almal in die gemeenskap moet alles hê wat hulle nodig het
- sosialiste glo dat die kollektiewe belange van die gemeenskap belangriker is as dié van die individu
- die woord “sosialisme” is die eerste keer in die 1820's in Brittanje gebruik.

Kommunisme

- soort sosialisme
- daar moet geen sosiale klasse of status wees nie
- gereedskap, fabriek en plase wat goedere en kos produseer, moet aan almal behoort
- staan bekend as gesamentlike (kollektiewe) eienaarskap
- geen private eiendom
- in beginsel neem werkers beheer oor van fabriek en ondernemings, en word die ekonomie demokraties bestuur
- het in 1918 'n moderne betekenis gekry nadat Lenin sy party die Kommunistiese Party genoem het.

2 Karl Marx se geskrifte


***Kommunistiese Manifeste* (1848)**

- beskryf 'n paar veranderings wat 'n gemeenskap sal ervaar as die werkers teen die kapitalistiese stelsel in opstand sou kom
- dit sal geleidelik gebeur deur die “wet van geskiedenis”.

***Das Kapital (Kapitaal)* (1867)**

- kritiese ontleding van kapitalisme
- die minderheid mense is ryk en die oorgrote meerderheid is arm
 - → deurlopende klasseverskille en stryd om status
 - die middelklas (bourgeoisie) besit die “produksiemiddele” (die grond en die fabriek)
 - die werkersklas (proletariaat) verkoop hul arbeid
 - die bourgeoisie buit die proletariaat uit deur hulle te min te betaal → die bourgeoisie vermeerder dus hul eie rykdom.

Karl Marx is in 1818 in Duitsland gebore (toenmalig bekend as die Koninkryk van Pruise in die Duitse Konfederasie). Marx se teorie was dat gemeenskappe onvermydelik die skuif van demokrasie na sosialisme en dan verder na kommunisme sou maak. Dit sou 'n voortdurende klassestryd behels waarin:



Sekere sosialiste het egter ongeduldig begin raak en geglo dat kapitalisme slegs deur 'n gewelddadige revolusie omvergewerp kon word.

- Lenin was een van dié wat geglo het aan 'n gewapende revolusie wat deur 'n klein groepie opgeleide revolusionêres gelei word.
- Rusland het in Oktober 1917 die eerste land geword wat 'n staat geskep het wat op Marxistiese beginsels geskoei was.

3 Watter vraagstukke het gelei tot die 1905-Revolusie?

19de eeu → Rusland was 'n ryk wat deur 'n outokratiese leier, 'n tsaar, beheer is:

- multinasionale ryk
- etniese Russe slegs omtrent 45% van die bevolking
- grootliks 'n landbougemeenskap
- die meeste mense het as lyfeienes en kleinboere in armoede in die landelike gebiede gewoon.
 - Tot 1861, lyfeienes:
 - geen vryheid van beweging nie
 - gedwing om op die landerye van groot grondeienaars te werk
 - het die status van kleinboere gehad

In 1861 het tsaar Alexander II die lyfeienes op private landgoedere bevry, asook huishoudelike lyfeienes, en hulle het dieselfde status en regte as vryburgers gekry.

- Die grondeienaars is gedwing om stukke grond aan hul lyfeienes te gee.
 - Die bevryding van die lyfeienes het hulle in staat gestel om na die dorpe en stede te reis en hul ambagte aan die groeiende nywerheidsektor te verkoop.
 - Steeds min politieke verteenwoordiging vir die mense:

Zemstvo – plaaslike regering

- verkies deur dorpsmense, kleinboer-dorpenaars en adellike grondeienaars
- hanteer plaaslike probleme
- tradisionele burokrasie en plaaslike adel oorheers die zemstvo
- gewone mense het min seggenskap.

Onder tsaar Alexander II het politieke aktiwiteit verhoog en mense het aangedring op 'n grondwet en 'n parlement:




Rusland was vasbeslote om sy gebied uit te brei.

- Teen 1903 het die land 'n invloedssfeer in die Chinese Mantsjoerye gevestig.
- Korea was die volgende teiken.
 - Japan wou nie verdere Russiese uitbreiding hê nie en het daarteen beswaar gemaak.
 - Rusland het die Japanse protes geïgnoreer
 - Japan het in Februarie 1904 'n verrassingsaanval geloods
 - Die Russe het 'n vernederende nederlaag gely
 - Dit het tot politieke onrus in Rusland gelei.

Professionele en sakeklasse wou politieke hervorming hê wat Rusland in 'n liberale demokrasie sou verander

- fabriekswerkers het ekonomies uitgebuit gevoel en het vakbonde gestig
- kleinboere het nie veel gebaat uit die ekonomiese hervormings nie en het voortgegaan om in armoede te leef
- teen 1900 het sommige intellektuele van die onderdanige nasionaliteite, veral Pole en die Oekraïne, hulle vir selfregering beywer.



Dag het bekend geword as Bloedige Sondag.

- Die menseslagting het die werkers teen die tsaar laat draai en woede het oor die land versprei.
- Die Russiese Marxiste het die Sosiaal-Demokratiese Arbeidersparty gestig.
- Die tsaar het die Oktobermanifeste uitgereik, wat burgerlike regte toegestaan het, en hy het belofte om 'n Doema (parlement) te stig wat deur die mense verkies is.
 - het belofte dat die Doema werklike mag sou hê om wette te maak
 - Oktobermanifeste is aanvaar deur die liberale (Oktoberiste), maar verwerp deur die Sosiaal-Demokrate
 - Sosiaal-Demokrate wou 'n sosialistiese revolusie hê.

Desember 1905 – Sosiaal-Demokrate het 'n werkersopstand in Moskou gelei. Dit het vrees by die middelklas veroorsaak en hulle gehelp om die opstand te onderdruk.

Doema

- eerste byeenkoms in Mei 1906
- groot teleurstelling vir diegene wat ware politieke verandering verwag het
- regering het 'n nuwe grondwet uitgereik waarvolgens die tsaar steeds die meeste van die mag gehad het
- Doema en 'n aangewese hoërhuis kon wette debatteer en goedkeur, maar die tsaar kon alle wette veto
- Tsaar het die ministers in die regering aangestel.

Die tsaar het die Doema twee keer ontbind en elke keer is meer radikale verteenwoordigers tot die Doema verkies.

- Die tsaar het toe die kieswette herskryf om te verseker dat die vermoënde klasse die Doema sou oorheers.
 - Dit het groter ondersteuning van die tsaar en sy ministers verseker.

4 Die verband tussen die 1905- en 1917-Revolusies

- 1905-Revolusie het die Marxistiese revolusionêre hul eie politieke teorie help ontwikkel en hul organisatoriese vaardighede verbeter.
 - Lenin, een van die leiers van 1917, was in ballingskap in 1905
 - Hy het die gebeure bekyk en sy eie revolusionêre teorie aangepas.
- Leon Trotski, 'n Mensjewis wat saam met Lenin die 1917-Revolusie sou lei, was aktief betrokke by die gebeure van 1905.

Leon Trotski

- het gehelp met die opstel van die Sowjet- en Werkersdeputate in St Petersburg
- is verkies tot die uitvoerende raad
- is later tot voorsitter verkies
- ná die 1905-oproer is hy in hegtenis geneem en tot interne ballingskap gevonnis
- het egter na Wene in Oostenryk ontsnap.

Sowjet- en Werkersdeputate

- het die dag-tot-dag besluite van die Sowjets geneem
- teen Oktober 1905 het die St Petersburg-Sowjet baie van die funksies van die plaaslike regering oorgeneem
- Sowjets is in 50 stede geplaas.

Hoewel die St Petersburg-Sowjet 'n belangrike rol sou speel in die gebeure van 1917, is die 1905-oproer in Desember 1905 onderdruk.

- Trotski en die ander Sowjet-leiers is in hegtenis geneem, opgesluit en op 19 September 1906 gevonnissen.

4.1 Wat het die Sosiaal-Demokrate uit die gebeure van 1905 geleer?

- Die belangrikheid van massastakings en werkersrade (Sowjets) as verteenwoordigend van die werkers as geheel, in plaas van politieke groeperings.
- Hulle het hul teorie oor revolusie hersien: 'n sosiaal-demokratiese revolusie sou moontlik wees in 'n land soos Rusland, wat nie 'n groot verstedelike werkersklas gehad het nie.
- Trotski: teorie van permanente revolusie.

Voor en ná 1905

Voor 1905

- Die meeste Marxistiese revolusionêre in Rusland het geglo hulle veg vir 'n demokratiese regering onder 'n kapitalistiese ekonomie.



Ná 1905

- Erkenning dat hulle 'n werkersrevolusie kon hê.
- Sodra hulle die mag gehad het, kon die werkers hul demokratiese ideale uitvoer om die kleinboere te bevry.
 - → hulle kon 'n sosialistiese, anti-kapitalistiese stelsel invoer om aan die behoeftes van die werkers te voldoen.

Die Februarie- en Oktoberrevolusies

Kernvraag: Wat was die oorsake van die Februarie- en Oktoberrevolusies van 1917?

Aantekening oor datums

- In 1917 het Rusland nog die ou Juliaanse kalender gebruik, terwyl die Weste die nuwer Gregoriaanse kalender gebruik het.
- Daar was 'n verskil van verskeie dae tussen die twee.
- Dit is hoekom daar gewoonlik twee maande aangedui word vir die 1917-Revolutione: Februarie/Maart en Oktober/November.
- Rusland se datums was agter dié van die Weste.
- In 1918 het Rusland ook verander. Toe Rusland besluit het om hul kalender in Februarie 1918 te hervorm, het hulle van die Juliaanse kalender na die Gregoriaanse kalender verander.
 - Hierdie verandering het veroorsaak dat 13 dae “weggeraak” het.
 - Die dag ná 31 Januarie 1918 was 14 Februarie 1918.

1 Wat was die oorsake van die Februarie- en Oktober-revolusies van 1917?

Oorsig

- Die 1917-Revolutione het die Russiese monargie beëindig en die eerste sosialistiese staat gevestig.
- Die revolutione van Februarie/Maart was nie beplan nie
 - → dit was die resultaat van onbeplande opstand van honger, woedende mense in Petrograd (St Petersburg)
 - Dit het tsaar Nikolaas uit sy magposisie verwyder
 - = demokratiese revolutione wat demokratiese hervorming veroorsaak het
- Revolutione van Oktober/November (Bolsjewistiese revolutione) was beplan en is uitgevoer deur 'n revolutionêre groep.
 - In 1918 het hulle demokrasie verwerp en hulself as die verteenwoordigers van 'n diktatuur van die proletariaat verklaar.
- 1914 → Eerste Wêreldoorlog breek uit
 - Tsaar Nikolaas II het belowe om teen die vyand te veg – oplewing van patriotisme
 - St Petersburg is herdoop na Petrograd
 - desondanks was die Russiese leer → swak toegerus en het ernstige verliese gely

1.1 Wat was die politieke oorsake van die Februarie- en Oktoberrevolusies?

Ná 1905- Revolusie


- Tsaar Nikolaas was teensinnig om ware politieke hervormings deur te voer
- Stolypin > eerste minister van 1906 tot 1911:
 - hy het 'n beleid van onderdrukking gevoer.

Stolypin het die Jode vervolg, hardhandig opgetree teenoor beswaarmakers en politieke aktiviste soos Lenin verban.

- Groeiende ontevredenheid onder werkers.
- Oorbevolkte werkersklasgebiede het die verspreiding van revolusionêre idees vergemaklik.
- Stakings was onwettig
 - geheime samekomste is georganiseer.
- Mense was al hoe ongeduldiger en betogings was gewelddadiger.


Stolypin is in September 1911 in 'n sluipmoordaanval vermoor.

1.1.1 Politieke oorsake



Gevolge:

- groeiende ontevredenheid
- toenemende nasionalisme
- nasionaliste het eise vir plaaslike selfregering begin stel
 - → maar dit is brutaal deur die tsaar onderdruk.



In September 1915 het 'n aantal politieke partye die progressiewe blok gevorm

- → het gevra vir 'n nuwe regering wat verantwoordelik sou wees aan die Doema, pleks van die tsaar.

MAAR

- Die tsaar het die Doema tydelik opgeskort:
 - hy het aangekondig dat hy self die Russiese weermag sou aanvoer
 - = 'n noodlottige besluit wat gelei het tot die val van die tsaar.

1.1.2 Watter rol het tsarina Alexandra en Raspoetin gespeel?


Tsaar Nikolaas II het by die troepe aangesluit en sy vrou, tsarina Alexandra, het beheer oor die regering oorgeneem.

- sterk wil
- het parlemente gehaat
- ongewild by die mense
- het haar man aangespoor om 'n absolute monarg te wees
- het probeer om in sy afwesigheid dieselfde te doen

MAAR


- kon nie doeltreffend regeer heers nie
- het eerste ministers aangestel en afgedank en die Doema ontstig
- was onder die invloed van Raspoetin, 'n kleinboer-moennik
- Raspoetin het voorgegee dat hy die tsarina se seun (Alexei Ramanov) se hemofilie kon beheer
- en sodoende het hy begin om politieke invloed uit te oefen en sy gunstelingen in belangrike regeringsposte aan te stel.
 - Ondersteuners van die tsaar het Raspoetin in 1916 vermoor nadat hulle gehoor het van sy skadelike invloed.

1.2 Wat was die ekonomiese oorsake van die Februarie- en Oktoberrevolusies van 1917?



Fabrieke moes militêre goedere vervaardig om in die vraag van die leer te voorsien; die vervoerstelsel was onvoldoende.

1.3 Wat was die maatskaplike oorsake van die Februarie- en Oktoberrevolusies van 1917?



2 Waarom was die Februarie-revolusie van 1917 suksesvol?

- Toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek het, het alle politieke partye ten gunste van deelname gestem.
- Rusland was aan die kant van Brittanje en Frankryk
- 1915 = reeks ernstige nederlae
 - → ná nederlae = volle mobilisering (organiseer sodat vir oorlog).



- 1 Die Doema het 'n spesiale komitee gestig om die verdediging, nywerhede, vervoer en landbou te koördineer.
- 2 Russiese fabrieke het die produksie van krygstoerusting verdubbel.

MAAR, dit veroorsaak:

- 1916: voedseltekorte
- 1916–17: stakings, openbare geweldpleging.

Die situasie in Petrograd was vir die grootste deel van die bevolking baie sleg. Weens die oorlog was kosvoorrade min, werkloosheid hoog en inflasie buite beheer, met lone wat nie bygebly het nie. Voedsel was skaars en hongersnood het gedreig.

Die Februarie-revolusie was die resultaat van 'n onbeplande opstand van honger, woedende mense in Petrograd.



Teen 28 Oktober 1917:


- meer as 80 000 troepe het reeds in opstand gekom
- wydverspreide onluste
- polisie kon nie die skare beheer nie
- werkers het polisiekantore beset, hul wapens afgeneem en geboue aan die brand gestee.



Die eerste minister, Rodzianko, het 'n telegram aan tsaar Nikolaas II gestuur:

“Die situasie is ernstig. Die hoofstad is in 'n staat van anargie. Die regering is lamgelê. Vervoerdienste en die kosvoorraad en brandstof het heeltemal verbrokkel. Algemene misnoeë neem toe... Daar moet geen vertraging wees nie. Enige uitstel is gelykstaande aan die dood.”

Die tsaar het die waarskuwing geïgnoreer en die situasie onderskat.



14 Maart 1917 – tsaar Nikolaas II abdikeer.

Tsaar se broer (Mikhael) wou nie die leierskap aanvaar nie, en Rusland is dus sonder 'n monarg gelaat.

- Tsaar en sy familie is in Julie 1918 na Sibirië verban, waar hulle later in Yekaterinburg vermoor is.

3 Hoekom het die Voorlopige Regering misluk?

Voorlopige Regering (VR)	Konstituerende wetgewende vergadering
- gelei deur Alexander Kerensky - bestaan hoofsaaklik uit ryk middelklas gewese Doema-ministers - sou tydelik regeer totdat 'n konstituerende wetgewende vergadering verkies kon word	sou oor die toekoms van die land besluit

Die nuwe regering was aanvanklik gewild. Dit is erken deur die Petrograd-Sowjet, wat gesê het dat die Sowjet die Voorlopige Regering (VR) sou steun solank hulle in belang van die mense regeer.



VR se hervormings	VR se mislukkings	Stryd tussen VR en Sowjets
- gelykheid voor die wet - vryheid van geloof, spraak en samekoms - die reg van vakbonde om te organiseer en te staak (belangrik vir kommuniste/sosialiste) - agt-uur-werksdag vir werkers - vrylating van politieke gevangenes - politieke bannelinge is toegelaat om na Rusland terug te keer	- versuim om aandag te gee aan die mense se vereistes - beëndig nie die oorlog nie - herverdeel nie grond nie (werkers was grondloos soos tydens die monargie) - verkiesings is uitgestel → maak die Voorlopige Regering ongewild	- Verskil oor grondverdeling - Sowjets: groot landgoedere van die tsaar en adellikes moes gekonfiskeer en onder die kleinboere verdeel word - Voorlopige Regering wou nie die ondersteuning van die adel verloor nie

Ná 1914

- ineenstorting van die spoorwegstelsel vir die vervoer van voedsel na die stede
- handelaars was toenemend korrupt
- voedselpryse: styg weens oorlog, maar kleinboere kon nie voordeel daaruit trek nie
- dus min aansporing vir die produksie van surplus gewasse
- kleinboere het die grond wat hulle byna as slawe moes bewerk, opgeëis
- soldate (baie seuns van kleinboere) het huis toe begin dros om met die grondvergrype te help.

4 Hoe het Lenin se terugkeer tot die Oktoberrevolusie van 1917 bygedra?

April 1917: amnestie aan politieke ballinge

- Lenin keer terug na Rusland uit ballingskap in Switzerland
 - Mense hoop dat hy Rusland se deelname aan die 1ste Wêreldoorlog sou beëindig.


'April Tesis' – Lenin	Lenin se idees
- het die onmiddellike omverwerping van die Voorlopige Regering geëis - alle mag moes aan die Sowjets oorgedra word - alle fabriek moes aan die werkers oorhandig word, en grond aan die kleinboere (Marxistiese ideaal)	- die sukses van 'n revolusie het gelê in die leierskap van 'n toegewyde groep revolusionêre - die strewe na 'n revolusie moes onmiddellik begin - slagspreuke: Vrede! Grond! Brood!

Leon Trotski – belangrike kollega van Lenin → sleutelrol in die 1917-Revolusie

Junie 1917:


- eerste Kongres van Sowjets van die hele Rusland in Petrograd gehou
- Bolsjewiste (ondersteuners van Lenin) was in die minderheid
- Lenin se leierskap het hulle gehelp om die afgevaardigdes te beïnvloed
- Op 9 Junie het die Bolsjewiste openlik 'n beroep gedoen dat die burgerlikes en soldate die strate van Petrograd invaar, die Voorlopige Regering verwerp en eis dat die oorlog beëindig word
- Die minister van oorlog, Alexander Kerensky, het 'n hernude offensief langs die Oostenrykse grens gelas:
 - Dit was 'n mislukking en het Kerensky polities verswak.

4.1 Julie-dae



Baie mense het dit beskou as die einde van die Bolsjewistiese invloed op die gebeure van 1917, want hulle was toe vyande van die staat. Die Bolsjewiek hoofkwartier was by die Kshesinsky-paleis

4.2 Die Kornilov-saak




MAAR



Die Voorlopige Regering het die Petrograd-Sowjet om hulp gevra.

- Hulle het op verskeie maniere gereageer:
 - 'n algemene staking is uitgeroep en die werkers is bewapen om Kornilov se opmars te stuit
 - spoorwegwerkers het geweier om Kornilov se treine te laat loop
 - treine is op ander roetes geplaas
 - werkers het beheer oor fabriek oorgeneem en komitees verkies om leiding te neem
 - kleinboere het beslag gelê op grond
 - kleinboersoldate het die weermag verlaat om deel te neem aan die grondvergrype



Ná Kornilov-opstand:

- Kerensky was steeds aan bewind
 - maar steun vir regering het afgeneem
 - Bolsjewiste was meer gewild (hulle het Kornilov gestop)



Die gewildheid van die Bolsjewiste het Lenin 'n geleentheid gebied → teen September 1917 het hulle die Petrograd- en Moskou-Sowjets oorheers.



Lenin het egter die Bolsjewistiese Sentrale Komitee oortuig om 'n gewapende opstand goed te keur. Planne is oor die daaropvolgende twee weke gesmee.

- Die Bolsjewiste het 'n leer op die been gebring, maar hulle het besef dat hul soldate onbetroubaar was
- Trotski het die ondersteuning van die nasionale weermag geniet
- Hy kon die Petrograd-garnisoen vir die Petrograd-Sowjet werf
- Die VR is dus ontnem van hul belangrikste militêre steun in Petrograd.

5 Hoekom was die Oktoberrevolusie van 1917 suksesvol?

Kerensky en die Voorlopige Regering was bewus van 'n beplande oorname deur die Bolsjewiste



Die Voorlopige Regering het junkers (kadette van die plaaslike militêre akademie) ingebring om regeringsgeboue te bewaak



Bolsjewistiese troepe het na die aangewese plekke beweeg en kritiese plekke en geboue in Petrograd beset



belangrikste telefoniese en telegrafiese geboue, banke, treinstasies, poskantore en groot brûe



junkers het min gedoen om die geboue te beskerm – hulle het óf gevlug óf is ontwapen sonder enige weerstand

Sukses:

- teen die oggend van 25 Oktober was die Winterpaleis die enigste gebou wat nog nie deur die Bolsjewiste oorgeneem is nie
- Kerensky het uit die stad gevlug
- Die Bolsjewiste het die oorlogskip Aurora by die Nevarivier laat opvaar en hulle naby die Winterpaleis geposisioneer
- Die Winterpaleis is omsingel en ingeneem op 26 Oktober.

Voorlopige Regering omvergegooi

- Die Revolusionêre Militêre Komitee van die Petrograd-Sowjet van Werkers- en Soldatedeputate het die onderstaande verklaring uitgereik:
- “Die Voorlopige Regering is ontslaan. Die staat word nou beheer deur die mondstuk van die Petrograd-Sowjet van Werkers- en Soldatedeputate – die Revolusionêre Militêre Komitee, wat in beheer is van die Petrograd-proletariaat en die garnisoen. Die beweegrede waarom die mense geveg het, naamlik die onmiddellike aanbod van demokratiese vrede, die afskaffing van grondbesitters, werkers se beheer oor produksie en die vestiging van die Sowjetmag – hierdie beweegrede is gewaarborg. Lank lewe die revolusie van werkers, kleinboere en soldate!”

5.1 Die rol van Trotski

- belangrikste rol in die 1917-Revolusie (Oktober)
- het Bolsjewistiese beslaglegging op mag beplan en uitgevoer
- het die Petrograd-Sowjet oortuig om 'n spesiale militêre revolusionêre komitee in Oktober te vorm en hom leier te maak
- het veroorsaak dat militêre mag in Petrograd aan die Bolsjewiste oorgedra word
- het daarop aangedring dat, om minder teenkanting te hê, die revolusie in die naam van die Kongres van Sowjets van die hele Rusland uitgevoer moes word (eerder as in die naam van die Bolsjewiste)
- militantes van Trotski se komitee het by die Bolsjewistiese soldate aangesluit om beslag te lê op die geboue en om die Kongres van Sowjets oor te neem
- Trotski het die kommissaris van buitelandse sake geword; Joseph Stalin het die kommissaris van nasionaliteite geword

5.2 Bolsjewiste in beheer

Januarie 1918:

- beplande byeenkoms van die Grondwetgewende Vergadering
- het slegs een keer vergader en is toe ontbind

Vergadering van die Grondwetgewende Vergadering

- vergadering het geweier om beheer op te gee
- het niks gedoen om die Bolsjewiste uit te daag nie

Bolsjewiste

- het byeenkoms met gelaaide gewere dopgehou
- het die vergadering permanent ontbind verklaar en die lede van die vergadering daarvan beskuldig dat hulle “slawe van die Amerikaanse dollar” was (kapitalisme)

Bolsjewiste in beheer

- het 'n reeks verordeninge uitgereik
- het die kleinboere se beslaglegging op grond en die werkers se beheer oor nywerhede bevestig
- voorregte van sekere klasse is opgehef, banke is genasionaliseer en 'n revolusionêre tribunaal is in die plek van die howe ingestel

5.2.1 Lenin se idees


- Westerse demokrasieë was irrelevant
- Ten gunste van “diktatuur van die proletariaat”
- Eenparty Bolsjewistiese heerskappy.

5.2.2 Tsjeka

- nuwe geheime polisie vir die nuwe regering

5.2.3 Eerste Wêreldoorlog

- debat in die Bolsjewistiese Sentrale Komitee (Maart 1918)
- Lenin het Rusland uit die oorlog onttrek
- Verdrag van Brest-Litovsk, onderteken met Duitsland – Rusland het waardevolle grond en hulpbronne verloor

5.2.4 Hoekom kon die Bolsjewiste die mag oorneem?

Burgeroorlog en Oorlogskommunisme


Kernvraag: Hoe kon die Bolsjewiste die burgeroorlog wen en beheer oor Rusland verkry?

1 Burgeroorlog en Oorlogskommunisme

- Ná Oktober 1917, Bolsjewiste
 - toenemend onderdrukkend teenoor binnelandse teenstanders
 - probeer beheer oor die ekonomie verkry deur 'n reeks drastiese maatreëls wat later bekend geraak het as Oorlogskommunisme.

1.1 Burgeroorlog

- Hoewel die Bolsjewiste beheer oor die regering gehad het, het hulle wydverspreide opposisie in die gesig gestaar
- Maart 1918 → stygende ontevredenheid
 - lei tot burgeroorlog.



Gevolg van die ontevredenheid: In Augustus 1918 is Lenin drie keer deur 'n Sosiaal-Demokratiese Revolusionêre agent geskiet, maar het wonderbaarlik oorleef.


Burgeroorlog

- Bolsjewiste = Rooi Leër – gelei deur Trotski
- Teenstanders = Wit Leër – ondersteun deur Brittanje, Frankryk, VSA
 - → Westerse lande was bekommerd dat kommunistiese idees onder die werkers in hul lande sou versprei.
- Tussen 1918 en 1921 → Wes-Rusland is beheer deur Bolsjewiste:
 - res is beheer deur Sosiaal-Revolusionêre Party.


- Tsjeggiëse Legioen
 - = kern van die Wit weerstand
- het beheer oor 'n groot deel van die Trans-Siberiese spoorlyn oorgeneem
- vier leers het voertmarseer na die Bolsjewisties-beheerde Wes-Rusland.

Bolsjewiste was meedoënloos:

- het offisiere se gesinne gyselaar gehou om lojaliteit te verseker
- streng dissipline
- verraaiers en drosters is tereggestel
- hierdie leierskap van Trotsky was die deurslaggewende faktor vir die sukses van die Bolsjewiste



1.2 Oorlogskommunisme



- ekonomie is gesentraliseer en beheer deur die Hoogste Ekonomiese Raad
- Hoogste Ekonomiese Raad het die reg gehad om voedsel te konfiskeer
- banke is genasionaliseer
- kleinboere moes oorskotvoedsel aan die regering oorhandig en die kos is gerantsoeneer
- iemand wat geweier het, is tereggestel
- voedsel het skaarser geraak – daar was geen saad om te plant nie (gekonfiskeer)
- nywerhede is herorganiseer – groot fabriek is genasionaliseer
- werkers is ingeperk – streng dissipline, stakings was onwettig
- ruilhandel is ingestel weens 'n gebrek aan geld

Gevolge van Oorlogs-kommunisme

- vernietig die Russiese ekonomie
- opposisie teen Lenin het gegroei
- “Werkersopposisie” vorm
- eise vir hoër lone, voedsel en die terugkeer van die werkers se beheer oor die industrie

Landbou: impak

- vernietig deur die oorlog
- 1921 – droogte en hongersnood
- vyf miljoen mense het weens hongersnood gesterf
- kannibalisme was algemeen onder oorlewendes
- reg en orde het nie meer bestaan nie

Kronstadt-muitery

- opposisie teen die Bolsjewistiese regering het in Maart 1921 ’n hoogtepunt bereik toe die lojale matrose van die Kronstadt-vlootbasis gemuit het
- hulle het ’n einde aan die opkoming en die kommunistiese regering geëis
- 20 000 soldate van die Rooi Leër het die opstand gekeer
- die matrose wat oorgegee het, is terreggestel

2 Hoe het Lenin beheer oor die staat oorgeneem?

2.1 Voorhoede van die proletariaat

- uiters gesentraliseerde liggaam van revolusionêres.

2.1.1 Voorhoede

- politieke party aan die voorpunt van enige massa-aksie, politieke beweging of revolusie.

Ná 1919:

- Bolsjewiste het hulself kommuniste genoem
- 1923: Rusland is hernoem tot die Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke (USSR)
- Kommunistiese party het die enigste wettige politieke party geword
- godsdiens is verbied – is beskou as afleiding van lojaliteit aan die party
- stemreg vir almal was sinneloos omdat die Kommunistiese Party die enigste opsie was.

3 Wat was Lenin se interpretasie van Marxisme?

Kapitalisme

- kon slegs deur gewelddadige revolusie vernietig word
- Het alle teorieë oor ’n vreedsame oorgang na sosialisme verwerp – het Marx se boodskap “verraai”
- Daarteenoor:
 - Marx se boodskap oor klassekonflik sonder einde, soos beskryf in Marx en Engels se *Kommunistiese Manifest*.

Revolusie	● Lenin se idees het van Marx s'n verskil ● Lenin het geglo dat revolusie moontlik was, selfs in die relatief agterlike Rusland ● kapitalisme was nie ten volle ontwikkel nie ● meeste mense was kleinboere, nie werkers nie
Leierskap	● voorvereiste vir 'n suksesvolle revolusie, was 'n gedissiplineerde werkersparty ● toegewyde elite van intellektuele en voltydse revolusionêre in beheer ● menslike leierskap belangriker as geskiedkundige kragte

Lenin het Marx se teorie oor die klassestryd verder geneem.

- die uiteindelijke doel van die klassestryd was 'n diktatuur van die proletariaat (werkers)
 - diktatuur van die proletariaat = 'n regering verteenwoordigend van die meerderheid van die bevolking
 - maar bereid om geweld te gebruik om die minderheid wat teenkanting bied te beheer

Die basis van die Bolsjewistiese ondersteuning was die Kommunistiese Party se strukture en lidmaatskap

- hulle het nie massa-ondersteuning gehad nie (was nie gewild nie).


3.1 Hoekom is die Nuwe Ekonomiese Beleid ingestel?

Ná die Kronstadt-opstand:

- Lenin het besef dat 'n kompromie nodig was om die Bolsjewistiese revolusie te red



'n Gedeelte van kapitalisme sou behoue moes bly, al het dit gelyk na Marxistiese verraad.



NEB vervang Oorlogskommunisme



NEB	Doelwitte	Landbou
• het sekere aspekte van kapitalisme gehad • het begin om die landbou te transformer • groot landgoedere is opgedeel in miljoene plase • het aansporing om produktief te boer teruggebring	• om die wankelende ekonomie te herstel • om produksie te verhoog • om die verskil tussen ryk en arm kleiner te maak	• kleinboere is toegelaat om hul surplus graan te verkoop vir wins, wat weer as aansporing gedien het om meer te produseer • hulle kon belasting betaal met geld op wat hulle geproduseer het, eerder as om 'n deel van hul oes aan die staat te gee

Resultate

- die totstandkoming van 'n ryk klas kleinboere, die koelakke.
- Produksie het verhoog (teen 1926 was graanproduksie dieselfde as in 1913).
- Suksesvol in die bereiking van doelwitte:
 - herstel landbouproduksie tot vooroorlogse vlakke.

Die impak van die Nuwe Ekonomiese Beleid

- In dorpe is klein fabriek oorhandig aan private eienaars (kapitalisme).
- Fabriek met minder as 20 werkers is gedenasionaliseer (kapitalisme).
- Kleinhandel is toegelaat (kapitalisme).
 - het gelei tot die ontstaan van 'n klas van private handelaars, die NEB-manne
 - → hulle was gou in beheer van die meeste van die handel in Rusland.
- Staat het beheer oor die banke behou (sosialisme/Marxisme).

Fases van die NEB

- In 1921 is 7% van die lone in geld en die res in goedere betaal.
- In 1923 is rantsoenering gestop.
- In 1924 is alle lone in geld betaal.
- Surplus personeel is afgedank.
- Aansporings vir hoër produksie is ingestel.
- Geen bedryf is gedwing om die staat te voorsien nie.

Die Sowjetregering het met Westerse kapitalistiese regerings saamgewerk om beleggingshulp aan te moedig

3.2 Die impak van die Nuwe Ekonomiese Beleid

- het die Russiese ekonomie verbeter
- maar het nie eintlik ekonomiese probleme opgelos nie.

Verbeterings	Mislukkings
• fabrieke het begin om goedere te produseer	• mense het nie geld gehad om goedere te koop nie
• werksomstandighede het verbeter	• Werkloosheid het gegroei met die ontslag van oortollige werkers
• Rusland se uitvoer was hoër; het buitenlandse hulp ontvang	• paaie was steeds in baie slegte toestand
• spoorvervoer het verbeter	• meeste padvervoer was met perdekarre

4 Wat was die rol van vroue in die Russiese Revolusie?

Eerste Wêreldoorlog

- Miljoene Russiese mans het by die weermag aangesluit.
 - vroue het begin om die mans se werk oor te neem
 - Kleinboerwerkers het ook ander rolle aangeneem
 - → het die plase bestuur in die afwesigheid van hul mans
 - baie vroue het direk by die oorlog betrokke geraak, dikwels vermom as mans
 - baie was verpleegsters.

Voorlopige Regering

- het vroue stemreg gegee
- asook die reg om as prokureurs te dien
- en gelyke regte in die staatsdiens.

1917-Revolusies

- Dit was 'n massaprotes op Internasionale Vrouedag van vroue wat politieke regte wou hê wat die Februarie-revolusie begin het
 - het die idee dat feminisme 'n middelklas beweging was, verander.
- Bolsjewiste het gemeen mans en vroue moes saamwerk
 - → daar was geen verdeling in die werkersklas nie
- Tussen 50 000 en 70 000 vroue het by die Rooi Leër aangesluit
 - → was nie verplig om te veg nie, maar baie het.

Vroue onder die Bolsjewiste

- beleid = die bevryding van vroue en die transformasie van die gesin
- het gelyke wetlike status aan vroue gegee deur hervormde wette soos die Kode oor die Huwelik, die Gesin en Voogdyskap
 - het toegelaat dat man en vrou albei hul eiendom en inkomste kon behou
 - het kinders wat buite die huwelik gebore is dieselfde regte gegee as dié wat binne 'n huwelik gebore is
 - egskeiding was op aanvraag beskikbaar
 - daar was gelyke betaling vir gelyke werk
- vroue het lank voor dié in ander Europese lande stemreg gekry
- staatsdepartement is gestig → maak seker vroue is gebiede gelyk behandel.

Zhenotdel – vrouebeweging deur die Bolsjewiste daargestel

- politieke opvoeding en geletterdheidsklasse vir die werkersklas en kleinboervroue was deel van hul werk
- beveg prostitusie.

5 Hoe het die dood van Lenin Rusland beïnvloed?

Magstryd:

- Trotski was ná aan Lenin → Trotski het klaarblyklik die sterkste posisie in die Sentrale Komitee en die Politbure gehad
- Josef Stalin het na vore getree as opposisie teen Trotski
 - Stalin was die algemene sekretaris van die Kommunistiese Party, asook die kommissaris van nasionaliteite
 - Stalin was dus in 'n sterk posisie in die party
- Lenin het daarteen gewaarsku om die mag aan Stalin te gee
 - Lenin het Trotski as meer geskik beskou

Ideologiese stryd:

Nasionalisme (Stalin)

- 'n Onafhanklike sosialistiese staat kon bestaan - 'sosialisme in een land'.
- Het elke kans benut om hom met Lenin te assosieer.
- Het sy mag binne die Kommunistiese Party gebou.
- → sekretaris-generaal en kommissaris van nasionaliteite.
- Het sy ondersteuners in belangrike poste geplaas



Internasionalisme

(Trotski)

- slegs deur die suksesvolle sosialistiese of kommunistiese revolusies in ander lande, sou die Russiese sosialistiese revolusie suksesvol wees (wêreldrevolusie moes uitbreek of Russiese sosialisme sou onsuksesvol wees).
- het egter min moeite gedoen om ondersteuning op te bou.

PLUS:

- Kamenev en Zinoviev het by Stalin aangesluit om Trotski weg te hou van mag:
 - het die troika of triumvirate (driemanskap) gevorm.
 - het begin met 'n reeks aanvalle op Trotski tydens partyvergaderings
 - het sy verlede as Mensjewis teen hom gebruik.

MAAR

- 1924 – Stalin is verkies tot nuwe partyleier by die kongres:
 - het van al sy belangrikste politieke teenstanders ontslae geraak, onder wie Zinoviev en Kamenev.
 - Trotski is uit die party geskors, verban en uiteindelik vermoor.

Rusland onder Stalin

Kernvraag: Wat was Stalin se interpretasie van Marxisme-Leninisme?

1 Stalin se interpretasie van Marxisme-Leninisme

- interne sosialisme (“sosialisme in een land”; nasionalisme) eerder as die verspreiding van revolusie wêreldwyd (internasionalisme)
 - =verskil baie van die Bolsjewistiese teorie dat die oorlewing van die Russiese Revolusie afhang van proletariese revolusies in lande in Europa.

MAAR

- “sosialisme in een land” beteken nie dat die doel van die wêreldrevolusie laat vaar moes word nie
 - die een sosialistiese staat (Rusland) sou kommunistiese bewegings in ander lande inspireer en aanhelp.
 - Rusland kon steeds bestaan en uitbrei binne die streek as die enigste sosialistiese staat
 - ekonomiese ontwikkeling (van Rusland) moes gebeur vóór internasionale revolusie.

Dus, “sosialisme in een land”

- het die USSR ’n beleid gegee van “vreedsame naasbestaan” met kapitalistiese state
- het die nasionalistiese idees van Stalin weerspieël.


Nog ’n aspek van Stalinisme was ’n sterk burokrasie, wat begin het om te kyk na hul eie belange bo dié van die werkersklas.

2 Hoe suksesvol was kollektivisering en industrialisering in die USSR?


Stalin het sy planne vir ekonomiese ontwikkeling deur ’n reeks vyfjaarplanne vir industrie en landbou bekendgemaak.

- Wat was die spesifieke doelwitte van ekonomiese herorganisering onder Stalin?
 - meganiseer, moderniseer en kollektiviseer landbou om industrialisering te ondersteun
 - beweeg weg van private ondernemings na staatsbeheerde industrie (van die kapitalistiese aspekte van die NEB na ’n sosialistiese program)
 - stel nuwe, verbeterde tegnologie bekend om die ekonomie te herbou
 - bou die industriële sterkte van die USSR uit sodat dit selfonderhoudend kon word.

2.1 Kollektivisering



1929: Stalin het kollektivisering as 'n program vir die landbou bekend gestel:



Kollektiewe plase (kolkhoz)

- kleinboere kon 'n klein stukkie grond vir persoonlike gebruik hê
- diere en toerusting sou gesamentlik besit word
- motor-trekkerstasies (MTS) wat deur die regering beheer is, sou die kolkhoz van trekkers voorsien, indien nodig
- 90% van die voedsel wat geproduseer is, sou aan die staat terugverkoop word en 10% kon gehou word om die gesinne op die kolkhoz te voed.
- Aansporings:
 - Stalin het eers gratis saad aangebied om die boere te oorreed om kollektiewe plase te vorm
 - sommige arm kleinboere het die aanbod aanvaar
- Teenkanting:
 - Koelakke het geweier om hul grond en produkte te oorhandig
- Weerwraak:
 - Stalin het invorderaars gestuur om beslag te lê op die kos
 - Koelakke is gearresteer en na goelags gestuur
 - miljoene kleinboere is onregverdig vermoor.
- Gevolge:
 - Koelakke: het oeste verbrand en diere geslag sodat die kommuniste dit nie kon kry nie

Plase in staatsbesit (sovkhoz)

- onsuksesvol
- Ver van dorpe en boere wou nie daar werk nie
- Boere kon nie vir persoonlike wins werk nie
- Het ook nie die grond besit nie.

→ In die Oekraïne, 'n gebied met sterk weerstand van die boere se kant, het die staat op 'n massiewe skaal beslag gelê op graan. Dit het gelei tot landwyse voedseltekorte en kosrantsoenering. Landbouproduksie het kwaai gedaal.

- = 1930 & 1932–1933: groot hongersnood waarin byna ses miljoen kleinboere dood is.

Hongersnood – oorsake

- Stalin se beleid
- Natuurlike oorsake

Natuurlike oorsake

- oeste van 1931 en 1932 was swak weens en oorstromings.

Stalin se bydrae

- het geweier om die groot graanreserwes beskikbaar te stel om die hongersnood te verlig
- om die kleinboere te dwing om hul graan oor te gee, het hy streng wette oor diefstal op kollektiewe plase uitgevaardig.

Vervolgens:

- In 1934 was daar byna geen koelakke oor nie, weens Stalin se gedwonge kollektivering.
- In 1941 was byna alle Russiese grond gekollektiveer.

2.2 Vyfjaarplan in die industrie

- Mikpunt = bedryf te revolusionêr deur gesentraliseerde ekonomie en vyfjaarplanne:
 - produksieteikens sou vir elke vyfjaarperiode gestel word
 - Die plan sou Rusland omskep in 'n industriële supermoondheid
 - Dit sou gelyk wees aan die voorste nywerheidslande ter wêreld
 - Stalin: staatsbeplanningskommissie = Gosplan → het produksieteikens vir swaar nywerhede gestel – steenkool, yster, olie en elektrisiteit
 - produksieteikens vir myne en nywerhede is in elke streek bepaal
 - → bestuurders het produksieteikens vir elke voorman gestel
 - → voorman het produksieteikens vir elke skof en individuele werkers gestel.
- Propaganda: Stalin het die Russiese volk gewaarsku dat tensy die vyfjaarplanne gevolg word, Rusland deur meer gevorderde lande verpletter sou word.
- Werkers het swaargekry, maar aanvaar dat hulle die planne moes volg om 'n kommunistiese ekonomie te bereik.

2.2.1 Eerste vyfjaarplan: 1928-1933 (voltooi in 1932)

- Die klem was op hoeveelheid en swaar industrie: steenkool, yster, staal.
- Meeste doelwitte nie bereik nie, MAAR die uitset in groot nywerhede = verbysterend:
 - nuwe stede is gebou waar natuurlike hulpbronne was
 - werkers het na die stede beweeg
 - nuwe fabriek; bestaande fabriek het produksie verhoog
 - damme en hidro-elektriese kragstasies is gebou
 - nuwe staalfabriek
 - motor-, trekker- en vragmotorfabriek is gebou
 - tegnisi van die Weste het gehelp
 - infrastruktuur is uitgebrei; bestaande paaie is verbeter.

2.2.2 Tweede vyfjaarplan: 1933-1937

- Moes voortbou op die prestasies van die eerste vyfjaarplan.
- Swaar industrie → fokus op gehalte: USSR het een van die grootste staalproduserende lande ter wêreld geword.
- Vervoer en kommunikasie het verbeter (nuwe spoorlyne en kanale is gebou)
 - propaganda is verhoog om werkers aan te moedig
 - werkers is beboet as hulle nie hul teikens bereik het nie
 - produktiewe werkers = “helde”

MAAR

- Lewenstandaarde het gedaal
 - meer verbruikersgoedere het beskikbaar geraak → swak gehalte
 - Tweede Wêreldoorlog dreig = beplanners verhoog produksie van militêre goedere
 - Meer militêre goedere = minder verbruikersgoedere van laer gehalte
 - Meer huise is voorsien en pogings is aangewend om werkers se lewenstandaarde te verbeter → maar meer nywerhede het ooswaarts geskuif om veiliger te wees teen die dreigende oorlog in Europa.

Ander aspekte

- kindersorg is bekendgestel om ma's aan te moedig om te werk
- aansporings sowel as straf is gebruik om teikens te bereik
- teikens is verlig as belonging vir die eerste plan wat voor skedule in net vier jaar klaargemaak is
- voedselproduksie is verhoog en rantsoenering is gestop – maar produksie in nywerhede soos steenkool en olie was nie so goed nie.

2.2.3 Derde vyfjaarplan: 1938-1941

- Was veronderstel om te fokus op verbruikersgoedere:
 - eerste twee jaar was teleurstellend → produksiedoelwitte is nie bereik nie
 - Slegs tot 1941 → Duitsland het oorlog teen die USSR verklaar
 - veroorsaak dat die fokus na militêre goedere en toerusting verskuif het
 - Spoorweë: uitgebrei → spesiale aandag = vervoer van troepe, wapens.

2.3 Was die vyfjaarplanne suksesvol?

Sentralisering van die ekonomie het 'n paar suksesse gebring:

- bestendige industriële groei was beter as in Westerse lande
- teen 1939 USSR = groot industriële moondheid: kon Duitse inval te weerstaan.
- sukses en vooruitgang het die USSR ná die oorlog help herstel

Swakhede: fokus op swaar industrie, hoeveelheid bó gehalte

- lei tot tekorte in verbruikersgoedere end goedere van swak gehalte
- vinnige verstedeliking = behuisingstekorte (werkers na industriële sentra)
- ten koste van duisende menselewens

Arbeid

- hoewel sommige vrywillig gewerk het, is baie daartoe gedwing
- politieke teenstanders is in hegtenis geneem en na die goelags gestuur en gedwing om te werk
- haglike toestande, miljoene het gesterf.

In die geheel

- Sentralisering het Rusland verander in 'n industriële supermoondheid
- Lewenstandaarde was egter nog haglik vir baie van die bevolking.

3 Aard van die politieke terreur in Rusland in die 1930's

- 1932: Stalin het groeiende opposisie teen sy beleidsrigtings in die gesig gestaar:
 - mense het hom openlik gekritiseer → wou Trotski weer tot die party toelaat
 - Stalin het geëis dat sy kritici in hegtenis geneem en tereggestel word
 - meerderheid het daarteen gestem → opposisie gelei deur Sergey Kirov, vriend en kollega van Stalin
 - 1934: Kirov doodgeskiet = begin van terreur en die “groot suiwering”.

Groot suiwering

- begin met die moord op Kirov – vermoedelik deur Stalin beplan, maar Trotski het die skuld daarvoor gekry (samesweringsteorie)
- 93 van die 139 Sentrale Komitee-lede is tussen 1934 en 1939 tereggestel

Suiwering van die Rooi Leër (begin in 1937):

- Stalin het 'n vermoede gehad dat sommige hooggeplaaste Rooi Leër-amptenare saam met Duitsland teen hom saamgesweer het
 - kon moontlik waar gewees het
- Stalin was obsessief daarvoor om alles wat sy mag bedreig het te vernietig
 - → die opperbevel-voerder en sewe generals is tereggestel
 - 1838–39: al die admirals en die helfte van die weermag se offisiere is tereggestel of tronk toe gestuur
 - 30 000 lede van die gewapende magte is tereggestel teen die einde van die groot suiwering.

Skynverhore: 1934–1938

- die meeste van die lede van die Kommunistiese Party wat aan die 1917-Revolusies deelgeneem het → aangekla van hoogverraad/tereggestel/na die goelags gestuur
- 1936: Kamenev, Zinoviev en 14 ander lede van die party is verhoor, skuldig bevind en tereggestel

Kommunistiese geheime polisie (NKVD)

- 1936: Nikolai Yezhov is aangestel as hoof van die NKVD
 - het die inhegtenisneming van al die politieke leiers in die Sowjetunie georganiseer
 - mense is gemartel om vals verklarings te kry

Suiwerings en skynverhore het die Sowjetunie aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog in 'n swak posisie geplaas. Ná die “groot suiwering” was Stalin paranoïes en wou hy van die NKVD ontslae raak omdat hulle te veel daarvan geweet het.

- 'n Nuwe NKVD-hoof is aangestel om “fascistiese elemente” wat mense gemartel het, uit te roei.
 - senior amptenare van die NKVD is tereggestel.

4 Uitwerking van Stalin se beleid op die Sowjetvolk

- Mense het in vrees geleef:
 - skynverhore het van werklike of vermeende opposisie teen Stalin ontslae geraak
 - mense was bang dat hulle vals beskuldig/verhoor/tereggestel sou word
 - 1920's/30's: 2 000 skrywers/intellektuele/kunstenaars is gevange geneem → 3/4 het gesterf
 - gedwonge verskuiwings na Siberië net voor en gedurende die Wêreldoorlog II
 - 20 miljoen mense is na die goelags gestuur: 1/2 het gesterf.

- Sensuur → kultus van gehoorsaamheid/aanbidding
 - name van leiers wat tereggestel is, is uit die geskiedenisboeke verwyder
- Propaganda → Stalin het lof geëis = plakkaat, beelde, prente van Stalin was in alle openbare plekke
 - Geskiedenisboeke is verander om hom na die “held van die revolusie” te laat lyk.
 - Apparatsjiks: lojaal aan Stalin, het huise, werk en vakansie gekry.

5 Posisie van vroue in die Sowjetunie onder Stalin

Positiewe veranderings

- Eerste generasie wat voorgeboortelike sorg gekry het:
 - skenk geboorte in hospitale.
- gelyke onderwys vir meisies.
- Gelyke indiensnemingsregte vir vroue.
- Meer werk vanweë tekort aan arbeid:
 - kindersorg ingestel sodat ma's kon werk
 - in 1927 was die persentasie vroue wat in nywerhede gewerk het 28% → tien jaar later was dit 40%

Negatiewe veranderings

- Wette van die 1920's is verander om die gesin te versterk:
 - dit was moeiliker om te skei
 - dit was moeiliker om onderhoud vir kinders van ongetroude vroue te kry
 - aborsie was onwettig
 - vroue het regte in die gesin verloor.
- daar was steeds diskriminasie in die werkplek → vroue het laer posisies bekleed

In die algemeen


- Hoër vlakke van ongeletterdheid onder vroue
- Vroue kon gevonnissen word net omdat hulle getroud was met “vyande” van die staat = “Vroue van vyande van die volk”:
 - tog is nie baie vroue daarvolgens gevonnissen nie, maar dan het hulle 'n baie moeilike tyd beleef om hulself te onderhou

6 Koms van die Tweede Wêreldoorlog

- Stalin wou hê dat die USSR neutraal moes bly:
 - gehoop die oorlog sou ander lande finansiële en politieke uitput
 - → maak die USSR die grootste moondheid.



- MAAR: kon nie Hitler se aggressiewe oorlogpad ignoreer nie.



6.1 Betrekkinge tydens die Tweede Wêreldoorlog

- Duitsland en die USSR = redelike sterk diplomatieke betrekkinge, belangrike ekonomiese verhouding.
 - MAAR: het mededingende ideologieë, vyandigheid teenoor mekaar
- Duitsland: Driemoondheidverdrag met Japan en Italië:
 - het Sowjetunie probeer oortuig om toe te tree tot die Driemoondheidverdrag
 - USSR het teenvoorstel gemaak; Duitsland het nie daarop gereageer nie
 - Openlike vyandigheid het begin:
 - 22 Junie 1941, Hitler het drie miljoen soldate en 3 500 tenks na Rusland gestuur vir 'n inval genaamd Operasie Barbarossa
 - → omdat daar 'n nie-aanvalsverdrag was, was Rusland verras
 - = Russe het by Brittanje en Frankryk aangesluit.

Opsomming en vrae

Opsomming van Onderwerp 1

Eenheid 1 Wat het tot die 1917-Revolusies gelei?

Kommunisme = ekonomiese en politieke stelsel:

- Doelwit = skep klaslose en staatlose samelewing:
 - werkers vestig regering in hul eie belang
 - Al die middele van produksie onder staatsbeheer.

Karl Marx	Bolsjewiste	1917-Revolusies
● <i>Kommunistiese Manifeste</i> (1848, saam met Friedrich Engels) en <i>Das Kapital</i> (1867): ● beskryf sy idees oor kapitalisme en kommunisme ● geglo dat gemeenskappe onvermydelik van 'n demokrasie na sosialisme sou beweeg ● finale stadium van kommunisme: alle mense gelyk, besit die middele van produksie	● Lenin = leier ● Bolsjewiste was aanhangers van die 1905-Revolusie: ● ontevredenheid oor die sosiale orde in Rusland, die oppergesag van die tsaar en die vinnige verstedeliking vanweë industrialisering	● 1905-ontervinding het Marxiste gehelp om dit te beplan. ● ontwikkel politieke teorie, organisasie: ● = suksesvol

Eenheid 2 Februarie- en Oktoberrevolusies van 1917

→ het politieke, ekonomiese en maatskaplike oorsake gehad::

Politieke	Ekonomiese	Maatskaplike
● ontevredenheid oor onderdrukking ● stygende nasionalisme	● voedseltekorte ● hoë pryse ● lae lone ● erge werkloosheid	● lewensomstandighede van die werkers ● vererger deur ekonomiese probleme

Sukseste van die Februarie-revolusie van 1917

- Grootse skakings:
 - soldate was aan die mense se kant
 - soldate het nie gehoor gegee aan die tsaar se bevele om die stakers te stop nie.

Voorlopige Regering

- Het tot stand gekom ná die 1917-Revolusie = mislukking
 - het hoofsaaklik uit ryk, middelklas oudministers van die Doema bestaan
 - Petrograd-Sowjet se mag was gelyk aan dié van die regering
 - het versuim om 'n Grondwetgewende Vergadering byeen te roep
 - het nie aandag gegee aan die werklike belange van die mense nie.

Opsomming en vrae

Oktoberrevolusie van 1917

- Ná Lenin se terugkeer:
 - hy het die onmiddellike omverwerping van die Voorlopige Regering geëis
 - hy het kleinboere en werkers geïnspireer om in opstand te kom.
- Was baie suksesvol
 - = goed beplan
 - het alle belangrike strukture oorgeneem.

Eenheid 3 Burgeroorlog en Oorlogskommunisme

Lenin se idees:

- Hoogs gedissiplineerde arbeidersparty wat deur 'n groep toegewyde intellektuele en voltydse revolusionêre beheer is, was nodig.
 - het gelei tot ongewilde beleid: nasionalisering, arbeidsdiensplig en grondkonfiskering
 - = Weerstand teen Bolsjewiste
 - ongewildheid → teenstand veroorsaak = burgeroorlog tussen Wit en Rooi Leër

Oorlogskommunisme

- Stelsel van direkte beheer oor die ekonomie:
 - toegepas in gebiede onder Bolsjewistiese beheer
 - Doel = moes verseker dat dorpe en leërs gevoed word.
- MAAR kompromieë moes aangegaan word om Bolsjewistiese beheer te verseker:
 - bekendstelling van die Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB) in 1921 om Oorlogskommunisme te vervang
 - NEB → elemente van kapitalisme (kompromis).

Rol van vroue:

- speel sentrale rol in die Russiese revolusies
- Betogings het gelei tot die Februarie-revolusie van 1917
- Werk in fabriek, bestuur plase en veg in die oorloë

Lenin in beheer

- Lenin se interpretasie van Marxisme:
 - kapitalisme kon slegs vernietig word deur gewelddadige revolusie
 - deur Trotski gehelp.
 - hoogs gedissiplineerde groep revolusionêres het die tsaar omvergegooi, Voorlopige Regering in 1921

Lenin se dood

- het gelei tot magstryd tussen Stalin en Trotski:
 - Trotski = internasionalisme
 - Stalin = nasionalisme.
- Stalin het Trotski oorwin:
 - = nuwe beleid: “sosialisme in een land”.

Opsomming en vrae

Eenheid 4 Rusland onder Stalin

“sosialisme in een land”	Kollektivering	Politieke terreur
• versprei nie revolusie wêreldwyd nie • sou Rusland toelaat om te fokus op die implementering van kommunisme • het vreedsame naasbestaan met ander lande gehandhaaf.	• Vyfjaarplanne = gemengde resultate • → ekonomiese ontwikkeling, maar ellende onder Russiese volk, bv • suiwerings en skynverhore, voedseltekorte, slegs swaar industrie het ontwikkel.d	• Om beheer te verseker: • suiwerings, skynverhore • = duisende tereggestel vir vermeende teenstand

Kortliks

- lewenstandaarde het in sekere opsigte verbeter
- teengewerk deur die lyding van mense: goelags, marteling, valse inhegtenisnemings
- vroue: het sekere regte bygekry, maar ander is weggeneem om die gesin as eenheid te beskerm
- Stalin het die Nazi-Sowjet-verdrag in 1942 verbreek en teen Duitsland geveg.

Opsomming en vrae

Vrae vir Onderwerp 1

1 Verbind die items in kolom B met die mense in kolom A.

Kolom A	Kolom B
1.1 Nikolaas II	a Russiese eerste minister onder die tsaar
1.2 Kornilov	b Eerste leier van die Voorlopige Regering
1.3 Lenin	c Monnik wat die tsarina beïnvloed het en ingemeng het met die regering in St Petersburg
1.4 Kerensky	d Konserwatiewe generaal wat die Voorlopige Regering wou omvergooi
1.5 Trotski	e Leier van die Voorlopige Regering tydens die Oktoberrevolusie van 1917
1.6 Alexei Romanov	f Hemofiliese seun van Nikolaas II
1.7 Raspoetin	g Broer van die tsaar
1.8 Stolypin	h Leier van die Bolsjewistiese party
1.9 Kamenev	i Laaste tsaar van die Russiese Ryk
1.10 Prins Lvov	j 'n Bolsjewis wat vir 'n kort tydjie ná die 1917-Revolusie die staatshoof was
	k Leier van die Rooi Leër

2 Verduidelik wat elkeen van die volgende is in die konteks van die Russiese Revolusie en die daaropvolgende gebeure.

- 2.1 zemstvo
- 2.2 Doema
- 2.3 Zhenotdel
- 2.4 sowjets
- 2.5 proletariaat
- 2.6 Iskra
- 2.6 Tsjeka
- 2.8 Pravda
- 2.9 koelakke
- 2.10 NEB-manne

3 Voltooi die volgende sinne deur die korrekte plekname in te vul.

- 3.1 Die Winterpaleis was in _____.
- 3.2 Karl Marx is gebore in _____.
- 3.3 Die 1905-Revolusie of Bloedige Sondag het plaasgevind in _____.
- 3.4 Die wapenstilstand tussen Duitsland en Rusland om die Eerste Wêreldoorlog te stop, is geteken in _____.
- 3.5 Die Romanovs is vermoor in _____.
- 3.6 Die revolusionêre naam vir St Petersburg in 1917 was _____.
- 3.7 Die Bolsjewistiese hoofkantoor in St Petersburg was die _____.

Opsomming en vrae

- 3.8 Matrose het in 1921 in _____ teen die Bolsjewistiese regering gemuit.
- 3.9 Politieke teenstanders van Stalin is as straf na die goelags in _____ gestuur.
- 3.10 Toe Rusland die USSR geword het, is die hoofstad hernoem na _____.
- 4 Hoe het Lenin beoog om die volgende probleme in Rusland op te los?
- 4.1 Voedseltekorte
- 4.2 Feodale voorregte
- 4.3 Grond
- 4.4 Klasse in die Russiese samelewing
- 4.5 Eerste Wêreldoorlog
- 4.6 Werkers se regte
- 4.7 Kapitalisme
- 5 Hoe het Stalin se modernisering van die USSR tussen 1927 en 1942 Rusland en die Russiese samelewing geraak? Gebruik die volgende hofies om jou redenasie te vorm.
- 5.1 Industrie
- 5.2 Landbou
- 5.3 Onderwys, opvoeding en geletterdheid
- 5.4 Vroue en die gesinslewe
- 5.5 Infrastruktuur
- 5.6 Lewe van werkers
- 5.7 Lewe van kleinboere
- 6 Voltooi die tabel om Lenin en Stalin se ekonomiese idees te vergelyk.

Aspekte om te vergelyk en te kontrasteer	Oorlogs-kommunisme	Nuwe Ekonomiese Beleid	Vyfjaarplanne
Doelwitte			
Hoekom is die beleid ingestel?			
Watter veranderings is aangebring?			
Wat was die ekonomiese resultate?			
Hoe het die beleid afgewyk van kapitalisme?			
Wat was die gevolge vir die Russiese volk?			

Opsomming en vrae

- 7 Ontleed die onderstaande propagandaplakkaat in die konteks van Stalin se vyfjaarplanne. Verwys na elkeen van die leidrade, genommer 7.1 tot 7.4.

7.1 Idilliese agtergrond
→

7.2 Groep rondom die trekker
→




7.3 Groep in die middel
↑

7.4 Prent in die agtergrond
↑

Kapitalisme in die VSA 1900 tot 1940

Kernvraag vir Onderwerp 2: Hoe het die Groot Depressie in die VSA 'n krisis in kapitalisme teweeggebring?



Die aard van kapitalisme in die VSA

Kernvraag: Wat was die aard van kapitalisme in die VSA in die 1920's?

Inleiding

Hoe het die Verenigde State van Amerika (VSA) in die vroeë 20ste eeu die wêreld se voorste ekonomie geword?

- Grondbeginsels vir 'n sterk ekonomie:
 - = grondstowwe, opgeleide arbeidsmag, stygende mark vir vervaardigde goedere
 - → Vroeë 20ste eeu: VSA klop Brittanje en Duitsland met industriële uitsette.

Eerste Wêreldoorlog

- VSA het nie in 1914 by die oorlog betrokke geraak nie:
 - → ondersteun Geallieerde magte (Brittanje en Frankryk) = grootste verskaffer van wapens en voedsel.
 - OOK debiteure-nasie geraak = geld aan die Geallieerdes geleen om hulle met die oorlogspoging te help:
 - → Eerste Wêreldoorlog het die VSA se ekonomie verstewig.

1917

- Duitsland het verklaar dat hulle onbeperkte duikbootoorlog sou voer:
 - Aalle vaartuie in die oorlogsone sou sonder waarskuwing gesink word.
 - → Duitse duikbote het vyf Amerikaanse handelsvlootvaartuie in die Noord-Atlantiese Oseaan gesink
 - → President Wilson se kabinet het ten gunste van 'n oorlogsverklaring teen Duitsland gestem.
 - Lenin het Rusland uit die oorlog onttrek.

Ekonomiese mobilisering

- gevolg van die Eerste Wêreldoorlog
- → tradisioneel het die VSA-regering nie met die sakewêreld ingemeng nie
 - = verandering: industrie gereguleer om produksie vir die oorlog in rat te kry

War Industries Board (WIB)

- Ingestel in 1917
- stel prioriteite en beplan rondom sleutelnywerhede
- ken grondstowwe toe
- skryf voor aan vervaardigers wat om te produseer
- gee opdrag om nuwe fabriek op te rig
- stel pryse vas → met die goedkeuring van die president

Arbeid

- Oorlog en wapenfabriek = groter vraag na arbeid.
 - Gevolge:
 - beter indiensneming en lone
 - lidmaatskap van vakbonde het toegeneem
 - wette deurgevoer = gunstig ten opsigte van arbeid.

Einde van die Eerste Wêreldoorlog

- aangehelp deur die toetrede van die VSA tot die oorlog
- 1918: Duitsland het 'n einde aan die oorlog probeer maak
 - → verskeie offensiewe, maar vars VSA-troepe in Europa = teenaanval
 - 1919: Verdrag van Versailles het die Eerste Wêreldoorlog amptelik beëindig.

1 Die aard van kapitalisme in die VSA in die 1920's

President Wilson

- 1913–1921
 - het 'n sleutelrol gespeel in die opstel van die Verdrag van Versailles
 - 'n plan om die Volkebond te stig is by die verdrag ingesluit = organisasie wat wêreldvrede sou verseker
 - besluit om die Verdrag van Versailles nie te bekragtig nie > einde van president Wilson se politieke loopbaan

VSA ná die Eerste Wêreldoorlog

- VSA het nooit die Verdrag van Versailles bekragtig nie
 - > het dus nooit deel geword van die Volkebond nie
 - dit het die weg gebaan vir 'n Republikeinse president

PLUS

- Implementering van 'n isolasiebeleid
 - VSA het onttrek uit direkte betrokkenheid by Europese sake



Warren Harding as president verkies

- 1920
- Republikeins
- konserwatief
 - het 'n 'terugkeer na normaliteit' versoek → verkiesingsveldtog het gefokus op politieke isolasionisme
 - → doelwit = vermindering van staatsinmenging in die sakewêreld.
 - Ná aanvanklike ekonomiese ineenstorting, het kapitalisme wortel geskiet:
 - in 1922 het die BBP (bruto binnelandse produk) gestyg
 - tariewe ingestel → beskerm teen die herlewing van Duitse nywerhede.
 - In 1923 gesterf.

Calvin Coolidge het president geword (1924):

- Kapitalisme
 - = 'Die besigheid van die Amerikaanse volk is besigheid'
 - So → verwelkom deur groot ondernemings.
 - Hy het gefokus op industriële uitbreiding ten koste van die landbou
 - Hy het hom beywer om die regeringsverordeninge van sake en nywerhede te beëindig en die regte van arbeid te verminder:
 - = vinnige uitbreiding van industrie → ekonomiese ontploffing van die 1920's.
- Isolasionisme
 - = onttrekking aan Europese sake
 - = land se immigrasiebeleid
 - eerste immigrante na Amerika was meestal uit Noord- en Wes-Europa
 - Ná die Eerste Wêreldoorlog het duisende vlugteling daagliks in die VSA aangekom = het baie Amerikaners verskrik
 - 1924: Wet op Immigrasie= beperk immigrasie tot 165 000 per jaar, omtrent 15%–20% van die jare toe dit op 'n hoogtepunt was. Immigrasie uit Suid- en Oos-Europa en Japan is tot 9% van die totaal beperk.
- Vryemarkstelsel:
 - Niemand moes inmeng met vrye mededinging deur pryse of lone te probeer beheer nie –
 - → ekonomie sou vir homself sorg
 - → regering– nie hul werk om met die sakewêreld in te meng nie.

2 Wat was die Amerikaanse droom?

Hoekom wou so baie mense uit ander lande na Amerika immigrer?

- “Armoede-na-rykdom” verhale van immigrante.
- ‘Ruwe individualisme’, harde werk en entrepreneurskap= resep om jou fortuin te maak.
- Gee Amerikaners/immigrante na Amerika ’n gevoel van optimisme:
 - suggereer dat almal daarin kan slaag deur harde werk
 - Potensiaal vir suksesvolle, gelukkige lewe.
- = Amerikaanse droom → 1600’s, eerste setlaars
 - →drome: besit van grond, welvarende ondernemings
 - → godsdiensvryheid.

MAAR, Amerikaanse werklikheid =

- Ongelykhede gegrond op klas, ras en etniese afkoms:
 - → baie mense het arm en onsuksesvol gebly.

3 Hoe behoort ons die kapitalistiese bloeitydperk van die 1920’s te verstaan?

Bloeitydperk van die 1920’s:

- Het die sterk en swak punte in die Amerikaanse ekonomie uitgelig.
- ‘In Amerika is ons nader aan ’n oorwinning oor armoede as ooit tevore in die geskiedenis van die mensdom.’ (Herbert Hoover, VSA-president)

3.1 Die Republikeinse impak op die VSA-ekonomie in die 1920’s

Pro-kapitalistiese stappe	● wette is ingestel wat kapitalisme teenoor arbeid bevoordeel het ● federale wet wat kinders teen kinderarbeid beskerm het, is verwyder ● wet wat minimum lone vir vroue bepaal het, is verwyder ● daar is streng opgetree teen stakende vakbonde ● die magte van die federale regeringsagentskappe was beperk
Belastings en tariewe	● belastingaftrekkings wat die rykes bevoordeel het, is ingestel ● Amerikaanse sakelui het kapitaal belê in fabriek wat nuwe uitvindings vervaardig het = radio’s, motors, yskaste, ens. ● Entrepreneurs het geweet hulle sou in staat wees om die meeste van wat hulle belê het, te behou ● Hoë invoertariewe is ingestel→ beskerm Amerikaanse produsente


3.2 Impak van tegnologie op die VSA ekonomie in die 1920's

- Nuwe tegnologie ontwikkel → veroorsaak massaproduksie teen lae pryse:
 - uitbreiding van huurkoop en krediet “koop nou en betaal later”
- Reklame: Ou waardes = spaarsamigheid en besparing.
 - MAAR, reklame het bygedra tot 'n vinnige toename in die verkope van verbruikersgoedere op die huurkoop- en kredietstelsel.
 - nuwe waardes = besteding
 - mense het luukse goedere gekoop.

3.3 Impak van aandelebeurs op die ekonomie van die VSA in die die 1920's

New Yorkse aandelebeurs – Wall Street

- het gefloreer
- Industrie se welvarendheid het waarde van aandele laat styg
- Beleggers het 'n fortuin gemaak deur spekulasie.



3.4 Ander impakte op die Amerikaanse ekonomie in die 1920's

Tesame met die Republikeinse regering, tegnologie en die aandelebeurs

3.4.1 Die impak op handelstariewe

- Om plaaslike produksie aan te moedig, is handelstariewe op invoergoedere gehef.
 - → het goedere te duur gemaak vir gewone Amerikaners
 - → was daarop gemik om Amerikaners te dwing om VSA-goedere te koop.
- Terugslaan: Europese lande het tariewe op VSA-goedere gehef
 - → gevolg: VSA kon nie uitvoer in hierdie lande uitbrei nie
 - → plaaslike mark (VSA) kon nie meer die geproduseerde goedere absorbeer nie:
 - meeste mense wat goedere kon bekostig, het dit reeds besit = geen behoefte om meer te koop nie.

3.4.2 Die impak van lone en monopolieë

Lone	Monopolieë	Vakbonde en kommunisme
- toename in die reële lone van die meeste werkers - Lone van mynwerkers en tekstielwerkers het gedaal - Tegnologiese vooruitgang + nuwe metodes = skep werk; vernietig werk “ou” nywerhede is geoutomatiseer → het minder werkers nodig gehad	- het kragtiger geword - het tot arbeidsuitbuiting gelei - een groot korporasie het die staalbedryf oorheers - USA Steel – geen ander keuse as om vir hulle te werk nie - vakbonde is verbied, lae lone = hoë pryse vir verbruiker	- vakbonde het ’n terugslag beleef ná die Eerste Wêreldoorlog - vrees die verspreiding van kommunisme ná die Russiese Revolusie - stakings in 1919 het eienaars van industrieë + regering laat vermoed dat die vakbonde sosialistiese idees ondersteun - gevolg: sterk optrede teen vakbonde en stakende werkers

3.4.3 Die impak van oorproduksie in die landbou

Armoede	- welvaart gedurende die 1920’s was oneweredig versprei - Twee ‘afsonderlike’ Amerikas - boere + plaaswerkers nie welvarend - ná die Eerste Wêreldoorlog het pryse begin daal omdat die Europese landbou herleef het
Landbou	- uitvindings: masjinerie, trekkers, stropers - veroorsaak produksietoename op plase, net toe pryse begin val - oorproduksie van goedere = verlaging in die prys van plaasprodukte
Pryse	1920 = koringsurplus wat boere nie verkoop kon kry nie - het die boere meer gekos om die produkte te oes en te vervoer as wat hulle vir hul produkte betaal is - oorsese markte is gesluit vir koringprodusente weens invoertariewe - waarde van landbougrond het gedaal

Net so het die bekendstelling van sintetiese vesels 'n impak op die katoenplantasies gehad. Maar boere wat luukse produkte verbou het, is minder geraak deur die oorproduksie. Ryk Amerikaners wou dwarsdeur die jaar vars groente en vrugte hê en voorsiening aan die stede het geleidelik toegeneem.

- 1920's: boere = een van die grootste groepe in die VSA-samelewing:
 - sowat die helfte van alle Amerikaners het in die landelike gebiede gebly.
 - het óf op plase gewoon óf gewerk by ondernemings wat goedere en masjinerie aan boere verskaf het
 - → gevolg: miljoene mense is regstreeks geraak
 - ergste geraak = plaaswerkers + deelverbouers
 - → byna 6 miljoen mense is van die plase gedwing
 - ongeskoolde werkers na die stede
 - = grootskaalse werkloosheid.

Baie werkers het van die Middeweste na Kalifornië verhuis met die hoop om as plaasarbeiders werk te kry.

3.5 Die oorkoepelende impak van die bloeitydperk in die VSA tydens die 1920's

Ekonomiese uitbreiding	Probleme	Ongelykheid
● geskoei op die beginsel: ● fabriek sou volhou om te vervaardig ● verbruikers sou aanhou koop	● lone van die werkers (verbruikers) het nie tred gehou met die inkomste van die werkgewers nie ● werkers teen die einde van die 1920's = kon nie goedere bekostig wat die ekonomie geproduseer het nie ● uitvoermarkte gesluit weens tariewe ● oorproduksie	● stewige wins deur groot ondernemings + industrieë: ● voorste 5% van ryk Amerikaners het 'n derde van alle persoonlike inkomste in die land ontvang ● 60% het net genoeg verdien vir die allernodigste noodsaaklikhede ● = werkloosheid ● → armoede in alle ras- en etniese groepe

4 Hoe was die VSA-samelewing in die 1920's?

Stormagtige twintigs ("roaring twenties"):

- Europa het nog gely ná die Eerste Wêreldoorlog, MAAR Amerika het gefloreer =
 - jazz, wilde partytjies
 - vooruitgang van die vermaaklikheidsbedryf

- meer tyd, meer geld
- radio → groter toegang tot nuwe musiek
- Afro-Amerikaners het van die landelike gebiede na die stede getrek → jazz saam met hulle gebring + nuwe danse.

4.1 Hoe het die posisie en rol van die vrou in die 1920's verander?

Stemreg	• vroue het stemreg verkry • MAAR, nie ware toegang tot politieke mag • → slegs 'n handjie vol vroue is verkies tot die amp. • Daarom: vroue het maniere verken waarop hulle maatskaplik of polities betrokke kon raak • → het vrouegroepe gevorm wat in die gemeenskap gewerk het
Nuwe idees	• het hulle bevry uit hul tradisionele rolle en van die ou reëls oor hoe vroue behoort op te tree • progressiewe jong vroue= 'flappers' • het kort rokkes of langbroeke gedra, hul hare gesny, grimering gedra, in die openbaar gerook • filmsterre= sekssimbole
Maatskaplike veranderinge	• egskeidingsyfer het verdubbel → vroue het ongelukkige huwelike verlaat • het by organisasies aangesluit wat hulle vir vrouebevryding beywer het • het hulle beywer vir gelyke geslagstatus • vroue het die teken van die reklamebedryf geword • → het toenemend besluite begin neem oor wat om vir die huis en/of gesin te koop

Vroue en werk:

- Eerste Wêreldoorlog het arbeidspatrone verander:
 - vroue het uitdagende werkseleenthede aangegryp
 - was nie gretig om terug te keer na hul vooroorlogse rolle nie.
- Leer bestuur → bring groter vryheid van beweging mee.
- Tradisionele gedragreëls is verlig: vroue kon na partytjies en kroë gaan sonder mans as "beskermers".
- Vroue, veral uit die middelklas, het ook in die arbeidsmag met mans begin meeding.


Lone:

- Vroue is steeds minder as mans betaal:
 - vroue = goedkoper arbeid
 - → indiensneming van vroue het toegeneem.

4.2 Hoe was rasseverhoudinge in die 1920's?

Rasse-spanning	● Suidelike state is tradisioneel as rassisties beskou ● baie arm Afro-Amerikaners het uit die landelike gebiede na die stede getrek → het gelei tot: ● rassiespanning ● diskriminasie ● onregverdigte behandeling van swart mense
Onluste	● Aanvanklik het wit mense teen swart mense betoog ● → weerwraak: swart mense het teen wit mense betoog weens onregverdigte behandeling en diskriminasie ● Dienste aan die oorwegend swart woongebiede = swak, bv. ● Harlem, Manhattan, New York = het 'n ghetto geword → slegs swart Amerikaners het daar gewoon ● → teen 1929 = misdaadgeteister, krotbuurt = geen dienste nie.
'Jim Crow' wette	● steeds in plek in die suidelike state ● gedwonge segregasie ● het Afro-Amerikaners stemreg ontsê, asook toegang tot 'wit' skole en sekere poste = gereserveer vir wit mense ● nie sulke wetgewing in die noordelike state nie, maar Afro-Amerikaners is steeds swak betaal, bv. deurwagte, spoorwerkers





4.3 Hoe was die sosiale lewe in die VSA in die 1920's?

4.3.1 Drankverbod

- nie suksesvol nie
- verbod op die verkoop van alkohol → 1920's
- ondersteuners: 'nugter' samelewing, harde werk, minder misdaad
- uitgevoer deur die federale regering.

Mislukking van die drankverbod-wette

- Alkohol = skaars, daarom baie duur:
 - mense was bereid om hoë risiko's te neem om geld te maak met die onwettige verkoop van alkohol
 - smokkelaars kon drank maklik onwettig die land inbring
 - ingebring oor die Mexikaanse grens.
 - → “Bootlegging”= maak/invoer van onwettige alkohol
 - → “Moonshining”= vervoer van onwettige alkohol (in die nag)
 - drank is uit buurlande gebring – per vragmotor en per boot
 - Mense het onwettig hul eie whiskey gedistilleer
 - kos regering \$10 miljoen per jaar om die drankverbod te polisieer
 - baie mense wat die wet oortree het (50 000), is in hegtenis geneem.

Drank- verbod en misdaad

- toename in veral geweldsmisdaad
- “bootlegging”/dranksmokkelary = groot wins → dranksmokkelaars wou hul bedieningsgebied op enige wyse, selfs met geweld, beskerm en behou
- swaar gewapende bendes het die vragmotors vol onwettige drank beskerm

Al Capone

- berugste en magtigste man in Chicago
- het dranksmokkelaars gedwing om hom te betaal vir ‘beskerming’
- anders sou hy hul winkels vernietig
- het mense omgekoop, insluitende die polisie, om hom uit te los
- het enige teenstanders doodgeskiet

Einde van die federale drankverbod

- smokkelhuise= waar onwettige drank gekoop kon word
- Misdaad het uitgebrei na gewapende roof en prostitusie:
 - al meer Amerikaners het die drankverbod begin teenstaan
 - 1931: einde van die Groot Depressie, state het besef dat belasting op drank hulle van broodnodige inkomste kon voorsien
 - Roosevelt (Demokraat) het die 1932-verkiesing gewen: Demokrate was gekant teen die drankverbod
 - 1933: eindig

Die ineenstorting van Wall Street in 1929

Kernvraag: Wat was die redes vir die ineenstorting van Wall Street in 1929 en wat was die ekonomiese en maatskaplike impak daarvan?

1 Wat was die oorsake van die Wall Street-ineenstorting?

- New Yorkse aandelebeurs (NYSE) = Wall Street (ligging).
- 1929: Donderdag 24 Oktober → eerste aanduiding dat iets verkeerd was:
 - aandeelpryse het getuimel
 - paniekverkope
 - 13 miljoen aandele verkoop.

Ná hierdie gebeure, was die mark eers weer stabiel.

- 1929: 29 Oktober = Swart Dinsdag:
 - aandeelpryse het weer geval
 - miljoene beleggers het hul geld verloor; kon lenings nie terugbetaal nie
 - gedwing om bankrotskap te verklaar
 - begin van erge ekonomiese depressie.

1.1 Onmiddellike oorsake van die Wall Street-ineenstorting

Rol van banke

- Lenings is toegestaan aan mense wat dit nie kon terugbetaal nie:
 - ineenstorting: mense het nie geld gehad om lenings terug te betaal nie
 - Banke het huise begin terugneem → mense was haweloos
 - Ekonomiese agteruitgang → banke kon nie die teruggeneemde huise weer verkoop kry nie → banke het begin geld verloor
 - Banke het kliënte se geld gebruik om op die aandelebeurs te spekuleer
 - banke het dus mense se spaargeld verloor
 - Banke, asook mense, het geld verloor: finansiële probleme en ondergang

1.2 Ander oorsake van die Wall Street-ineenstorting

Die oorspekulasie op die aandelebeurs was die onmiddellike oorsaak van die Groot Depressie, maar is vererger deur swakhede in die ekonomie.

Oneweredige verspreiding rykdom	• ondernemings het pryse hoog gehou en groot wins gemaak, maar lone laag gehou • oneweredige verspreiding van rykdom; wanbalans tussen stygende produktiwiteit en koopkrag • afname in koopkrag van gewone mense is verdoesel deur die lenings wat banke sonder enige beheer toegestaan het
Regeringsbeleid	• belastingvermindering het die rykes bevoordeel: spekulasiakoors is versterk • gebrek aan staatsingryping: monopolieë en hoë pryse • vyandigheid teenoor vakbonde, geen gesamentlike bedinging, lone laag gehou • hoë invoertariewe het teenoorgestelde uitwerking gehad as wat beplan is → het die vloei van handel tussen die VSA en die res van die wêreld stopgesi
Landbou	• die hoë vraag na landbouprodukte gedurende die Eerste Wêreldoorlog het daarna gedaal • gevolg: oorskotte → het pryse afgedruk • boere het plase verlaat → plaaswerkers was werkloos


2 Wat was die ekonomiese en maatskaplike impak van die Wall Street-ineenstorting?

VSA het 'n tydperk van ekonomiese afswaai binnegegaan = bekend as die Groot Depressie: het enorme ekonomiese en maatskaplike impak gehad.

2.1 Die ekonomiese impak van die Groot Depressie

VSA was heeltemal onvoorbereid op so 'n grootskaalse depressie, MAAR Gebrek aan regeringsoptrede het die ekonomiese krisis vererger:


- Teen Maart 1933 het produksie-opbrengs 30% onder die 1929-vlakke gedaal
 - pryse het met 25% gedaal
 - die nasionale inkomste het met 50% afgeneem
- Kleiner spekulant
 - het alles verloor.
- Groot beleggers (finansiers, bankbestuurders, ens.) wat geld uitgeleen het
 - → is bankrot verklaar
 - 1929: 650 banke is bankrot verklaar
 - 1933: 4 000 banke is bankrot verklaar
 - = bankstelsel het ineengestort.



Ook:

- Afname in internasionale handel
- → uitvoere gestaak weens fabriek wat gesluit is
 - = inkomsteverlies vir Amerikaanse ondernemings + regering:
 - vererger krisis.

2.2 Maatskaplike gevolge van die Groot Depressie



Krotbuurte	Onlust
● Informele nedersettings aan die buitewyke van die stede ● gebou van metaal, sakke en enige bruikbare afvalmateriaal ● 'Hoovervilles' = spottenderwys genoem na president Hoover ● Het kos in asblikke gesoek, staatgemaak op liefdadigheidsorganisasies se brood- of sopkombuise	● Kos-onluste het uitgebreek in twee dorpie, Henryetta (Oklahoma) en England (Arkansas) ● mense het hulp-organisasies en koswinkels gedreig ● Bonusbetogers = klein groepie oorlogsveterane van die Eerste Wêreldoorlog met hul gesinne > aangedring op die betaling van die ná-oorlogse bonusse wat die regering belowe het ● uiteengejaag deur die weermag

Toename in werkloosheid:

- In sekere gebiede was 'n kwart van die mense werkloos en dieselfde hoeveelheid was oorgekwalifiseer en/of moes werk op verkorte werksyd.
- Onderhoudsbetaling = \$7 tot \$8 per week.
- Geen kos → wanvoeding en bloedarmoede (raak anemies)
- Gesinne is opgebreek:
 - → mense is na skuilings vir mense, vroue na skuilings vir vroue, kinders na weeshuise
 - → selfmoord het toegeneem.

Armoede het 'n stigma van luiheid en oneerlikheid gedra



Armoede en hulp

- owerhede het familieledes beskou as eerste bron van hulp en ondersteuning
- kon eers aansoek doen om hulp as iemand absoluut hulpbehoewend was
- in die begin is alle bystand verleen deur individue en private organisasies
- staat is gedwing om in beperkte vorm verantwoordelikheid te aanvaar nadat private liefdadigheidsorganisasies se fondse uitgeput geraak het



Regering neem verantwoordelikheid

- min openbare leiers het erken dat daar 'n krisis was
- Hoover het mense aangemoedig om te bly hoop
- Hy het uiteindelik regeringsmaatreëls ingestel om armes te help
 - het openbare werksprogramme vermeerder om werk te skep, federale regering se besteding is verhoog en belastingverligting is aangekondig
 - = té min, té laat

Die New Deal

Kernvraag: In watter mate het Roosevelt se New Deal kapitalisme in die VSA versterk of verswak?

1 Hoe die New Deal tot Roosevelt se verkiesing gelei

Politieke gevolge van die Groot Depressie vir Hoover:

- Gemoedere was gunstig teenoor die Demokrate (woedend vir die Republikeine; moedeloos).
- Hoover: nederlaag in 1932-presidentsverkiesing.
- Franklin Delano Roosevelt (ook bekend as FDR) het met 'n oorweldigende meerderheid gewen:
 - New Deal vir 'die vergete man' belowe
 - het erken dat kapitalisme bedreig is
 - doelwitte gestel om kapitalisme en die ekonomie te verbeter en te red.

2 Wat was die New Deal?

Doelwitte	● bystand vir behoeftiges ● = onmiddellike hulp aan diegene wat die ergste geraak is. ● ekonomiese herstel ● = maak nywerhede meer produktief en skep werksgeleenthede. ● finansiële hervorming ● = ekonomiese stelsel is verander om te verseker dat 'n ineenstorting soos dié van 1929 nie weer sou plaasvind nie.
Verandering van Hoover	● twee basiese ideale van Republikeinse Amerika uitgedaag: <i>laissez-faire</i> kapitalisme en individualisme ● wou 'n 'beter bedeling' vir die mense van Amerika verseker ● het sosialisme en staatsbesit van nywerhede verwerp, maar die noodnag van 'n mate van regeringsingryping besef, bv. ● Wêreldoorlog I → VSA-ekonomie was beplan en gereguleer ● Roosevelt het gemik na soortgelyke staatsingryping, wat maatskaplike en ekonomiese ongelykheid sou verminder ● → Brains Trust begin



Brains trust

- Roosevelt + klein groepie raadgevers
- → nuwe beleid geformuleer
- = 15 groot stukke wetgewing is verorden gedurende Roosevelt se eerste 100 dae aan bewind

2.1 Watter twee groot fases het die New Deal gehad?

New Deal = twee breë fases:

- Eerste New Deal (1933 tot middel-1935)
 - → bystand en herstel.
- Tweede New Deal (1935 tot 1940)
 - → hervormingsmaatreëls.

Spesiale magte is aan Roosevelt toegestaan om die nuwe wetgewing te bespoedig.

- Hy het geweet dat hy die mense se vertroue moes herstel:
 - → ‘Ons het niks te vrees nie, net vrees self’ = intreerede.
- Fireside Chats = radiotoesprake aan die nasie uitgesaai (1933 tot 1940)
 - Doelwitte:
 - besweer ekonomiese vrese van Amerikaners
 - Beleid is ontwikkel wat die probleme van die depressie moes verminder
 - Ondersteuning van die Amerikaanse volk vir sy programme gekry.

2.1.1 Eerste New Deal

Bankwese

- duisende banke moes sluit → daar was geen vertroue in die bankstelsel nie
- Het alle banke tydelik laat sluit totdat hy nuwe wetgewing kon deurvoer
- 1933: Emergency Banking Relief Act
 - → het Roosevelt die mag gegee om banktransaksies en buitelandse valuta te reguleer
 - Banke moes geïnspekteer word en “finansieel gesond” verklaar word
 - Het mense aangemoedig om banke te vertrou: regering het die deposito's van klein beleggers gewaarborg
 - beskerming het mense oortuig om opgegaarde geld te deponeer; het gevoel van vertroue en hoop onder mense geskep

Bystand

- onmiddellike kwellings = direkte bystand van die mees desperate armoede
 - → het die Federal Emergency Relief Administration gestig
 - = het die regerings van die verskillende state van geld vir noodleniging voorsien
 - sopkombuise en tydelike behuising is tot stand gebring

Herstel

- het die ekonomie weer aan die gang gekry
 - → het werkloosheid verminder:
 - sodat mense hulself kon onderhou en weer kon begin om goedere te koop
 - staatsondersteunde programme is ingevoer
 - = Alfabet-agentskappe

Hervorming

- veranderings aan die kapitalistiese stelsel van die VSA was nodig om seker te maak dat so 'n verwoestende depressie nie weer sou plaasvind nie:
 - verbeterings aan die bestaansbeveiligingstelsel
 - wetgewing is ingestel om die bestuur van die aandelebeurs te hervorm, bv.
 - → “koop op die marge”, prysmanipulering = onwettig
 - hervorm die rol van die regering in die ekonomie, kode van sakegedrag

Wetgewing is goedgekeur om te fokus op herstel en openbare werke

- National Industrial Recovery Act (NIRA) in 1933 = herstel en openbare werke
 - = kodes vir regverdige praktyke vir individuele bedrywe is ingestel
 - → om nywerheids groei te bevorder
- Public Works Administration (PWA) = deel van NIRA
 - = het werk geskep aan openbare geboue, paaie en vloedbeheer
- National Recovery Administration (NRA) = deel van NIRA
 - = een van die mees kontroversiële New Deal-maatreëls.

National Industrial Recovery Act (NIRA)

- was daarop ingestel om ondernemings te stabiliseer, koopkrag te genereer en werk te verskaf
 - → kodes van ‘eerlike’ mededingende praktyk
 - het arbeidsnorme bepaal
 - het lone verhoog
 - het maksimum werksure vasgestel
 - het vereis dat die regering, werkgewers en arbeid moes saamwerk
 - ondernemings wat deel was van die stelsel, moes 'n blou arend by hul produk aanheg
 - verbruikers is aangemoedig om ‘blou arend-produkte’ te koop
 - → het Amerikaanse tradisie van vrye mededinging verbreek
 - het uiteindelik gelei tot konflik tussen sakelui, verbruikers en burokrate




is in 1935 ongrondwetlik verklaar

2.1.2 Tweede New Deal

Het die kernprobleem van massawerkloosheid aangepak.

- Langtermyn-hervormingsmaatreëls:
 - het mense in geval van nog 'n depressie beskerm
 - federale regering moes verantwoordelikheid aanvaar deur soveel moontlik mense in diens te neem as wat finansiële moontlik sou wees (Hoover het dié idee verwerp).



Sekere van hierdie maatreëls het 'n groot verandering in die rol van die staat beteken. Teenoor die nie-inmenging onder die administrasie van Republikeine, het die staat onder Roosevelt 'n betekenisvolle rol in die voorsiening van bystand en die daarstelling van herstellingsmeganismes gespeel.

- Hy het besef dat honger en werklose mense min gehad het om te verloor en maklik die staat met 'n revolusie sou kon dreig.
- Hy het ook aanvaar dat die regering 'n plig gehad het om veiligheidsnette aan bejaardes en armes te voorsien.

3 Watter teenstand was daar teenoor die New Deal?

Talle mense was gekant teen die New Deal. Dit het gewissel van die rykes en konserwatiewes tot sommige liberale. Gewone Amerikaners het egter die konsep aanvaar en ondersteun.

3.1 Teenstand van die rykes en konserwatiewes

Rykes/Groot ondernemings

- het gevoel dat Roosevelt te ver gaan met sy inmenging in hul sakebedrywigheide:
 - verkwalik Roosevelt –
 - deur werkloosheidsbydraes te maak = kleiner wins
 - Die mag wat die Wagner-wet (1935) aan vakbonde gegee het
 - geglo dat die New Deal kapitalistiese beginsels verraaai
 - het ook geglo dat vakbond-optrede (bv. kollektiewe bedinging) die individualisme wat verband hou met kapitalisme, bedreig

'laat die rykes betaal'-belasting

- is gebruik om vir die werk van die New Deal te betaal:
 - rykes –
 - het Roosevelt as 'n verraaier van sy eie klas beskou
 - het gevoel dat die New Deal-beleid die VSA na sosialisme lei



Desnieteenstaande het die Republikeinse Party groot nederlae gely in die verkiesings van 1932 en 1936

Republikeine	• het die New Deal-programme as topswaar federale sentralisering gesien: • New Deal-programme en beleid is beskou as gevaarlik • sou lei tot hoë staatsbesteding, verhoogde belasting en beduidende groei in die burokrasie • dit sou doodloop
Hoover	• geglo dat die New Deal die gevolge van die depressie sou vererger en verdiep • dat dit herstel (volgens hom reeds aan die gang) sou teenwerk
NRA (in New Deal)	• Hooggeregshof, met 'n konserwatiewe meerderheid tot 1936, het beslis dat verskeie New Deal-programme ongrondwetlik was: • 1935: verklaar die NPA ongrondwetlik (teen dié tyd was die fokus van die NRA reeds aan die verander) • 1935: verklaar die spoorwegspensioenwet ongeldig • 1936: Hooggeregshof het uitspraak teen die AAA gelewer en ook teen die staat New York se minimumloonwetgewing beslis

In 1937 het die hof ten gunste van die New Deal-wetgewing begin beslis omdat konserwatiewe regters die hooggeregshof verlaat het en Roosevelt regters kon aanstel wat meer simpatiek teenoor sy maatreëls was.

3.2 Kritiek van links

Grootste kritiek = New Deal het nie genoeg gedoen om ekonomiese probleme en maatskaplike ongelykhede op te los nie.

- Huey Long, oudgoewerneur en senator van Louisiana = mees uitgesproke van Roosevelt se kritici:
 - het hom beywer vir die herverdeling van rykdom en die instelling van 'n landwyse minimum loon
 - In 1935 vermoor.
- Kommuniste:
 - kritiseer die New Deal as 'maatskaplike fascisme'
 - Roosevelt = 'diktator'
 - maar was ook versigtig om hulle van die Russiese revolusies te disassosieer.
- 'Christus se bedeling':
 - prominente Katolieke priester, Charles Coughlin = ondersteuner wat later téén Roosevelt gedraai het –
 - het aanvanklik die New Deal ondersteun = 'Christus se bedeling'
 - → MAAR was toenemend ontsteld oor die stadige pas van hervorming
 - het sterk kritiek uitgespreek teen die vernietiging van gewasse en plaasdiere onder die AAA.

3.3 Opposisie binne die Demokrate

Suidelike state

- plaaslike elite in die suidelike state binne die Demokrate → voel dat die New Deal hul posisie in gevaar stel
- ongemaklik met georganiseerde arbeid
- ongemaklik met die skuif om Afro-Amerikaners hul gelyke te maak

Rassisme

- 1936: groep afgevaardigdes van die suide = uitgestap by die Demokratiese konvensie
- het gesê dat hulle nie 'n party kon ondersteun wat Afro-Amerikaners as hul politieke en sosiale gelykes beskou nie

4 Het die New Deal kapitalisme in die VSA verswak of versterk?

Herstel van vertroue	Regulering van die ekonomie	Verdere ekonomiese probleme
● Depressie het die Amerikaanse vryemarkstelsel – liberaal-demokratiese regeringstelsel – onder geweldige druk geplaas ● Roosevelt: 'honger en werklose mense is die dinge waaruit revolusies gevorm word' ● herstel Amerikaners se vertroue in die vryemarkstelsel en die liberale demokrasie ● Amerikaanse manier van doen het behoue gebly	● New Deal nie 'n revolusie nie ● dit het nie radikale verandering meegebring nie ● dit het nie kapitalistiese beginsels laat vaar nie ● het die kapitalistiese stelsel in Amerika hervorm en versterk ● verwyder misbruike van 'n ongeregleerde ekonomie ● het die staat 'n rol in die ekonomie gegee wat die ekonomie bevoordeel het staatsbetrokkenheid het die VSA-kapitalisme versterk	● Die New Deal het nie die Groot Depressie beëindig nie ● 1937: Roosevelt het begin besnoei op staatsbesteding as 'n manier om die federale begroting te balanseer ● = het die land aan die einde van die jaar in 'n nuwe depressie gedompel ● 5 miljoen mense het hul werk verloor ● 1938: weer in 'n diep depressie ● Die besluit om deel te neem aan die Tweede Wêreldoorlog het meer gedoen om 'n einde aan die depressie te bring

4.1 Het die New Deal kapitalisme in die VSA verswak?

Vir die eerste keer het Amerikaners verwag dat die federale regering 'n rol in maatskaplike welsyn behoort te speel. MAAR

- Kapitaliste het geglo = verswakking van kapitalisme:
 - → het gesê: regering het geen rol te speel in die verskaffing van veiligheid of bystand vir werkloses, bejaardes of siekes nie.

Opkoms van die korporatiewe staat

- Republikeinse regerings: groot ondernemings het 'n monopolie op die politieke mag gehad
- MAAR: New Deal-regulering = twee nuwe spelers by die politieke tafel gevoeg:
- groot arbeid en groot regering
- PLUS: New Deal + Tweede Wêreldoorlog = snoer die sakewêreld, regering en arbeid saam.

Samewerking tussen sakewêreld en die regering

- Arbeid: het 'n bestendige werksmag voorsien
- Regering: het die mark gereguleer en gestabiliseer om die siklus van hoogtepunte en laagtepunte in die ekonomie te vermy
 - → sakewêreld het sekere toegewings aan arbeidsorganisasies en die regering gedoen
 - konserwatiewe kapitaliste het dit as 'n verdere verswakking van kapitalistiese beginsels gesien – 'n skuif na sosialistiese denke

4.2 Wat was die nalatenskap van die New Deal as geheel?

Hoewel die New Deal (onderbreek deur die Tweede Wêreldoorlog) baie gedoen het om die ergste lyding van die depressie te beëindig, kon dit nie 'n einde aan die depressie bring nie.

- Nalatenskap:
 - dit het die waardigheid van talle Amerikaners herstel.
- Mislukkings:
 - 'gewone Amerikaners' het nie die meeste Afro-Amerikaners ingesluit nie:
 - huurderboere, plaaswerkers, huiswerkers = meestal beroepe van swart Amerikaners → het nie gekwalifiseer vir werkloosheidsvoordele, minimum lone of landbousubsidies nie.
 - 'n segregasiebeleid is steeds toegepas in die suidelike state
 - segregasie is ook toegepas in die gewapende magte en die CCC
 - geen stemreg vir baie swart mense in die suidelike state.
 - 'Laaste aangestel = eerste afgedank'.
 - Daar is teen vroue in die werkplek gediskrimineer, bv.
 - → hulle is minder betaal as mans.

Die impak van die Tweede Wêreldoorlog

Kernvraag: Wat was die inpak van en reaksies op die kapitalismekrisis in die VSA in ander dele van die wêreld?

1 Hoe het die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog gehelp met die ekonomiese herstel van die VSA?

Roosevelt het die 1936-verkieping gewen en alles het gelyk asof dit goed gaan.

- 1937: hy het geglo dat die volk ekonomies herstel het:
 - → het die begroting probeer balanseer deur New Deal-programme te sny –
 - gevolg = nuwe fase van die depressie: ekonomie sou nie herstel van hierdie tweede fase voordat die VSA tot die Tweede Wêreldoorlog toetree het nie.

Middel-1930's

- duidelik dat Hitler op aggressiewe oorlogspad was
- Roosevelt het Wilson se idees oor internasionale gevolge → het USSR erken
 - → het gehoop dat diplomatieke betrekkinge met Rusland handel tussen die twee lande sou moontlik maak = onsuksesvol.
- Amerikaanse publiek was isolasioniste: wou nie betrokke raak in Rusland nie.
- BUT: Roosevelt = was oortuig dat die VSA se betrokkenheid by 'n Europese oorlog onvermydelik sou wees
 - → kon nie daarin slaag om beleid deur te voer wat dit erken nie
 - MAAR: 1938/39 – VSA het begin om die veranderinge te maak in die industrie en weermag om gereed te wees vir die oorlog:
 - = verhoog nywerheidsproduksie = werkskepping = het bygedra tot die ekonomiese herstel van die VSA.

1.1 Neutraliteitswette

Neutraliteitswet van 1935	Tweede Neutraliteitswet van 1936	Derde Neutraliteitswet van 1937
• verbied verskeping van Amerikaanse wapens na oorlogvoerende lande	• het die bepalings van die 1935 wet vir die volgende 14 maande hernu	• maak vorige twee wette permanent deel van nasionale beleid
• het verklaar dat die Amerikaanse burgers op strydende skepe op eie risiko reis	• verbied Amerikaanse lenings aan oorlogvoerende lande	• Amerikaanse skepe is verbied om enige passasiers of artikels na oorlogvoerendes te vervoer en VSA-burgers is verbied om op oorlogvoerende lande se skepe te reis
		• het die president die reg gegee om 'n lys nie-militêre handelsware, soos graan, op te stel, wat die VSA op 'n haal-en-betaal-basis aan oorlogvoerende lande kon verkoop

Selfs toegelate handel is streng gereguleer: lande moes kontant betaal en die goedere met hul eie skepe vanaf die VSA vervoer.

1.2 Tweede Wêreldoorlog

- 1939: Duitsland het Pole binnegeval.
- VSA het begin om die Geallieerdes van oorlogsmateriaal te voorsien
 - = verhoogde produksie in die VSA → werkskepping
 - 1940: VSA het begin om mans op te roep vir die gewapende magte = het werkloosheid verminder
- 1941: Japan het die VSA-vlootbasis by Pearl Harbour gebombardeer
 - → VSA het oorlog teen Japan verklaar
 - Duitsland het hul alliansie met Japan erken
 - → het oorlog teen die VSA verklaar
 - Gevolg: die VSA-ekonomie is gerig op die produksie van oorloggoedere
 - het staatsbesteding verhoog = baie meer as met die New Deal
 - → ekonomie het herstel = Amerika het weer die vlakke van indiensneming en welvaart van voor die depressiejare behaal.

2 Wat was die impak van die kapitalismekrisis in die VSA op die res van die wêreld?

- Groot Depressie het oor die hele wêreld versprei:
 - Ekonomiese herstel van Europa ná Wêreldoorlog II = afhanklik van VSA-lenings.
 - Soos in die VSA, het talle ondernemings en nywerhede in Europa op grond van voortdurende spekulاسie bestaan, in plaas van op reële produksiekrag:
 - → toe die aandelemarkte ineenstort, het die ekonomie ook in duie gestort.
- 1931: banke in die VSA het begin om fondse uit Europa te onttrek:
 - = verkope van Europese geldeenheide en ineenstorting van baie Europese banke
 - → beleggingsfondse het opgedroog toe krediteure bankrot gespeel het of probeer het om produksie te besnoei.

2.1 Die reaksie van sommige lande

USSR

- het die depressie vrygespring
- 1930s: Stalin = “sosialisme in een land”: het ’n industriële samelewing onder kommunistiese beheer gebou
 - → het ekonomiese bande met die meeste ander lande gesny
 - = vinnige industriële groei sonder buitelandse kapitaal → voorkom depressie
 - = min erge werkloosheid
 - = stelselmatige toename in produksietempo

Latyns-Amerika (Suid-Amerika)

- = afhanklik uitvoer van primêre produkte
- reeds in laat 1920's onder ’n depressie gely: aanbod van landbouprodukte het vinniger as vraag gestyg (beter boerderymetodes ens.)
 - = pryse gedaal → regerings van die lande het hul produkte opgepot
 - MAAR: was afhanklik van lenings van die VSA en Europa
 - → lenings = herroep: opgepotte voorraad op markte vrygestel = pryse geval en inkomste gedaal.

Duitsland/Japan

- mag deur militaristiese regerings verkry
- = regressiewe buitelandse beleidsrigtings aangeneem
- gelei tot die Tweede Wêreldoorlog.


VSA/Brittanje

- gelei tot staatsingryping in die ekonomie
- = skep van welsynstelsels
- = bestuurde ekonomieë

2.2 Die impak van die kapitalismekrisis in die VSA in Duitsland

Duitsland se Weimar-republiek = swaar getref deur die depressie:

- Enorme betalings aan einde van die Wêreldoorlog I (Verdrag van Versailles, 1919):
 - → gedwing om groot lenings aan te gaan om skadevergoeding te betaal + vir industriële heropbou.
- Afhanklik van lenings van die VSA om albei te doen:
 - Amerikaanse ekonomie = depressie, VSA-banke het lenings herroep
 - = Duitse bankstelsel het ineengestort
 - = ondernemings en groot ondernemings het in duie gestort, werkloosheid het toegeneem
 - → het groot politieke implikasies gehad



PLUS

- Hitler → herbewapeningsprogramme:
 - = het werkloosheid verminder
- het industriële groei gestimuleer.
 - Rantsoenering + handelsbeheer = beheer verbruik → inflasie laag.

2.3 Die impak van die kapitalismekrisis in die VSA in Japan

Nywerhede	• nuwe industriële land • was nog baie afhanklik van uitvoerverdienste vir die finansiering van invoer van noodsaaklike brandstof en grondstowwe • sybedryf, 'n uitvoerstapelmark, het reeds gely weens die ontwikkeling van nagmaakte syagtige vesels wat Westerse chemiese reuse ontwikkel het
Ineenstorting	• luukse aankope het in duie gestort • ernstige werkloosheid, deurslaggewende politieke krisis • 1929 tot 1931: waarde van Japanse uitvoer het met 50% gedaal • werkers se inkomste het gedaal • swak oeste = plattelandse bedelary, amper-hongersnood
Maatreëls vir herstel	• meer suksesvol as dié van die New Deal • beleid van tekortbesteding om ekonomie te stimuleer • geldeenheid gedevalueer • → nywerheidsproduksie het verdubbel

2.3.1 Tekortbesteding

- stimuleer sake-aktiwiteite
- skep werk
- moedig verbruikersbesteding aan
- gevolglike inkomste vir die regering (belasting)
 - → maar: is bestee aan die aankoop van krygstuig vir die gewapende magte om 'n meer nasionalistiese en militariserende land te ondersteun.
 - 1934: minister van finansies het tekortbesteding verminder – besnoei op wapentuig en ammunisie.

2.3.2 Reaksie op die einde van die tekortbesteding:

- Nasionaliste, veral dié in die weermag, was woedend:
 - → minister van finansies is vermoor
 - → burgers in die regering was toenemend onder beheer van die weermag
 - Tweede Wêreldoorlog: Japan = militêre diktatuur

2.4 Die impak van die kapitalismekrisis in die VSA in Suid-Afrika

Goud	Landbou, minerale
- SA geldeenheid = gerugsteun deur die goudstandaard → het die pryse van SA goedere hoog gemaak 1932: SA besluit om af te sien van die goudstandaard = dit het die proses van ekonomiese uitbreiding aan die gang gesit. - SA is deur die goudmynbedryf gered van 'n algehele ineenstorting: - goudaandele het vinnig gestyg toe beleggers hul geld uit die aandelemark onttrek het om goudaandele te koop - stygende gouduitvoere het tot 'n sekere mate vergoed vir die verlies aan ander handelsinkomste	- vraag na SA landbou- en mineraaluitvoere het drasties gedaal (wêreldhandel het verswak), bv. - wolpryse het tussen 1925 en 1933 met 75% geval. → boere kon nie hul verbande betaal nie = van plase af gedwing - bywoners (huurboere) – wat nie hul eie grond besit het nie – is veral swaar getref


Carnegie-kommissie oor armlankes (1931)

- Meeste landelike Suid Afrikaners = Afrikaners = probleem vir die regering:
 - byna 'n derde van Afrikaners het in erge armoede geleef

Kwaai droogte:

- het die situasie vererger:
 - MAAR: SA regering het die toestand van Afrikanerboere gebruik – grootliks aangebring deur die wêreldwye depressie, wat oorsprong in die VSA se Groot Depressie gehad het – om Afrikanernasionalisme aan te wakker.
 - dit het gelei tot die totstandkoming van die Nasionale Party = en die daaropvolgende beleid van apartheid

3 Slotsom: Die sikliese aard van kapitalisme



- Depressie het 'n ommekeer in ekonomiese teorie en staatsbeleid veroorsaak
 - Die 1920's:
 - regerings en sakelui het geglo dat welvaart die gevolg was van die minste moontlike ingryping deur die regering in die plaaslike ekonomie, van oop internasionale handel, en van geldeenhede wat in die waarde vasgestel was en geredelik omskepbaar was.
 - Ná die 1930's:
 - verandering in teorieë = mate van staatsbeheer oor die ekonomie → noodsaaklik.

Opsomming en vrae

Opsomming van Onderwerp 2

Eenheid 1: Die aard van kapitalisme in die VSA

- Amerikaanse droom: enigiemand kon voorspoedig word in die VSA. MAAR: ongelykhede gegrond op klas, ras en etniese oorsprong het baie mense beperk in die strewe na voorspoed
 - 1920's se opbloeï → voortgedryf deur die regering se nie-inmenging in die ekonomie = twyfelagtige praktyke: krediet- en paaïementplanne, die koop van aandele op die marge
 - + handelstariëwe, swak lone en monopolieë het ook die opbloeï gedryf
 - → Het gelei tot die 'stormagtige twintigs' = ekonomiese welvaart/vrouebevryding en die drankverbod.

Vroeë 1900's → voortgedryf deur Amerikaanse waardes en beleid= ruwe individualisme, *laissez-faire* en die vryemarkstelsel

Eenheid 2: Die ineenstorting van Wall Street in 1929

- Hoofsaaklik weens die gebrek aan beheer van die regering oor die ekonomie, bv.
 - die versuim om die aandelebeurs te reguleer.
- Ander faktore = monopolieë, lae lone, lae landbouproduksie en hoë invoertariëwe.

Eenheid 3: New Deal

- Roosevelt het Hoover opgevolg: het 'n nuwe bedeling (New Deal) vir gewone Amerikaners belowe
 - = direkte staatsingryping in die ekonomie
 - fokus op bystand vir behoeftiges, ekonomiese herstel en hervorming van die finansiële sektor
 - → werk vir miljoene geskep + ekonomiese ineenstorting help voorkom
 - sake-eienaars en ryk mense was daarteen gekant = hulle is swaarder belas
 - was gekant teen staatsinmenging in hul ondernemings, bv. vakbonde = die mag van kollektiewe bedinging.


Eenheid 4: Impak van die Tweede Wêreldoorlog

- Ondanks die New Deal, het die VSA 'n volgende resessie in 1937 beleef.
 - MAAR: aanvang van Tweede Wêreldoorlog = Amerikaanse ondernemings het wapentuig begin vervaardig
 - = verhoogde produksie + werkskepping
 - → het die VSA gehelp om die depressie te beëindig
- Groot Depressie = internasionale impak= bygedra tot die Tweede Wêreldoorlog, bv.
 - Duitse armoede het gehelp om Hitler + nasionalisme populêr te maak
- Intensiteit en duur van die Groot Depressie = ekonomiese het die idee van die hoog-laag-konjunktueursiklus heroorweeg

Opsomming en vrae


Vrae vir Onderwerp 2

- 1 Het almal voordeel getrek uit die ekonomiese opbloei van die VSA in die 1920's? Teken 'n kopkaart om te illustreer watter effek die groeiare gehad het op:
 - a Deelverbouers – veral in die Middeweste
 - b Die werkloses
 - c Swart Amerikaners (in die stede en die suide)
 - d Immigrante
 - e Werkersklasvroue
 - f Middelklas.
- 2 Wat was die oorsake van die Wall Street-ineenstorting en die Groot Depressie in die VSA in 1929? Teken die borrelkaart oor en gebruik nog kernwoorde om elk van die oorsake in detail te bespreek. Voeg nog oorsake by as jy wil. Jy kan die borrelkaart gebruik vir voorbereiding vir toetse of eksamens deur die kernidees te memoriseer en aanmekaar te koppel:



Opsomming en vrae

- 3 Wat was die gevolge van die Groot Depressie? Kopieer en voltooi die volgende kopkaart:



- 4 Verduidelik die betekenis van die volgende frases en terme in die konteks van die ekonomiese en maatskaplike geskiedenis van die VSA van 1920 tot 1942:
- a bloeitydperk
 - b beskermende tariewe
 - c Amerikaanse Droom
 - d *laissez faire*-beleid
 - e Tin Lizzie
 - f isolasiebeleid
 - g massaproduksie
 - h Jim Crow wette
 - i handel op die marge
 - j ruwe individualisme.

Opsomming en vrae

- 5 Voltooi die grafiese opsomming van Roosevelt se New Deal deur die agentskappe in te vul, asook die fokus van hul werk in die spasies:


Bystand vir werkloses	Agentskap	Fokus van agentskap se werk

Herstel van die ekonomie	Agentskap	Fokus van agentskap se werk

Hervorm die ekonomie om 'n volgende depressie te voorkom	Agentskap	Fokus van agentskap se werk

Idees oor ras in die laat 19de en 20ste eeu

Kernvraag vir Onderwerp 3: Wat was die gevolge toe pseudo-wetenskaplike idees oor ras in die 19de en 20ste eeu 'n integrale deel van die staatsbeleid en wetgewing geword het?



Teorieë en praktyke oor ras

Kernvraag: Wat was die teorieë en praktyke oor ras in die laat 19de en 20ste eeu?

1 Wat was die idees oor rassehiërargieë in die 19de eeu?

'Rassewetenskap'

In die 1730's het Carolus Linnaeus (Sweedse natuurkundige) 'n stelsel ontwikkel om aan te toon hoe alle lewende dinge verwant is. Hy het die mens in vier groepe verdeel: Europeërs, Asiate, Amerikane and Afrikane. Hy het geglo dat daar meer ooreenkomste as verskille tussen die groepe was.



Rasseklassifikasie

In 1795 het Johann Blumenbach die mens in vyf groepe (rasse) geklassifiseer: Neger (Afrikane), Mongools (Asiate), Maleis (Suidoos-Asiërs), Amerikaans-Indiaans (Amerikane) en Kaukasies (Europeërs). Hy het geglo dat die Kaukasiërs die mooiste en beste van die vyf "rasse" was, en dat ander rasse 'n degenerasie van die Kaukasiërs was.



Elke ras is verskillend

In die middel van die 19de eeu het Stanley Morton (Amerikaanse antropoloog) geglo dat elke ras afsonderlik en verskillend geskape is. Hy het rasse volgens skedelgrootte gerangskik. Volgens hom was die wit mens 'n "superieure ras".



Indeling volgens fisiese voorkoms

Petrus Camper (Nederlandse wetenskaplike: 1790's) het die skedels van verskillende rasse bestudeer. Hy het geglo dat alle mense 'n gemeenskaplike voorouer gedeel het, maar dat sommige groepe verder van die Bybelse ideaal weggedryf het. Hy het gedink dat die antieke Grieke en Romeine nader aan menslike volmaaktheid was en het Griekse standbeelde as standaard van menslike skoonheid gebruik.



Het getwyfel aan Morton se teorieë

In die middel-1800's het Friedrich Tiedemann (Duitse professor) die verband tussen ras, intelligensie en breingrootte ondersoek. Sy resultate het baie van dié van Morton verskil.



'n "Tabel" van rasse

In 1854 het Josiah Nott en George Gliddon beweer dat elke "menslike ras" afsonderlik ontwikkel het. Hulle het rasse in 'n tabel ingedeel, van "beste" tot "swakste".

1.1 Die oorsprong van spesies volgens Darwin

- Darwin se teorie van “natuurlike seleksie” het mense as ’n ander vorm van dier geklassifiseer:
 - → dit het teen die leerstellings van die kerk ingedruis.
- Hy het geglo dat alle plante en diere ontwikkel het uit ’n paar gemeenskaplike voorouers deur “natuurlike seleksie” en die “oorlewing van die sterkste”.
 - Die “sterkste” = beste aangepas by die omgewing
 - → meer van hul gene na die volgende generasie.

1.1.1 Sosiale Darwinisme

- Mense in die middel-1900’s tot die vroeë 20ste eeu = behep geraak met “ras”:
 - → het probeer om ’n “wetenskaplike” basis te kry om die fisiese verskille tussen individue, sosiale klasse en rasse te verklaar.

Herbert
Spencer

- het die teorie ontwikkel wat as sosiale Darwinisme sou bekend staan
- het eerste die woord “evolusie” en die frase “oorlewing van die sterkste” gebruik

Sosiale
Darwiniste

- het geglo dat fisieke en sosiale verskille op relatiewe waarde dui
- volgens hulle was lewe ’n “stryd om oorlewing”

1.2 Die impak van industrialisering en vooruitgang

Die gevolge van industrialisering en tegnologiese vooruitgang in Amerika, Brittanje en Duitsland is gebruik om die volgende te “bewys”:

- die teorie dat die “wit ras” superieur en meer gevorderd as ander “rasse” is
- Europese dominerings van ander “rasse” (koloniserings en imperialisme), veral in Afrika in die laat 19de eeu:
 - = “wit mens se las” om “beskawing” na “donker Afrika” te bring
- indien enige “ras” nie daartoe in staat was om hul land te verdedig nie, het hulle verdien om dit te verloor.
- Tentoonstellings en skoue is in die laat 19de eeu in Europese stede gehou om vooruitgang te vier en “nuwe” kennis te deel:
 - rassehiërargieë en groeperings vanaf “laagste” na “hoogste” op die evolusionêre skaal is by hierdie geleenthede verken
 - → het die idee gevestig dat Afrikane, Asiate en inheemse Amerikaners minderwaardig was teenoor Europeërs en wit Amerikaners.
 - Mense (bv. Saartjie Baartman) is uitgestal in karnavalle en het die fokuspunt geword van die wetenskaplike debat oor rasse-minderwaardigheid.

2 Wat was eugenetika?

- Darwin se neef, Francis Galton, het die woord “eugenetika” geskep = dit kom van die Griekse woord eugenes, wat “goed gebore” beteken.
 - = dis die wetenskap van die verbetering van die menslike “ras” deur die teling van die beste met die beste en om daardeur oorgeërfde menslike eienskappe te beheer.
- Galton het geglo dat ’n verligte samelewing “swakkeres” moet uitroei sodat die menslike ras nie verswak nie.
 - → die doel was om te verseker dat slegs die “sterkstes” aangemoedig moes word om kinders te hê sodat die menslike “stapel” kon verbeter.
 - dit het ’n wetenskaplike raamwerk verskaf vir konsepte oor ras.
- daar is geglo dat daar ’n genetiese onderskeid tussen rasse en individue is.
- In die VSA het ryk sakelui soos die Carnegies en Kelloggs die navorsing gefinansier.
- Charles Davenport het ’n eugenetika-argief gevestig en beweer dat verskillende “rasse” genetiese eienskappe geërf het. Hy het verskillende groepe immigrante bestudeer en het in 1911 sy bevindings in ’n boek gepubliseer.

Positiewe eugenetika	Negatiewe eugenetika
• In sommige state in die VSA is “superieure” egpare aangemoedig om meer kinders te hê • Landwyse “Gesikhte gesin-” en “Beter babas”-kompetisies is gehou • Baie gesinsbeplanningsklinieke is geopen vanweë hierdie idees	• Die idee dat talle maatskaplike probleme uitgeskakel sou word indien die voortplanting van “geneties ongewenste” individue voorkom kon word • In openbare beleid het dit gelei tot gedwonge sterilisasie: 30 staatsregerings in die VSA het sterilisasiewette goedgekeur en sowat 65 000 mense is nie-vrywillig gesteriliseer

3 Wat is die moderne begrip oor ras?

Argeologie, paleontologie en genetiese navorsing bewys dat ons almal lede van ’n enkele menslike “ras” is. Die fossielrekord en genetiese toetse onderskryf die idee van evolusie.

- Die menslike genoomprojek (HGP = 2008) is daarop gemik om die gene van mense te orden en in te deel. Dit het in 2003 bewys:
 - dat die idee van “ras” vals is
 - dat mense 99,9% dieselfde is
 - → die idee van “ras” het geen wetenskaplike grondslag nie
 - dit dui daarop dat die mens in Afrika ontstaan het en dat ’n klein groepie mense van Afrika-oorsprong dié vasteland verlaat het en die res van die wêreld bevolk het.

4 Praktike van ras en eugenetika

4.1 VSA

- Eugenetika het wette en openbare beleid in die VSA in die vroeë 1900's beïnvloed, bv.
 - staatswette wat huwelike verbied het as een huweliksmaat 'n alkoholis was, of swaksinnig, of psigiatries versteur, of siektes soos TB of sifilis gehad het.
- Eugenetici het aanbeveel dat begrotings nie “vervors” moes word op diegene wat “swaksinnig” verklaar is nie of wat te “swak” was om te oorleef nie..
 - → IK-toets is ontwikkel om intelligensie te bepaal om “swaksinniges” te identifiseer. Toetsing was ten gunste van “wit”, Westerse kultuur.
- Immigrasiewette het Noord-Europeërs bevoordeel:
 - → het mense afgekeur uit “biologies minderwaardige” lande.
 - Optrede teenoor inheemse Amerikaners in die vroeë 1900's → geregverdig:
 - = die “stryd om voortbestaan”.

4.2 Australië

Siektes en koloniseringsbeleid wat in die laat 1800's begin het, het sowat 'n miljoen inheemse Australiërs uitgewis.

- Eugenetika het die koloniale praktyke van assimilering, uitwissing en die “uitteel” van inheemse bloed (genetika) beïnvloed.
- Europese immigrasie is aangemoedig om wit bevolkingsgetalle te verhoog.

4.3 Duitsland en die Derde Ryk

Uiterste nasionaliste het 'n nasie as 'n enkele ras met dieselfde taal, fisiese en geestelike eienskappe en kultuur beskou. Baie het geglo dat hierdie eienskappe geneties oordraagbaar en dus rasgegrond was:

- Rasse moes dus apart en suiwer gehou word
 - Swakker rasse en individue moes “vernietig” word
 - = voorbeeld van hoe eugenetika die ontstaan van fascisme en nasionalisme aangehelp het.

4.4 Suid-Afrika

Ná die Eerste Wêreldoorlog is maatskaplike en openbare beleid deur eugenetika beïnvloed:

- Baie het geglo dat kulturele verskille tussen wit en swart mense in Suid-Afrika 'n gevolg van fisiologiese verskille in die brein kon wees.
- Wit rasse-superioriteit, rasse-segregasie en anti-vermenging is dus deur Suid-Afrikaanse eugenetici voorgestaan.
 - Die Groot Depressie en die daaropvolgende ekonomiese mededinging (vir werk) tussen wit en swart mense
 - = aanmoediging van eugenetiese idees → onderdruk swart mense en voorsien werk aan wit mense

- SA Nasionale Moederskap- en Gesinswelsyn het in die vroeë 1930's 'n stelsel van geboortebeperking begin wat gemik was op die volhoubaarheid van wit oorheersing
- in die 1960's is wit vroue aangemoedig om 'n baba te hê ter viering van Republiekwording
- daar was ook 'n voorkeur-immigrasiebeleid vir wit mense.
- 'n Gesinsbeplanningprogram is in 1974 van stapel gestuur om gratis voorbehoedmiddels onder swart Suid-Afrikaners te versprei.
- Baie swart vroue is gedreig dat hulle hul werk sou verloor as hulle swanger sou raak
- sommige is sonder hul toestemming of medewete deur dokters gesteriliseer en daar het ook sterilisasies van kranksinniges plaasgevind.

4.5 Namibië (vroeër Suidwes-Afrika en Duitswes-Afrika)


In 1904 het die Duitse owerhede 'n veldtog gevoer om die Herero's in Duitswes-Afrika uit te wis = volksmoord. Die Duitse generaal Von Trotha het dit 'n "rasse-oorlog" genoem.

- Dr. Eugen Fischer van Duitsland het navorsing gedoen op die Nama en die Herero's wat in die konsentrasiekampe en die werkerskampe was.
- = het kinders bestudeer wat bekend gestaan het as "Rehoboth-basters" – kinders met Duitse of Boerevaders en Rehoboth-moeders.
- Sy mediese eksperimente het daarop gedui dat die kinders fisies en geestelik minderwaardig teenoor hul Duitse pa's was. Daarvolgens is gemengde huwelike in Duitswes-Afrika verbied.
- Sy "navorsing", uiteengesit in *The Principles of Human Heredity and Race Hygiene*, het die rassebeleid van die Nazi-party in die Derde Ryk beïnvloed.

Australië en die inheemse Australiërs

Kernvraag: Wat was die gevolge vir die inheemse Australiërs toe pseudo-wetenskaplike idees oor ras in die 19de en 20ste eeu 'n integrale deel van staatsbeleid en wetgewing geword het?

1 Inleiding



Die agteruitgang van koloniale verhoudinge in Australië as gevolg van onteining en onderdrukking:



Verdere ontwikkelinge:

- Die vasteland is stelselmatig deur die Britte gekoloniseer en nuwe kolonies is gevestig:
 - Van Diemensland 1803, Wes-Australië in 1827, Suid-Australië in 1936, Victoria in 1851, Queensland in 1859 en die Noordelike Gebiede in 1912.
- In 1901 is die Gemenebes van Australië gestig, met 'n federale regering.
- Australië-dag word gevier op 26 Januarie.
 - Inheemse Australiërs beskou dit as 'n dag van roubeklag en protes.
 - Pogings deur inheemse Australiërs om mediadekking van hul geskiedenis te kry is tot 1967 geïgnoreer, waarna dit begin verander het.

Teen 1888 was daar net 80 000 van die oorspronklike 1 miljoen inheemse Australiërs oor.

2 Teorieë oor ras in Australië in die vroeë 20ste eeu?

- Setlaars het die inheemse Australiërs as minderwaardig en skaars menslik beskou. Hul manier van lewe is as "primitief" en "onbeskaafd" gesien en kolonialiste was oortuig daarvan dat hul kultuur sou uitsterf.
 - Hierdie siening het die koloniale verowering gelegitimiseer. Sosiale antropoloë wat navorsing oor die inheemse Australiërs gedoen het, het hierdie idee versterk:
 - → het "wetenskaplike bewyse" gegee oor die "primitiefste" samelewing, die laagste vlak van verwantskap en die "primitiefste" vorm van godsdiens.
 - hierdie teorieë van Australiese eugenetici gevoed sonder begrip van die komplekse sosiale strukture en geloofstelsels van die inheemse Australiërs.

Eugenetiese bewegings is in baie state gestig, bv. Nieu-Suid-Wallis en Victoria. In 1960 het die Racial Hygiene Association in Sydney die gesinsbeplanningsvereniging geword.

- Die bekendste van die eugenetici was anatomie-professor Richard Berry, wat geglo het dat inheemse Australiërs die primitiefste vorm van die mens is.
 - Hy het mense se koppe gemeet om sy teorie te bewys dat wit, opgevoede mense die slimste was, terwyl die armes, misdadigers en die inheemse Australiërs die onnoselste was.
 - Hy het 'n “doodskamer” voorgestel waar genadedood toegepas kon word op mense met ernstige geestelike tekortkomings.

Idees oor “rasseselfmoord” en “rasseverval” was daarop gemik om die wit bevolking vinniger uit te brei, veral in die noorde, waar daar 'n instroming uit die Asiatiese lande was.

- In 1901 is die Wet op Immigrasiebepanking of die Wit Australië-beleid deurgevoer. Die klem was op wit rasse-eenheid en suiwerheid.
- Immigrasie uit die Verenigde Koninkryk is in 1922 aangemoedig om Europese getalle te laat groei en duisende kinders is na Australië gestuur om die land “wit” te hou.
- 1912: wit ma's £5 aangebied vir elke kind wat hulle kry om sodoende die grootte van ryk middelklas-gesinne te vergroot = in reaksie op die “rasseselfmoord”-debat.
 - → daar is gedink dat die middelklas sou uitsterf omdat hulle nie soveel kinders soos die armer, “minder gewenstes” gekry het nie.
- Die afname in die getal middelklas wit mense sou lei tot “rasseverval”.
 - Daar is gevoel dat “rassegif” (bv. TB, seksueel oordraagbare infeksies, prostitusie, alkoholisme en misdadigheid) die goeie wit “teelmateriaal” sou vernietig (middelklas).
 - Hulle het 'n plan bepleit vir die hantering van “rasbesmette ongewenstes en verarmdes” om die middelklas “suiwer” te hou.

3 Wat was Australië se immigrasiebeleid?

Die Wit Australië-beleid van 1901 het rassediskriminasie in die skryn geplaas in 'n poging om 'n verenigde wit Australië te vestig. Dit was geskoei op diskriminasie en wit meerderwaardigheid.

- Tussen 1920 en 1967 is duisende Britse kinders tussen die ouderdomme van 3 en 14 na Australië en Kanada gestuur om die wit bevolking aan te vul.
 - Die kinders het uit arm agtergronde gekom en was meestal in maatskaplike of liefdadigheidsorg.
 - Baie van die kinders is van hul gesinne afgesny en vertel dat hulle weeskinders is.
 - In Australië het hulle dikwels in kinderhuise gebly, of is as goedkoop arbeid op plase gebruik. Hulle is soms fisies en seksueel misbruik.
 - Die kinders wat onder die stelsel gemigreer het, het bekend geword as die “gesteelde generasie”.
 - Die Katolieke Kerk het probeer om tehuise te vestig vir die migrantekinders.
 - In 1987 het die Child Migrant Trust onder leiding van Margaret Humphreys begin om die misbruik van die migrantekinders te publiseer.

4 Wie was die “gesteelde generasie”?

Kinders van gemengde ras is as minderwaardig gesien of as ’n klein bietjie beter as inheemse Australiërs. MAAR aan die begin van die 20ste eeu is hierdie “halfbloed-kindere” as ’n gevaar vir die voortbestaan van die wit ras in Australië gesien.

- In 1913 het W. Baldwin Spencer 13 voorstelle uiteengesit oor hoe om die “halfbloed-bevolkings” in en rondom die stede, mynboubehuisings en ander plekke van kontak tussen rasse, te bestuur. Dit het behels:
 - aparte leefareas in sekere dorpe, beperkings op die indiensneming van inheemse mense deur wit Australiërs, die verwydering van inheemse Australiërs na ’n kampong, die konstruksie van ’n huis vir “halfbloede” in ’n sekere gebied, ’n verbod op kontak tussen mense van verskillende rasse en toestemming aan “beskermers” en die polisie om “halfbloed-kindere” van hul gesinne te verwyder en in plekke van toesig te plaas.
- Teen die 1930’s het die “halfbloed-kindere” drasties toegeneem. Dr. Cecil Cook en A.O. Neville het geglo dat die “wit ras” besig was om uit te sterf. Hulle was verantwoordelik vir die “assimilasie-programme” om “swartheid uit te teel”.
 - Ongeveer 100 000 kindere van gemengde ras is tussen 1910 tot 1970 van hul ouers weggeneem om hul “inheemse bloed” uit te teel.
 - Cook het vroue met ’n ligter velkleur oorreed om met wit mans te trou om sodoende hul “kleur weg te teel”.
 - 1951: nuwe minister vir gebiede, Paul Hasluck → assimilering = die nuwe beleid waaronder Australië die inheemse mense sou regeer + gemotiveer op grond van die welsyn van die individuele kind. Polisiebeamptes en staatsamptenare het dikwels kindere, en soms babas, met geweld van hul snikkende ma’s afgeneem en hulle dan as weeskindere laat grootword. Baie van dié kindere het slagoffers van seksuele misbruik geword of is verwaarloos en wreed behandel.
 - Terme is gebruik om te beskryf hoeveel “wit” bloed hulle gehad het, bv. kwadron of oktroon.
 - Hierdie beleid van verwydering is eers in 1971 beëindig.
 - Hierdie kindere staan vandag bekend as die gesteelde generasie,

4.1 Verskonings aan die gesteelde en verlore generasies

Daar is tot en met 1997 nooit openlik gepraat oor die verwydering van die kindere nie.

- ’n Amptelike ondersoek het bevind dat daar konsekwente patrone van mishandeling, uitbuiting in die arbeidsmag en maatskaplike ontwrigting was wat gelei het tot alkoholisme, geweld en vroeë dood.
 - In 2008 het die Australiese premier, Kevin Rudd, in die parlement alle inheemse mense om verskoning gevra vir die wette en beleidsrigtings wat al die hartseer, lyding en verlies veroorsaak het. Hy het veral verwys na die “gesteelde generasie” wat uit hul gesinne verwyder is.
 - ’n Jaar later het Rudd om verskoning gevra die “verlore generasie” wat tussen 1930 en 1970 in kinderhuise en ander instansies aangehou is.

Nazi-Duitsland en die Jodeslagting (Holocaust)

Kernvraag: Wat was die gevolge in Nazi-Duitsland toe pseudo-wetenskaplike idees oor ras in die 19de en 20ste eeu 'n integrale deel van staatsbeleid en wetgewing geword het?

1 Hoe het Hitler sy mag in Duitsland vanaf 1933 tot 1934 gekonsolideer?

Die ekonomiese ellende wat die Groot Depressie veroorsaak het, het in Duitsland steun gewerf vir ekstremistiese politieke partye soos die linkse kommuniste en die regse NSDAP (Nationalsozialistische Deutsche Arbeiterpartei = Nasionale Sosialistiese Duitse Werkersparty of Nazi's).


- President von Hindenburg het Hitler in 1933 as kanselier aangestel. As regeringshoof kon hy sy posisie gebruik om Nazi-beheer te konsolideer.
 - Die polisie was onder Nazi-beheer → hulle het alle opposisie-vergaderings uiteen laat gaan en openbare vergaderings is verbied.
 - Ná die brand in die Ryksdaggebou, het Hitler vir Von Hindenburg oortuig om 'n nooddecreet uit te vaardig wat al die artikels in die grondwet wat persoonlike vryheid verseker, op te skort.
 - Politieke teenstanders is in hegtenis geneem en na konsentrasiekampe gestuur.
 - Met die verkiesings het die Nazi's nog nie 'n volstreekte meerderheid gehad nie, ondanks die intimidasie en propaganda. Dus het Hitler:
 - die kommuniste uit die Ryksdag verban.
 - die ondersteuning van die Sentrumparty gekry
 - die Ryksdag oorreed om die magtigingswet deur te voer wat hom sou toelaat om wette deur decreet te maak
 - die regering gesentraliseer deur die magte van die staatsregering weg te neem
 - die vakbonde vernietig
 - die kommunistiese en die Sosiaal-Demokratiese Party.
 - MAAR vroeg in 1934 het Hitler teenstand gekry van die linkse lede van sy party = die SA Stormtroepe, gelei deur Ernst Röhm. Hulle het meer klem geplaas op die sosialistiese dele van die Nazi-program en wou 'n sosialistiese staat hê.
 - MAAR die Duitse weermagbevel het Röhm en die SA gehaat.
 - → Op 30 Junie 1934, bekend as die Nag van die Lang Messe, het Hitler se SS (Schutzstaffel) die SA as militêre mag uitgeskakel = 400 SA-lede is vermoor.
 - Röhm en die belangrikste SA-leiers is geskiet.
 - → SS = die nuwe elite instelling en die weermag was onder Nazi-beheer.



Toe Von Hindenburg in 1934 sterf, het Hitler die posisies van kanselier en president saamgesmelt → word “Führer”.

- Algehele lojaliteit is vereis van alle Duitsers.
- Duitsland = polisiestaat.
 - SS onder beheer van Heinrich Himmler = genadeloos en brutaal.
 - het die konsentrasie- en doodskampe.
 - Himmler was ook in beheer van die Gestapo.
 - Die meeste mense het gevoel dat opposisie futiel sou wees.


2 Hoe het die Nazi's hul rasse-ideologie ontwikkel?



Die Nazi's onder Hitler het begin met die radikale hervorming van die Duitse samelewing om in te pas by die idee van 'n meesterras → daarop gemik om 'n ras-homogene Ariese nasionale gemeenskap in Duitsland te vestig.

- Een van die maniere waarop hy dit gedoen het, was om enigiemand wat nie 'n Duitser was nie, as “die ander” te definieer.

2.1 Die Duitse nasie is gedefinieer in verhouding tot die “ander”



Toepassing van rasse- en eugenetika-wette en beleid = suiweringsmetodes van “nasie”.

2.1.1 Positiewe eugenetika

Hitler het Duitsers aangespoor om ’n suiwer Ariese ras te teel.

- Vroue is as sentraal beskou tot die program om ’n suiwer nasie te skep.
 - Teelprogramme tussen “Ariese” vroue en geneties geskikte “Ariese” mans (bv. dié van die SS) is aangemoedig.
- Himmler het die Lebensborn-program in September 1926 van stapel gestuur:
 - → SS-paartjies wat “rasgewys, biologies en oorerflik waardevolle gesinne” was, kon gepaste “Ariese” kinders aanneem.

2.1.2 Negatiewe eugenetika

Programme en wette is geïmplementeer om “besoedelende” elemente in die Duitse samelewing uit te skakel.


- Steriliseringsprogramme:
 - Die steriliseringswette is in 1933 goedgekeur → het Nazi’s toegelaat om mense te steriliseer wat aan oorerflikke of oorgeërfde siektes gely het (bv. swaksinnigheid, skisofrenie, alkoholisme, of selfs hawelose mense).
 - = 300 000 tot 400 000 mense is gesteriliseer. Tieners van gemengde Duitse en Afrika-ouerskap is ook gesteriliseer.

- Departement van Gene en Rassesorg is in 1933 geskep. Genetiese gesondheidshowe het die wet toegepas.
- Konsentrasiekampe:
 - Teen 1936 is haweloses, bedelaars, alkoholiste, prostitute, homoseksuele en jeugmisdadigers na konsentrasiekampe gestuur.
 - Sowat 11 000 mense = na kampe gestuur in 1938.
- Die genadedoodprogram:
 - In Oktober 1939 het Hitler 'n bevel onderteken wat toestemming gegee het vir die doodmaak van “ongeneeslike” gestremde pasiënte in instellings. Dit het bekend gestaan as Operasie T4.
 - Die doodmaak van pasiënte is in die geheim uitgevoer om reaksie van die Katolieke Kerk te vermy. Spesiale komitees van dokters het besluit wie doodgemaak moes word:
 - aanvanklik → dodelike inspuiting
 - later het hulle koolstofmonoksiedgas gebruik.
 - Nazi-rekords = 70 273 gedood deur gas by ses genadedoodsentrums.
 - Die genadedoodprogram was die toetsterrein vir die latere Jodeslagting.

3 Watter groepe was die teikens van die Nazi's?

3.1 Jode

Beleid en wette in Duitsland = anti-Semitisme. Hitler het die Jode beskou as 'n aparte ras wat nie deur God geskape is nie. Jode = onmenslik en boos.



3.2 Sinti and Roma

- Sigeuners in Duitsland = geteiken vir = uitwissing soos die Jode.
 - Baie is aanvanklik gedeporteer as ongewenste vreemdelinge.
 - Steriliseringswette is ook teen hulle gebruik.
 - 'n Nuwe wet (Veg teen die Sigeunerbedreiging) het alle sigeuners verplig om by die polisie te registreer.
 - Hulle is gedeporteer na ghetto's en konsentrasiekampe.
 - Duisende sigeunervroue en -kinders = gedood in besette Europa.
 - Aparte "sigeunergesinskamp" = by Auschwitz-Birkenau. Meeste het daar gesterf aan siektes, wanvoeding, uitputting van die harde werk of vergassing en die eksperimente wat dr. Josef Mengele op die kinders uitgevoer het.
- Die Hongaarse joernalis Alex Bandy het dit die "vergete holocaust" genoem.

3.3 Watter ander groepe het die Nazi's geteiken?

Politieke teenstanders	Godsdienstige komponente	Dié wat aangekla is van "asosiale" of "sosiaal afwykende" gedrag
● Kommuniste ● Sosiaal-Demokrate ● Vakbondleiers	● Jehova-getuies ● Andersdenkende priesters (bv. Bonhoeffer, Niemöller en Scheider)	● misdadigers ● homoseksuele

4 Keuses wat mense gemaak het

Hierdie tydperk in die geskiedenis het klem gelê op die keuses wat mense gemaak het in reaksie op die Nazi's se beleid en programme..


- Mense = oortreders, omstanders, opstandelinge of bevryders.

- Meeste mense ook = slagoffers, bv.
 - Miljoene Jode = verplaas, gemartel of vermoor
 - Baie Duitsers = slagoffers van Nazi-propaganda → hulle is "ontmens"

4.1 Oortreders

- Sommige was treindrywers, sekretaresses en burokrate, terwyl ander fisies aan die uitwissing deelgeneem het.
- Sommige was in die Einsatzgruppen (uitwissingspeloton)
 - ander in beheer van die konsentrasiekampe.
- Oortreders is negatief beïnvloed deur hul gewelddadige aksies

4.2 Omstanders



4.3 Opstandelinge

Omstanders wat opstandelinge geword het, het gereageer uit hul eie oortuigings en pligsbesef om ander mense te red.

4.4 Bevryders

In elke volksmoord is daar individue wat in opstand kom teen die onderdrukkers of mense red:

- → hulle het gevoel dat hulle moet standpunt inneem teen boosheid.
 - Hulle was dapper en heldhaftig; baie het opgetree vanweë hul geloofsoortuigings.
 - Baie mense het Jode weggesteek of gehelp om hulle uit die besette gebiede te smokkel, bv. Le Chambon in Frankryk.

Joodse Veg-organisasie

Sommige slagoffers het opstandelinge geword, bv. Jode wat aan die Joodse Veg-organisasie behoort het, het in opstand gekom teen die Nazi's in die Warskou-ghetto in April 1943

- → is genadeloos onderdruk deur die Nazi's.

5 Reaksie van die vervolgd: ballingskap, akkommodasie, uittarting



6 Die finale oplossing: Arbeidskampe en massamoord

Die Holocaust het binne die konteks van die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind. Hitler het sy “finale oplossing” onder die dekmantel van die oorlog uitgevoer.

- 1 Die Einsatzgruppen het die leër gevolg soos hulle die gebiede ingeneem het.
 - dié wat hulle verset het teen die Duitsers, is in hegtenis geneem of doodgemaak.
- Die Nazi's het gedwonge verskuiwings uitgevoer en mense wat as “sub-menslik” gesien is, is in massa-teregstellings doodgemaak.
 - Duisende Pole is na konsentrasiekampe gestuur
 - Jode is gedwing om in oorbevolkte ghetto's te bly → tienduiseende het gesterf weens hongersnood, siekte of “toevallige” moorde.

6.1 Skep van arbeids- en uitwissingskampe

In 1941 het Duitsland Rusland binnegeval. Die Einsatzgruppen het agterna gekom.

- Duisende Jode = bymekaar gemaak en vermoor.
- By Chelmno is 700 Jode in goederewaens vergas.
- = dit het Hitler se idee van 'n “finale oplossing vir die Joodse vraagstuk” versterk = vergas die Jode en wis hulle uit.
- Doodskampe onder beheer van die SS is hiervoor opgestel.
 - Uitwissingsterreine is gekies weens hul nabyheid aan spoorlyne = doeltreffende vervoer (bv. Auschwitz, Chelmno, Majdanek en Treblinka)
 - Massa-deportasie van Jode uit die ghetto's het in 1942 begin.
 - Baie slagoffers het onderweg gesterf van die hitte, voedseltekort en onhigiëniese omstandighede.
 - Gaskamers is ontwerp en opgerig vir die massa-vergassing van Jode met Zyklon-B.
 - Lyke is verbrand. As en bene is as kunsmis gebruik.
- Sowat ses miljoen Jode is tydens die Holocaust vermoor.

6.2 Januarie 1945 – bevryding van Auschwitz

Teen die einde van 1944 was dit duidelik dat Duitsland die oorlog sou verloor. Soos hulle teruggeval het, het die Duitsers baie van die gevangenes gedwing om saam met hulle te loop. Die swakkeres is geskiet of gelos om self dood te gaan.

- Russiese troepe wat vanaf die Ooste aangeval het = eerste om die omvang van die gruweldade te aanskou.
 - In Januarie 1945 het die Russe Auschwitz-Birkenau bevry.
 - Britse magte het Bergen Belsen bevry.

Sommige senior Nazi-leiers is nie verhoor nie omdat hulle selfmoord gepleeg het, bv. Hitler en Goebbels. Adolf Eichmann het dit reggekry om te verdwyn in die chaos toe die oorlog geëindig het.

7 Vorms van geregtigheid: Die Neurenberg-verhore

Die Geallieerde magte het besluit om die vernaamste oortreders te verhoor. Die Internasionale Militêre Tribunaal is in Neurenberg in Duitsland tot stand gebring.

- Altesame 22 Nazi-leiers is vervolgt weens misdade teen die mensdom en ander oorlogsmisdade.
 - Die Nazi's se eie rekords is as getuienis gebruik.
 - Die beskuldigdes het nie ontken dat hulle die daad gepleeg het nie, maar het ontken dat dit misdade teen die mensdom was.
 - Sommige het aangevoer dat hulle bloot opdragte uitgevoer het.
- Altesame 13 afsonderlike verhore is tussen 1945 en 1950 in Neurenberg gehou, en 12 verweerders is ter dood veroordeel. Altesame 199 Nazi's is verhoor.
 - Hierdie tipe vergelding = vergeldende geregtigheid. Dit beteken dat die Nazi-oortreders gestraf is vir dit wat hulle gedoen het.

7.1 Tekortkomings van die proses

- Duisende kleiner oortreders is nie tot verantwoording geroep vir hul optrede nie → kon dus aandadigheid aan wat gebeur het, ontken.
- Die seëvierende lande het die verhore gehou. Duitsland en die Duitse volk het self nie verantwoording gedoen vir wat hulle gedoen het nie.
 - → Vir baie jare = kultuur van stilte → kan gesien word as 'n vorm van ontkenning.

7.2 Positiewe uitkoms van die verhore

- Het gelei tot nuwe maniere om erge menseregteskendings te hanteer.
 - meganismes soos “herstellende geregtigheid” en “waarheids-en-versoeningskommissies”.
 - Twee sulke kommissies =
 - Liberiese Waarheids-en-versoeningskommissie
 - die Waarheids-en-versoeningskommissie van Suid-Afrika.

Opsomming en vrae

Opsomming van Onderwerp 3

Eenheid 1 Teorieë en praktyke van ras

- Wetenskaplikes in die 19de eeu (bv. Samuel Morton) het drie aannames oor ras gemaak:
 - “rasse” is aparte biologiese entiteite, met elke ras wat uniek is
 - daar is ’n sterk verband tussen biologiese rasse en ander menslike eienskappe, soos morele karakter en intelligensie
 - ras is dus ’n ware wetenskaplike kategorie wat gebruik kan word om individuele en groepsgedrag te verduidelik en te voorspel.
- Spencer het sosiale Darwinisme geformuleer, wat later die basis van Hitler se planne vir ’n meesterras gevorm het.
 - Hierdie denkwys was deel van die eugenetika-beweging, wat ten doel gehad het om beter mense te “teel” deur die negatiewe eienskappe “uit te teel”.
- Die menslike genoomprojek het bewys dat die idees oor verskillende “rasse” nie wetenskaplik korrek is nie:
 - alle mense behoort aan dieselfde “ras”: die menslike ras.

Gevallestudie 1: Australië en die inheemse Australiërs

- Nadat Brittanje Australië in die 18de eeu gekoloniseer het, is die eerste 140 jaar van Australië se geskiedenis gekenmerk deur konflik en onteiening. In die vroeë 20ste eeu het Australië op eugenetika vertrou om hul eie rasteorieë te ontwikkel en ’n plan ontwikkel om die inheemse mense deur assimilering “weg te teel”. Dit het die “gesteelde generasie” veroorsaak.
 - Om dit te bereik, is organisasies soos die New South Wales Racial Improvement Society en die Eugenics Society of Victoria gestig.
- Wit Australiërs was bang om uitgewis te raak as ’n volk, wat gelei het tot rassistiese immigrasiewette (om mense van ander “rasse” uit Australië te hou) en die invoer van wit kinders uit Engeland.

Gevallestudie 2: Nazi-Duitsland en die Jodeslagting (Holocaust)

- In sy strewe om ’n meesterras te ontwikkel, het Hitler wette, beleidsrigtings en programme ontwikkel om alle opposisie teen sy planne en al die groepe wat sy meesterras sou besoedel te vernietig.
 - Hy het deur politieke geslepenheid en intimidasie-taktiek (bv. die Nag van die Lang Messe op 30 Junie 1934) aan bewind gekom en die poste van kanselier en president saamgesmelt sodat hy in 1934 Führer kon word.
 - Hy het, op grond van die werk van eugenetika in die VSA en Duitse antropoloë, navorsing in die Duitse kolonies laat doen om sy planne vir ’n Herrenvolk of meesterras te ontwikkel.

Opsomming en vrae

- Hy het propaganda gebruik om diegene wat hy beskou het as 'n bedreiging vir sy meesters eenkant te gooi as die “ander”. Hy het dit moontlik gemaak om wette te verorden, asook programme in te stel, wat sou lei tot die massamoord op die Jode en ander wat as opposisie of “onsuiwer” gesien is.
 - Dit het gelei tot die “finale oplossing” (massamoord van die Jode).
- Mense het in hierdie tye besluite geneem wat hulle gedefinieer het in een van vier katagorieë: oortreders, omstanders, opstandelinge en bevryders.
- Die vernaamste oortreders (behalwe sommige soos Hitler, wat selfmoord gepleeg het) is tydens die Neurenberg-verhore verhoor.

Opsomming en vrae

Vrae vir Onderwerp 3

- 1 Skryf die antwoorde op die volgende vrae neer:
 - 1.1 Wat is die Nazi-simbool genoem?
 - 1.2 Wie is deur die Nazi's geblameer vir die Ryksdag-brand?
 - 1.3 Watter Duitse politieke peloton het die moorde uitgevoer op die leiers van die SA tydens die Nag van die Lang Messe?
 - 1.4 Watter gebeurtenis staan bekend as "Die Nag van Gebreekte Glas"?
 - 1.5 Die Duitse gesegde 'Arbeit Macht Frei' beteken "_____ sal jou vry maak".
 - 1.6 Die woord Holocaust word afgelei van die Griekse woorde hólos wat "geheel" beteken en kaustós wat "_____" beteken.
 - 1.7 In watter ghetto was die beroemde opstand in 1944?
 - 1.8 Watter mense is gesien as die superieure ras in Nazi-Duitsland?
 - 1.9 Watter simbool moes die Jode as identifikasie dra?
 - 1.10 Wat was die naam van die geheime polisie?
- 2 Interpretasie
 - 2.1 Net soos 'n duif op Jesus neergedaal het toe Johannes die Doper hom gedoop het, hang 'n arend in die "hemelse lig" bokant 'n geïdealiseerde Hitler, met die teks: "Lank lewe Duitsland!"
 - 2.1.1 Watter simbool word herhaaldelik in die prent gebruik?
 - 2.1.2 Wat is die relevansie van Hitler se gebalde vuist?
 - 2.1.3 Wat word in die agtergrond uitgebeeld?
 - 2.1.4 Hoekom het die kunstenaar dié lettertipe en raam gekies?
 - 2.1.5 Hoekom is die duif deur 'n arend vervang? Verwys na die versteekte verwysing na Jesus se doop.



(Met erkenning aan dr. Robert D. Brooks)

Opsomming en vrae

- 2.2 Hierdie pamflet is uitgereik nadat wetgewing Jode in Duitsland verplig het om te alle tye 'n geel ster te dra. Die opskrif lui: "Hy wat hierdie simbool dra, is 'n vyand van ons nasie."
- 2.2.1 Hoekom is die Jode gedwing om 'n sigbare geel ster te dra?
- 2.2.2 Hoekom was hierdie maatreël spesifiek diskriminerend teenoor die Jode?
- 2.2.3 Op watter manier versterk die woorde en die boodskap op die pamflet nasionalistiese en rasse-ideologie?




- 3 'n illustrasie op die volgende bladsay van *Der Stürmer*, 'n anti-Semitiese tydskrif (Maart 1929), getiteld 'Vaterland!' In die boonste paneel word 'n Duitse gesin gedwing om te emigreer weens ekonomiese toestande. In die onderste paneel het al die winkels Joodse name.
- 3.1 Hoe het die kunstenaar die saak van anti-Semitisme en die idee van die meesters versterk?
- 3.2 Op wie was die advertensie gemik?
- 3.3 Lewer kommentaar op die titel van die illustrasie.

Opsomming en vrae



Opsomming en vrae

- 4 'n Illustrasie van *Der Stürmer* (November 1931) getiteld: 'Waar iets vrot is, is die Jood die oorsaak'. Die name in die agtergrond is dié van Jode wat betrokke was by groot finansiële skandale. Die appel word genoem "die Duitse ekonomie". Die wurm word genoem "Joodse skandale".




Verduideliking:

- 4.1 Wie word deur die mes verteenwoordig en wie verteenwoordig die wurm?
- 4.2 Watter gelaatstrekke (op die wurm) stel die Joodse mense in 'n negatiewe lig?
- 4.3 Wat is die relevansie van die mes wat die wurm sny?
- 4.4 Watter boodskap dra die prent oor?

Nasionalisme: Suid-Afrika, die Midde-Ooste en Afrika


Kernvraag vir Onderwerp 4: Wanneer is nasionalisme voordelig en wanneer is dit vernietigend?



Wat is nasionalisme?

Kernvraag: Wat is nasionalisme en hoe het dit ontstaan en versprei?

1 Wat is moderne nasionalisme?



2 Hoe het nasionalisme ontstaan?


Gemeenskappe was hoofsaaklik feodaal voordat nasionalisme begin ontwikkel het:

- Gewone mense = onderdane van ’n koning wat deur ’n goddelike plan regeer het. Kerke (d.i. invloedryke instellings) het die gesag van die bloedlyne (prinse, konings, hoofde) bevestig en versterk
 - hierdie idee is duisende jare volgehou.

Moderne idee van nasies/nasionalisme:

- Dit het begin ontwikkel in Wes-Europa gedurende die 1700’s en 1800’s
 - nuwe maatskaplike klasse het begin om die gesag van die ou feodale ryke/koninkryke uit te daag
 - filosowe (bv. Jean Jacques Rousseau) het die Franse mense bewus gemaak van gedagtes soos “die wil van die meerderheid”.
 - Doel: verkry “nasionale soewereiniteit” van die mense, eerder as die aanvaarding van die absolute heerskappy van die Franse konings
- = Franse Revolusie in 1789.

2.1 Die impak van die Franse Revolusie: 1789–1795




2.2 Die impak van Napoleon se heerskappy: 1795–1815



2.3 Die impak van die besluite wat by die Weense Konferensie in 1815 geneem is



'n Poging om terug te keer na die ou orde in Frankryk, het nasionalisme in Europa gestimuleer.



3 Hoe het nasionalisme versprei?

- 19de eeuse Europa = verskeie burgeroorloë
- Dui die begin van die ontwaking van Europese nasies aan
- = groot revolusies in 1830 & 1848
 - 1830-revolusies: vind plaas dwarsoor Europa:
 - Frankryk → Julie-revolusie = omverwerping van koning Karel X van Frankryk, skep van 'n grondwetlike monargie

- Verenigde Koninkryk van die Nederlande: Belgiese revolusie = Belgiese onafhanklikheid van Nederland in 1832
- Griekeland: die totstandkoming van 'n onafhanklike Griekeland ná dekade lange struwelinge teen die Ottomaanse Ryk
- Pole: die November-opstand teen die Russiese ryk wat, hoewel Rusland hulle vernietig het, Poolse nasionalisme help vooruitgaan het
- 1848-revolusies = 'n reeks politieke woelinge in Europa:
 - Het in Frankryk in Februarie begin
 - versprei na die meeste dele van Europa en dele van Suid-Amerika
 - meer as 50 lande is daardeur geraak.

Positiewe kyk → het gelei tot die ontstaan van nasie-state en het gehelp om Europa te vorm na aanleiding van nasionale idees

3.1 Die invloed van die 1830- en 1848-revolusies op die ontwikkeling van nasionalisme

In sommige lande het die konserwatiewe leiers op mag staatgemaak om in beheer te bly en burgeroorloë het uitgebreek omdat mense wou hê dat nasionale bewegings erken moes word.

- In Frankryk in 1830 → koning Karel X is omvergewerp en 'n grondwetlike monargie is gevestig.
- In Pole in 1830 → die Pole het in opstand teen die Russe gekom:
 - → hoewel die opstand onderdruk is, het Poolse nasionalisme gegroei.
- In 1848 → nasionalistiese revolusies het uitgebreek in Frankryk, die Duitse state, die Italiaanse state en Oostenryk:
 - → maar die houvas van die aristokrasie en die leer in hierdie lande was te sterk om ware hervorming te bewerkstellig.

Duitsland en Italië

- Zollverein (doeane-unie) in die noorde van Duitsland, het eenheid onder Pruisiese leierskap gestimuleer.
 - Bismarck, die Pruisiese nasionalis, het die leiding geneem en het, ná drie oorloë, die Duitsers in 'n “nuwe” nasionalistiese Duitse staat verenig:
 - dit het vir die eerste keer in die Europese geskiedenis 'n sterk mag in Sentraal-Europa geskep
 - was teen die einde van die eeu die sterkste mag in Duitsland: ywerige, hardwerkende mense + aansienlike steenkool- en ysterhulpbronne
 - nasionalisme het begin posvat in Europa
- Opstande in 8 Italiaanse state het Italiaanse nasionalisme teen buitelandse beheer aangevuur:
 - onder leiding van die nasionaliste, Cavour and Garibaldi, is Italië bevry en verenig onder 'n Italiaanse koning.

Teen 1900:

- Nuut-verenigde Duitse nasie + nuut-herenigde VSA (ná die burgeroorlog) het begin om Brittanje verby te steek as die wêreld se voorste industriële magte
- Industrialisering: voorsien die VSA + Europa van finansiële, organisatoriese, tegnologiese hulpbronne om hul mag uit te brei
 - → ook: kon invloed dwarsoor die wêreld uitbrei
 - + kon dus hul doelwitte makliker bereik:
 - soeke na nuwe markte vir produkte
 - soektog na goedkoop hulpbronne/rou materiaal vir nywerhede,
 - nuwe geleenthede vir kapitaalbeleggings,
 - nuwe landbougrond vir die produksie van voedsel vir groeiende bevolkings.

Nuwe Imperialisme

- nie-industriële samelewings kon nie die ekonomiese indringing, militêre oorheersing en politieke koloniserings voorkom nie
- Indië, Suidoos-Asië, grootste deel van Afrika onder Europese/Amerikaanse beheer teen 1900

Berlynse Konferensie 1884–85

- het die dominerende oor Afrika begin
- Europese koloniserings + handel in Afrika is hierdeur geregleer tydens die nuwe imperialistiese tydperk
- het saamgeval met Duitsland se skielike opkoms as imperiale mag
- aangevra deur Portugal, georganiseer deur Bismarck
- dit het 'n tydperk van verhoogde koloniale aktiwiteit deur Europese magte begin en die meeste vorme van Afrika-outonomie en -selfbestuur vernietig

Wedloop om Afrika

- gevolg van die Berlynse Konferensie: Algemene Wet van die Berlynse Konferensie – amptelike begin van die Wedloop om Afrika
- Koloniserings het die saadjie geplant vir nasionalisme in Afrika
- Gekoloniseerde lande het probeer om mense te verenig in 'n poging om onafhanklikheid terug te kry
- Middelklas was daartoe geneig om nasionalistiese bewegings te begin – hoewel hulle die mense was wat die meeste voordeel getrek het uit kolonialisme deur onderwys en ekonomiese geleenthede

4 die skakel tussen nasionalisme, die opkoms van die middelklas en die Industriële Revolusie

Politieke revolusies en industriële vooruitgang het gelei tot veranderinge in die samelewing. Industrialisering in Europa het nasionalisme versterk en ingebed in Europa teen 1900 en in Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu.

- Nuwe Imperialisme
 - Vanweë die Industriële Revolusie is nuwe produkte ontwikkel en uitgevoer na nuwe aankopers in nuwe markte.
 - Tweestryd en kompetisie het bygedra tot die konflik en spanning in Afrika onder die Europese koloniseerders.
 - In 1885 het Bismarck van Duitsland die Berlynse Kongres byeengeroep om geskille op te los en Afrika se politieke en koloniale grense is vasgelê.
 - nasie-state is in Afrika bekendgestel sonder konsultering met die Afrikane.
 - → koloniserings was gesetel in die ekonomiese welvaart van die Industriële Revolusie, wat die grondslag gelê het vir nasionalisme in Afrika
 - = gekoloniseerde lande het probeer om mense te verenig in 'n poging om onafhanklikheid terug te kry.
- Ekonomiese welvaart vanweë die Industriële Revolusie –
 - = 'n nuwe middelklas het ontstaan wat nasionalisme ondersteun het, asook die idees van eenheid, ontwikkeling en rykdom:
 - die middelklas het geleidelik 'n sê in die regerings gekry en ook in die beleidsrigtings
 - hulle het idees van 'n nasionale identiteit, eenheid en interafhanklikheid voorgestaan..
- In gekoloniseerde lande
 - middelklasleiers het die ontstaan van nasionalistiese bewegings teen konserwatiewe heerskappy aangeblaas
 - Die Tweede Wêreldoorlog het die opkoms van Afrika- en Asiatiese nasionalisme teen koloniale oorheersing gestimuleer.
 - → Die kolonies het begin om druk uit te oefen op die koloniseerders vir vryheid en dekoloniserings het begin.

5 Teorie van nasionalisme as 'n denkbeeldige samelewing

Hierdie idee is geskoei op 'n boek van Benedict Anderson: *Imagined Communities* (1983). Hy stel die teorie dat 'n nasie 'n maatskaplik gestruktureerde samelewing is wat meestal vertrou op persepsies en gevoelens.

- Lede wat 'n nasie vorm, word gebind deur 'n “idee in jou kop” of “gevoel van samehorigheid” eerder as 'n werklike een, bv.
 - → verklaar hulself as 'n verenigde mag gegrond op 'n trotse gesamentlike agtergrond en geskiedenis, taal, kultuur, gebruike, literatuur, ens.
- Hierdie gevoel van “behoort” en ander nasionalistiese idees is deur die uitvinding van die drukkuns deur Europa versprei.
- Sterk simbole is aangeneem om nasionale identiteit uit te druk.
- Patriotisme, militarisme en nasionalisme was 'n baie gevaarlike kombinasie wat dikwels vernietigend aangewend is om mag en grondgebied te vermeerder, maar ook gebruik is om die denkbeeldige samelewing te beskerm.

Suid-Afrika

Kernvraag: Hoe het Afrika-nasionalisme en Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika ontwikkel?

1 Agtergrond: konteks vir die ontstaan van Afrika-nasionalisme en Afrikanernasionalisme

Britse kolonies in SA	• geen Suid-Afrika voor 1910 • Brittanje het die Boererepublieke tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902) verslaan • vier afsonderlike kolonies: Natal, die Kaap-, Oranjerivier-, en Transvaalkolonies • → geregeer deur Brittanje • het die ondersteuning van die wit setlaars in die kolonies nodig gehad om in beheer te kon bly
Unie van Suid-Afrika	• 1908 → 33 wit afgevaardigdes onderhandel agter geslote deure oor onafhanklikheid en 'n Unie van Suid-Afrika • menings van 85% van die land se toekomstige burgers (swart mense) nie in ag geneem nie • Britse beleggings moes beskerm word en arbeidsvoorrade moes verseker kon word: was bereid om politieke/ ekonomiese mag aan die wit setlaars te oorhandig • Unie-grondwet van 1910 plaas die politieke mag in die hande van die wit landsburgers
Kaap-provinsie (ou Kaap-kolonie)	• klein aantal opgevoede swart en bruin burgers is toegelaat om 'n paar verteenwoordigers in die Unieparlement te kies • Slegs wit mense het stemreg gehad
Nuwe nasie	• “setlaarnasie” = geen ruimte vir swart mense met regte nie • wit burgers het hulself “Europeërs” genoem • alle simbole van die nuwe nasie = Europees, bv. • taal, godsdiens, geskiedenis op skool • Afrika-tale, -geskiedenis, -kultuur is gesien as minderwaardig

Rassisme in die nuwe nasie:

- Afrikane is gesien as lede van minderwaardige “stamme”
 - hulle kon hul tradisie beoefen in “inheemse” reservate
 - in setlaarnasie (wit) = is van hulle verwag om slegs as werkers op plase, myne, fabrieke wat deur wit mense besit is, te werk
 - swart mense is ontnem van hul politieke regte, kulturele erkenning en ekonomiese geleenthede




1910 → groot getalle swart Suid-Afrikaanse mans is gedwing om trekarbeiders op die myne, fabrieke en op die groeiende kommersiële plase te word.

- Die Wet op Naturelleground (1913) → het die situasie vererger:
 - die grond wat aan swart mense toegeken is, was grootliks onvrugbaar en nie geskik vir landbou nie.

Die Wet op Naturelleground, segregasiebeleid (insluitend in werk en ekonomie) en wêreldwye ekonomiese depressies (die Groot Depressie wat in die VSA begin het) het gedwonge verskuiwing van mense (swart en wit) in Suid-Afrika in die 1920's, 1930's, 1940's tot gevolg gehad:

- duisend arm wit + swart huurderboere is van die grond af gedwing na die stede toe
 - sommige = huiswerkers/werk in die industrieë
 - hulle het nie sulke sterk bande met die ou landelike en etniese identiteite gehad nie
 - → twee vorme van nasionalisme het in Suid-Afrika na vore gekom:



Die opkoms van Afrika-nasionalisme

Kernvraag: Hoe het die opkoms van Afrika-nasionalisme gelei tot demokrasie in Suid-Afrika?

1 Laat 19de en 29ste eeue

19de eeu:

- Westers-opgevoede swart, bruin en Indiër-middelklas ontstaan in die Kaap en Natal
 - meestal professionele mense (dokters, prokureurs, onderwysers, koerantredakteurs)
 - was trots op hul Afrika-, Moslem-, Indiese agtergrond
 - het die idee van 'n “kleurblind” Westerse beskawing aangehang wat tot voordeel van alle mense kon wees.

Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boereoorlog)

- Baie swart, bruin, Indiese mans + vroue het die Britse magte ondersteun
 - → gevolg: lyding, dood + vernietiging van hul eiendom
 - hulle het dus verwag dat die Britse regering die volgende na die oorlog sou herstel:
 - reg tot grond
 - opvoeding
 - geleentheid.



MAAR dit het nie gebeur nie:




Inteendeel:

- Jare voor die Unie:
 - swart leiers was geskok om te sien hoe die Britse regering
 - bereid was om alle mag in die Unie aan die wit mense te oorhandig
 - aanvaar dat swart burgers 'n onderdrukte en uitgebuite bevolkingsgroep bly
- So, leiers het organisasie gestig
 - = om te protesteer teen die rasse-ingesteldheid van die nuwe Unie en die raswette.

2 Afrika-organisasies wat gelei het tot die ontstaan van Afrika-nasionalisme

2.1 Die African People's Organisation



- Aan die begin: APO het hulle nie bemoei met die regte van swart Suid-Afrikaners nie MAAR besef → onderdrukte rassegroepe moes saamwerk as hulle iets wou bereik.
 - 'n Afvaardiging is in 1909 na Londen gestuur met die bedoeling om regte vir “gekleurdes” te kry. Dat die term “gekleurd” almal insluit wat “Britse onderdane in Suid-Afrika is en nie van Europese herkoms is nie” → misluk

2.2 Natalse Indiërkongres

Natalse Indiërkongres (NIC)

- = belangrike invloed in die ontwikkeling van nie-rassige Afrika-nasionalisme in Suid-Afrika.
- moontlik die eerste organisasie in SA wat die woord “kongres” gebruik het
- gestig in 1894 om Indiër-opposisie teen rassediskriminasie te mobiliseer
- stigter: MK Gandhi → later passiewe versetveldtogte (Satyagraha) teen koloniale heerskappy lei = 1947: Brittanje gedwing om Indië onafhanklik te verklaar
- NIC het baie protesoptogte georganiseer = baklei vir regte vir Indiërs
- 1908: honderde Indiërs het buite die Johannesburgse moskee vergader uit protes teen die wet wat Indiërs verplig het om 'n pas te dra
 - passiewe versetveldtogte van Gandhi + NIC het daartoe gelei dat Indiërs nie meer passe sou hoef dra nie
 - MAAR hulle het steeds nie volle burgerskap gehad nie
 - Die NIC het eers by die verenigde nasionale beweging vir regte vir alle burgers aangesluit teen die 1930's, 1940's.

2.3 Die South African Native National Congress tot 1920

In reaksie op die Unie van SA (1910) het jong Afrika-leiers (Pixley ka Isaka Seme, Richard Msimang, George Montsioa, Alfred Mangena) met die gevestigde leiers van die South African Native Convention gewerk → stig 'n nasionale organisasie:

- Doel: vorm 'n nasionale organisasie wat verskeie Afrika-groepe sou verenig
 - 8 Januarie 1912: die 1ste Afrika-nasionalistiese beweging in Bloemfontein gestig
 - = South African National Natives Congress (SANNC)
 - vergadering is bygewoon deur hoofmanne, onderwysers, skrywers, intellektuele en sakelui
 - meeste afgevaardigdes het sendingstasie-opvoeding ontvang
 - hulle het geglo aan die 19de-eeuse waardes van “verbetering” van Afrikane na 'n Europese “beskawing” en kultuur
 - 1924 → SANNC is hernoem tot die African National Congress (ANC)
 - = laat geld hul breër Afrika-identiteit.

destyds het die wit regering swart mense “naturelle” (natives) genoem

2.3.1 SANNC/ANC-taktiek

- Hulle het massamobilisering vermy, hoewel sommige leiers aktief betrokke was by werkerstakinge, paswet-protessoptogte in die vroeë 1920's:
 - het probeer om die wit regering te oortuig om hervorming toe te pas deur briewe te skryf, petisies op te stel, afgevaardigdes te stuur om met Britse + Suid-Afrikaanse politici te vergader
 - Mei 1912: SANNC publiseer hul eie koerant, Abantu Batho (The People) in vyf tale
 - 1914: 'n afvaardiging is na Brittanje georganiseer → om die Britse regering te versoek om druk op die Unieregering te plaas om die grondwet te onttrek
 - aktiwiteite = “die politiek van petisies”
- ANC tot die 1940's:
 - het nie daarna gestreef om massaverset te mobiliseer nie
 - deels weens swak organisering + tekort aan fondse
 - deels weens die middelklasleiers van die ANC
 - hulle het verkies om oortuiging, petisies en afvaardigings in plaas van mobilisering te gebruik
 - → dit was in teenstelling met organisasies soos die Industrial and Commercial Workers Union (ICU)
 - die meeste landelike swart mense was nie aangetrokke tot dié soort nasionalisme nie.

Daar was egter gebeure wat bygedra het tot toenemende eenheid onder swart mense, bv.

- die Bambatha-opstand in 1906
- 1913: massaversetveldtogte in die Oranje-Vrystaat (vroue betoog teen dra van passe)
- in 1918 het Charlotte Maxeke en die Bantoe-vroueliga begin met 'n pasveldtog om die gebruik van passe vir swart vroue te beëindig
- onwettige besetting van regeringsgrond in 1921, wat gelei het tot die Bulhoek-menseslagting.

2.4 Industrial and Commercial Workers Union

Afrika-protiesbewegings het 'n groeiende Afrika-nasionalisme help bevorder:

- 1920's: grootste = Industrial and Commercial Workers Union (ICU) – gestig in 1919
- leier = Clements Kadalie, Malawiese werker
- het 'n suksesvolle staking van dokwerkers in die Kaap gelei
- was meestal aktief onder boere en trekwerkers
 - MAAR, net tydelik weg van hul plase = moeilik om te organiseer.

Protesoptrede	ICU se suksesse	ICU se mislukkinge
● ICU-aktiviste het protesvergaderings gehou ● het plaaslike aksies georganiseer = stakings, betogings oor griewe soos ● swak lone, uitsettings, polisiebrutaliteit + werkgewers	● hulle het aan mense op die platteland 'n stem gegee om die herwinning van hul grond te eis, bv. ● Durbanse stadsraad se praktyk om trekwerkers soos beeste te dip en te ontsmet ● takke regoor SA	● Die ICU kon nie die droom van “Moses” wat sy volk red van onderdrukking volbring nie ● Leiers is in hegtenis geneem, vergaderings + veldtogte is verbied, niks kon in die mynkampongs georganiseer word nie ● teen 1930 → feitlik verdwyn

2.4.1 Invloed van die werkerklas se struweling in die dorpe 1920–1940

Meeste ANC-leiers het min belangstelling getoon in die mobilisering van die groeiende getalle swart werkers in die stede



gevolg: Min Afrika-werkers het dus voor die 1940's belangstelling getoon in nasionalistiese bewegings

- maar: die weerstand van die gewone swart werkers het ander vorme aangeneem
 - versteekte weerstand van individuele werkers:
 - voorgee om siek te wees, dros van die werk af, diefstal of die breek van toerusting.

Ná die Eerste Wêreldoorlog:

- werkers het meer militant geword en georganiseerd geraak = vakbonde + die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP)



Een van die eerste vakbonde = Industrial Workers of Africa (IWA)

- het hulle beroep op 'n militante werkersklas-eenheid wat verskil het van die middelklas-nasionalisme van die ANC
- het veldtogte gehou teen die paswette
- die leiers was betrokke by die organisering van stakings in die 1920's

Slagspreuke van die IWA:

Daar is net een pad
na vryheid, swart
werkers

Verenig as werkers,
verenig! Vergeet
die dinge wat julle
verdeel

Laat niemand meer
praat van Basoetoe,
Zoeloe of Sjangaan
nie

Julle is almal werk-
ers. Laat werk die al-
gemene band wees!

Daar was verdeeldheid onder die ANC-leiers – sommige jonger lede, hoofsaaklik van Johannesburg, wou die werkersoptrede ondersteun, terwyl ouer, middelklaslede bv. Sol Plaatje, meer gematigde optrede wou sien en die jonger lede as sosialiste gesien het.




1918: Sol Plaatje: “Ek moes die Naturelle-kongres in Bloemfontein bywoon om die verspreiding van die Johannesburgse sosialistiese propaganda onder ons mense te voorkom ... Daar het tien Transvaalse afgevaardigdes na die kongres gekom ... met 'n vasberadenheid wat verstommend was in vergelyking met ons gebruiklike houding by konferensies. Hulle het amper heeltemal eenstemmig geklink, in kort sinne, en byna almal het begin en geëindig met die woord ‘staking’.” (Bron: Vrye vertaling van 'n aanhaling uit Bundy, C . *Remaking the Past: New perspectives in South African History*, UCT Press, Kaapstad, 1986)

Februarie 1920: meer as 70 000 swart myners het begin staak → 21 myne moes sluit: regering het die polisie + weermag ingeroep

- werkers is in hul kampongs omsingel, geslaan en met gewere teruggedryf na hul werkplekke
- grootste staking in Suid-Afrika tot en met die groot stakings van die 1980's

Die onderdrukking van 1920 het die swakhede van die swart werkersorganisasie in die vroeë tydperk van Suid-Afrika se industrialisering aan die lig gebring:



1930's:

- swart werkers het begin om hulself meer effektief te organiseer
- dit het hulle in staat gestel om hul werkgevers uit te daag
- verkry dus beter lone + werksomstandighede.

Groei van die vervaardigingsbedryf: 1930's en 1940's:

- groeiende stedelike werkersklas het hulle permanent in die stede gevestig
- die fokus van swart weerstand het na die stede verskuif
- werkers in spesifieke nywerhede het industriële vakbonde gevorm
- baie vakbondleiers = lede van die SAKP
 - → SAKP het wit sowel as swart leiers gehad had
 - Die SAKP het hoofsaaklik in swart vakbonde gewerk, want die wit werkers was dikwels aan die kant van die werkgever.


Werkermilitantheid in die stede = belangrike faktor in die:

- veranderings in die ANC
- en die opkoms van Afrika-nasionalisme.

Dit was duidelik dat twee soorte swart Afrika-nasionalisme besig was om te ontstaan.

2.5 Twee soorte nasionalisme

ANC in die 1930's	Kommunistiese leiers	Afrikanistiese leiers
• verdeelde organisasie • gevestigde leiers het werkers se eise vir beter lone en gelyke wette ondersteun • maar nie konfrontasie of die sosialistiese idees van die kommuniste nie	• ZK Mathews, JB Marks, John Nkadimeng, Govan Mbeki • by die ANC aangesluit: gevra vir meer aktiewe leiding van massa-eise • wou 'n nie-rassige, inklusiewe vorm van Suid-Afrikaanse nasionalisme bevorder = 1st stap op die pad na die totstandkoming van 'n sosialistiese staat	• jong, swart aktiviste wat vir meer aktiewe leiding van massa-teenstand gevra het • was agterdogtig oor die betrokkenheid van wit mense by die gevestigde leierskap en die sosialiste • Anton Lembede, Nelson Mandela, Walter Sisulu



Duidelik gesien in die verkiesing van dr. AB Xuma:

- 1940: verkies tot president van die ANC
 - mediese dokter wat opgelei is in die VSA + Europa
 - het respek vir ou sowel as nuwe leiers
 - het ANC-strukture herbou
 - het die oorgang tot 'n massabeweging gelei
- MAAR, 2de helfte van die 1940's:
 - die linkse vleuel het begin om die ANC te oorheers
 - Xuma te konserwatief → het sy presidentskap verloor in die 2de helfte van die 1940's.

3 Hoe het die Tweede Wêreldoorlog die opkoms van Afrika-nasionalisme beïnvloed?

Tweede Wêreldoorlog het die ontstaan van Afrika-nasionalisme op 3 maniere beïnvloed:

- deur die Atlantiese Handves
- AB Xuma se Afrika-eise t.o.v. hierdie handves
- die invloed van Afrika-soldate wat teruggekeer het huis toe.

3.1 Die Atlantiese Handves en AB Xuma se Afrika-eise

Churchill en Roosevelt het die Atlantiese Handves in 1941 uitgereik, na aanleiding van hul visie vir die wêreld ná die oorlog:



- Handves: "... begeer geen territoriale veranderings wat nie ooreenstem met die vry uitgesproke wense van die betrokke volk nie."
- "... respekteer die reg van alle volke om die regeringsvorm waaronder hulle lewe te kies"

Vir die ANC en Afrika-nasionaliste = Atlantiese Handves → was 'n belofte van vryheid in Afrika ná die oorlog:



Gelei tot AB Xuma se Afrika-eise wat in 1943 deur die ANC uitgereik is:

- Het gevra vir 'n einde van alle fascisme
- Self-regering is beskou as 'n reg
- Die reg om 'n eie vorm van regering te kies is verwag.

3.2 Invloed van Afrika-soldate wat teruggekeer het huis toe

- Brittanje het baie Afrika-soldate gewerf om in Britse leërs te veg (amper twee miljoen is gewerf as soldate, portiere en verkenners vir die Geallieerdes tydens die oorlog):
 - om Afrikane te oordeel om aan te sluit: Brittanje noem dit 'n "oorlog om vryheid"
 - terugkerende soldate het verwag dat Brittanje hul opoffering sou erken en vereer
 - → dit het nie gebeur nie = het bitter en ontevrede geraak – het geveg om die belange van die koloniale magte te beskerm, net om terug te keer na die uitbuiting en vernedering van koloniale heerskappy.

4 1945: Pan-African Manchester-kongres, Engeland

Ontstaan uit die ontevredenheid oor die feit dat hulle verwagtinge van vryheid ná die oorlog nie gerealiseer het nie = kongres was die keerpunt omdat dit geprobeer het om aandag te gee aan die behoeftes van alle swart mense.

- → Pan-Afrikanisme: begin om die gemeenskaplike ervarings van swartwees uit te lig
 - daarna gestreef om alle swart mense regoor die wêreld te bevry.

Pan-Africanism

- was baie gewild onder nasionalistiese Afrika-leiers
- was 'n manier om regionalisme en etniese grense te oorkom
- het ooreenkomste beklemtoon en wou gemeenskaplike onderdrukking oorkom
 - teen die 1950's het Pan-Afrikanisme 'n diepgaande invloed op bykans elke nasionalistiese leier gehad
 - in SA: het uitgeloopt op die militantheid van die ANC-jeugliga (wat in 1949 meegehelp het om Xuma as leier te ontsetel)
 - dit het gelei tot 'n skeuring in die ANC → stigting van die PAC in 1959

5 Verskillende soorte Afrika-nasionalisme

verskillende soorte Afrika-nasionalisme (meer inklusief vs. meer radikaal) wat gevorm het voor en ná die Tweede Wêreldoorlog, het gespruit uit die situasie in die land:

Regering- skommissie: 1948	● het geskat dat byna 'n derde van die mense in die Afrika-reservate geen grond en/of vee gehad het nie ● 60% gesinne = minder as vyf beeste
Mense is na die stede gedwing	● weens armoede ● swart bevolking in die stede het bykans verdubbel (tussen 1930 en 1946) ● dorpe: nie genoeg huise in die “lokasies” nie ● dorpe: voedselprijs het vinnig gestyg
Plakkers- kampe	● was 'n aantal bewegings van hawelose mense: het grond rondom Johannesburg beset en informele nedersettings gebou ● grootste – “Sofasonke” (ons sal saam sterf) – gelei deur James Mpanza

Toenemende militantheid van die swart vakbonde:

- 1945 = 119 industriële vakbonde: lidmaatskap van 158 000 werkers
 - 1940–1945: meer as 52 000 werkers was betrokke by stakings van langer as 5 dae
 - baie stakings het daarin geslaag om voordele vir werkers te bewerkstellig: het hulle ook meer selfvertroue gegee
- 1946: tweede groot mynwerkerstaking het plaasgevind:
 - meer as 60 000 swart mynwerkers het gestaak vir beter lone en 'n vervanging van die kampongstelsel met gesinsbehuising
 - vergelding: polisie en die weermag het die mynwerkers in die kampongs omsingel en met gewere gedwing om terug te keer werk toe > 12 mynwerkers is dood; meer as 1 000 is beseer.

ANC-leierskap het besef hulle moes verander om die politieke en ekonomiese vereistes van hierdie nuwe maatskaplike kragte te weerspieël, voordat iemand anders dit doen

5.1 invloed van die ANC-jeugliga op die soorte nasionalismes

Ontstaan	Veranderings in leierskap	Swart selfstandigheid/rassetrots
1944: jonger ANC-leiers: Anton Lembede, Walter Sisulu, Oliver Tambo, Nelson Mandela “Program van Aksie” aanvaar: weerspieël toenemende militante + Afrikanistiese aard van Afrika-nasionalisme	1949: dr. Xuma is vervang as president deur dr. James Moroka – het die ondersteuning van die jeugliga gehad - Sisulu is verkies as sekretaris-generaal - Mandela + Tambo is verkies tot die nasionale uitvoerende komitee	- Die jeugliga se “Program van Aksie” is deur die ANC aanvaar - Meer Afrikanistiese jeugliga-leiers – Anton Lembede – het politieke samewerking met wit en Indiër-aktiviste verwerp - behoefte aan swart selfstandigheid en rassetrots

Sisulu, Mandela, Tambo:

- is beïnvloed deur Afrikanistiese ideale van selfstandigheid
- het besef dat ’n verenigde front teen die apartheidsregering nodig was.



Tweestryd + spanning het veroorsaak dat ontevrede lede van die ANC weggebreek en die PAC gestig het.

5.2 invloed van die Congress of the People op nasionalisme

Die Congress of the People het ’n direkte invloed op Afrika-nasionalisme gehad en was ’n katalisator vir die stigting van die Pan Africanist Congress (PAC).

Kliptown, 1955:

- Congress of the People het bestaan uit: verteenwoordigers van die ANC, die Coloured People’s Congress, die SA Indiërkongres + die wit mense se Kongres van Demokrate:
 - Vryheidsmanifes het die nie-rassige Afrika-nasionalistiese tradisie bevestig:

doel: was gemik op die uitbreiding van die definisie van die volk en dus nasionalisme

het verkondig: “Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon”

Afrikaniste het dit verwerp: het gevra vir meer militante politieke optrede

Afrikaniste:

- 1959: Hulle het geprobeer om die ANC sover te kry om die Vryheidsmanifes + die Kongres-alliansie te verwerp (onsuksesvol)
 - Doel: wou uitsluitlik 'n Afrika-nasionalistiese beweging raak.

Vorming van die PAC	● 1959 – gelei deur Robert Sobukwe, verlaat die Afrikaniste die ANC ● PAC slagspreuke: 'Afrika vir die Afrikane' - 'Amafrika Poqo' ('Afrikane wat alleen staan')
Toe-nemende militansie	● Die PAC was meer militant as die ANC ● het gevra vir 'n anti-pasveldtog: het gelei tot die Sharpeville-menseslagting en die geweld in Langa
PAC word verban	● dit was nooit daartoe in staat om 'n groot gevolg te lok nie ● het feitlik verbrokkel toe dit verbied is

5.3 Invloed van die herlewing van die Afrikanistiese tradisie in Suid-Afrika

- 1970's: leiers van die Swartbewussynsbeweging (Black Consciousness Movement) (bv. Steve Biko) het die tradisie laat herleef:
 - swart bewussyn = was baie invloedryk in die vorming van mense se idees, MAAR dit het nie massa-ondersteuning as 'n politieke beweging gehad nie.

In teenstelling tot die radikale, eksklusiewe nasionalisme van die Afrikaniste, was die nie-rassigheid van die ANC.

5.4 Nie-rassigheid en die United Democratic Front

Morogoro-konferensie: Tanzanië – 1969

- Die ANC in ballingskap het weer inklusiewe nie-rassige Afrika-nasionalisme bevestig
- Die ANC het verder gegaan as om net met Suid-Afrikaners van ander rasse saam te werk
- wit mense, Indiërs, en bruin mense is as volle lede verwelkom.



Dit was 'n vooruitskouing van die breë samewerking wat tiperend was van die United Democratic Front (UDF) in die 1980's, ná die Soweto-opstand.

1976: waterskeidingsjaar in SA – ANC:

- Soweto: protes teen die apartheidsregering se diskriminerende onderwysbeleid
- nadraai: het die rol van die ANC in die vryheidstryd bevestig
- ANC: was die organisasie wat die beste daartoe in staat was om die leerders, wat die omverwerping van apartheid wou hê, te kanaliseer
- Die ANC se nie-rassigheid het gedomineer in die vorm van bevryding wat besig was om onder swart mense te ontvou
- Soweto-opstand:
 - = keerpunt in die stryd teen apartheid
 - → dit het die fokus verskuif van die stryd na een wat binne die land geveg moes word.

Tydperk ná Soweto

- onderdrukking deur die regering
- groeiende nuuskierigheid onder stedelike swart mense
- groeiende politieke bewustheid
- studiegroepe het in townships regoor die land ontwikkel
- studeer, bespreek manifeste, lees ANC-literatuur

Laat 1970's

- aanvanklik het studiegroepe min/geen kontak met mekaar gehad nie
- swartbewussynsorganisasies + studente-organisasies + vakbonde = het pogings aangewend om verenigde beweging binne Suid-Afrika te stig
 - doel: koördineer vryheidstryd
- ANC het die noodsaaklikheid van 'n groot organisasie in Suid-Afrika besef

PLUS

United Democratic Front (UDF)

- Momentum het die vorming en bekendstelling van die United Democratic Front (UDF) tot gevolg gehad
 - 20 Augustus 1983 – gemeenskapsaal in Rocklands, Mitchells Plain
 - slagspreuk: 'UDF verenig, apartheid verdeel'
 - mobilisering van Suid-Afrikaners om 'n verenigde verset teen apartheid te vorm

Verskuiwing na 'n breëbasis nasionale beweging:

- UDF: het tydens die 1980's herhaaldelik hul verbintenis tot 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika bevestig
- Mense van Suid-Afrika het hulle in honderde demokratiese gemeenskapsliggame georganiseer wat nie bloot deur die staat vernietig kon word deur 'n paar leiers te arresteer nie
- teen die tyd dat Mandela vrygelaat is: baie breëbasis nasionalisme was in plek – het nasionalisme in nie-rassige, nie-etniese terme gedefinieer
- 'nasionaisme' = alle Suid-Afrikaners
- inklusiewe nasionalisme – grondslag vir die nasionale versoening en nasiebou

5.5 Nasionale versoening en nasiebou

5.5.1 Nasiebou

In 1989: FW de Klerk is verkies as leier van die Nasionale Party


- September 1989 – verkies as staatspresident
 - het PW Botha vervang
 - het SA gelei sedert 1984 en
 - het in 1985 die noodtoestand opgelê en herhaaldelik hernu.

Nelson Mandela:

- Op 11 Februarie 1990 (ná 27 jaar in die gevangenis) is Nelson Mandela vrygelaat uit die Victor Verster-gevangenis buite die Paarl
- saam met sy vrou (Winnie Madikizela-Mandela) deur duisende ondersteuners buite die hekke gegroet

Baie probleme:

- na die bitter jare van skeiding tussen wit en swart = baie vyandigheid wat oorkom moes word
- talle mense wou nie 'n nuwe, nie-rassige Suid-Afrika hê nie, bv.
 - regse Afrikaners (bv. Afrikaner-Weerstandsbeweging/AWB) + meer militante PAC
 - wou enkelvoudige nasionalisme hê: Suid-Afrika slegs vir die wit mense (AWB) / slegs vir swart mense (PAC).
- → Noodsaaklik vir sukses: maniere moes gevind word om rassegroepe te versoen – vir nasiebou.



Kenmerke van die samesprekings

- inklusief
- het daartoe gelei dat mense wat voorheen geswore vyande was, saam gesit en die kwessies bespreek het wat op die land as geheel betrekking gehad het
- versoening tussen voormalige vyande het dus begin
- hulle het saamgewerk om die grondslag te lê vir 'n Suid-Afrikaanse nasie wat op die beginsels van menseregte en nie-rassige inklusiwiteit gebou sou word.

Mandela se pogings om versoening te bewerkstellig:

- hy het FW de Klerk as een van sy adjunk-presidente aangestel toe hy die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) in 1994 gevorm het
- het 'n punt daarvan gemaak om mev. Betsie Verwoerd – vrou van die argitek van apartheid, dr. HF Verwoerd – te ontmoet
- het 'n stoere ondersteuner van die Springbokke geword – SA was die gasheer en wenner van die 1995 Rugbywêreldbekertoernooi.

5.5.2 Versoening

Waarheids-en- versoenings- kommissie (WVK)	● gestig op grond van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening (nr. 34 van 1995) onder die leierskap van aartsbiskop Desmond Tutu ● Getuies wat geïdentifiseer is as die slagoffers van growwe menseregte-skendings gedurende apartheid, is uitgenooi om verklarings oor hul ervarings te gee
WVK- proses	● sekere getuies is gekies vir openbare verhore ● Geweldenaars kon ook getuig en aansoek doen om amnestie van siviele + strafregtelike vervolging
Oogmerke	● sodat mense aan albei kante van die kloof wat deur apartheid geskep is – deur belydenis + vergifnis – met mekaar versoen kon raak en hulle daartoe kon verbind om as 'n eenheid in Suid-Afrika saam te leef

5.5.3 Nasiebou en versoening

Grondwet van Suid-Afrika

- Suid-Afrikaanse grondwet (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, nr. 108 van 1996)
 - nóg 'n stap in die proses van nasionale versoening + nasiebou
 - skryfproses was inklusief
 - inhoud verskans die regte van alle Suid-Afrikaners (Handves van Menseregte)
 - beskerm ook die regte van kulturele minderhede
 - vier kulturele diversiteit binne 'n enkele Suid-Afrikaanse nasie.

Nasiebou maak staat op 'n regering wie se beleidsrigtings konsekwent is – en verwag van burgers om hulself as deel van 'n nasie te beskou en tot die opbou daarvan by te dra.

Die opkoms van Afrikanernasionalisme

Kernvraag: Hoe het Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika ontwikkel tussen 1900 en 1994?

1 Hoe het Afrikanernasionalisme begin opbloeï?

Afrikanernasionalisme (volkseenheid) = politieke ideologie wat ontstaan het in die laat 19de eeu, met die Groot Trek (1835-1846) en die Boererepublieke as grootste dryfvere:

Groot Trek	- die beweging van Hollandssprekende koloniste, hoofsaaklik uit die Kaap, na die binneland van Suider-Afrika - op soek na grond – waar hulle hul eie tuisland wou skep, onafhanklik van die Britse bewind - Groot Trek het die vasberadenheid en moed van die Boere begin simboliseer - hunkering na onafhanklikheid en vryheid
Boere-republieke	- Groot Trek het gehelp om die Boererepublieke in die 19de eeu tot stand te bring - Boere het hulself gedefinieer teen die Britte en die Afrikaners - het aanleiding gegee tot die idee dat die Afrikaners 'n “uitverkore” volk was.

Hierdie idee dat die Afrikaners 'n “uitverkore” volk was, is aangemoedig deur:

- Afrikanerbond (laat 1800's tot 1910)
- anti-Britse sentimente = sterk onder Afrikaners vanweë die Anglo-Boereoorlog (Suid-Afrikaanse Oorlog)
- daar was 'n behoefte om hulself as 'n groep apart te hou van die Engelse en swart mense.



- eerste voorstander = Stephanus du Toit, predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk
 - het 'n leidende rol gespeel in die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA): Paarl, 14 Augustus 1875
 - het die eerste Afrikaanstalige koerant, Die Afrikaanse Patriot, gepubliseer
 - dit is wyd gelees → was 'n kragtige middel tot die bevordering van die Afrikaanse taal + Afrikanernasionalisme.

Du Toit

- het die idee bevorder dat Afrikaners = 'n bepaalde nasionaliteit met 'n vaderland (Suid-Afrika) & eie taal (Afrikaans) het
- was Afrikanervolk (nasie) se roeping om Suid-Afrika te regeer
- sy belangrikste sukses in die bevordering van Afrikanernasionalisme = die stigting van die Afrikanerbond – 1880: prominente rol gespeel in SA politiek

Du Toit se idee van Afrikaners sou lei tot 'n politieke skeuring tussen eng en gematigde Afrikanernasionaliste:

Skeuring tussen eng en gematigde Afrikaner- nasionaliste	● 1934 ● 'n groep eng Afrikanernasionaliste (dr. DF Malan, 19 Afrikaner-LP's) het weggebreek van die gematigde Afrikanerleiers Barry Hertzog en Jan Smuts ● dit was net nadat die partye saamgesmelt het in 'n enkele Verenigde Party (vir 'n breër wit regerende alliansie)
Gesuiwerde Nasionale Party (GNP)	● Gevorm deur DF Malan + wegbreekgroep ● dit het nie die ondersteuning van alle Afrikaners gehad nie – slegs 'n paar het die party se visie van 'n “suiwer” Afrikanervolk aanvaar ● dit het die eenheid van alle Afrikaanssprekende wit mense, die “volk”, teen “vreemde” elemente beklemtoon – swart mense, Jode, Engelssprekende Suid-Afrikaners
1948	● GNP het genoeg ondersteuning gemobiliseer – meerderheid van die Afrikaanssprekendes ● het die verkiesing gewen; het Suid-Afrika tot 1994 regeer

Hoe het hierdie eng groep Afrikanerleiers die idee geskep van 'n Afrikanernasie wat só 'n sterk aanklank by so baie verskillende groepe Afrikaners gevind het?

- Ekonomies
 - Baie Suid-Afrikaanse boere, sakelui het gevoel dat die ekonomie oorheers is deur Engelssprekende en buitelandse maatskappye
 - hulle het gevoel dat die regering se ekonomiese beleid ten gunste van hierdie sakebelange was
 - dit het dit moeilik gemaak vir Afrikanersakelui om te vorder
 - → DAAROM was daar 'n behoefte om die Afrikaners in beheer van die regering te sien = ekonomiese dryfveer vir Afrikanernasionalisme.

- Groot Depressie
 - Armblankes (bywoners) en swart werkers is van die plase af gedwing
 - gedwing om na die stede te gaan vir werk = ding mee met swart mense vir werk
 - GNP het belowe om swart mense uit te hou en Afrikaners in diens te neem (swart mense is beskryf as die oorsaak – tot 'n sekere mate – van die lyding en armoede van wit Afrikaners)
 - → DAAROM was daar die belofte om arm wit Afrikaners te help = nog 'n dryfveer vir Afrikanernasionalisme (met wortels in ekonomiese probleme wat die Groot Depressie veroorsaak het).
- Kultureel
 - Bewegings is gestig om die Afrikaanse taal, kultuur en godsdiens te bevorder
 - die Afrikaners is uitgebeeld as 'n eksklusiewe nasie
 - → DAAROM was kultuur = dryfveer vir Afrikanernasionalisme.

2 Sosiale, kulturele, ekonomiese en taalbewegings

Die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme is gedryf deur ekonomiese en kulturele uitvloeisels = om Afrikaners te verenig.

- DOEL: politieke oorwinning oor Engelse beheer en swart mense.
 - Het bewegings gebruik om dit te doen, bv.
 - Taalbeweging; Broederbond.
 - Het ekonomiese en arbeidsbeleid gebruik om dit te doen, bv.
 - kleurhefboom in aanstellings.
 - Het die media gebruik om dit te doen, bv.
 - Afrikaanse koerante en tydskrifte het die ideologie van Afrikanernasionalisme versprei (soort propaganda).

2.1 Afrikaanse taalbewegings

In die 19de eeu was daar nie een Afrikanertaal nie. Om 'n Afrikanertaal te ontwikkel, is die taalbeweging gestig.

- Belangrike doel:
 - → 'n enkele kulturele en nasionale identiteit te skep = alle Afrikaners te verenig.

2.1.1 Eerste Afrikaanse Taalbeweging (1875–1900)

- Ontstaan: stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA): Paarl, 1875
 - term “Afrikaner” het begin om 'n enger assosiasie met wit Afrikaanstaliges te kry
 - → hoewel mense van verskillende rasse/etnisiteit dit gepraat het
 - GRA se doel: om 'n Afrikaanse taal vir wit Afrikaners te skep wat onderskei sou kon word van Nederlands
- Eerste Afrikaanse Taalbeweging:
 - het nie wye trefkrag gehad nie: was beperk tot die Paarl en omstreke – met slegs een mondstuk, Die Patriot
 - aan die einde van die 19de eeu het dit begin kwyn
 - Afrikaanse beweging sou eers weer ná die SA Oorlog momentum kry.

2.1.2 Tweede Taalbeweging (1900–1930)

Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902): het die Suid-Afrikaanse Oorlog beëindig. Lord Milner het 'n onderneming aan die Boere gegee dat Nederlands as amptelike taal gehandhaaf sou word

- MAAR hy het sy woord verbreek → regering het met 'n beleid van verengelsing begin:
 - verengelsingproses is voortgesit in die voormalige Boererepublieke
 - alle Afrikaners is gedwing om Engels te praat → skole is veral geteiken
 - Engels het ook die amptelike taal in die Transvaal en Natal geword
 - wetgewing het voorsiening gemaak vir Nederlandse taalregte in die administrasie, regstelsel en opvoeding
- → Die stryd is hervat om Afrikaans as 'n amptelike taal gevestig te kry:
 - nie meer beperk tot die Kaapkolonie nie soos tydens die Eerste Taalbeweging nie
 - Ouers, onderwysers = steun van Nederland = het begin om privaatskole op te rig: leerplan kon op Christelike Afrikanernasionalisme fokus
 - Unie van Suid-Afrika (1910): het gehelp met die vestiging van Afrikaans as alternatiewe geskrewe medium.



Erkenning van Afrikaans:

- Wet in die parlement: 1925 → Afrikaans verkry amptelike status
 - Bybel word in Afrikaans vertaal: 1933
 - Afrikaans het vinnig as 'n literêre medium + medium van wetenskap en tegnologie ontwikkel
 - = vestiging van vier Afrikaanse universiteite

Die taalbeweging is gekombineer met die herskryf van die geskiedenis, wat in terme van die stryd van die Afrikaner gesien is op soek na sy ware identiteit in 'n vyandige wêreld van swart mense en Britte.

- → uitgedruk in nuwe kulturele simbole: die kruithoring, die ossewa, die laer en die Bybel.

2.2 Die Afrikaner-Broederbond

Jong Zuid Afrika (Jong Suid-Afrika)	Afrikaner-Broederbond	Doelwitte van Broederbond
● 1918: gevorm deur 'n groepie Afrikaner-intellektuele ● was toegewy aan die bevordering van Afrikanerbelange ● 1919 – word die Afrikaner-Broederbond	● geheime organisasie van noukeurig gekose Afrikanermans ● doel: om Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika te bevorder ● om beheer oor die Suid-Afrikaanse regering te verkry	● 'n verenigde Afrikanervolk geskoei op 'n konserwatiewe puriteinse geloof ● om die Afrikaanse taal te ontwikkel en te bevorder ● om Afrikanerwerkers van die sosialistiese vakbonde weg te hou ● om Afrikaner-ondernemings te bevorder

Groei van die Broederbond:

- 1930's: vinnige groei
- het 'n eksklusiewe Afrikanernasionalistiese ideologie ontwikkel – sou aanloklik wees vir die belange van alle Afrikaners
- is ontwerp om aanloklik te wees vir dié (sakelui, professionele mense, boere en werkers) wat op enige manier deur die toenmalige politieke stelsel onder Smuts uitgesluit of uitgebuit is
- byna elke Afrikaanssprekende leier het 'n lid geword
- het elke geleentheid gebruik om denke en beleidsrigtings te beïnvloed.

2.3 Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge

Broederbond het verskillende Afrikaner-kultuurinstellings tot stand gebring om hul doel te bereik:

- verskillende kultuurinstellings naas bestaande instellings
 - Boy Scouts = Voortrekkers
 - Rooi Kruis = Noodhulpliga
 - National Union of South African Students = Afrikaner-Studentebond
 - → bykans elke aspek van die sosiale lewe het 'n aparte Afrikaner-kultuurorganisasie gehad.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) → het verseker dat die Afrikanernasionalistiese ideologie en die vestiging van 'n duidelike Afrikaner-identiteit op elke vlak van die samelewing gekoester en aangemoedig sou word.

2.4 Regstellende aksie in die 1920's en 1930's

Regering: Barry Hertzog –

- 1930's: begin regstellende aksie gebruik
- → vir die opheffing van die armste wit mense (hoofsaaklik Afrikaanssprekendes)
 - = staatsdiens + staatsbeheerde SA Spoorweë, Yster- en Staalkorporasie (YSKOR). Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (EVKOM): aanvaar rasgegronde indiensnemingsbeleid
 - het ontslae geraak van swart en bruin werkers en wit mense is aangestel
 - teen 1942 het byna 10% Afrikaanssprekende mans vir die spoorweë gewerk.

PLUS: Christen Nasionale Vakbonde

- Arm wit spoorweg- en mynwerkers het by hierdie vakbonde aangesluit
 - het aanklank gevind met werkers se belange: het werkgewer se pogings om goedkoper swart werkers aan te stel en om ooreenkomste met swart vanbonde te sluit, teengestaan
- Gevoelens van die vakbonde:
 - dit het die konserwatiewe godsdienst van die onlangs verstedelike Afrikaners weerspieël
 - Fascistiese anti-swart, anti-Joodse sentimente

2.4.1 Volkskapitalisme

Broederbond	Reddingsdaadbond
- nie anti-kapitalisties - maar: gekant teen buitelandse kapitaal	- byeengebring deur Afrikanersakelui - het 'n beroep op Afrikanerwerkers gedoen om Afrikanerbanke te red, by Afrikanerwinkels te koop en versekering by Afrikanerversekeringsmaatskappye uit te neem

PLUS

1939 Afrikaner Vokskongres

- die nuwe Afrikaner- ekonomiese beweging sou nie “die vernietiging van die Afrikanernasie deur die aanpassing by 'n vreemde kapitalistiese stelsel” duld nie, maar sou “hierdie vreemde stelsel vat en aanpas by hul nasionale karakter”.

2.5 Die media

Verspreiding van Afrikanernasionalisme

- nuwe ontluikende gedrukte media in Afrikaans
- Broederbondlede het nasionalistiese koerante begin: *Die Burger* (DF Malan – eerste redakteur), *Die Transvaler*
- Afrikanernasionaliste het gebou aan 'n “denkbeeldige gemeenskap”

“Denkbeeldige gemeenskap” van Afrikaners

- Afrikaners is deur verhale uitgebeeld as 'n homogene nasie met 'n helde-verlede, morele plig en 'n plek tussen ander nasies
- Idee is deur die gedrukte media versprei: nasionale Christentydskrif *Koers*, *Inspan*, boeke gepubliseer deur die Burger Boekhandel-uitgewery

Die Huisgenoot

- “'n Vreemde kultuur word beskerm deur vestings en forte. Met elke nuwe aflewering oor die see, word duisende goedkoop Engelse boeke versprei ... Ons grootste dagblaai, die teaters, die skoolstelsel, die taal van ons howe, die winkels met hul modes ... die meubels in ons huise is bastions en agente van 'n vreemde kultuur wat die reg eis om die wêreld te oorrompel.”

- Eksklusiewe soort nasionalisme: het slegs die Afrikaners beskou as “deel van 'n nasie” (of volk)
- is ontwerp om ekonomiese en politieke mag in die hande van Afrikaners te hou
 - om swart mense uit te sluit van alle aspekte van die lewe in Suid-Afrika.



3 Hoe het Afrikanerleiers die idee van 'n “volk” gebruik om Afrikanernasionalisme te bevorder?

Baie van die volksidee se grondslag was idees van Abraham Kuyper:

- Nederlandse politikus, joernalis, staatsman en teoloog
 - het geglo in God se gesag oor afsonderlike sfere van die skepping
 - “sfere” moes bewaar en beskerm word teen idees soos die Franse revolusie se gelykheid, vryheid en broederskap
 - volgens hom het hierdie idees God se gesag uitgedaag.

3.1 Definisie van 'n volk

Paul Kruger	“Godgeseënde” nasie
● president van die Transvaalse republiek, stigterslid van die Nederduits Gereformeerde Kerk ● het na die geskiedenis van die Afrikaner in Suid-Afrika as 'n “heilige geskiedenis” verwys met dié volk as die uitverkore volk ● Groot Trek is gesien as die uittog (eksodus) uit die Britse bewind na die beloofde land van die Boererepublieke ● Het Kuyper se idees gebruik	● Afrikanerteoloë het later Kuyper se idees gebruik as regverdiging vir Afrikaners se weiering om deel te wees van 'n “Brits-ontwerpte” Suid-Afrika ● hulle wou nie saam met ander etniese groepe as 'n minderheid bestaan nie God het nasies geskep: met die goddelike reg om as afsonderlike entiteite te bestaan

PLUS	Definisie van “volk”
	● Afrikanernasionalisme het “volk” gedefinieer as wit Suid-Afrikaanse Afrikaners – het reg op grondgebied in SA ● swart mense is beskou as ander nasies wat op hul eie stamgrondgebied moes bly

3.2 Die verhouding van volk tot klas en ras

- Afrikaners – het 'n Goddelike reg gehad op 'n eksklusiewe volk
- net wit Afrikaanssprekendes is as wettige burgers beskou
 - → implikasies in terme van klas- en rassekwessies – onderwys, arbeid, godsdiens

3.2.1 Die verhouding van volk tot klas en ras in opvoeding en arbeid


Afrikanernasionalisme het onderwys in SA gebruik om klas te definieer en te skep

- “volk” is gedefinieer as 'n ras verskillend van ander rasse
 - → Afrikaners het middelklas en hoëklas geraak
 - → swart mense is geklassifiseer as 'n laer klas

Hierdie eksklusiewe definiering van die volk het gespruit uit:

- Sendeling-onderwysinstellings vir swart mense → ding mee met arm wit Afrikaners vir werk
- Ekonomiese depressie → wit Afrikanerwerkloosheid het toegeneem = groter mededinging vir werk
 - Beleid van regstellende aksie → swart mense is uitgesluit (opgelei of nie) van “wit” Afrikaner-arbeidsmark
 - bevorder werksgeleenthede vir wit mense (veral Afrikaners)
 - wetgewing oor regstellende aksie = bv. Wet op Myne en Werke van 1911, vestiging van die kleurhefboom in werksgeleenthede.

Die verlaging van swart mense na ’n laer werkersklas (werkers) deur arbeidswetgewing is versterk deur die onderwysbeleid.



Bantoe-onderwys:

- so genoem deur die regering
- het dit duidelik gemaak dat dit ontwerp is om swart leerders te leer om “houthakkers en waterdraers” vir ’n wit-bestuurde ekonomie en samelewing te wees
- ongeag hul vermoëns en aspirasies.

3.2.2 Volk en godsdiens

Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK)

- aanvanklik tydens die 19de eeu – ’n pragmatiese eerder as ’n ideologiese beskouing oor rasse-segregasie gehad, bv.
 - die rasse-segregasie is beskou as ’n harmonieuse metode van beheer oor ’n heterogene land

Ná die 20ste eeu se ekonomiese depressie

- het hierdie houding verander (ook teenoor onderwys en arbeid))
- ’n nuwe groep armblankes (meestal Afrikaners) het te voorskyn gekom

Betrokkenheid van die kerk (1939)

- “Die beleid van segregasie, soos aanbeveel deur die Afrikaners en hul kerk, is die heilige roeping van die kerk om om te sien na die duisende arm wit mense in die stede wat ’n verlore stryd voer in die huidige ekonomiese wêreld ... Die toepassing van segregasie sal ook lei tot die vestiging van aparte gesonde stede vir nie-blankes waar hulle sal kan ontwikkel, op hul eie manier, om hul eie instellings te vestig en later hulself te regeer onder die voogdyskap van wit mense.”



Afrikanerstaat = Christelike beskawing

- het dus ’n “Goddelike reg” gehad om afsonderlik te bly en oor die omliggende swart nasies (wat nie as deel van die die volk beskou is nie) te heers
- NGK = was die belangrikste instelling in die daarstelling van ’n Afrikanernasionalistiese identiteit
- Die NGK het deur die 19de eeu morele en maatskaplike sekuriteit aan afgeleë Afrikanerboere gegee
- later: het gemeenskappe herskep vir die duisende ontwortelde arm Afrikaners in die stede
- Die kerk het gesinswaardes versterk en ingeskerp – asook die idee dat vroue volksmoeders (moeders van die nasie) moes wees wie se plig dit was om baie kinders te hê en hulle as nasionaliste (patriotiese Afrikaners) groot te maak.

Al hierdie invloede en faktore het die Afrikaner gedryf na eksklusiewe nasionalisme = dit het Afrikanernasionalistiese leiers (Malan) genoeg “wit” ondersteuning gegee om die 1948-verkiezing te wen. MAAR ’n belangrike gebeurtenis het in 1938 plaasgevind wat die ontluikende Afrikanernasionalisme gekataliseer het in ’n kragtige verenigende mag: Die eeufeesviering van die Groot Trek.

Die eeufeesviering van die Groot Trek

- een van die grootste en invloedrykste kulturele gebeurtenisse wat die ideologie van Afrikanernasionalisme gesmee het = eeufeesviering van die Groot Trek, 1938
- 9 waens is gebou, elk vernoem na 'n Voortrekkerheld, en het met verskillende roetes van Kaapstad na Pretoria “getrek”.
- mans het hul baarde laat groei, vroue het Voortrekkerrokke gedra, dorpe het strate na Voortrekkerleiers genoem, waens het die sosiale sentrum van dorpe se aktiwiteite geraak
- monumente is langs die roetes gebou
- 16 Desember 1938, die 100ste herdenking van die Slag van Bloedrivier, het die waens aangekom by 'n byeenkoms van sowat 100 000 mense op Monumentkoppie in Pretoria
- die hoeksteen van die Voortrekkermonument is gelê
- gebeurte gevolg by media → skryf 'n nuwe weergawe van die geskiedkundige Groot Trek
- dit is laat lyk soos 'n Goddelik-geseënde verenigde beweging van 'n uitverkore volk onder buitelandse onderdrukking onderweg na vryheid deur die gevaarlike binneland
- nasionaliste het dit beskou as die “ontwaking” van die lang onderdrukking van die Afrikanernasie onderweg na vryheid

4 Afrikanernasionalisme in beheer: onderweg na apartheid

4.1 1940's

- 1948: Nasionale Party (NP) van DF Malan het die ondersteuning van baie middelklas Afrikaners, arm Afrikanerwerkers en kommersiële sowel as kleinboere gehad
- hierdie groepe het bedreig gevoel deur ontwikkelings in die 1940's, veral die groei van 'n georganiseerde swart werkersklas

4.2 Rassistiese retoriek

- Die NP het emosionele rassistiese retoriek gebruik: “swart gevaar” + “oorstroming” na die stede
- het 'n beroep gedoen op al drie groepe: wit werkers (het mededinging van swart werkers gevrees), wit boere (het baie van hul arbeid verloor toe swart werkers na die stede verhuis het), wit sakelui

4.3 Nuwe beleid: Apartheid

- Nasionale Party se beleid
- het belofte om die belange van al drie groepe te verdedig – deur die onderdrukking van swart weerstand
- ook deur beheer te verstewig, uitbuiting van swart arbeid

In die 1948-verkiesing is die Verenigde Party se beleid deur die Nasionale Party aangeval deur die gebruik van bangmaak-taktieke (rassistiese retoriek).

Verenigde Party (eerste minister: Smuts)	Nasionale Party (Malan)
• gerig op die neutralisering van Afrikaner se weerstand (akkommodeer meer gematigde eise)	• het die beleid van die VP aangeval
• rasionele appèl: tipe verdeling van grond/stede wat swart en wit sou toelaat om in vrede te leef (maar swart mense steeds onderdruk)	• emosionele appèl: het wit Afrikaners laat glo dat swart mense hulle sou vermoor en uit die land verdryf indien hulle nie vir die NP sou stem nie
• Die VP se beroep op 'n gemeenskaplike “Suid-Afrikanisme” was nie sterk genoeg om die emosionele appèl van Afrikanernasionalisme teen te werk nie	



Omdat die apartheidsbeleid as suksesvol beskou is om swart weerstand te onderdruk, geleenthede te skep vir wit ondernemings en 'n hoër lewenstandaard vir wit werkers verseker het, het ander wit mense die apartheidsregering gesteun.

5 Afrikanernasionalisme vandag

40 jaar van nasionalistiese regering:

- Afrikanerkapitaliste, beroepslui het hul doelwit van gelykheid met buitelandse kapitaal bereik
- Hulle het ook hul taal en kultuur gevestig.



Vandag:

- Ideologie van afsonderlike Afrikanernasionalisme bied min in 'n demokratiese, nie-rassige Suid-Afrika, MAAR → klein groepies eksklusiewe Afrikanernasionaliste bestaan, bv. Orania.
- Afrikaanse literatuur + kuns het weggebreek uit die ou nasionalistiese beheer.

Die Midde-Ooste

Kernvraag: Wat is die gevolge van die konflik van die nasionalistiese aspirasies tussen Palestina en Israel?

1 Die oorsprong van Arabiese en Joodse nasionalisme

Vroeë geskiedenis van die Jode van Palestina en die diaspora:


Jode	Arabiese mense
Die Joodse nasie, in die moderne sin van wat 'n nasie beteken, het nie bestaan tot die 19de eeu nie. Vroeë boerdery- en veeboergemeenskappe in die gebied van Palestina, het Judaïsme as 'n godsdienstradisie gedeel. Toe die Romeinse Ryk Palestina beset het, het die Jode in opstand gekom. Die Romeine het die opstande verpletter en die Jode begin vervolg. Baie Jode het regoor die wêreld gevlug gedurende die diaspora en wydverspreid gemeenskappe gevestig. Soos kapitalisme versprei het, het sommige Jode in Wes-Europa ryk handelaars en vervaardigers geword. Ander in Oos-Europa het arm gebly. Jode het hegte gemeenskappe gevorm, waar hul tradisies, kultuur en geloof hulle gehelp het om hul eie identiteit te behou. Anti-Semitisme was aan die orde van die dag in Europa en Jode is vervolg.	Die meeste Arabiese mense in Noord-Afrika en die Midde-Ooste het vanaf die sewende eeu na Islam omgeskakel. Soos die Arabiere grondgebied verower het, het Islam verander van 'n Arabiese geloof tot een wat deur baie mense beoefen is oor 'n uitgestrekte gebied. Arabies het die dominante taal geraak en Arabiese gebruike en tradisies het versprei. Teen die 1500's is die Ottomaanse Ryk deur die Turke opgestel. Vanweë diskriminasie en vervolging het die Arabiere in plaaslike rebellies in opstand gekom teen die Turke. Dit kon egter nie verandering teweegbring nie.

1.1 Arabiese nasionalisme

Die eerste tekens van 'n gemeenskaplike Arabiese taal en kultuur teen 'n gemeenskaplike vyand (die Turke) het begin manifesteer in 'n nuwe nasionale identiteit. Arabiere wat Arabies gepraat het en 'n soortgelyke kultuur gehad het, het verenig teen die Turke (wat ook Islam was).	Vanweë die stigting van die Sioniste-beweging in Europa, het baie Jode begin terugkeer na Palestina en begin aandring op 'n nasionale tuisland. Hierdie setlaars of Yishuv wou die grondgebied hê wat deur die Arabiere beset is.
--	---

Hierdie verskillende doelwitte tussen die Palestyne en die Jode het tot potensiële konflik in die gebied gelei. Brittanje en Frankryk het ook belang gestel om invloedssfeer in die Midde-Ooste te vestig en ekonomiese belange te ontwikkel, bv. handel en die Suezkanaal.

- Die mededinging tussen die twee koloniale moondhede het veroorsaak dat Brittanje Egipte in 1882 gekoloniseer het om beheer oor die Suezkanaal te verkry, maar Palestina het onder Turkse heerskappy 'n deel van Sirië gebly.
- In 1913 het hierdie faktore bygedra tot die Eerste Arabiese Nasionale Kongres en die publikasie van die Arabiese Nasionale Manifest in 1914, wat hul planne vir outonomie uitgespel het.
 - → Uit hierdie kongres het 'n Arabiese nasionalistiese beweging te voorskyn gekom wat 'n verenigde Arabiese nasie, onafhanklik van Turkse heerskappy, wou skep.
 - MAAR dit was nog nie sterk genoeg om Turkye se beheer oor die Midde-Ooste uit te daag nie en dit is ondermyn deur die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog.



Maar Brittanje, Frankryk en Rusland het ander planne gehad:

- Hulle het die Sykes-Picot-verdrag onderteken, waar hulle ooreengekom het om die Turkse gebiede onder mekaar te verdeel.
- Arabiese nasionalisme het 'n anti-Westerse kleur begin kry, asook 'n anti-Sionistiese en anti-Joodse karakter..

Gevolge:

- Gewapende geweld teen Brittanje het in 1920 in Irak uitgebreek.
- Egipte het in 1919 gerebelleer en in 1922 onafhanklik van Brittanje geword
- Hewige gewapende opstande teen Sirië het in 1926 uitgebreek.

1.2 Sionisme: die Joodse nasionalistiese beweging

- Het in 1890's in Europa begin toe nasionalisme hoogty gevier het.
 - Baie Europese lande het 'n toename gesien in sterk nasionalistiese, godsdienstige en rassegevoelens en -idees.
 - → is versterk deur verhoogde anti-Semitisme in Europese samelewings.
- 1897: Joodse intellektuele en leiers het in Basel in Switserland vergader om die moontlikheid van 'n nasionale tuisland vir die Jode te bespreek:
 - leier was Theodor Herzl.
- Het die Basel-plan aanvaar:
 - om 'n toevlugsoord vir die Joodse volk in Israel te skep volgens 'n wetlike ooreenkoms.

- Sioniste het Israel as Joodse grondgebied geëis deur te verwys na die Bybelse bepaling dat God Israel aan die Joodse volk gegee het.
- Twee elemente rakende die Sioniste-strategie:
 - moedig Joodse immigrasie na Palestina aan
 - vra die regerings van Europa en die VSA vir ondersteuning vir Joodse nasionale tuisland.
- Baie arm en vervolgte Jode in Europa, asook Joodse vlugteling, het by die Sioniste-beweging aangesluit.

- Nie alle Jode in Europa het hulle vereenselwig met die nasionalistiese beweging terug na Sion in Jerusalem nie.
- Weens die diaspora het baie Jode deel geword van ander nasionaliteite; hulle het nuwe tale gepraat en deel geword van hul nuwe gemeenskappe.

2 Vestiging van Israel in die Midde-Ooste

Verskeie kritiese gebeure het vroeg in die eerste helfte van die 20ste eeu plaasgevind wat gelei het tot die vestiging van Israel as 'n staat in 1948.

2.1 Die Balfour-verklaring

- In 1917 het die Britse buitelandse sekretaris, Arthur James Balfour, 'n brief aan lord Rothschild, leier van die Britse Joodse gemeenskap, gestuur en belowe om die Jode te help om ná die Eerste Wêreldoorlog 'n Joodse staat in Palestina te vestig.
 - Hierdie brief het bekend geword as die Balfour-verklaring van 1917.
- Die Sioniste het hierdie verklaring gebruik om druk te plaas op latere Britse regerings om 'n Joodse staat in Palestina te ondersteun.
- Brittanje was besig om ondersteuning vir die Jode in die VSA te mobiliseer, terwyl dit terselfdertyd Arabiese steun probeer werf het vir die oorlog teen die Turke.
- Die Balfour-verklaring het gebots met Brittanje se belofte aan die Arabiere dat Brittanje Arabiese onafhanklikheid in die Midde-Ooste sou ondersteun.
- Die Sioniste het die Balfour-verklaring as 'n erkenning van Joodse eise beskou.

2.2 Liga van Nasies-mandaat

- Ná die Eerste Wêreldoorlog het die Liga van Nasies aan Brittanje en Frankryk mandate gegee om te heers oor die grootste deel van die Midde-Ooste, buiten Saoedi-Arabië, wat 'n onafhanklike Arabiese kononkryk geword het.
- In 1922 het Brittanje onafhanklikheid aan Egipte, Transjordanië en Irak verleen.
- Brittanje se mandaat oor Palestina het egter verklaar dat Brittanje die bepalings van die Balfour-verklaring moes implementeer.
- Sioniste het die mandaat van die Liga van Nasies geïnterpreteer as 'n teken dat die internasionale gemeenskap die vorming van 'n nasionale tuiste vir die Jode in Palestina steun.

Palestynse Arabiere se reaksie

Palestynse Arabiere het gesê dat Brittanje beplan het om 'n Joodse staat te skep om hul imperiale ambisies in die Midde-Ooste te verseker.

2.3 Die VN se skeidingsplan

- Die VN se skeidingsplan was geskoei op Britse voorstelle en is ondersteun deur die VSA, Rusland en ander Westerse moondhede. Meer as die helfte van Palestina is toegeken aan die Joodse staat.
- Palestyne en hul Arabiese bondgenote het die VN-skeidingsplan verwerp. Burgeroorlog het uitgebreek.
- Palestynse eenhede het Britse en Joodse instellings uit protes aangeval.
- Die Haganah het meer as 300 Palestynse dorpe uit weerwraak aangeval en vernietig.
- Brittanje het beheer verloor oor die situasie en begin om in Mei 1948 hul 100 000 troepe uit Palestina te onttrek.
- 14 Mei 1948 het David Ben Gurion Israel tot 'n staat verklaar, geskoei op die VN-plan.

Palestynse Arabiere se reaksie

Hulle het daarop aangedring dat Palestina deel moes bly van Sirië. Hulle het die Balfour-verklaring en die mandaat verwerp.

Tydlyn: Oorsprong en vestiging van die staat Israel ná die Eerste Wêreldoorlog I

Brittanje het Joodse immigrasie aangemoedig en relatiewe welgestelde Jode het grond gekoop by Palestynse grondeienaars. Palestynse Arabiere het aangedring op 'n einde aan Joodse immigrasie.

- 1921 en 1929: Palestynse Arabiere het anti-Britse optogte georganiseer = hewige gevegte tussen Arabiere, gewapende Joodse groepe en die polisie.
- Brittanje het die Arabiese onluste onderdruk en drie Palestynse leiers is terreggestel.
 - 1921 en 1929: Palestynse Arabiere organiseer anti-Britse optogte = hewige gevegte tussen Arabiere, gewapende Joodse groepe en polisie.
 - Brittanje onderdruk Arabiese onluste: drie Palestynse leiers is terreggestel.
 - → word vandag onthou as martelaars vir die Palestynse stryd om selferkenning
- 1930's: Joodse immigrasie het toegeneem soos Hitler die Jode in Duitsland begin vervolg het.

Perspektiewe oor die aanvalle

- Jode het dit gesien as 'n teken van Arabiese anti-Semitisme –
 - het geglo dat Palestynse Arabiere, ondersteun deur ander Arabiese state, vasberade was om hulle met geweld uit Palestina te dryf:
 - 'n gewapende selfverdedigingsburgermag, die Hagana, is geskep
 - Joodse leiers het die idee bevorder dat vreedsame naasbestaan onmoontlik was: dat Jode geen ander keuse gehad het nie – hulle sou moes baklei om te wen.
- Arabiese nasionaliste het geglo dat gewapende verzet die enigste manier was om hul reg om in 'n onafhanklike Palestina te woon, te beskerm.
 - Arabiere het toenemend begin om in Brittanje se aksies te sien dat hulle saam met die Joodse burgermag werk om 'n aparte Joodse staat in Palestina te vestig:
 - → gegrond daarop dat Brittanje nie teen die Hagana opgetree het nie = Joodse setlaars is opgeneem in die polisie en die weermag.

Omdat albei groepe toenemend gepolariseerde posisies ingeneemhet, was daar min kans op naasbestaan.

- 1936: nog 'n Palestynse opstand en algemene staking
 - gekoördineer deur 'n Palestynse beweging, die Arabiese Hoër Komitee (AHC).
 - Britse en Joodse teikens is aangeval.
 - → Joodse groepe het gereageer deur Arabiese gemeenskappe aan te val.
- 1937: Brittanje het voorgestel dat Palestina verdeel word in 'n Joodse staat en 'n Arabiese staat:
 - Palestynse Arabiere was daarteen gekant.
 - Jode het die beginsel ondersteun – maar nie met die grense wat Brittanje voorgestel het nie.
 - Brittanje het druk op die Jode en Arabiere uitgeoefen om hul verdelingsplan te aanvaar, ook om Joodse immigrasie te beperk.
 - → het sterk teenkanting van die Jode in die gesig gestaar.
- Uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog = het Palestina-vraagstuk op ys geplaas
- Einde van die Tweede Wêreldoorlog → die wêreld was 'n ander plek:
 - Holocaust en Nazi's se uitwissing van op 6 miljoen Jode:
 - → het die vasberadenheid van die Sioniste vergroot om Brittanje te dwing om onafhanklike grondgebied in die Midde-Ooste af te staan
 - → Weste was meer simpatiek teenoor die Sionistiese saak.
- 1946: Irgun (Joodse gewapende groep), gelei deur Menachem Begin, het die Britse militêre HK in Jerusalem opgeblaas = meer as 100 mense is dood.
 - Brittanje het die probleem aan die VN oorgegee
- April 1947: VN het die Palestynse vraagstuk ondersoek:
 - → VN-skeidingsplan (vroeë 1948)
 - = meer as die helfte van Palestina is aan die Joodse staat gegee.

Palestynse en hul Arabiese bondgenote het die VN-skeidingsplan verwerp.
Burgeroorlog het uitbreek.

- 14 Mei 1948: David Ben Gurion het Israel as 'n staat verklaar, geskoei op die VN-plan.
 - rerken deur die Westerse lande en die Sowjetunie
 - 'n militêre koalisie van sewe Arabiese lande het oorlog teen Israel verklaar
 - → 1948-oorlog.

3 Die 1948-oorlog

Die burgeroorlog het verander in 'n oorlog tussen soewereine (onafhanklike) state.

- 'n amptelike telegram van die Liga van Arabiese state (die Arabiese Liga) het hul doel duidelik gemaak:
 - = om 'n “Verenigde Staat van Palestina” te skep, in die plek van die Joodse en Arabiese VN-plan (tweestaat-opsie).
- Gevegte = meestal op die gebied van die Britse mandaat, die Sinaï-skiereiland en die suide van Libanon:

- = Arabiese magte (Libanon, Sirië, Irak, Egipte, Jordanië) + Arabiese vrywilligers (Saoedi-Arabië, Libië, Jemen) teen die Israeliese weermag en die weerstand van talle kibboetse.
- Krag van die Israeliese weermag = is versterk met die daaglikse aankoms van duisende Joodse mense van die diaspora.
- 1949: oorlog was verby
 - → Israel het afsonderlike wapenstilstande onderteken met Egipte (24 Februarie), Libanon (23 Maart), Jordanië (3 April) en Sirië (20 Julie).
 - so is die grondgebied van Israel met meer as 'n derde vergroot teenoor die VN se verdelingsplan.



Verenigde Nasies-kommissies	VN se Algemene Vergadering
● het skietstilstand gemonitor ● toesig gehou oor die wapenstilstand-ooreenkomste ● gekeer dat geïsoleerde voorvalle toeneem ● en ander VN-vredesbewaringsoperasies in die streek ondersteun	● het Resolusie 194 in Desember 1948 goedgekeur ● → het verklaar dat vlugteling wat wou terugkeer en in vrede met hul bure wou leef, as deel van die vredesooreenkoms toegelaat moes word om dit te doen. ● MAAR: sekere dele van die resoluie is nooit geïmplementeer nie ● = Palestynse vlugtelingkrisis.

4 Hoe verskil die Palestyne en Israeli's se perspektiewe oor die 1948-oorlog?

Die Israeliese weergawe	Die Arabiese weergawe
Palestynse aanvalle het gelei tot selfverdedigingstrategieë, bv. Hagana	Brittanje is direk verantwoordelik vir die Arabiese marginalisering in Palestina.
Die oorlog het in November 1947 begin toe Palestyne Britse instellings en Joodse setlaars aangeval het.	Brittanje het Joodse immigrasie en die Hagana ondersteun, asook Joodse militante opgelei.
Daar was internasionale steun vir die staat Israel ná die mislukking van die VN-skeidingsplan.	VN-resolusie was onregverdig; meeste grond is aan die Jode toegeken.
Israel het vir onafhanklikheid baklei nadat hulle die Arabiese koalisie oorwin het.	Joodse taktiek tydens die oorlog gelykstaande aan etniese suiwering.
Israel het geen keuse gehad nie: Veg om te wen.	Dorpe is vernietig en Palestyne is uitgedryf en verplaas → Geen vergoeding.
Ekstremistiese groepe het gruweldade gepleeg (was die uitsondering).	Palestyne as tweederangse burgers behandel; het vlugteling geword.
Israeliese aanvalle was weerwraak op Arabiese aanvalle en moord op Jode.	An-Nakba genoem: die katastrofe.

5 Breër Arabiese nasionalisme in die streek

Joodse nasionalisme


Het meer samehorig en vasberade geraak om enige Palestynse probeerslae om Israel oor te neem, te oorleef. Sekuriteit het die kernfokus geraak en militariste het blitsig teruggeslaan om Palestynse bedreigings hok te slaan.



Breër Arabiese nasionalisme

het nie ontwikkel nie: Egipte, Sirië, Irak en Jordanië het almal onafhanklik geword: meeste Arabiese state het konflik, korrupsie en faksie-struwelinge ervaar. Regering was outoritêr.


5.1 Rol van Egipte



5.1.1 Reaksie van die Weste op die Suezkanaal-krisis

- Brittanje, Frankryk en Isarel het saamgewerk
 - → Egipte ingeval.
- USSR het aangedring op die beëindiging van die besetting
 - → gedreig om Egipte te ondersteun.
- VN het druk uitgeoefen op Israel, Brittanje en Frankryk
 - → Nasser het as oorwinnaar na vore getree.

5.2 Rol van Sirië en Jordanië



Sirië was simpatiek teenoor die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO) en het hulle toegelaat om Israel uit basisse in Sirië aan te val .


5.3 Pan-Arabisme



5.4 Probleme van die Arabiese Liga

- 'n Outoritêre regerende elite wat meer op hul eie selfsugtige doelwitte gefokus was as op die behoeftes van hul mense. Arabiese eenheid was nie noodwendig die doel van die Arabiese Liga nie.
- Politieke sentimente het ook eenheid bemoeilik, bv. Saoedi-Arabië en Transjordanie was meer pro-Westers.
- Sirië en Irak het militant sosialisties geword.
- In 1964 het die Arabiese Liga die stigting van die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO) gefasiliteer:
 - Yasser Arafat was die eerste PLO-leier
 - Die PLO het by die Arabiese Liga aangesluit as verteenwoordigers van die Palestyne.

6 Die vraagstuk van Palestina



Die vraagstuk van Palestina het ontwikkel in streeksoorloë wat baie Arabiese lande betrek het. Daar was 'n reeks konflikte tussen die state in die streek en dwarsdeur die 20ste eeu. Baie Palestyne is verskuif, wat meer druk geplaas het op die VN se Vluchtelingkommissie. Meer onlangs het mense meer simpatiek teenoor die Palestyne geraak en die noodsaaklikheid begin sien vir nasionale selfbeskikking vir die Palestyne. Indien die probleem nie opgelos word nie, kan dit lei tot wêreldwye konflik.

7 Die Arabies-Israeliese konflik

Die erkenning van die Israeliese staat in 1948 het die Midde-Ooste in 'n voortslepende Arabies-Israeliese konflik gedompel wat al baie lyding en skade veroorsaak het en die potesiaal het om as katalisator te dien vir 'n grootskaalse oorlog wat internasionale gevolge sal hê.

7.1 Vluchteling

Die 1948-oorlog het 'n vluchtelingbevolking van meer as 'n miljoen Palestynse mense in vluchtelingkampe rondom Israel veroorsaak

- Toestande in die kampe = verskriklik, maar
 - die meeste mense het geglo dat hulle nie lank daar sou bly nie.
 - Toe die staat van Israel homself begin ingrawe, was dit duidelik dat dit nie die geval sou wees nie.
 - Sekere gesinne het na ander lande gemigreer, maar duisende het gebly.
- Gasheerlande het nie die hulpbronne gehad om te voorsien in hul behoeftes nie, en die armoede en lyding het vererger.
- Militante gewapende groepe het uit hierdie vluchtelingkrisis ontstaan en begin om aanvalle op Israeliese teikens te loods.
 - Belangrikste een = Al Fatah (in 1958 deur Yasser Arafat gestig)
 - doel = vestiging van 'n Palestynse staat.
- Botsings tussen strydende Palestynse groepe: bedreig veiligheid van gasheerlande.
 - → Gevolglik, bv. in 1970, het die Jordaniëse leër PLO-kampe in Jordanië aangeval wat die dood van 30 000 vluchteling veroorsaak het.
 - Baie het na Libanon gevlug
 - = het die middelpunt van die Palestynse weerstand geraak.

7.2 Die oorlog van 1967

Ná die Suez-krisis het Israel en die Arabiese nasies hul gewapende magte opgebou met die hulp van onderskeidelik die VSA en die Sowjetunie..

- Nasser begin praat oor 'n oorlog met Israel om Sionistiese staat te vernietig.
- Die Amerikaanse 6de Vloot het permanent die oostelike Middellandse See gepatrolleer om die konserwatiewe Arabiese koninkryke en Israel te beskerm.
 - Spanning = hoog.
- 1967: Egipte, Jordanië, Sirië en Irak het 'n militêre alliansie onderteken:
 - → het begin om hul magte langs die Israeliese grense op te bou
 - → Al Fatah-aanvalle = is verhoog
 - Israeli's oortuig = 'n teken van 'n aanvalsplan → besluit om eerste aan te val.
- 5 Junie: Israeli's het begin met 'n verrassingslugaanval op Egipte, Jordanië en Sirië
 - → het die lugmagte van al drie lande vernietig (Egipte het bv. 286 van hul 340 oorlogsvliegtuie verloor).
 - Sonder lugsteun was die Arabiese leërs kwesbaar.

7.2.1 Die uitslag van die 1967-oorlog

In ses dae het die Israeliese weermag die Arabiese gewapende magte en besette Arabiese grondgebied op die Golan-hoogland, die Wesoewer van die Jordaanrivier, die Gasastrook en die hele Sinaï-skiereiland verpletter.

- Dit het die grondgebied wat Israel beset het, vergroot.
- Israeliese leiers het verseker gevoel van VSA steun → geweier om die besette gebiede terug te gee. Arabiese woede het toegeneem en die Arabiese lande die ondersteuning van nuwe onafhanklike lande gewen.
- Die VN het Resolusie 242 uitgereik
 - → het geëis dat Israel alle bewoonde gebiede teruggee
 - in ruil sou die Arabiese lande Israel erken.
 - Israel het dit gesteun op voorwaarde dat die Arabiere dit ook doen.
 - → Maar die Arabiese lande en baie VN-lidlande het aangedring op onvoorwaardelike onttrekking.



- Palestynse vlugtelingkampe in veral Jordanië is oorstroom met 'n verdere 400 000 vlugteling
- toestande = selfs nog meer desperaat.
- Die PLO en Al Fatah het geswaai na meer desperate terreurmetodes
 - kaping van vliegtuie
 - aanvalle op gewone Jode
 - Israeliese atlete by die Olimpiese Spele in München vermoor.

Teen die einde van die 1967-oorlog het 'n ongemaklike wapenstilstand gevolg.

7.3 Die Joom Kippoer-oorlog van 1973

Ná die 1967-oorlog het Egipte en Sirië meer gesofistikeerde wapens gekry en hul lugmagte herbou.

- 1973: verrassingsaanval op 'n Joodse godsdienstige vakansiedag (Joom Kippoer)
 - = Egiptiese troepe het die Sinaï-skiereiland beset en Siriese troepe die Golan-hoogland.

7.3.1 Die uitslag van die Joom Kippoer-oorlog van 1973

Ná drie weke van intense gevegte (met tegnologies gevorderde missiele), en met die hulp van die Amerikaanse weermag en lugmag, het Israel die invalsmagte teruggedwing.

- Swaar verliese aan die Israeliese kant.
- Arabiese olieproduserende lande het gedreig om voorrade te weerhou van lande wat Israel ondersteun het.
- Die VSA en die VN het haastig 'n wapenstilstand georganiseer.
 - = was die laaste volskaalse oorlog tussen Israel en hul Arabiese bure. Die koste van nog 'n oorlog op hierdie skaal is nou te hoog vir albei kante.

7.4 Intifada

Die jare 1967–1987 was gespanne en moeilik. Israel het die oorblywende dele van Palestina beset, waaronder groot Arabiese bevolkingsgroepe op die Wesoewer, Gasa en die Golan-hoogland.

- Militante Palestynse gewapende groepe = is opgestel om Israel te infiltreer en guerrilla-aanvalle binne Israel en missiel-aanvalle van buite te begin.
 - → Israeliese weermag het gereageer = met meer gewelddadige vergelding, insluitend die bombardering van vlugtelingkampe en sluipmoorde op Palestynse leiers.
- Israeliese heerskappy in die besette gebiede het aanvanklik voordele gehad, bv.
 - toegang tot werksgeleenthede
 - universiteite is gebou.
 - → Hierdie beleid is ná die Joom Kippoer-oorlog beëindig.
 - Israeliese heerskappy is ten sterkste deur die Palestyne afgekeur.
- Israeliese regering begin om Palestina se grondgebied te konfiskeer om Joodse nedersettings te vestig + maak seker hulle nooit weer die grond hoef terug te gee nie.
- Dit het water na die nuwe Israelitiese nedersettings herlei.
- Palestynse Arabiere was ingehok in hul eie gemeenskappe, omring deur heinings en militêre beheerpunte waar hulle telkens verneder is as hulle daardeur beweeg het.
 - → Daar was weinig ontwikkeling in Palestynse gebiede.
 - Werkloosheid en lyding het in die Palestynse dorpe en nedersettings toegeneem.
- Desember 1987: die frustrasie van die Palestyne in die besette gebiede ontplof = 'n opstand wat bekend staan as die eerste Intifada:
 - Israeliese soldaat het met sy voertuig in 'n Palestynse motor vasgery → al die insittendes is dood = vonk vir die eerste Intifada.
 - Binne weke het volksprotes in al die gebiede uitgebreek.
 - → Jeugdiges, vroue en kinders het met klippe en bottels teen die Israeliese gewapende soldate baklei.
 - Die beelde van die geweld het die Israeli's skaam gemaak → soldate is met knuppels uitgereik.
 - → Brutale aanrandings het plaasgevind, en duisende het gebreekte bene opgedoen en is selfs dood.
 - Later het die Intifada 'n meer beplande en revolusionêre karakter gekry:
 - → honderde “volkskomitees” is opgestel = 'n soort alternatiewe regering in die besette gebiede.
 - Israeliese belastings en winkels is geboikot
 - hulle het opgehou werk vir Israeliese maatskappye.
 - sommige het kontak gemaak met Al Fatah en ander revolusionêre groepe vir militêre opleiding en wapens.
 - Nuwe gewapende groepe het te voorskyn gekom (bv. Hamas = die gewapende vleuel van die Moslem-broederskap in Palestina).
- Gewapende aanvalle teen Israeliese soldate en setlaars het plaasgevind.
- Israel het met 'n ystervuis-onderdrukking gereageer.

Teen 1993 het die eerste Intifada tot 'n einde gekom. Israeliese troepe het 'n geskatte 1 100 Palestyne doodgemaak en Palestyne het 164 Israeli's doodgemaak. Palestyne het ook 'n geskatte 1 000 ander Palestyne as vermeende medewerkers doodgemaak. As 'n gevolg van die Intifada het Palestynse selfvertroue en trots op hul eie pogings toegeneem. Hulle was nie meer afhanklik van naburige Arabiese state nie.

- Internasionale veroordeling van die Israeliese brutaliteit het nuwe druk op Israel geplaas om 'n vredeskikking te probeer bereik..
- Daar was 'n nuwe geleentheid en dringendheid aan albei kante om dialoog te verken.

8 Vredesprosesse tot 2000

In 1979 het Israel en Egipte 'n vredesverdrag genaamd die Camp David-ooreenkoms onderteken. Dit het twee belangrike ooreenkomste bevat:

- Egipte het ooreengekom om die staat van Israel te erken, en die Sinaï-skiereiland is aan Egipte teruggegee.
- Die beskrywing van 'n politieke skikking van die Palestynse kwessie, geskoei op 'n outonome Palestynse staat naas Israel in Palestina.



- Die PLO en hul bondgenote het die ooreenkoms verwerp.
 - → Maar binne Israel én die PLO het verdelings begin ontstaan:
 - diegene wat wou voortgaan met geweld
 - diegene wat bereid was om opofferings te maak om vrede te bewerkstellig.
- Die Intifada het die vredesproses ontwig, maar nadat dit bedaar het, het leiers aan albei kante die moontlikheid van onderhandeling ingesien.
 - → 1988: die PLO het die bestaansreg van Israel erken.
 - → , ná jare van delikate onderhandelings, het die PLO en die Israeliese leiers die Oslo-ooreenkoms in Oslo, Swede, onderteken .

Die Oslo-ooreenkoms

- 'n raamwerk vir die toekomstige verhoudings tussen die twee partye = wat ooreengekom het op die daarstelling van 'n Palestynse Nasionale Owerheid (PNA) oor dele van die Wesowewer en die Gasastrook. In hierdie gebiede sou die:
 - Israeliese weermag = onttrek
 - PNA = verantwoordelik wees vir die administrasie van die gebiede.
- Hierdie ooreenkoms het veronderstel dat dit 'n tydelike reëling van ongeveer vyf jaar sou wees, waartydens die werklike moeilike kwessies opgelos kon word.

8.1 Ná die Oslo-ooreenkoms

- Alle daaropvolgende onderhandelings het misluk.
 - In Israel het bang kiesers konserwatiewe onversetlike nasionalistiese regerings gekies.
 - → Israeli's het aangedring op voorwaardes wat die Palestyne onder geen omstandighede sou kon aanvaar nie.
 - Palestynse nasionalisme het ook verhard.
 - → As 'n gevolg daarvan is daar sedert 2000 'n tweede Intifada, gevolg deur verskerpte konflik, insluitend vernietigende Israeliese lugaanvalles.



VREDE LYK BAIE ONWAARSKYNLIK.

Van die Goudkus tot Ghana

Kernvraag: Hoe het die opkoms van nasionalisme in Ghana tot onafhanklikheid gelei?

1 Vroeë nasionalisme in die Goudkus

1.1 Impak van kolonialisme op die Goudkus

Teen 1901 was die hele Goudkus 'n Britse kolonie, met die koninkryke en stamme 'n eenheid en onder 'n enkele gesag. Daar was drie vroeë impakte:

- Welaf en opgevoede Afrika-prokureurs, -dokters, -onderwysers en -handelaars het langs die kus in kommersiële dorpe gewoon:
 - Engels gepraat
 - Eerste koloniale regering verwelkom, met die hoop dat dit hulle in staat sou stel om 'n moderne ekonomie en samelewing in die Goudkus te bou.
- Goudkus was nie 'n setlaarskolonie nie
 - → ekonomie was gevestig op 'n paar goudmyne en groot getalle tradisionele kakaoboere wat gewoon het op grond wat onder beheer van tradisionele hoofmanne was.
- Ten einde arbeid te kry vir die goudmyne en om boere te kry om kakao te plant, het die Britte staatgemaak op die samewerking van die invloedryke hoofmanne.
- Hierdie drie impakte (ryk elite; groot getalle plattelandse boere; vestiging van invloedryke hoofmanne) het drie gevolge gehad wat gehelp het om die grondslag te lê vir nasionalisme en uiteindelik tot onafhanklikheid sou lei:

- Die koloniale regering het die aspirasies van die opgevoede elite geïgnoreer ten gunste van die beleidsrigtings wat die hoofmanne versterk het.
 - → Die elite het hulself beskou as lede van 'n nuwe Goudkus-elite, afsonderlik van hul tradisionele identiteite.
 - Hulle wou regte en voorregte van Brittanje hê → dit het hulle na nasionalisme gedryf.
- Behalwe in stede, het die oorgrote meerderheid mense hulself steeds beskou as behorende tot tradisionele samelewings, nie enige vorm van “nasie” nie.
- Verandering was aan die plaasvind, en die hoofmanne en ander groot kakaoboere het baie arm boere van die grond af gedwing na die myndorpe en -stede waar hulle 'n arm, grondlose, stedelike werkersklas gevorm het wat oop was vir nuwe Afrika-nasionalistiese idees

1.1.1 Vroeë nasionalisme onder die opgevoede elite

Teen die einde van die 19de eeu het 'n groeiende aantal opgeleide Afrikane kolonialisme onaanvaarbaar gevind. Hulle het die politieke stelsel waar byna alle mag in die hande van die goewerneur was, verwerp.

Nasionale Kongres van Brits-Wes-Afrika (NCBWA)

- 1912: JE Casley-Hayford en dr. Akiwande Savage wou die solidariteit en verbintenis wys tussen Gambië, die Goudkus, Sierra Leone en Nigerië, wat almal onder Britse koloniale bewind was, as 'n Verenigde Brits-Wes-Afrika. In 1919 is die NCBWA gestig:
 - eerste konferensie was in Maart 1920 in Accra, met afgevaardigdes uit die vier kolonies.

Afvaardiging na Londen

- 1920: Afrikane in Ghana het 'n afvaardiging na Londen gestuur om verkose verteenwoordiging te vra. Hulle het beweer dat hulle die eensgesinde groep intellektuele en nasionaliste in Brits-Wes-Afrika verteenwoordig:
 - is geïnspireer deur Marcus Garvey se terug-na-Afrika-beweging
 - gevra vir die bevryding van "Negers" regoor die wêreld en dat hulle beheer oor hul eie lot neem.
 - Sy idees = 'n mengsel van nasionalisme en godsdiens:
 - Hy het die eenheid van swart mense bepleit, trots in die swart kultuur, erfenis en outonomie.
- Die koloniale kantoor wou nie die afvaardiging ontvang nie (die Britse owerhede het gesê dat dit net die belange van 'n groepie verstedelike Afrikane verteenwoordig):
 - → maar sy optrede het gelei tot baie steun onder die Afrika-elite tuis


Elitistiese vooroordeel

- Die afvaardiging het daarop aangedring dat hulle lojaal aan die Britse kroon was, en het beklemtoon dat hulle slegs verkose verteenwoordiging op die Wetgewende Raad (die liggaam wat die Goudkus beheer het) wou hê in teenstelling met 'n stelsel waar die goewerneur die lede van die raad aanstel.
- Hierdie intellektuele leiers het die nasionalistiese beweging 'n elitistiese vooroordeel gegee wat tot in die laat 1940's geduur het.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die NCBWA hulle nie in dié stadium met die lot van die grondlose en stedelike armes in Ghana geassosieer het nie.

In die 1930's het 'n nuwe gees in die nasionalistiese beweging van Wes-Afrika ontwikkel. Soos die werkersklas meer radikaal begin word het, het die elite en die intellektuele hul nasionalistiese strewe na sosialisme verskuif.


- Die Groot Depressie, wat in die VSA begin het, het wêreldwyd versprei en politieke ontwikkeling in die Goudkus versnel:
 - verlies aan werksgeleenthede en armoede het mense gereed gemaak vir aksie
 - Vakbondwese het onder stedelike werkers versprei
- Daarbenewens het opgeleide verwesterse Goudkus-elite gou by die stryd betrokke geraak:
 - → het die onafhanklikheidsbeweging tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog oorheers.

1.2 Weerstandtaktieke




1.3 Vakbondbewegings


Solidariteit het ook onder die werkers in die Goudkus ontwikkel:



2 Die Tweede Wêreldoorlog: Invloed op nasionalisme



Onmiddellike gebeure in die Goudkus:



3 Massabewegings ná die Tweede Wêreldoorlog


Die mense van Ghana het begin optree om onafhanklikheid te bereik.

- 1945: militante stakings in groot nywerhede, soos die dok-, pos- en spoorwegwerkers in Britse kolonies, waaronder die Goudkus
- 1948: 2 000 oudsoldate het vreedsaam opgeruk na die Britse goewerneur se woning in Accra om te protesteer teen lae oorlogspensioene en die gebrek aan werkseleenthede vir die terugkerende dienspligtiges.
 - → Die Britse polisiebevelvoerder was paniekbevange en het twee betogers geskiet. Die skare wou nie geweld hê nie en het omgedraai.
- Betekenis: Dit het woede en frustrasie by die stedelike armes ontketen, sowel as die laer vlakke van staatsamptenare.


- Daar was gewelddadige onluste in baie Goudkusdorpe wat dae lank aangehou het.
- Eiendom wat aan buitelandse maaskappye behoort het, is geplunder. Altesame 29 mense is dood en 237 is gewond.
- Die skuld vir die onluste is verkeerdelik op die UGCC geplaas:
 - Nkrumah ('n jong nasionalis wat uit die buiteland teruggekeer het), Danquah en vier ander leiers is in hegtenis geneem..

Sonder enige organisering is die onluste onder bedwang gebring.

4 Kwame Nkrumah, Pan-Afrikanisme en Afrika-sosialisme



4.1 Kwame Nkrumah se rol in die onafhanklikheidsstryd van die mense van Ghana



5 Kwame Nkrumah se presidentskap: Suksesse en kritiek:

Suksesse:

- In Maart 1957 het die Goudkus en die Britse trustgebied Togoland die onafhanklike staat Ghana geword.
- Hy het paaie, skole en gesondheidsinstellings gebou = die lewenstandaard van die mense is verbeter.
- Sy beleid van Afrikanisering = verbeter die loopbaangeleenthede van baie Ghanese.
- In 1960, ná 'n referendum, het Ghana 'n republiek geword met 'n nuwe grondwet en Nkrumah as president.
 - Hy het wye uitvoerende en wetgewende magte gehad en met 'n veldtog begin vir Afrika-onafhanklikheid regoor die vasteland en politieke solidariteit tussen Afrika-state.

Kritiek:

- In 1958 het sy regering aanhouding sonder verhoor van individue wat beskou is as veiligheidsrisiko vir die staat gewettig.
 - → het 'n outoritêre styl van leierskap en bestuur gehad en het enige kritiek van sy regering verwerp

- Binne twee jaar het hy kontak verloor met die ekonomiese realiteit van goeie regeringsbestuur, en het hy baie duur en onsuksesvolle skemas aangepak.
 - → Die buitelandse skuld van sy land het ekonomiese ontwikkeling gekelder.
 - Hy het in 1961 die Tweede Ontwikkelingsplan van 1959 laat vaar weens geldelike tekorte.
 - Arbeidsonrus het verhoog en 'n algemene staking het in September 1961 plaasgevind.



- Hy het selfs 'n strenger beleid van beheer in Ghana begin volg deur die radio, televisie en media te beheer.
- Hy het al hoe meer na kommunistiese lande gedraai vir ondersteuning.
- Ná 'n poging tot moord op sy lewe in 1962 was hy meer afgesonder en uit die openbare oog.
 - → 'n Kultus het om die persoon van Nkrumah ontwikkel:
 - Ondanks sy tekortkomings het talle mense hom as 'n heilige of Messias beskou.
- Sy regering het die grootte van die veiligheidsmagte in Ghana vergroot om beheer te handhaaf.
 - → Teen 1964, Ghana = 'n eenpartystaat
 - Nkrumah = verklaar as lewenslange president van die Ghanese nasie en party.
- Korrupsie was aan die orde van die dag in Nkrumah se regering terwyl hy sy aandag gefokus het op die opvoeding van 'n nuwe generasie politieke aktiviste in Afrika.
 - → Teen 1966 het sy land 'n ekonomiese krisis in die gesig gestaar wat gekenmerk is deur voortdurende voedseltekorte

Die einde van Nkrumahse politieke loopbaan:

- In 1966, terwyl hy op besoek in China was, het die weermag en die polisie Nkrumah in 'n militêre staatsgreep omvergewerp.
 - Nkrumah het asiel gevra in Guinee.
 - Hy het in 1972 in Boekarest aan kanker beswyk.

Die positiewe en negatiewe aspekte van nasionalisme

Kernvraag: Wat is die positiewe en negatiewe aspekte van nasionalisme?

1 Debatte oor nasionalisme

1.1 Die positiewe en negatiewe aspekte van nasionalisme: Nasionalisme en vryheidstryd vs. nasionalisme en onderdrukking


Gevallestudies het gewys hoe nasionalisme gebruik kan word om:

- gebroke en gefragmenteerde samelewings te verenig
 - → Afrika-nasionalisme in Suid-Afrika tot en met 1994
 - → Ghana voor onafhanklikheid
- ander uit te sluit en teen hulle te diskrimineer of hulle te viktimiseer
 - → Nazisme
 - → Afrikanernasionalisme
- konflik te laat voortbestaan deur 'n onwilligheid om kompromieë oor nasionale identiteit aan te gaan
 - → Palestina/Israel.

Inklusiewe nasionalisme	Eksklusiewe nasionalisme
● Nasionalisme en vryheidstryd teen onderdrukking lei tot demokrasie, menseregte en vryheid, bv. ● SA en Ghana. ● Die doel is om 'n gesonde gevoel van nasionale gemeenskap te skep onder mense van diverse etniese, godsdienstige en rasse-agtergronde. ● Diversiteit en menseregte word in die staat gerespekteer. ● Nuwe simbole word aanvaar as deel van die “nuwe” nasie ● + voormalige onderdrukkers word as gelyke burgers aanvaar in die nuwe nasionale identiteite wat gesmee word.	● Nasionalisme en vryheidstryd verenig 'n spesifieke groep en oorheers ander groepe, bv. ● Afrikanernasionalisme en Sionisme. ● Dit kan lei tot ongeregtigheid wanneer een groep 'n gebied vir eksklusiewe bewoning beheer, bv. ● e.g. die konflik tussen twee mededingende nasionalismes in Israel. ● Die onderdrukte groep het geen menseregte nie. ● Eksklusiewe simbole word in stand gehou om eksklusiewe identiteit te simboliseer. ● Konsentrasie van mag ten koste van ander groepe.

2 Uitsluiting, xenofobie (vreemdelingehaat), oorlog en etniese suiwering (Oos-Europa ná 1990)

- In 1990 het die ineenstorting van kommunisme in die USSR gelei tot 'n nasionalistiese stryd deur die hele Oos-Europa.
- Baie nuwe onafhanklike state is gevorm waar burgers deel kon wees van die regering.
- Maar die vernietigende kant van nasionalisme was ook aanwesig, bv.
 - →Bosnië in 1992.



Uiteindelik, met behulp van lug- en grondmagte wat deur die Verenigde Nasies gemagtig is, kon die Bosniërs die invallers uit Bosnië verdryf.

Opsomming en vrae

Opsomming van Onderwerp 4

Eenheid 1: Wat is nasionalisme?

- Nasionalisme die gevoel is van aan 'n volk behoort en dat nasionalisme met verloop van eeue ontwikkel het van die vroegste gemeenskappe (afstammelinge, stamme, ens.) tot by die stigting van koninkryke en na mense wat in opstand gekom het daarteen om nasies te skep waarin hulle hul regte en eiendom kon besit.
- Die draaipunt in die opkoms van nasionalisme en die ontwikkeling van nasies in Europa plaasgevind het met die 1830- en 1848-revolusies en die eenwording van Duitsland en Italië.

Gevallestudie 1: Suid-Afrika

- In die gevallestudie oor Suid-Afrika het jy die opkoms van twee vorme van nasionalisme bestudeer:
 - Afrika-nasionalisme – wat inklusief was in die wyse waarop dit mense uit verskillende sosiale en kulturele agtergronde verenig het om op te staan teen apartheid
 - Afrikanernasionalisme – wat eksklusief was omdat dit probeer het om Afrikaanssprekendes te verenig in 'n volk en swart mense aan hulle te onderwerp.
- Ten einde die opkoms van Afrika-nasionalisme te begryp, het jy geleer oor:
 - die verskillende organisasies wat gestig is (bv. die APO en die SANNC/ANC)
 - faktore wat Afrika-nasionalisme beïnvloed het (bv. die Atlantiese Handves)
 - gebeurtenisse wat veral swart mense onder die vaandel van Afrika-nasionalisme verenig het (bv. die Uitdagingsveldtog en die Sharpeville-slagting).
- Toe jy die opkoms van Afrikanernasionalisme bestudeer het, het jy gesien dat dit voortgedryf is deur:
 - 'n oortuiging dat die Afrikaner God se uitverkore volk is wat regeer in die beloofde land – Suid-Afrika
 - maatskaplike, kulturele, ekonomiese en taalbewegings wat gehelp het om Afrikanernasionalisme te bevorder, wat gelei het tot die verkiesingsoorwinning van die Nasionale Party in 1948 en die verskansing van apartheid
- Ten slotte het jy ondersoek, hoe deur die koestering van 'n inklusiewe soort nasionalisme, nasionale versoening en nasiebou moontlik was ná 1990 en die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994.

Opsomming en vrae

Gevallestudie 2: Die Midde-Ooste

- In hierdie gevallestudie het jy gekyk na die opkoms van die Arabiese (Palestynse) en Joodse nasionalisme.
 - Jy het gesien hoe die Turkse (Ottomaanse) onderdrukking van die Arabiere, die Jodeslagting (Holocaust), die Balfour-verklaring en die VN-verdelingsplan 'n rol gespeel het in die bevordering van 'n verdelende nasionalisme in die Midde-Ooste.
 - Hierdie verdeeldheid het gelei tot die voortslepende Arabies-Israeliese konflik omdat albei nasies eksklusiewe “eienaarskap” van die politieke outonomie oor dieselfde geografiese gebied wou hê.

Gevallestudie 3: Van Goudkus tot Ghana

- Hierdie gevallestudie het die verenigende krag van nasionalisme wat ontwikkel het rondom ideale soos vryheid of gelykheid geïllustreer.
- Dit het ook geïllustreer hoe so 'n nasionalisme, indien dit nie in toom gehou word deur balansering van magte (soos 'n sterk opposisieparty) nie, tiranniek en korrupt kan word.
 - Om tot hierdie begrip te kom het jy die opkoms van nasionalisme vanaf die einde van die 19de en die vroeë 20ste eeu, toe organisasies soos die ARPS en NCBWA gestig is, nagespeur.
 - Jy het gekyk na die invloed van Pan-Afrikanisme op die opkoms van nasionalisme in die Goudkus en hoe dit die ideologie van Nkrumah se CPP ondersteun het.
 - Jy het gesien hoe sterk hierdie soort vereniging van nasionalisme kan wees, wat Nkrumah in 1957 in beheer geplaas het, maar ook gesien hoe vinnig dit kan onderdruk en korrupteer, en die gevolglike omverwerping van die CPP in 1966.

Opsomming en vrae

Vrae vir Onderwerp 4

GEVALLESTUDIE 1: Mededingende nasionalismes in Suid-Afrika

Vraag 1:

Definieer die volgende terme en konsepte in die konteks van die tema van nasionalisme:

- | | |
|-------------------|--------------------|
| a kolonialisme | f Garveyisme |
| b nasionalisme | g Neo-kolonialisme |
| c pan-Afrikanisme | h Afrikaniste |
| d Afrikanisering | i Uhuru |
| e Selfbeskikking | j assimilasië |

Vraag 2:

Verduidelik die verskil tussen inklusiewe en eksklusiewe nasionalisme. Sê watter een is meer vernietigend en hoekom.

Vraag 3:

Verduidelik hoekom dit so moeilik was vir Suid-Afrikaners om inklusiewe nasionalisme voor 1994 te ontwikkel. Verwys na die impak van elk van die volgende aspekte as deel van jou antwoord:

- kolonialisme
- segregasie
- diskriminerende wetgewing
- 1910: selfregering vir wit mense
- industrialisering
- apartheid (gedwonge skeiding)
- onderdrukkende wetgewing
- optrede van die SAP en SAW
- totale strategie
- versoening.

Vraag 4:

Vergelyk Afrika- en Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika gedurende die 20ste eeu tot 1994 en dui aan watter een van die twee meer eksklusief was.

Vraag 5:

Verduidelik hoekom Afrika-nasionalisme in Suid-Afrika amper veertig jaar geneem het om 'n massabeweging te word.

Opsomming en vrae

GEVALLESTUDIE 2: Mededingende nasionalismes in die Midde-Ooste

Vraag 6:

Soek pasmaats in kolom B vir die items in kolom A::

Column A	Column B
1 Sionisme	A Brittanje het Palestina in 1920 bygekry ná die oorwinning oor die Turke
2 volksmoord	B 'n Selfverdedigingseenheid in Libanon
3 fedayeen	C Sioniste in Palestina
4 diaspora	D Die Joodse militêre vleuel gedurende die mandaatheerskappy
5 Irgun	E 'n Nasionalistiese en politieke beweging wat in 1897 gevorm is om 'n nasionale tuisland vir die Jode tot stand te bring
6 Haganah	F 'n Gewapende radikale Israeliese groep wat die Britse instellings in die 1930's aangeval het
7 mandate	G Palestynse soldate wat aanvalle op Israel uit die vlugtelingnedersettings en kampe doen
8 Yishuv	H Die verspreiding van Jode dwarsoor die wêreld
9 Hamas	I 'n Islamitiese weerstandsbeweging
10 Intifada	J Die massa-uitwissing van 'n groep
	K 'n Gewapende opstand van die Palestyne teen Israeliese beheer

Vraag 7:

Herrangskik die items in kolom B om by die datums in kolom A te pas.

Column A	Column B
1 1897	A Liga vestig mandaat in Palestinae
2 1917	B Israel verklaar onafhanklikheid
3 1920	C VN-skeidingsplan verwerp deur Arabiere en Jode
4 1931	D Suezkrisis
5 1947	E Irgun gestig
6 1948	F Joom Kippoer-oorlog
7 1949	G Eerste Sioniste-konferensie in Switserland
8 1956	H Sesdaagse Oorlog
9 1967	I Balfour-verklaring
10 1973	J Jerusalem tot 'n Israelies-beheerde stad verklaar
	K Israel as 59ste lidland tot die VN toegelaat

Opsomming en vrae

Vraag 8:

Verwys na die drie kaarte op die volgende bladsy en beantwoord die vrae onderaan:



- 8.1 Verduidelik kortliks hoe die Onafhanklikheidsoorlog en die Sesdaagse Oorlog gelei het tot die gebiedsveranderings op die kaarte.
- 8.2 Identifiseer die volgende plekke op die kaarte en verduidelik hulle betekenis:
 - 8.2.1 Jerusalem
 - 8.2.2 Wesoewer van die Jordaan
 - 8.2.3 Golf van Akaba
 - 8.2.4 Suezkanaal en
 - 8.2.5 Gasa
- 8.3 Hoe weerspieël die drie kaarte die botsende nasionalismes in die Midde-Ooste in dié tydperk?

Opsomming en vrae

Vraag 9:

Die onderstaande aanhalings het betrekking op nasionalisme. Lees hulle sorgvuldig en beantwoord dan die vrae:

Aanhaling 1:

"Die diaspora eindig en almal kom, dit maak nog nie 'n nasie nie, maar 'n gemengde menigte en stof van die mens, sonder taal en opvoeding, sonder wortels. Om dié stof van die mens te verander na 'n beskaafde nasie is geen maklike taak nie."

– David Ben Gurion

Aanhaling 2:

"Die essensie van Sionisme, of Joodse nasionalisme, is dat Jode oral – ongeag waar hulle bly, ongeag hul godsdienstige uitkyk en ongeag hul burgerskap – lede van die Joodse 'volk' of 'nasie' is, aan wie alle Jode 'n primêre lojaliteit en trou verskuldig is."

– Mark Weber, Instituut vir Geskiedkundige Oorsig, April 2009

Aanhaling 3:

3A

"Ons sal optree om Arabiese solidariteit te bereik en die saamstaan van kante wat uiteindelik 'n einde aan Israel sal maak...ons sal haar likwideer..."

– President Nasser van Egipte, April 1964

3B

"Ons sweer tot God dat ons nie sal rus totdat ons Arabiese nasionalisme in Palestina en Palestina vir die Arabiese nasie herstel het nie. Daar is geen ruimte vir imperialisme nie en daar is geen ruimte vir Brittanje in ons land nie, net soos daar geen ruimte vir Israel in die Arabiese nasie is nie."

– Toespraak deur Nasser by San'a, 17 Augustus 1961

- 9.1 Hoe help hierdie aanhalings om te verstaan hoekom dit so moeilik is om vrede in die Midde-Ooste te bereik?
- 9.2 Is daar enige positiewe aspek aan die nasionalistiese houdings wat hier weerspieël word? Verwys na die leidrade in die aanhalings vir jou antwoord.

Opsomming en vrae

Vraag 10:

Lees deur die onderstaande gedeelte, geskryf deur rabbi Menachem Mendle.

Onverdraagsaamheid is die kern van die bose.

Nie die onverdraagsaamheid wat ontstaan uit enige bedreiging of gevaar nie.

Maar onverdraagsaamheid van 'n ander wese wat dit durf waag om te bestaan.

Onverdraagsaamheid sonder oorsaak. Dit is so diep binne-in ons, omdat elke mens heimlik die hele heelal vir homself begeer.

Die enigste uitweg is om deernis te leer sonder oorsaak. Om te sorg vir mekaar net omdat die “ander” bestaan.

Watter maniere stel Mendle voor om die vernietigende nasionalisme in die Midde-Ooste te beëindig?

GEVALLESTUDIE 3: Nasionalisme in die Goudkus

Vraag 11:

Die volgende aanhalings is van Nkrumah, die eerste president van 'n onafhanklike Ghana:

- “Ons verkies selfregering met gevaar bo slawerny in rustigheid.”
- “Ons het die reg om te lewe soos mense.”
- “Ons het die reg om onself te regeer.”
- “Soek julle eers die politieke koninkryk, en alle ander dinge sal vir julle gegee word.”
- “Ekonomiese eenheid om doeltreffend te wees, moet vergesel word van politieke eenheid. Die twee is onafskeidbaar, elkeen is nodig vir die toekomstige grootheid van ons vasteland, en die ontwikkeling van ons hulpbronne.”

11.1 Deur hierdie aanhalings van Nkrumah te gebruik, verduidelik sy nasionalistiese siening vir Ghana.


11.2 Wat was Nkrumah se nalatenskap? Het hy by hierdie doelwitte gehou? Hoekom, of hoekom nie?

Vraag 12:

Hoekom dink jy eer so baie mense in Afrika steeds vir Nkrumah ondanks sy wanbestuur en vernietigende nasionalisme?

Apartheid in Suid-Afrika: 1940's tot 1960's

Kernvraag vir Onderwerp 5: Hoe uniek was apartheid tussen die 1940's en die 1960's?



Rassisme en segregasie in die 1920's en 1930's

Kernvraag: Hoe algemeen was rassisme en segregasie in die 1920's en 1930's?

1 Wat is rassisme en segregasie?

Rassisme	Segregasie
= ideologie → mense in afsonderlike en eksklusiewe biologiese rasse ingedeel kan word. + oortuiging dat mense se ras hul persoonlikheid, intellek, moraliteit en ander kulturele gedrag bepaal + sommige rasse inherent beter as ander is.	= die gedwonge skeiding van mense in rasse-groepe in die daaglikse lewe. → gedwonge aksies wat verskillende rasse apart van mekaar dwing in alledaagse aktiwiteite, bv. om na 'n restaurant te gaan, te gaan fliek of skool by te woon.

2 Rassisme en segregasie in die 1920's en 1930's

- Einde 19de eeu: Idees oor ras en die “superioriteit” van die “wit” ras = verskans.
- Europese verowerings en koloniserings het 'n stewige grondslag vir rassepolarisering in baie lande gelê.

2.1 Rassisme en segregasie in Noord-Amerika

Slawerny	- rassisme was 'n belangrike element van koloniserings- en slawerny - mense van Europese oorsprong het die verskillende beklemtoon tussen hulle en diene wat se voorouers as slawe gewerk het, veral in die suide: gelei tot die Jim Crow-wette
Eugenetika	- gewild geraak deur middel van rolprente in die 1920's en 1930's - rassisme van suidelike state het na die noordelike state verskuif. - diskriminasie was ook gerig teen inheemse Amerikaners, Suid-Amerikaners en Europese immigrante
Klu Klux Klan	'n rassistiese organisasie wat teen die 1920's groter lidmaatskap getoon het - Rasse-segregasie en lynching het toegeneem, veral in die suide.



Teen 1930 is geen Asiatiese immigrante in die VSA toegelaat nie, rassisme was reeds gevestig, veral in die suidelike state, en verskille tussen politieke partye het toegeneem nadat die Demokrate die Afro-Amerikaners genooi het om by hul party aan te sluit. Ten spyte van politieke geskille, is die wetsontwerp wat lynching teengestaan het in April 1937 deurgevoer.

2.2 Rassisme en segregasie in Europa

- eugenetika-beweging gelei tot die sterilisering van sogenaamd “ongewenste” persone → Teen 1935 is steriliseringswette deurgevoer in Denemarke, Switzerland, Duitsland, Noorweë en Swede

2.3 Rassisme en segregasie in Duitsland

- Gedurende die 19de eeu rassisme = “wetenskaplike rassisme”.
 - → probeer om die mensdom ’n rasseklassifisering te gee, bv.
 - → In die 1930’s het die Nazi’s die Jode, Pole, sigeuners en ander Slawiese mense as nie-Ariërs of “mindere mense” (*Untermensch*) geklassifiseer.
 - MAAR Duitsers, as Ariërs, is gesien as ’n meerderwaardige (*Übermenschlich*) menseras.



Vir Nazi’s het hierdie rassistiese uitgangspunt beteken dat suiwer Duitsers of Ariërs die biologiese reg gehad het om ander te vervang, te elimineer en te oorheers as minderes. Gevolglik → Nazi’s ongeveer 6 miljoen Jode tydens die Holocaust vermoor.

2.4 Rassisme en segregasie in Australië

In 1901 was 98% van die mense in Australië wit. Australië wou ’n land van wit mense bly wat volgens Britse gebruike geleef het.

- → Idees van eugenetika en vrese van rasvermenging, saam met ’n begeerte om wit rassuiwerheid te handhaaf, is algemeen aanvaar.
 - Die beskawing van die Noord-Europeërs (die voorvaders van die wit Australiërs) is beskou as beter as dié van die inheemse Australiërs.
 - Baie mense het kinders van gemengde afkoms (“basters” of “halfbloede”) as ’n bedreiging vir die aard en stabiliteit van die wit Australiese beskawing beskou.
 - → daarom het wit Australiërs geglo aan ’n beleid van assimilasië of “wegteel van die swartheid”.
 - → 1920’s en 1930’s = geskend met rassisme teenoor inheemse mense. Kinders van gemengde afkoms is weggeneem van hul ouers en in wit opleidingsinstellings (sendingstasies) geplaas.
 - Dié geslag het bekend geword as die “gesteelde generasie”.

PLUS, vakbonde was gretig om die arbeidsmededinging van immigrante uit China en die Stille Oseaan-eilande te voorkom.

- → Migrasie van die groepe na “wit” Australië was ingeperk volgens die Immigrasiebeperkingswet.

Segregasie ná die stigting van die Unie

Kernvraag: Hoe het segregasie in die 1920's en 1930's die grondslag gelê vir apartheid in Suid-Afrika?

1 Hoe segregasie die grondslag vir apartheid gelê het

- Die Unie van Suid-Afrika is in 1910 gestig en het vier kolonies saamgevoeg onder 'n gesentraliseerde stelsel van selfregering.
 - = Vier kolonies, elk met 'n eie “naturellebeleid”. Hierdie vier verskillende beleidsrigtings moes met 'n eenvormige beleid vervang word.
 - Kernkwessies wat die nuwe beleid moes oplos =
 - swart eiendomsreg
 - swart mense in landelike en stedelike gebiede
 - politieke regte vir swart mense.
- → 'n Stelsel van segregasie is geïmplementeer:
 - Sommige gebiede = gereserveer vir swart mense
 - ander is uitgehou vir wit mense.
- Die eerste Unie-parlement onder Louis Botha (en Jan Smuts) het in 1913 die Wet op Naturellegrond uitgevaardig om die probleem van swart eiendomsreg in landelike gebiede op te los.
 - → Dit het een van die hoekstene van apartheid geword, wat in 1948 geïmplementeer is en in stand gehou is tot 1990.
- Die Wet op Naturelle-stadsgebiede van 1923 is uitgevaardig om instroming na stede en dorpe te beheer.
 - Stedelike gebiede in SA is as “wit” beskou en swart mense in stedelike gebiede is gesien as tydelike inwoners wat in aparte swart woongebiede onder munisipale beheer woon.
 - Alle swart mans moes te alle tye permitte (passe) dra of kon in hegtenis geneem word en teruggestuur word na 'n landelike gebied.

Afgesien van 'n paar bruin mense en sekere swart mense wat toegelaat is om op die kieserslys te bly, is die swart bevolking se reg om te stem en deel te neem aan die politiek weggeneem.

Toe JBM Hertzog in 1924 eerste minister geword het, is die gematigde “naturellebeleid” van Botha vervang en segregasie verder verskans:

- = Nuwe wetgewing om die bevoorregte posisie van wit arbeid te beskerm:
 - 1924: Die Nywerheidsversoeningswet het wetlike erkenning gegee aan wit vakbonde. 1925: Die Loonwet het die minister van arbeid in staat gestel om werkgewers te dwing om voorkeur te gee aan die aanstelling van wit werkers.
 - 1926: Die Wysigingswet op Myne en Werke → versterk kleurgrens in mynbedryf.

- Hertzog se regering het voorsiening gemaak vir meer werkgeleenthede vir wit mense deur:
 - die instelling van hoër beskermende tariewe om plaaslike vervaardiging aan te moedig
 - die oopstelling van nuwe oorsese handelsverhoudinge
 - die totstandkoming van die staatsbeheerde Suid-Afrikaanse Yster- en Staalkorporasie (YSKOR) en die SA Spoorweë en Hawens.

2 Wat was die segregasiebeleid in Suid-Afrika in die 1930's en 1940's?

Hertzog se oorname in 1924 = 'n keerpunt. Hy het geglo in

- “SA eerste”
 - Vir hom het SA slegs uit wit mense bestaan, veral Afrikaners.
- Sy segregasiebeleid = bedoel om wit mense ekonomies en polities te beskerm.

Gevolge van die Groot Depressie ná 1929 het gelei tot verhoogde migrasie van werksoekende mense na stedelike gebiede = gesien as 'n bedreiging.

- → 1932: Hertzog het 'n Naturelle Ekonomiese Kommissie opgestel → aanbeveel dat swart mense apart van wit mense moes lewe in landelike reservate, waar hulle deur moderne boerderymetodes gehelp kon word om meer produktief te wees.
- → Hertzog se regering het wette goedgekeur wat later 'n direkte invloed op apartheidswetgewing sou hê:
 - Die Naturelle-verteenwoordigingswet (nr. 12 van 1936) het beteken dat swart mense nie polities geïntegreer sou word met wit mense nie
 - Die Naturelle Trust- en Grondwet (nr. 27 van 1936) het die territoriale segregasie van die Wet op Naturellegrond (nr. 27 van 1913) verder uitgebrei
 - → het beteken dat 13% van die land aan swart mense toegeken is
 - → verskanste ongelyke segregasie van SA volgens ras
 - PLUS swart mense moes in landelike gebiede bly en sou nie beweeg na stedelike gebiede waar hulle met wit mense om arbeid sou meeding nie.
 - Die Wysigingswet op Naturellewette van 1937 het segregasie verskans deur strenger regulering van die paswette.
 - Die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk van 1941 het geëis dat fabrikeienaars werk op rassegrondslag moes toeken, aparte ontspanningsruimtes en aparte eetareas inruim.
 - Die Wysigingswet op Kieswette van 1940 het slegs voorsiening gemaak vir die verpligte registrasie van wit kiesers.

Die Nasionale Party-oorwinning in 1948

Kernvraag: Wat was die gevolge van die oorwinning van die Nasionale Party in 1948?

1 Wat was apartheid?

Hoewel Smuts eerste die woord apartheid gebruik het, het Afrikanerdenkers wat die herlewing van Afrikanernasionalisme in 1930 gelei het, die term meer algemeen begin gebruik.


- Die hoofdoel in die 1930's = verskillende rasse kon nie in vrede saamleef nie, want dit sou konflik tot gevolg hê:
 - → Segregasie en aparte ontwikkeling was die enigste weg vorentoe.

Ten 1948, toe DF Malan se Herenigde Nasionale Party die Verenigde Party onder leiding van Smuts geklop het, was SA reeds tot 'n groot mate 'n gesegregerde land.

- Die beleid van apartheid is geïnstitusioneel en segregasie is uitgebrei, wat dit meer skadelik vir die swart meerderheid gemaak het.
- Dit was vasgevang deur wette wat alle aspekte van die alledaagse lewe gedek het:
 - Beperk alle mag tot wit mense
 - Gesegregerde onderwys
 - Beskerming van wit mense in die arbeidsmark
 - Instromingsbeheer wat swart mense se beweging na die stede beperk het.
 - Daarstelling van reservate vir Afrikaners (dit was geskoei op reservate wat gedurende die koloniale tydperk bestaan het)
 - → Wit oorheersing en heerskappy is verseker deur apartheid.

2 Hoe verskil apartheid van segregasie?

2.1 Verskille tussen segregasie en apartheid





2.2 Wat het segregasie en apartheid in gemeen?

- Albei is op rassisme gegrond.
- Albei het gemik om swart mense ekonomies uit te buit.
- Albei is geskoei op 'n vrees by wit mense dat gewelddadige, landwyse opstande van die swart meerderheid in Suid-Afrika sou plaasvind.

3 Waarom het die Nasionale Party die beleid van apartheid aanvaar?



3.1 Watter kommissies het gelei tot die Nasionale Party se aanvaarding van die beleid van apartheid?


- Fagan-kommissie (in 1946/7 deur die VP benoem):
 - → beveel aan dat dit aanvaar word dat wit mense en ander rasse sy aan sy voortbestaan as die enigste werkbare opsie.
- Sauer-kommissie (in 1947 deur die HNP benoem in reaksie op die Fagan-kommissie):
 - → beveel aan dat verskanste en formele segregasie van rasse die enigste manier was om die toekoms van elke ras te beskerm. Elke ras sou die geleentheid gegee word om op hul tuisveld te ontwikkel, en verseker te wees van hul onvervreembare reg op selfbeskikking. Apartheid is sterk aanbeveel as 'n beleid.

3.2 Hoe het die HNP die 1948-verkiesing gewen?

Die hoeveelheid setels deur verskillende partye gewen in die 1943- en 1948-verkiesings:

Party	1943-verkiesing (getal setels)	1948-verkiesing* (getal setels)
Herenigde Nasionale Party (HNP)	43	70
Afrikanerparty (AP)	0	9
Verenigde Party (VP)	89	65
Arbeidersparty (AP)	9	6
Dominionparty	7	N/A
Onafhanklikes	2	3

*Die NP het 'n nuwe regering onder leiding van DF Malan gevorm terwyl die Verenigde Party die amptelike opposisie geword het:



Wettiging van apartheid

Kernvraag: Wat was die impak van die wettiging van apartheid?

1 Grootste apartheidswetgewing

Die segregasiebeleid is ná 1948 verander na gewettigde apartheid. Hierdie wetgewing het elke gemeenskap in alle sferes van die gemeenskap geraak: sosiaal, residensieel, kultureel (insluitend onderwys), ekonomies en polities.

Wet	Datum	Inhoud	Implikasies en betekenis
Sosiale apartheid: Hierdie wette het die sosiale kohesie in SA beïnvloed weens die gedwonge segregasie. Gemeenskappe is vernietig en vryheid van beweging en assosiasie is ingekort. Die regering het wit gemeenskappe probeer “beskerm” teen ander rasse, deur die instromingsbeheer. Swart mense het in reservate en tuislande gewoon in die landelike gebiede en plekke buite dorpe en stede. Baie informele nedersettings het ontstaan as gevolg van die vinnige invloed van trekwerkers op soek na werk. Hierdie werkers kon nie hul gesinne saambring nie en baie trekwerkers is gehuisves in hostelle en kampe. Die goedkeuring van baie wette het gelei tot sosiale omvorming wat baie Suid-Afrikaners van mekaar vervreem het.			
Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike	1949	Huwelike tussen wit mense en mense van ander rasse is verbied.	Veelrassige huwelike moes buite SA gereël word. Polisie het gemengde paartjies geteister.
Ontug-wysingswetsontwerp	1950	Seks tussen wit mense en lede van ander rasse is verbied.	Hierdie wet was moeilik om af te dwing, maar het gelei tot verdeeldheid, bitterheid en ongelukkigheid. Die staat het ingemeng in persoonlike verhoudings, bure het op mekaar gespioeneer en oortreders gerapporteer wat gelei het tot teistering deur die polisie.
Wet op Bevolkingsregistrasie	1950	Suid-Afrikaners is geklassifiseer en gekategoriseer volgens spesifieke bevolkingsgroepe in ’n sentrale bevolkingsregister	Bruin en swart mense is verder verdeel in verskillende etniese groepe. Bruin mense is onderverdeel in 7 kategorieë en swart mense in 12 subgroepe. Baie gesinne en families is deur groot hartseer en verwarring as broers en susters in verskillende rasse geklassifiseer is met verskillende regte en voorregte, bv. Sandra Laing.
Wet op Afsonderlike Geriewe	1953	Alle openbare plekke moes aparte geriewe vir “blankes” en “nie-blankes” hê (bv. hospitale, restaurante, sportgeriewe en regeringskantore)	Aparte geriewe was nie dieselfde nie. Diskriminasie het gelei tot gevoelens van minderwaardigheid en vryheid van beweging het moeilik geword.

Wet	Datum	Inhoud	Implikasies en betekenis
Residensiële apartheid: Die regering het wetgewing gebruik om te verseker dat rassegroepe in hul segregeerde gemeenskappe woon. Sekere residensiële gebiede is gereserveer vir sekere groepe. Swart mense, bruin mense en Indiërs is met geweld geskuif na die “nuwe” woongebiede (townships) of plekke wat vir hul rassegroepe uitgesit is. In sekere gebiede het sake-eienaars hul eiendom en bestaan verloor, met min of geen vergoeding. Aparte woongebiede is gebou om verstedelike swart mense van behuising te voorsien, bv. Soweto (South-Western Townships) naby Johannesburg.			
Groepsgebiedewet	1950	Spesifieke woongebiede is aan bepaalde rassegroepe toegeken.	Slegs rasse wat na ’n gebied toegewys is, is toegelaat om daar te woon of eiendom te besit. Die beste gebiede is toegeken aan wit mense. Ander rasse is gedwing om te skuif van hul gebiede na townships en reservate (tuislande) vir hul spesifieke rassegroep.
Wet op Hervestiging van Naturelle	1954	Dit het die Groepsgebiedewet aangevul deur residensiële apartheid af te dwing. “Swart kolle” of mense in oorbevolkte townships is gedwing om te hervestig.	Baie swart mense het die reg verloor om grond of ondernemings te besit; hulle is nie geraadpleeg of vergoed nie. Die eiendom in die townships kon net gehuur word en nie gekoop word nie.
Wysigingswetsontwerp op Naturelle-stadsgebiede	1955	Dit is deurgevoer om swart mense in stedelike gebiede te beheer; slegs 5 swart mense is per woonstel in die stedelike gebiede toegelaat	Dit het dikwels gesinne opgedeel en gelei tot onsekerheid en botsings met die owerhede.
Kulturele en opvoedkundige apartheid: Volgens die NP se rassebeleid moes die kulturele identiteit van elke groep apart gehou word om hul unieke identiteit te behou. Kulturele feeste het unieke kulturele praktyke en gebruike van groepe en rasse gereflekteer, eerder as ’n multikulturele fokus. Onderwys is volgens ras geskei en proporsioneel is minder aan swart leerders bestee as aan ander rasse. Dit het gelei tot gevoelens van minderwaardigheid weens die diskriminerende beleid en praktyke.			
Wet op Bantoe-onderwys	1953	Alle swart onderwys is onder die beheer van die Departement van Naturellesake geplaas.	Onderwys is geskei op grond van ras en besteding aan wit kinders was baie hoër as die ander rasse. In “swart onderwys” was die fokus op vakke wat swart leerders sou voorberei op handarbeid. Onderwys vir swart leerders was minderwaardig.
Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding	1959	Dit het voorsiening gemaak dat rasse hul eie instellings van hoër onderwys sou hê.	Nie net is wit en swart studente deur gedwonge segregasie geskei nie, maar selfs binne groepe was daar differensiasie (bv. elke swart “nasie” – Xhosa, Zoeloe, ens. – het ’n eie universiteit gehad). Dit was ’n ernstige skending van akademiese vryheid.

Wet	Datum	Inhoud	Implikasies en betekenis
Politiese apartheid: Nadat die Unie van Suid-Afrika in 1910 gestig is, het baie min Indiërs, swart, bruin mense enige sê in die politiek gehad, selfs die paar bruin mense wat vir stemreg gekwalifiseer het. Hulle moes wit parlamentslede kies om hulle te verteenwoordig. Ná 1948 het die NP hierdie kiesers van die kiesersrol geskrap. Onder Verwoerd se regering is na apartheid verwys as “afsonderlike ontwikkeling” en die NP het die konsep versag deur die idee van ontwikkeling en bevordering van elke groep in aparte gebiede met gesegregeerde geriewe. Opponente het slagspreuke soos “apart, maar nie gelyk nie”, gebruik om die beleid teen te staan. “Nie-blankes” het eers in 1994 stemreg gekry, toe die demokratiese grondwet aanvaar is.			
Asiatiese Wysigingswet	1948	Hierdie wet het die Wet op Asiatiese Grondbesit en Indiërverteenvoording van 1946 vervang. Indiërs is beskou as besoekers aan Suid-Afrika, ongeag hoe lank hulle al in die land gewoon het.	Asiërs is behandel soos tweederangse SA burgers wat slegs tydelik in die land was. Dit het ná 1961 onder Verwoerd se regering verander, toe Indiërs beskou is as ’n permanente deel van die SA bevolking. In 1964 is die Suid-Afrikaanse Indiërkongres (SAIC) gestig om verhoudings tussen die regering en Indiërs in Suid-Afrika te verbeter.
Wet op Appellaat-divisie-kworum	1955	Dit het die getal appèlregters van 5 tot 11 verhoog.	Dit wys ’n skending van die beginsel van die skeiding van magte. Die regering het gehoop dat die nuwe regters meer simpatiek sou wees teenoor hul beleid.
Senaatwet	1955	Dit het die samestelling van die senaat verander.	Dit het verseker dat die NP ’n tweederde-meerderheidsbesluit kon kry vir die uitvoering van die beleid.
Wet op Wysigings van die Suid-Afrika-wet	1956	Dit het voorsiening gemaak vir ’n Raad van Kleurlingsake om bruin mense se sake met die regering te bespreek.	Toe die amptelike opposisie en sekere hoër howe gekant was teen die instelling van die wet, het premier JG Strijdom wetgewing aanvaar wat die appèlafdeling van die Hooggeregshof sowel as die senaat (sien onder) vergroot het, om die wet deurgevoer te kry.
SA Wysigingswet	1956	As gevolg van die SA regering se manipulering van die grootte van die senaat en appèlafdeling, is bruin mense verwyder en op ’n aparte kieserslys geplaas.	Hierdie wet is ondersteun deur ’n duidelike tweederde-meerderheid.

Wet	Datum	Inhoud	Implikasies en betekenis
Ekonomiese apartheid: Die doel van die apartheidsregering was segregasie in die werkplek in te stel om sodoende die belange van kapitalistiese ondernemings in wit besit te dien. Stakings en die ontwikkeling van vakbonde is beheer. “Nie-blankes” is opgelei vir sekere soorte werk, terwyl wit werkers voorkeurbehandeling ontvang het. Die verspreiding van kommunisme is gesien as ’n gevaar vir die toekoms van kapitalisme in SA en is dus verbied.			
Wet op Onderdrukking van Kommunisme	1950	Die Kommunistiese Party is verbied en die goewerneur-generaal kon ook enige ander organisasie wat die doelwitte van kommunisme bevorder het, verbied.	Kommuniste is verbied om lede te bly van politieke organisasies soos die ANC en vakbonde. Kommuniste wat lede van die senaat, volksraad en provinsiale rade was, het hul setels verloor. Kommunistiese propaganda is verbied.
Wet op die Regulering van Swart Arbeidsverhoudinge	1953	Geen vakbond het bestaansreg gehad nie. Geregistreerde vakbonde is verbied om swart mense as lede te aanvaar en swart mense is verbied om te staak.	Dit het dit moeilik gemaak vir swart werkers om hul griewe te lug, geskille te verklaar met werkgewers en hul griewe opgelos te kry.
Wet op Arbeidsverhoudinge	1956	“Gemengde” rasse-lidmaatskap van vakbonde is verbied. Hierdie vakbonde is gederegistreer en daar is aparte vakbonde vir wit en swart mense gestig. Sekere tipes werk is slegs aan wit mense aangebied. Slegs wit mense kon sekere soorte werk doen.	Dit het gelei tot die stigting van die SA Kongres van Vakbonde wat die idee verwerp het dat industriële verhoudings geskei kon word van politiek.


Oorkoming van apartheid

Kernvraag: Wat was die aard van die interne weerstand teen apartheid voor 1960?


1 Die vroeë vorme van weerstand teen segregasie en rassediskriminasie




1.1 Interne weerstand teen diskriminasie/segregasie: 1910– 1939




1.2 'n Oorsig oor die weerstand gedurende die vroeë 1940's




2 Die Program van Aksie en alliansievorming



2.1 Veranderings in die weerstandbeweging teen die vroeë 1950's



3 Die Congress Alliance en die Uitdagingsveldtog



3.1 Wat was die gevolge van die Uitdagingsveldtog?

Negatiewe gevolge	- Die verbod op die Kommunistiese Party. - Vryheidsvegters moes "ondergronds" gaan. - Die apartheidstaat se genadelose vervolging van diegene wat teen apartheid gekant was. - Geweld het in sekere gebiede toegeneem.
---------------------------------	---

Positiewe gevolge

- Groter lidmaatskap van die ANC.
- Solidariteit het tussen die versetplegers gevorm, onafhanklik van ras.
- 'n Aantal linkse organisasies het ontstaan om te veg teen diskriminasie. Baie hiervan het kommunistiese lede gehad.
- In Julie 1953 is die Liberale Party gestig.
- Die Coloured People's Congress is gestig ter ondersteuning van die betogers.
- Die Congress of Democrats is gestig vir wit mense wat universele stemreg wou uitbrei na alle Suid-Afrikaners.

4 Hoe het die Vryheidsmanifes die apartheidsregering uitgedaag?

- Ondanks staatsbeperkings teen openbare organisering, het die ANC en die SAIC-leiers voortgegaan en beplan vir verset.
 - Prof. ZK Matthews (Kaapse ANC leier) het 'n Vryheidsmanifes voorgestel.
 - → Vergaderings is gehou om die bekendstelling te beplan en 'n National Action Council for the Congress of the People is gestig. Daar is 'n beroep gedoen op 'n Congress of the People, wat plaasgevind het op 26 en 27 Junie 1955 by Kliptown.
 - → Pieter Beylveld, 'n wit lid van die Congress of Democrats, is as voorsitter gekies vir die vergadering, met 2 844 afgevaardigdes van regoor die land.

'n Vryheidsmanifes, geskoei op die beginsels van 'n sosialistiese demokrasie met gelyke regte vir alle rasse, is aanvaar. Dit het ook gevra vir demokrasie en menseregte, grondhervorming, arbeidsregte en nasionalisering.

- Die Vryheidsmanifes is beskou as 'n bloudruk vir 'n demokratiese SA en het die grondwet van die apartheidstaat teengestaan.
 - → Sommige Afrikanistiese lede van die ANC het die dokument teengestaan en het weggebreek en in 1959 die PAC gestig.

5 Die rol van vroue in massamobilisering

FEDSAW is in 1954 in Johannesburg gestig as 'n breëbasis vroue-organisasie.

'n Vrouehandves is by die eerste konferensie geskryf.

- Hulle het openlik die veldtogte van die Congress Alliance ondersteun en die vereistes van die Vrouehandves is opgeneem in die Vryheidsmanifes.
 - → Dit het volle en gelyke geleenthede vir alle vroue gevra, sowel as volle stemreg vir mans en vroue van alle rasse.
 - Hulle het protesveldtogte teen die uitbreiding van die paswette aan vroue georganiseer.
 - Eerste nasionale protesoptrede = 27 Oktober 1955.



- 9 Augustus 1956: 20 000 SA vroue het opgeruk na die Uniegebou = om petisies aan die premier, JG Strijdom, te oorhandig.
 - → Vroue het op die grasperke van die Uniegebou byeengekom as 'n teken van solidariteit nadat Strijdom hulle nie te woord wou staan nie.
 - FEDSAW as 'n organisasie het steun gewerf danksy hierdie geleentheid en vroue is erken in die range van die weerstandsbeweging.

Wêreldwye weerstand teen rassisme en onderdrukking

Kernvraag: Waarom was die weerstand teen apartheid deel van 'n groter wêreldwye protes teen rassisme, die skending van menseregte en burgerlike vryhede?

1 Die konteks van wêreldwye weerstand



1.1 Weerstand en verset in die Weste

Sekere voorbeelde:

- Die burgerregte-beweging: het betoog teen die diskriminering teen swart mense in die VSA in die 1960's: gesegregeerde geriewe, ongelyke onderwys en ekonomiese geleenthede, asook die feit dat die polisie geweld teen swart mense toegelaat het.
 - → Aktiviste soos Martin Luther King en Rosa Parks het die busboikotte en burgerlike ongehoorsaamheid ondersteun om aandag te vestig op ongelykheid en rassisme. In 1956 is verklaar dat gesegregeerde vervoer ongrondwetlik was.
 - → Augustus 1963: 250 000 mense het aangesluit by 'n optog na die Lincoln Memorial in Washington ter ondersteuning van 'n nuwe burgerregte-wetsontwerp wat gelyke regte tussen rasse in die VSA sou bevorder.

- Anti-oorlogbeweging: Teen 1967 het televisie en die media die oorlog in Viëtnam oopgevelek. Die openbare mening was gekant teen die teenwoordigheid van Amerikaanse troepe in Viëtnam.
 - → Weerstand teen die VSA se betrokkenheid by oorloë regoor die wêreld is deur studente en ander pasifiste aangevoer.
- Die vrouebeweging: Teen die 1960's het 'n tweede golf van vroueprotes in die VSA 'n beroep op gelyke regte vir vroue gedoen.
 - → Die feministiese beweging het baie verskanste sosiale waardes en idees oor vroue in die VSA uitgedaag.
- Franse studente-betogings: Uitgebreek in Mei 1968 omdat hulle 'n meer demokratiese bestuur van skole en universiteite wou hê. Optogte, stakings en betogings het in Frankryk en ander Europese stede gevolg.
- Mexikostad: In 1968 het studente en werkers met 'n optog begin om te vra vir demokratiese hervormings en die vrylating van politieke gevangenes. Die polisie en die weermag het op die betogers gevuur en honderde betogers is doodgeskiet.
- Tokio, Japan: In 1968 het meer as 'n 100 protesoptogte plaasgevind by universiteite om te vra vir hervormings.

Die apartheidstaat se reaksie op die weerstand teen apartheid

Kernvraag: Hoe het die apartheidstaat gereageer op die weerstand teen apartheid in die 1950's?

1 Die apartheidstaat se reaksie op weerstand teen apartheid in die 1950's

Die reaksie van die apartheidstaat op weerstand teen apartheid in die 1950's word in die onderstaande tabel opgesom.

Gebeurtenis / Weerstand	Reaksie op weerstand	Gevolge / Betekenis
Uitdagingsveldtogverhoor, Junie 1952	• Massa-inhegtenisnemings en die leiers Mandela, Sisulu en 18 ander is verhoor weens hul leierskap in die veldtog, onder die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.	• Die beskuldigdes is tot nege maande tronkstraf gevonnis, opgeskort vir twee jaar. Mandela is vir ses maande tot Johannesburg beperk deur 'n addisionele bevel. Ondanks massa-inhegtenisnemings moes die NP-regering tydelik die apartheidswetgewing verslap.
Voortdurende betogings en uittarting	Nog twee drakoniese wette ingevoer deur die minister van justisie, CR Swart • Wet op Openbare Veiligheid (1953) het die staat gemagtig om 'n noodtoestand uit te roep as openbare veiligheid bedreig is. • Strafbreg-wysigingswet (1953) wat swaar strawwe voorgeskryf het vir diegene wat massaprotes gebruik het om die wet te oortree.	• Dit het al hoe moeiliker geraak vir versetplegers om openbare vergaderings te hou en baie het ondergronds gegaan. • Die staat het baie wetgewing gehad om mense in hegtenis te neem en weerstand op te breek.
Swart weerstand in landelike gebiede	Wet op Bantoe-owerhede, 1951	• Dit het die regering se beheer in landelike gebiede uitgebrei. • Die regering het problematiese hoofmanne in die landelike gebiede vervang met hoofmanne wat hul samewerking sou gee.

Gebeurtenis / Weerstand	Reaksie op weerstand	Gevolge / Betekenis
Swart weerstand teen etniese verdeeldheid	Wet op die Bevordering van Bantoe-selfregering, 1959	- Tuislande is gevestig om solidariteit tussen swart mense te vernietig deur die bevordering van etniese verdeling en lojaliteit van en vir hoofmanne eerder as Afrikanistiese nasionalisme wat onafhanklikheid gevra het. - Stam-identiteit is in stand gehou in die landelike gebiede, maar stedelike swart mense het die stelsel van tradisionele leierskap verwerp.
Kongres van die Mense en die Vryheidshandves	Hoogverraad-verhoor, 1956 Deur anti-kommunisme wetgewing het die polisie die leiers van die ANC en die Congress of the People in hegtenis geneem. Baie dokumente is gekonfiskeer as bewys van "hoogverraad". Huise is deurgesoek en baie inhegtenisnemings het plaasgevind, insluitend Mandela, Slovo, Sisulu, Kathrada, Ngoyi en Joseph.	Ná 'n verhoor van vyf jaar, het regter Rumpff hulle vrygespreek omdat daar nie genoeg bewyse was nie. Die feit dat die leiers so lank uit sirkulasie was, het die alliansie verswak. Dit was ook 'n swaar finansiële las vir die Congress Alliance. Dit het 'n negatiewe sielkundige impak op die leiers van die weerstandsbeweging gehad. Die verhoor het vrees by wit kiesers ingeboesem, wat die NP 'n groter meerderheid in die 1958-verkiesing gegee het. Die SA regering het meer onderdrukkend geraak, bv. Cato Manor (1959) en Sharpeville (1960).

Impak van die Sharpeville-menseslagting

Kernvraag: Wat was die impak van die Sharpeville-menseslagting?

1 Die verband tussen nasionalisme en die Sharpeville-menseslagting

Nie almal in die ANC het saamgestem met die ANC se beleid van nie-rassisme nie. In November 1958 het 'n groep ontnugterde ANC-lede (Afrikaniste) weggebreek van die ANC.

- → Hulle het die Pan Africanist Congress (PAC) in April 1959 gestig:
 - Robert Sobukwe = eerste leier. Hy het gesê:
 - doel van die PAC = “die regering van die Afrikane, deur Afrikane vir Afrikane” en dat hul ideologie gesetel moet wees in swart nasionalisme.
 - PAC het binne die eerste jaar vinnig gegroei.

ANC en die PAC het versetveldtogte teen die paswette beplan.

- PAC-optog = beplan in Sharpeville op 21 Maart 1960.
 - Sowat 10 000 swart mense het rondom die Sharpeville polisiekantoor bymekaargekom.
 - Later het die polisie begin vuur. Altesame 69 mense is gedood.

2 Impak van die Sharpeville-menseslagting

Die polisie-optrede is in SA asook oorsee veroordeel. Swart mense was woedend en protesoptredes het oor die hele land uitgebreek.

- Desember 1960:
 - swart leiers het die All Africa Conference (AAC) gehou
 - = het die regering versoek om 'n nasionale konvensie te reël vir die saamstel van 'n nuwe grondwet.
 - Die regering het geweier en die AAC-leiers in hegtenis geneem.
 - Swart leiers het besluit om oor te skakel na gewapende verset.
 - → Die regering het 'n noodtoestand uitgeroep in 122 van die land se 265 distrikte.
 - Duisende mense is aangehou, insluitend baie prominente versetplegers en aktiviste.

Die tabel hieronder som die belangrikste impak van die Sharpeville-slagting op.

Gebeurtenis	Reaksie op weerstand	Gevolge
SA regering het die Wet op Onwettige Organisasies afgedwing (1960).	Die ANC en die PAC is verbied.	- Die versetveldtog was verswak. Teen Mei 1960 is die meeste leiers in aanhouding vrygelaat. Die noodtoestand het gehelp om wet en orde terug te bring. - Robert Sobukwe (PAC-leier) is daaraan skuldig bevind dat hy die opstande aangevuur het en is tot drie jaar tronkstraf gevonnis. Swart weerstandsleiers was nie in staat om 'n nasionale versetveldtog te koördineer nie.
'n Nasionale referendum is in Oktober 1960 vir wit kiesers gehou.	Om te besluit of SA 'n republiek moes word.	Op 31 Mei 1961 het SA 'n republiek geword. Is gedwing om die Britse Gemenebes te verlaat weens rassebeleid.
Internasionale veroordeling van SA by die VN.	Op 1 April 1960 aanvaar die VN Resolusie 134: veroordeel die Sharpeville-menseslagting en doen 'n beroep op die SA regering om sy beleid te verander.	SA word toenemend internasionaal geïsoleer.
Gewapende konflik tussen Afrikanistiese en Afrikaner-nasionaliste het toegeneem nadat die SA regering geweier het om 'n nasionale konvensie te hou of om aandag aan swart griewe te gee.	Die ANC- en PAC-leierskap stig militêre vleuels: - Umkhonto we Sizwe (ANC) - Poqo (PAC).	- MK was onder bevel van Mandela en het gefokus op sabotasie; dit was nie ten gunste van terrorisme en lewensverlies nie. - Poqo het slegs swart lidmaatskap aanvaar en was nie gekant teen terreur-optrede waar wit mense gedood kon word nie. - MK het in Desember 1961 geboue in Durban, Port Elizabeth en Johannesburg beskadig. Mandela het gereël vir oorsese opleiding van MK-rekrute en het buitelandse state genader vir steun vir die vryheidstryd. Hy is in Augustus 1962 in Natal in hegtenis geneem tot vyf jaar tronkstraf gevonnis. Tussen 1962 en 1963 was Poqo betrokke by heelwat sabotasiedade. Sobukwe is in hegtenis geneem: dit het gelei tot leierskapsprobleme in die PAC.

Die Rivonia-verhoor en die nagevolge daarvan

Kernvraag: Wat was die gevolge van die Rivonia-verhoor?

1 Die Rivonia-verhoor en die nagevolge daarvan

Die Rivonia-verhoor en die nagevolge daarvan word in die onderstaande tabel opgesom.

Wat was die Rivonia-verhoor?	Wat was die gevolge van die Rivonia-verhoor?
• Het op 26 November 1963 begin en geëindig op 12 June 1964. • Dit het gevolg op die inhegtenisneming van ANC-leiers by die MK-hoofkwartier op die plaas Liliesleaf in Rivonia, noord van Johannesburg, op 11 Julie 1963. • 10 ANC-leiers is verhoor op 221 aanklagte van sabotasie. • Almal het onskuldig gepleit. • Dokumente is ontdek wat Mandela en andere betrek het by Operasie Mayibuye, wat die staat geglo het daarop gemik was om die SA regering omver te werp.	• 8 van die beskuldigdes is skuldig bevind en twee is laat gaan. • 8 is tot lewenslange tronkstraf gevonnis. • Oliver Tambo en andere het uit SA gevlug, in ballingskap. • Ander ANC-lede het die land verlaat om militêre opleiding in die buiteland te ontvang. • Die ANC se strukture het gesukkel met disorganisering. • Die ANC moes nuwe ondergrondse stelsels opbou om massa-optrede en 'n gewapende stryd te bevorder. • 'n Veldtog is oorsee van stapel gestuur om buitelandse steun te werf vir 'n stryd teen die NP-regering. • Die noodtoestand is beëindig en SA het 'n ekonomiese ontplofing beleef. Dit het tot meer steun vir die NP gelei. • Hierdie ekonomiese welvaart het die NP-regering laat voortgaan met hul idees van aparte ontwikkeling binne die tuisland-stelsel. Swart mense sou na hierdie tuislande verskuif word.

Apartheid word 'n internasionale woord

Kernvraag: Hoe het die uniekheid van apartheid Suid-Afrika wêreldwyd geposisioneer?

1 Hoe het apartheid 'n internasionale woord geword?

Segregasiebeleid en -wette is in baie Westerse lande en kolonies gebruik. Voor 1948 was SA se segregasiebeleid in pas met die stereotipes wat wêreldwyd beoefen is.

- 1948: SA se rassebeleid het drasties verander toe die NP die verkiesing gewen het en apartheid begin implementeer het.
 - → Apartheid = het rassisme wettig afgedwing; stereotiperend en rassisties.
 - Segregasie is vervang deur 'n stelsel van wette om apartheid uit te voer.
 - = was ironies, aangesien die grootste deel van die wêreld in daardie stadium die universele verklaring van menseregte (UNDHR) en die handves van die VN, wat gefokus het op menseregte, ondersteun het.
 - Ná Sharpeville het die meeste lande SA as die “muishond van die wêreld” gebrandmerk weens die rassebeleid. Baie lande het toe eers bewus geword van die SA regering se onderdrukkende beleidsrigtings.
 - SA het toenemend internasionaal geïsoleerd geraak.
 - → Handelsverbod, kulturele en sportboikotte, asook sanksies ingestel deur die VN en die anti-apartheidsbeweging, het SA gedwing om na nuwe beleidsrigtings te kyk.

Opsomming en vrae

Opsomming van Onderwerp 5

Eenheid 1: Rassisme en segregasie in die 1920's en 1930's

- Rassisme en segregasie, geskoei op die gedagte van wit rasse-meerderwaardigheid en die “wetenskaplike” werk van die eugenetiese beweging, het in die 1920's en 1930's wydverspreid voorgekom.
- Segregasie teen swart mense was algemeen in die VSA, Suid-Afrika en teen inheemse mense van Australië. Daar was ernstige etniese diskriminasie teen Jode in Duitsland.

Eenheid 2: Segregasie ná die totstandkoming van die Unie

- Die Wet op Naturellegond van 1913 het die grondslag vir apartheid gelê.
- Wette op instromingsbeheer, die uitsluiting van swart mense uit die politieke hoofstroom, die Nywerheidsversoeningswet van 1924 en die Loonwet van 1925 het almal segregasie in Suid-Afrika verskans.
- Talle stukke wetgewing wat verorden is (bv. die Naturelle-verteenwoordigingswet) het segregasie verder verskans. Die Wet op Naturellegond (nr. 27 van 1913) die beleid dat die land ongelyk geskei behoort te word op grond van ras bevestig het.

Eenheid 3: Die Nasionale Party-oorwinning van 1948

- Suid-Afrika was reeds gesegregeer op grond van ras toe die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het.
- Die Nasionale Party het egter 'n omvattende reeks wette gebruik om segregasie te wettig en te institusionaliseer, wat toe bekend gestaan het as apartheid.
- Die Nasionale Party het apartheid aanvaar omdat dit wit bevoorregting verskans het en swart oorheersing voorkom het.
- Daar was verskeie redes vir die oorwinning van die Nasionale Party in 1948, soos die ekonomiese probleme in Suid-Afrika, die belofte van voortgesette goedkoop (swart) arbeid en afbakeningsknoeiery.

Eenheid 4: Wettiging van apartheid

- Die Nasionale Party-regering het 'n reeks wette uitgevaardig wat apartheid gewettig het, bv. die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike (nr. 55 van 1949), die Ontug-wysigingswetsontwerp (nr. 21 van 1950), die Wet op Bevolkingsregistrasie (nr. 30 van 1950), die Wet op Afsonderlike Geriewe (nr. 49 van 1953), die Groepsgebiedewet (nr. 41 van 1950), en die Wet op Bantoe-onderwys (nr. 47 van 1953).
- Hierdie wette het almal in Suid-Afrika beïnvloed, maar veral swart mense: polities, maatskaplik, ekonomies, opvoedkundig en kultureel.

Eenheid 5: Oorkoming van apartheid

- Gedurende die 1940's het swart weerstand teen apartheid vars momentum gekry vanweë die stigting van organisasies soos die Arbeidersparty van Suid-Afrika, die Non-European Unity Movement en die ANC-jeugliga.

Opsomming en vrae

- Dit het gelei tot alliansies, massamobilisering, 'n Program van Aksie en die Congress Alliance, wat gelei het tot die Uitdagingsveldtog in 1952 en die Congress of the People en die Vryheidsmanifes in 1955.

Eenheid 6: Die wêreldwye weerstand teen rassisme en onderdrukking

- Gedurende die 1960's was daar 'n internasionale toename in eise vir menseregte, wat die stryd in Suid-Afrika in 'n wyer konteks van weerstand teen onderdrukking geplaas het.
- Voorbeelde hiervan sluit in die burgerregte-beweging in die VSA, die vrouebevrydingsbeweging en studentebetogings oor die hele wêreld.

Eenheid 7: Die apartheidstaat se reaksie op die weerstand teen apartheid

- Die Suid-Afrikaanse regering het gereageer op die weerstand teen apartheid deur die gebruik van massa-inhegtenisnemings, wetsvoorskrifte, verhore en brute krag.
- Voorbeelde sluit die inhegtenisneming van 8 000 mense ná die Uitdagingsveldtog en die Hoogverraadverhoor van 1956 in.

Eenheid 8: Die impak van die Sharpeville-menseslagting

- Radikale lede van die ANC breek weg in 1958 en vorm die PAC in 1959.
- Die PAC organiseer protesoptrede teen die paswette, wat aanleiding gee tot die Sharpeville-menseslagting op 21 Maart 1960.
- Ná hierdie menseslagting is die ANC en die PAC verban en hulle het militêre vleuels, Umkhonto we Sizwe en Poqo onderskeidelik, gestig.

Eenheid 9: Die Rivonia-verhoor en die nagevolge daarvan

- Op 11 Julie 1963 is ANC-leiers in hegtenis geneem op die plaas Liliesleaf, wat gelei het tot die Rivonia-verhoor. Agt van die 10 leiers wat in hegtenis geneem is, onder wie Nelson Mandela en Walter Sisulu, is aan hoogverraad skuldig bevind en tot lewenslange tronkstraf gevonnis.
- Baie ANC-leiers het uit Suid-Afrika gevlug en die ANC het 'n organisasie in ballingskap geword.
- Die verhoor het die ANC binne die grense van Suid-Afrika erg verswak.

Eenheid 10: Apartheid word 'n internasionale woord

- Baie lande regoor die wêreld het 'n vorm van informele segregasie beoefen. Om hierdie rede is segregasie in Suid-Afrika nie as iets uniek beskou nie. Ná 1948, toe Suid-Afrika egter segregasie gewettig het, dit apartheid genoem het en brutale middele gebruik het om dit af te dwing, het die wêreld kennis geneem daarvan en apartheid het 'n unieke woord geword.
- Ná 1948 is Suid-Afrika se apartheidsbeleid in die internasionale kollig geplaas. Baie lande het 'n afsku van hierdie beleid gehad en Suid-Afrika het geïsoleer geword.

Opsomming en vrae

Vrae vir Onderwerp 5

Vraag 1:

- 1.1 Verduidelik hoe die volgende sienings en ideologieë gelei het tot die ontstaan en formulering van die beleid van apartheid in 1948:
- 1.1.1 kolonialisme
 - 1.1.2 segregasie
 - 1.1.3 eugenetika
 - 1.1.4 rassisme 4 × 2 (8)
- 1.2 Wat was die kernverskil tussen segregasie en apartheid? 1 × 2 (2)
- 1.3 Sou dit korrek wees om te sê dat apartheid vóór 1948 in SA ontstaan het? Verduidelik jou antwoord. 2 × 2 (4)
- 1.4 Wat was die hoofredes hoekom Afrikanerleiers gestem het vir die apartheidsbeleid in 1948 terwyl die res van die wêreld besig was om menseregte aan te neem? 2 × 2 (4)
- 1.5 Op watter maniere het die apartheidsbeleid die die universele verklaring van menseregte (UNDHR) weerspreek? 3 × 2 (6)

Vraag 2:

- 2.1 Verduidelik hoe die Hertzog-regering in die 1920's 'n “beskaafde arbeidsbeleid” toegepas het wat wit werkers bevoordeel het. 2 × 2 (4)
- 2.2 Verduidelik hoe die gevolge van die Groot Depressie arbeids- en rasseverhoudings in SA meer kompleks gemaak het. 2 × 2 (4)
- 2.3 Watter invloed het die bevindings van die Carnegie-kommissie op die ampelike arbeidsbeleid van die Suid-Afrikaanse regering gehad? 2 × 2 (4)

Vraag 3:

- 3.1 Verduidelik hoekom die kwessie van ras so 'n belangrike faktor geraak het in die konteks van Suid-Afrika teen 1948. 2 × 2 (4)
- 3.2 Verduidelik hoe industrialisering en verstedeliking die politieke besluite van die Afrikanerparty en die Nasionale Party in die 1940's beïnvloed het. 2 × 2 (4)
- 3.3 Watter invloed het die voorstelle van die Sauer- en Fagan-kommissies op die besluit van die NP gehad om apartheid in te stel? 2 × 2 (4)

Vraag 4:

- 4.1 Hoe het DF Malan die wit kiesers gemobiliseer om sy apartheidsbeleid in die 1948-verkiesing te steun? 2 × 2 (4)
- 4.2 Hoe het Malan se regering tussen 1949 en 1953 'n rassestaat in Suid-Afrika geskep? Antwoord in paragraaf-formaat. 5 × 2 (10)

Opsomming en vrae

- 4.3 Verduidelik die effek van die apartheidswetgewing op:
- 4.3.1 tradisionele gesag
 - 4.3.2 gesinslewe
 - 4.3.3 onderwysstandaarde vir “nie-blanke” leerders
 - 4.3.4 rasseverhoudings
 - 4.3.5 arbeidsverhoudings. 5 × 2 (10)
- 4.4 Kies enige drie apartheidswette wat die politieke regte van individue wat as “nie-blank” geklassifiseer is, ondermyn het. Verduidelik hoe dié wette dit gedoen het. 3 × 2 (6)

Vraag 5:

- 5.1 In Onderwerp 5 word daarna verwys dat die Vryheidsmanifes geskoei is op die beginsels van ’n “sosialistiese demokrasie”. Deur gebruik te maak van hierdie dokument, verduidelik hoekom dit in so ’n lig beskou word. 3 × 2 (6)
- 5.2 Deel van die rede hoekom die NP-regering die Vryheidsmanifes verbied het, was dat dit beskou is as ’n “kommunistiese” dokument. Wat het daardie idee laat posvat? 1 × 2 (2)
- 5.3 Wat was die betekenis van die Vryheidsmanifes in die konteks van Suid-Afrika? 1 × 2 (2)
- 5.4 Hoekom was die NP so erg gekant teen die Vryheidsmanifes in 1955? 1 × 2 (2)

Vraag 6:

- 6.1 Verduidelik hoe die aard van weerstand teen apartheid verander het tussen 1952 en 1960. 1 × 2 (2)
- 6.2 Lewer kommentaar oor die rede waarom die Sharpeville-menseslagting gesien kan word as ’n keerpunt vir die weerstandsbeweging. 1 × 2 (2)
- 6.3 Hoekom het die internasionale gemeenskap só gereageer ná die gebeure by Sharpeville? 1 × 2 (2)
- 6.4 Hoe het die Suid-Afrikaanse regering probeer om die weerstandsbeweging op te breek gedurende die 1960’s? 3 × 1 (3)

Antwoorde

Onderwerp 1

Vraag 1: Verbind die items in kolom B met die mense in kolom A.

- 1.1 I
- 1.2 D
- 1.3 H
- 1.4 E
- 1.5 K
- 1.6 F
- 1.7 C
- 1.8 A
- 1.9 J
- 1.10 B

Vraag 2: Verduidelik wat elkeen van die volgende is in die konteks van die Russiese Revolusie en die daaropvolgende gebeure:

- 2.1 'n Vorm van plaaslike regering in Rusland voor die 1917-Revolusies.
- 2.2 'n Adviserende raad aangestel deur die tsaar ingevolge die Oktober-manifes.
- 2.3 Die geheime polisie onder die tsaar.
- 2.4 Werkersrade wat die mag van die Doema en later die Voorlopige Regering uitgedaag het.
- 2.5 Marxistiese woord vir werkersklas.
- 2.6 Lenin se ondergrondse Bolsjewistiese mondstuk; dit beteken Vlam.
- 2.7 Geheime polisie onder die Bolsjewiste.
- 2.8 Koerant van die Kommunistiese Party; die titel beteken Waarheid.
- 2.9 Meer welvarende, ondernemende kleinboere wat kommunistiese beheer uitgedaag het.
- 2.10 Meer welvarende, ondernemende eienaars van klein fabriek wat gekwalifiseer het vir belastingkorting onder die NEB, maar as gevolg daarvan hul stem verloor het.

Vraag 3: Voltooi die volgende sinne deur die korrekte plekname in te vul.

- 3.1 St Petersburg
- 3.2 Duitsland
- 3.3 St Petersburg
- 3.4 Brest-Litowsk
- 3.5 Ekaterinburg
- 3.6 Petrograd
- 3.7 Smolny-instituut
- 3.8 Kronstadt

Antwoorde

- 3.9 Siberië
- 3.10 Moskou

Vraag 4: Hoe het Lenin beoog om die volgende probleme in Rusland op te los?

- 1.1 Voedseltekorte: Stel aanvanklik grond beskikbaar aan kleinboere, om voedselgewasse te kweek en die oorskot in die dorpe te verhandel.
- 1.2 Feodale voorregte: Skaf dit af met onmiddellike effek.
- 1.3 Eerste Wêreldoorlog: Beëindig die oorlog ten alle koste.
- 1.4 Klasse-onderskeiding: Skaf klasse af deur voorregte weg te neem.
- 1.5 Kapitalisme: Vervang dit met kommunisme.
- 1.6 Grond: Konfiskeer die grond en herverdeel dit.
- 1.7 Werkersregte: Brei dit uit sodat dit gelykheid en regverdigheid volgens Marxistiese voorregte weerspieël.

Vraag 5: Hoe het Stalin se moderniseringsveldtog elk van die onderstaande geraak?

- 5.1 Industrieë:
 - Elektrifisering en meganisering
 - Sentralisering en staatsbeheer
 - Stel teikens en dwing produksie af om hulle te bereik
 - Organiseer en verskuif werkers na waar die staat hulle nodig gehad het
 - Skaf die NEB-manne as 'n afsonderlike klas af
 - Het nuwe dorpe gebou wat werkers sou huisves
 - Het werkers gedwing om harder en langer te werk.
- 5.2 Landbou:
 - Gedwonge kollektivering van grond
 - Staatsplase bekendgestel
 - Meganisering: het moderne masjinerie en toerusting aan die kleinboere verskaf om produksie te versnel.
 - Teikens gestel en verhoogde opbrengs verwag
 - Elektrifisering
 - Het koelakke as 'n klas gelikwideer.
- 5.3 Opvoeding en geletterdheid:
 - Grootse inisiatief om ongeletterdheid uit die weg te ruim
 - Skole is gebou en toeganklik gemaak
 - Staat het onderrig verskaf maar propaganda verkondig.
- 5.4 Vroue en gesinslewe:
 - Die lewe was swaar; bykans geen verbruikersgoedere is geproduseer nie
 - Egskeiding en aborsie was moeiliker verkrygbaar omdat dit nie ingepas het by Stalin se geproekteerde propaganda van gelukkige gesinne nie
 - Vroue het aanvanklik meer vryheid as onder Lenin gehad

Antwoorde

- Gelykheid vir vroue in fabriek
 - Klein woonstelle wat vinnig gebou is, het behuising bemoelik
 - Vroue was die fokus van heelwat Stalinistiese propaganda.
- 5.5 Infrastruktuur:
- Spoorweë en paaie is uitgebrei om industrieë, die landbou en handel te verbeter.
- 5.6 Lewe van werkers (werkersklas)
- Werkersrade is by die besluitnemingsproses ingesluit
 - Werkers het lang ure gewerk, vir lae lone
 - Hul lewensomstandighede was dikwels moeilik en eenvoudig, hoewel die staat behuising verskaf het
 - Belonings is aan die beste werkers gegee en harde werk is vereer, bv. Stakhanov
 - Straf is uitgedeel as daar nie genoeg geproduseer is nie of as teikens nie gehaal is nie.
- 5.7 Lewe van kleinboere:
- Grond is gekonfiskeer en gekollektiviseer
 - Kleinboere het vir die staat gewerk
 - Die geprojekteerde teikens wat bereik moes word, het die lewe bemoelik
 - Talle mense het nie juis vaardighede gehad nie en was ongeletterd – hulle het gesukkel om met masjinerie te werk
 - Daar was swaar strawwe as mense nie die reëls en riglyne gevolg het nie.

Vraag 6:

Vergelykende tabel

Kyk na jou aantekeninge en die antwoorde op Vraag 5 om jou met dié taak te help

Vraag 7:

Propagandaplakkaat: Ontleed leidrade om die boodskap te bepaal:

Dié plakkaat is 'n idilliese uitbeelding van Stalinistiese Rusland en gee die leser die idee dat omstandighede vir die mense van Rusland bykans perfek is. Dit beklemtoon elektrifisering, meganisering en modernisering vir die groep in die middel. Die werkers word ook onrealisties uitgebeeld, aangesien hulle almal baie jonk en sterk lyk. Die samelewing word uitgebeeld as beskaafd en ontwikkel, waar transformasie geïmplementeer is met groot voordele vir die werkersklas. Die boodskap is oordrewe vir effek en om die indruk te skep dat Stalin se beleidsrigtings 'n groot sukses was.

Antwoorde

Onderwerp 2

- 1 Sluit die onderstaande inligting op jou kopkaart in om aan te dui wie voordeel getrek het uit die groeijare gedurende die 1920's in die VSA:
 - a Deelverbouers – veral in die Midweste
 - Hulle het swaargekry nadat die Roosevelt-administrasie teikens afgedwing het; talle het in stedelike krotbuurte geëindig.
 - Die Stofkom-toestande het die bogrond verwyder en dit het boerdery negatief geraak.
 - b Werkloses
 - Hoewel baie gedoen is om werkloosheid uit die weg te ruim, is die probleem slegs opgelos toe talle mense ná 1941 opgeroep is om in die Tweede Wêreldoorlog te veg.
 - Swart Amerikaners (in stedelike buurte en in die suide)
 - Het voordeel getrek uit die groeijare, maar nie in dieselfde mate as wit Amerikaners nie.
 - Swart deelverbouers is verarm.
 - Hulle het steeds swaargekry as gevolg van die Groot Depressie.
 - Talle het werkloos gebly en het gesukkel om uit die ekonomiese depressie te ontsnap.
 - Het steeds te doen gekry met segregasie, rassisme en vooroordeel.
 - c Immigrante
 - Weens die ekonomiese ellende is immigrasie uit Europa beperk.
 - Talle mense is gedeporteer.
 - d Werkersklasvroue
 - Sommige het voordeel getrek uit werkskeppingskemas, maar talle het teen die einde van die Groot Depressie steeds geen opleiding gehad nie.
 - Talle skemas het slegs na die belange van mans omgesien.
 - Die Social Securities Act het huiswerkers uitgesluit (en talle huiswerkers was vroue).
 - Seksuele diskriminasie in die werkplek het geen aandag gekry nie.
 - e Middelklas
 - Hulle het gevoel die sosialistiese staatshulp was meer gerig op die frustrasies van die werkersklas.

Vraag 2: Oorsake van die Groot Depressie

Geskiedkundiges en ekonome verskil oor die hoofoorsake, maar gebruik dié wat op die kopkaart verskaf word en brei daarop uit. Hierdie oorsake kan die basiese raamwerk van 'n opstelvraag vorm:

Antwoorde

- 1 Oorproduksie:
 - Skakel met die styg-en-daal-siklus van kapitalisme
 - Asook die oorfloed en oorproduksie ná die Eerste Wêreldoorlog
 - Ooraanbod het veral boere swaar getref, omdat produkte nie gestoor kon word nie
 - Massaproduksie en die verbruikerskultuur van die 1920's het gelei tot 'n ooraanbod wat die binnelandse mark nie kon absorbeer nie
 - Handelstariese het buitelandse handel beperk
 - Voeg kommentaar by oor hoe dit tot die Groot Depressie gelei het.
- 2 Koop op krediet en spekulerings:
 - Die groeiende het tot spekulerings gelei, soos al meer Amerikaners op krediet begin koop het
 - Banke het lenings toegestaan en huurkoopskemas het mense in staat gestel om onmiddellik hul behoeftes te bevredig, met strategieë om die skuld teen 'n hoë rentekoers af te betaal
 - Talle gewone Amerikaners met min spaargeld in die bank, en geen veiligheidsnet nie, het in die moeilikheid beland toe dinge begin skeefloop het
 - 'n Hoë mate van optimisme het voortgeduur, wat gelei het toe verwagtings van vinnig geld maak
 - Gulsigheid en oorspekulerings het ekonomiese probleme veroorsaak.
- 3 *Laissez-faire*-beleidrigtings:
 - Die Republikeinse administrasies in die 1920's het geglo aan die regstellende mag van kapitalisme – dat die depressie self sou regkom in die hoog-laag-konjunktursiklus
 - Dit het geglo aan groot ondernemings en die foute in die ekonomie geïgnoreer
 - Dit het nie ekonomies ingegryp toe dit nodig was nie – dit was die regering se nie-inmengingsbeleid
 - Teen die tyd dat Hoover wou ingryp, was dit te laat en het die ekonomie in duie gestort.
- 4 Tariese:
 - Weens oorproduksie en mededinging het die VSA besluit om hoë tariese op ingevoerde goedere uit Europa te hef ten einde plaaslike produsente te beskerm
 - Dit het nie die gewenste uitwerking gehad nie, aangesien Europa teruggekap het deur hul eie heffings in te stel
 - Amerikaanse produsente het gou 'n oorskot beleef en moes terugsky en minder produseer
 - Dit het 'n nadelige uitwerking op die ekonomie gehad.

Antwoorde

5 Ongelyke verspreiding van welvaart:

- Die meeste van die welvaart in die VSA was in die besit van 5% van die bevolking
- Ryk mense kon die swaar tye oorleef, terwyl ander Amerikaners gesukkel het en staatshulp wou hê
- Toe sake in 1929 skeefgeloop het, het die ekonomiese wanbalans daartoe gelei dat die ekonomie in duie gestort het

6 Probleme in die bankwese:

- Talle banke is nie gereguleer nie
- Baie van hulle het te maklik krediet toegestaan
- Toe daar 'n stormloop na die banke was soos wat mense in 1929 hul spaargeld wou onttrek, kon die banke nie aan die versoeke voldoen nie.

Vraag 3: Gevolge van die Groot Depressie

Gebruik die onderstaande punte as 'n riglyn oor wat op jou kopkaart ingesluit moet wees.

• Maatskaplike gevolge:

- Armoede, swaarkry, werkloosheid, wanvoeding, uitsettings, gesinne wat opgebreek het, selfmoord, mense wat moes trek
- Maatskaplike sekuriteit en pensioen
- Openbare werksprogramme het dienste verbeter.

• Ekonomiese gevolge:

- Regulering van industrieë
- Ekonomiese stagnering
- Afname in handel.

• Politieke gevolge:

- Die Republikeine het die 1932-verkiesing verloor
- Hoover het teen FD Roosevelt die aftog geblaas
- Die Demokrate het die bewind oorgeneem.

Vraag 4: Verduideliking van frases en terme

Gebruik dié riglyne as die basis vir jou antwoorde:

- a Groeijare: 'n Tydperk van ekonomiese groei
- b Beskermende tariewe: Hoë invoertariewe om plaaslike produsente te beskerm
- c Amerikaanse Droom: Die droom om 'n eie huis (met 'n heining) te besit en gemaklik te leef
- d Laissez-faire-beleid: Laat-maar-loop-beleid – min of geen staatsinmenging of -regulering
- e Tin Lizzie: Bynaam van die Model T Ford
- f Isolasiëbeleid: Onttrekking uit internasionale konflik en kwessies; neutraliteit

Antwoorde

- g Massaproduksie: In fabriek toegepas om goedere vinniger en met masjiene te vervaardig
- h Jim Crow-wette: Segregasiewette in die Amerikaanse suide
- i Koop op die marge: Spekuleerders het dikwels slegs vir 'n gedeelte van 'n aandeel se waarde betaal, in die hoop om dit teen 'n wins te verkoop en dan die volle waarde te betaal. Dié risiko het nie altyd gewerk nie en was trouens 'n ramp toe die ekonomie in duie gestort het. Mense kon nie die gedeeltes wat hulle nog geskuld het, betaal nie en die aandele se waarde het boonop gedaal. Mense het toe met waardelose aandele en hope skuld gesit.
- j Ruwe individualisme: In sy jare as president het Herbert Hoover dikwels dié frase gebruik. Dit verwys na die idee dat elke individu in staat moet wees om homself te help, en dat die regering nie betrokke behoort te raak by mense se ekonomiese lewe of by die nasionale ekonomie oor die algemeen nie. Hoover se idee van “ruwe individualisme” is weerspieël in sy beskouing dat die federale regering nie gedurende die Groot Depressie moes inmeng by Amerikaners nie. Grootskaalse humanitêre projekte sou “die inisiatief en ondernemingsgees van die Amerikaanse volk” ondermyn, het Hoover gevrees. Ruwe individualisme het waarskynlik gespruit uit 'n irritasie met die ongekende staatsinmenging in die ekonomie gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Toe die Groot Depressie begin het, het Hoover probeer om ruwe individualisme te gebruik om dit te beëindig. Hy het daarop aangedring dat die probleme self sou verdwyn en dat die regering nie moes ingryp nie. Ongelukkig het dit nie gebeur nie, en die ekonomie het aanhou swaarkry.

Vraag 5: New Deal-agentskappe

Die onderstaande uittreksel sluit die wetsontwerpe en agentskappe in wat die New Deal behels het. Jy moet dit in drie kategorieë verdeel.

Die wetsontwerpe

- Emergency Banking Act, 1933
 - Die federale regering het mense se bankdeposito's verseker teen verliese wat deur openbare paniek veroorsaak is. Dit het gehelp om die publiek se vertroue in die nasie se bankstelsel te herstel.
- National Industrial Recovery Act, 1933
 - Die NIRA-wetsontwerp het drie dele gehad. Dit het die Public Works Administration (PWA) tot stand gebring om openbare werksprojekte te bestuur; die PWA het \$7 biljoen bestee en miljoene mans in diens geneem. Dit het die National Recovery Administration tot stand gebring om gedragskodes vir

Antwoorde

kwessies soos werksure, lone, onregverdige mededinging en kinderarbeid op te stel. Sowat 16 miljoen werkers is deur dié kodes gedek, en kinderarbeid is onwettig verklaar. Werkers het 8-uur-dae begin werk en 'n minimum loon van \$1.25 is ingestel. Die derde been van die NIRA het vakbonde die wettige reg gegee om met werkgewers te onderhandel. Lidmaatskap van vakbonde het toegeneem nadat dié wetsontwerp gepromulgeer is. Die NIRA is in 1935 ongrondwetlik verklaar.

- Agricultural Adjustment Act, 1933
 - Die AAA-wetsontwerp het boere betaal om die hoeveelheid gewasse wat hulle aangeplant het te beperk, of om eenvoudig gewasse wat reeds aan die groei was in die grond terug te ploeg. Die federale regering het plaasdiere gekoop en hulle dan geslag om die pryse van plaasprodukte te verhoog. Tussen 1933 en 1937 het plaaspryse verdubbel, maar in 1936 is die AAA ongrondwetlik verklaar.
- Tennessee Valley Development Act, 1933
 - Dié wetsontwerp het die Tennessee Valley Authority (TVA) tot stand gebring. Die enigste taak daarvan was om die Tennessee-vallei, wat 7 state en 40 000 vierkante myl beslaan het, opnuut te ontwikkel. Hidroëlektriese kragstasies is gebou, en vloedbeheer sowel as grondbewaring is ingestel. Die vallei het nuwe lewe gekry.
- National Labour Relations Act, 1935
 - Die NLRA-wetgewing het werkgewers gedwing om met vakbonde te skakel. Werkers het ook die reg gekry om vakbonde te stig en daarby aan te sluit, en om deel te neem aan kollektiewe bedinging. 'n Raad is saamgestel om maatskappybase wat nie aan die bepalings van die NLRA voldoen het nie, te ondersoek en te vervolg. In 1935 het die ledetal van vakbonde op 3,6 miljoen gestaan. Teen 1941 was dit 8,6 miljoen. In 1935 het die CIO (Congress of Industrial Organisations) tot stand gekom.
- Social Security Act, 1935
 - Dié wetgewing het die eerste nasionale ouderdomspensioenskema ingestel. Werkers en werkgewers moes 'n federale pensioenfonds betaal. Daar is ook van elke staat verwag om 'n plan vir werkloosheidsversekering uit te werk. Dié een wetsontwerp het 35 miljoen mense gedek, ondanks teenkanting van Republikeine wat gevoel het die hele idee is sosialisties van aard.
- Soil Conservation Act, 1936
 - Die federale regering het subsidies betaal aan boere wat ingestem het om grond braak te laat of gewasse aan te plant wat stikstof in die grond sou terugplaas. Die federale regering het ook navorsing oor grondbewaring gefinansier.

Antwoorde

- Fair Labour Standards Act, 1938
 - Die FLSA was daarop gemik om die maksimum ure wat iemand kon werk te beperk en om die minimum loon vir mense wat met handel tussen state gewerk het te verhoog. Dié wetsontwerp het beskerming aan meer as 13 miljoen mense verskaf. Dit het 'n 40-uur-werkweek en 'n minimum loon van 40 sent per uur ingestel.
- Agricultural Adjustment Act, 1938
 - Die wetsontwerp het behels dat die federale regering die pryse van heelwat plaasprodukte gesubsidieer het. Die doel daarvan was om die subsidie geleidelik te verhoog totdat plaaspryse herstel het tot die vlak van voor 1914 ten einde alle boere 'n minimum inkomste te waarborg.

Die agentskappe

- Civilian Conservation Corps, 1933
 - Dit het werk verskaf aan werklose, enkelopende mans tussen die ouderdomme van 18 en 25. Hulle het 6 maande in die berge en woude gewerk, waar hulle van bosbou, vloedbeheer en brandbestryding geleer het. Amper 3 miljoen mans het deelgeneem aan dié skema, wat van 1933 tot 1941 bedryf is.
 - Works Progress Administration, 1935
 - Die WPA het alle openbare werkskemas gekoördineer. Dit het meer as \$10,5 biljoen federale geld bestee en tussen 1935 en 1941 werk verskaf aan 3,8 miljoen mans. Dit het 77 000 brûe gebou, 24 000 myl rioolpype, meer as 'n miljoen kilometer paaie, 285 lughawens, 122 000 openbare geboue en 11 000 skole.
 - Reconstruction Finance Corporation
 - Dié agentskap het geld aan plaaslike en staatsregerings geleen om behoeftige mense te help. Dit het ook geld geleen aan maatskappye wat in die skuld was of beleggings wou doen.
 - Farm Credit Administration
 - Dié agentskap het federale geld gebruik om plaaskrediteure te betaal en boere van bankrotskap te red.
 - Home Owners Loan Corporation, 1933
 - Dié agentskap het federale geld gebruik om verbandlenings te betaal sodat huiseienaars nie hul huise sou verloor nie.
- (Bron: www.historylearningsite.co.uk/new_deal.htm)

Antwoorde

Onderwerp 3

Vraag 1:

- a Swastika
- b Kommunistiese Party
- c SS
- d Kristallnacht
- e Arbeid
- f Verbrand
- g Warskou
- h Ariërs
- i Ster van Dawid
- j Gestapo

Vraag 2:

- a Plakkaat van 'n geïdealiseerde Hitler
 - 2.1.1 Swastika
 - 2.1.2 Wys vasberadenheid en voorbereid wees om te veg.
 - 2.1.3 Die Wehrmacht/troepe/leër.
 - 2.1.4 Gotiese/tradisionele/outydse/verwys na erfenis en Duitse wortels.
 - 2.1.5 Die arend was die Duitse en Nazi-simbool van mag. Die verwysing en verbintenis word gemaak soos Hitler uitgebeeld word as die redder van Duitsland.
- b Pamflet
 - 2.2.1 Om hulle as Jode te identifiseer, hulle te verneder en teen hulle te diskrimineer.
 - 2.2.2 Dit verwys na hul geloof, wat hulle na aan die hart lê, en dis baie disrespekvol en vernederend.
 - 2.2.3 Jode is beskou as vyande van die Duitse volk of “nasie”. Dit verwys na die Jode se verlies aan burgerskap. Op dié pamflet word hulle ontmenslik en afgekraak, en word hulle uitgebeeld as 'n minderwaardige ras.

Vraag 3:

- 3.1 Die Duitse gesin word uitgebeeld as ideale Ariërs – hul fisiese voorkoms wys dit. Jode word egter uitgebeeld as karikature, omdat hul fisiese kenmerke oordryf is. / Hulle word uitgebeeld as uitbuiters van die Duitse volk.
- 3.2 Alle nie-Joodse Duitsers.
- 3.3 'n Ander skakel met die Nazi-ideologie – daar word verwys na die Duitse volk en die “vaderland”, en Jode word uitgewys as apart van daardie doel of skakel.

Antwoorde

Vraag 4:

- 4.1 Die Nazi-party; die Jode
- 4.2 Jarmulka, donker vel en groot neus, Joodse skandale.
- 4.3 Militaristiese ideale; veg om oorlewing van die Duitse nasie, hul taktieke SAL Jode “doodmaak” of verwyder.
- 4.4 Joodse sakelui word uitgebeeld as peste of as nadelig vir die Duitse ekonomie; hulle is ’n bedreiging uit die binnekant/interne bedreiging. Die ekonomie het probleme weens Joodse gulsigheid en skandale. Hulle sal dus deur die Nazi’s uitgewis word om die Duitse ekonomie te red.

Onderwerp 4

GEVALLESTUDIE 1: Mededingende nasionalismes in Suid-Afrika

Vraag 1:

1

- a ’n Stelsel van oorheersing van die groter, sterker toestand van die ekonomie, politieke stelsel en die gemeenskap van ’n ander land. Die dominerende koloniale mag maak gebruik van hulpbronne van die besette gebied..
- b ’n Stelsel van oorheersing van die groter, sterker toestand van die ekonomie, politieke stelsel en die gemeenskap van ’n ander land. Die dominerende koloniale mag maak gebruik van hulpbronne van die besette gebied.
- c ’n Sterk beweging wat fokus op eenheid, onafhanklikheid en solidariteit waar die belang van die land beskou word as beter as enige ander nasie.
- d ’n Beweging wat eenheid oor die Afrika-vasteland bevorder om onafhanklikheid en vryheid vir alle Afrikane te bereik.
- e Die praktyk om Europese amptenare en burokrate met Afrikane te vervang in die tydperk van vinnige transformasie aan die einde van kolonialisme.
- f ’n Stelsel waar mense hulself in alle opsigte regeer, ten volle onafhanklik van vreemde oorheersing.
- g Die idees van Marcus Garvey, ’n Pan-Afrikanis, wat die idee van “Afrika vir die Afrikane” bevorder het, asook die terugkeer van alle Afrikane na Afrika.
- h ’n Siening dat die politieke beheer wat koloniserende nasies oor die kolonies gehad het, vervang is deur ekonomiese beheer, wat die nuwe onafhanklike Afrika-lande ekonomies afhanklik van hul voormalige koloniseerder gemaak het.
- i Afrikaniste in Suid-Afrika was uiterse Afrika-nasionaliste wat swart trots en nasionale eksklusiwiteit bevorder het; hulle het die Pan-Afrikanisite se siening van “Afrika vir die Afrikane” ondersteun.
- j ’n Swahili-woord wat vryheid beteken.

Antwoorde

- 2 Dit verwys na die geleidelike samesmelting van gemeenskappe op so manier dat hulle mekaar beïnvloed vanuit 'n ander kultuur; die kleiner groep neem gewoonlik die kultuur van die groter groep aan.

Vraag 2:

Inklusiewe nasionalisme is meer positief en dit is 'n breër siening van nasionalisme. Dit is gemik op die insluiting van die kulture en groepe in die land.

Eksklusiewe nasionalisme is destruktief en dit bevoordeel die een groep bo die ander. Dit gaan gepaard met negatiewe gedrag, bv. stereotipering, segregasiebeleid en diskriminasie.

Vraag 3:

'n Moontlike raamwerk van antwoorde is hier onder voorsien. Gebruik die konsepte wat in die vraag is in jou antwoord om jou argument te staaf.

- Kolonialisme het die fondament gelê vir sosiale, politieke en ekonomiese skeiding in SA. Dit het daartoe gelei dat identiteite geskei is op grond van rassisme en segregasie.
- Diskriminerende wetgewing in die Britse kolonies en die Boererepublieke het die nie-blankes in 'n posisie van diensbaarheid en sosiale minderwaardigheid gehou.
- In 1910 het Brittanje selfregering verleen aan wit Engels- en Afrikaans-sprekende Suid-Afrikaners. Nie-blankes is uitgesluit. Dit was moeilik om 'n gemeenskaplike wit identiteit te bewerkstellig, om nie eens te praat van 'n nie-rassige een nie. Nasionalisme het op 'n rassegrondslag ontwikkel.
- Afrikanernasionaliste het in 1914 weggebreek in protes teen die breër SA nasionalisme en het die Nasionale Party gestig.
- Van die 1920's tot die 1940's het meer en meer politieke en sosiale organisasies ontstaan om die Afrikanerkultuur, -identiteit en -nasionalisme te bevorder.
- Industrialisering en kapitalisme in SA het sosiale en ekonomiese klasse geskep wat ook 'n rassegrondslag gehad het.
- Migrasie en verstedeliking het 'n interne bedreiging gestel vir wit beheer en mededinging om werksgeleenthede.
- Eksterne bedreigings soos die oënskynlike bedreiging van kommunisme (gedurende die Koue Oorlog), Pan-Afrikanisme en Afrikanernasionalisme het gelei tot meer onderdrukkende wetgewing onder apartheid.
- In 1960 was daar was tekens van 'n openlike uittarting wat gelei het tot meer onderdrukkende wetgewing en verbanning.
- Baie weerstandsbewegings het meer militant geraak vanweë die onderdrukking, en met ander Afrika-nasionaliste in Afrika asook oorsee saamgewerk om eenheid te skep om Afrikane te bevry.
- SA het soos 'n polisiestaat gelyk met die noodtoestand wat veral tydens die 1980's wye arrestasiemagte aan die SAP en die SAW gegee het.

Antwoorde

- Ekonomiese sanksies, die toenemende onstabiliteit in die land en die val van kommunisme in die USSR het die Afrikanerregering gedwing om apartheid af te skaf en 'n demokrasie te kies.
- Versoening en gematigde beleidsrigtings het 'n meer eksklusiewe soort nasionalisme en nasiebou sedert 1994 voorgestaan.

Vraag 4:

Onthou dat jou fokus in 'n vergelyking eerstens op die ooreenkomste moet wees (jy dui verskille aan as “kontraste” gevra word).

- Albei bewegings gerig op vryheid vir 'n spesifieke groep.
- Albei groepe het 'n gematigde meerderheid en 'n ekstremistiese minderheid gehad.
- Die ekstremistiese minderheidsnasionaliste in albei bewegings het geweld gebruik om hul doelwitte te bereik.
- Afrika-nasionalisme was meer inklusief omdat dit 'n nie-rassige SA nasionalisme voorgestaan het.
- Afrikanernasionalisme was meer eksklusief omdat dit op skeiding en oorheersing geskoei was.

Vraag 5:

Jou opstel moet die onderstaande punte insluit:

- Die beweging is aanvanklik gelei deur stedelike intellektuele en opgevoede leiers wat passiewe verzet gebruik het om die aandag op hul doelwitte te vestig.
- Daar was nie 'n sterk, gekoördineerde nasionale leierskap om landwyd impak te maak nie.
- Optrede deur die polisie, bv. teistering, het kommunikasie moeilik gemaak.
- Nasionale ontwikkeling is in die wiele gery deur swak infrastruktuur en organisering.
- Die stigting van die ANC-jeugliga het gelei tot 'n nuwe benadering deur jonger leiers wat dringend hervorming wou hê. Hulle het 'n veldtog van massaverset en ongehoorsaamheid aangemoedig om die groei van nasionalisme in SA te steun.
- Toenemende industrialisering het gelei tot 'n toename in stedelike werkers wat aangesluit het by vakbonde en politieke organisasies.
- Ná Sharpeville het die beweging 'n besliste veldtog begin om 'n breër nasionale beweging te word.
- Gematigde ANC-leiers het aangesluit by gematigde Afrikanernasionaliste om nasionale versoening vir die 1994-verkiesing te bevorder.

Antwoorde

GEVALLESTUDIE 2: Mededingende nasionalismes in die Midde-Ooste

Vraag 6:

- 1 E 6D
- 2 J 7A
- 3 G 8C
- 4 H 9I
- 5 F 10K

Vraag 7:

- 1 G
- 2 I
- 3 A
- 4 E
- 5 C
- 6 B
- 7 K
- 8 D
- 9 H
- 10 F

Vraag 8:

- 8.1 Ná die Onafhanklikheidsoorlog van 1948 en die oorwinning oor die Arabiese militêre koalisie, was die Palestynse nasionaliste sterker in Gasa, die Wesoewer en die Golan-hoogland.
Ná die Sesdaagse Oorlog in 1967, het Israel se grondgebied sesvoudig vermeerder. Israel het die besette gebiede ingeval en baie vlugtelingte het na naburige Arabiese state gevlug.
- 8.2
 - 8.2.1 Jerusalem: belangrik vir 3 groot geloofsgroepe; strategies belangrik ; geskiedkundig belangrik.
 - 8.2.2 Wesoewer: Dis 'n veiligheidsrisiko omdat dit in Israeliese gebied instrek; moeilik om te beheer.
 - 8.2.3 Golf van Aqaba (Straat van Tiran): maklik om hierdie roete te blokkeer en Israeliese handel te belemmer.
 - 8.2.4 Die kanaal is belangrik vir handel tussen die Middellandse en Rooi See.
 - 8.2.5 Geleë aan die kus; maklik om aanvalle te loods op Israel en die hoofstad.
- 8.3 Die vestiging van die Joodse staat deur Joodse nasionaliste, het tot die 1948-oorlog gelei deur Arabiese nasionaliste wat vergelding wou hê.

Antwoorde

Die Joodse nasionaliste het militêre mag gebruik die Arabiese aanval af te weer. Die magte van nasionalisme aan albei kante het samehorigheid aan die vernietigende missies verleen.

In 1967 het die Joodse nasionaliste 'n verrassingsaanval op hul Arabiese bure uitgevoer. Israel was die oorwinnaars en het nog groter grondgebied gehad.

Vraag 9:

- 9.1 Albei kante is onverdraagsaam. Gierigheid, aggressie en geweld beïnvloed alle besluite negatief. Daar is geen ruimte vir versoening of toegewings nie.
- 9.2 Eenheid en samehorigheid kan positief gebruik word om 'n gevoel van “behoort” te skep.

Vraag 10:

Die rabbi vra meer meegevoel, liefde, verdraagsaamheid, aanvaarding en menslike houdings om probleme in die Midde-Ooste op te los. Mense moet wys dat hulle nog vir ander omgee.

GEVALLESTUDIE 3: Nasionalisme in die Goudkus

Vraag 11:

- 11.1 Nasionale doelwitte:

- Eenheid en samehorigheid
- Menswaardigheid en menseregte
- Nasionale onafhanklikheid
- Bereik politieke eenheid en gee dan aandag aan die ander probleme
- Bereik eers politieke eenheid en dan ekonomiese eenheid
- Verteenwoordigende instellings is belangrik (selfregering)
- Verwerp onderdanigheid aan die onderdrukkende stelsel van kolonialisme

- 11.2 Op baie maniere het Nkrumah 'n ikoniese figuur in die verhaal van Afrika-nasionalisme geword. Hy het politieke vryheid en eenheid vir Ghana verkry. Baie ander state en leiers is deur sy leierskap aangevuur. Hy het die woordvoerder vir Afrikane geraak tydens die dekoloniserings tydperk. Hy het aan die begin van onafhanklikheid heelwat sosio-ekonomiese projekte aangepak tot voordeel van sy mense, maar het gou sy beloftes vergeet.

Nee, hy het nie sy by oorspronklike doelwitte gehou nie, en het begin om sy mag te misbruik en as diktator te regeer. Die media is gesensor en alle opposisie is stilgemaak. Sy regering was onbeholpe en korrupt.

Sy onvermoë om sy beloftes na te kom is onder meer gedryf deur persoonlike redes. Hy was ook obsessief oor sy magposisie, arrogant, en het alle kontak met die werklikheid verloor en die wense van sy mense geïgnoreer.

Antwoorde

Vraag 12:

Hy word selektief vereer; die goeie word geromantifiseer, maar oor die slegte goed word daar stilgebly. Hy word gesien as 'n Afrika-pionier wat die weg gebaan het sodat talle ander nasies onafhanklik kon word. Sy misbruik van sy mense se vertroue en lojaliteit word geïgnoreer en hy word steeds as 'n eerbare Afrika-leier beskou.

Onderwerp 5

Vraag 1:

1.1

- 1.1.1 Kolonialisme was geskoei op die geloof in 'n sosiale hiërargie waar Kaukasiese en Europese rasse as beter as inheemse rasse beskou is. Koloniale heerskappy in die Kaap het gelei tot verskillende maatskaplike houdings waar “nie-blanke mense” gesien is as minderes. Klasse wat op kleur geskoei was, het ontstaan. Die wit mense was klaarblyklik daarop geregtig, en het die mag besit, om oor ander rasse te heers.
- 1.1.2 Segregasie in die Kaapse samelewing het gelei tot sekere houdings en praktyke. Segregasie van slawe en hul eienaars het die fondasie gelê vir ekonomiese klasse wat ingeskakel het by die sosiale hiërargie. Aparte gebiede was van die vroegste tye af uitgesit vir verskillende rasse, bv. inheemse groepe en koloniale samelewing. Soos die setlaars uitgebrei het, is meer van die inheemse mense verdring en is hulle verder verskuif van die dorpe en nedersettings.
- 1.1.3 Eugenetika het verkondig dat inheemse mense laer in die sosiale rangorde was as wit mense. Sogenaamde “wetenskaplike” veronderstellings het behels dat wit mense surerieuere intellek het en die beskawing na gekoloniseerde nasies neem. Kinders uit gemengde huwelike is as ondergeskik en “onsuiwer” beskou. Dit het gelei tot stereotipering, vooroordeel en diskriminasie.
- 1.1.4 Rassisme was algemeen in koloniale tye omdat wit mense meer “aanvaarbaar” was as “nie-blankes”. Vrese vir 'n opstand deur die inheemse mense het rassisme gedryf en so ook die houdings wat ontwikkel het tydens die koloniale en imperialistiese tydperk. Europese tale, gebruike, voorkoms, intellek, kultuur, ens. is as superieur beskou. Dit het weer gelei tot maatskaplike sienings wat geskoei was op diskriminasie. 4 x 2 (8)

- 1.2 Hulle was verskillend in die sin dat apartheid 'n wetgewende raamwerk opgestel het wat deur die staat toegepas is. 1 x 2 (2)

Antwoorde

- 1.3 Ja: die fondasie is gelê tydens koloniale oorheersing en apartheid het eenvoudig gebou op houdings en praktyke wat reeds bestaan het. 1 x 1 (2)
- 1.4 Die geskiedkundige veronderstelling dat segregasie die beste beleid is om verskille en kulturele identiteit te akkommodeer. / Die toenemende vrees vir 'n swart opstand wat tot 'n swart meerderheidsregering sou lei ná die 1946-staking en ander voorbeelde van oproer. / Afrikanernasionaliste het apartheid voorgestaan as die beste beleid om politieke beheer in die hande van Afrikaners te hou. / Ander groepe van buitelandse voormalige kolonies het die gelykheid aangevra – dit is as 'n bedreiging gesien. / Die impak van die Tweede Wêreldoorlog op baie bewoners in die kolonies toe hulle onafhanklikheid geëis het (na aanleiding van die Atlantiese Handves en die UNDHR), het baie Afrikaners bang gemaak. / Die kulturele identiteit van die Afrikaners moes beskerm word. Apartheid is gesien as die beste opsie om die uitdagings van verstedeliking te hanteer. (Enige twee) 2 x 2 (4)
- 1.5 Die veronderstelling van rassisme het ál die basiese menseregte in die VN se Handves weerspreek, aangesien dit sekere Suid-Afrikaners van hul basiese regte ontnem het, bv. gelykheid, vryheid van keuse, assosiasie en beweging. 3 x 2 (6)

Vraag 2:

- 2.1 Sy regering het die “beskaafde” vs “onbeskaafde” arbeidsbeleid ingebring – geklassifiseer volgens ras en graad van industrialisering. Geskoolde arbeid is gereserveer vir wit mense en ongeskoolde werk vir swart mense. Hierdie dui op vooroordeel en oordeel geskoei op rasseklassifisering. 2 x 2 (4)
- 2.2 Die Groot Depressie het mededinging om hulpbronne en werk laat toeneem. Dit het ook die behoeftes vergroot van baie mense wat bystand van die regering wou hê. Die pakt-regering (koalisie tussen die Arbeidersparty en die NP) het probeer om wit arbeid ten koste van swart arbeid te beskerm. Die migrasie na die stede van mense wat werk gesoek het, het ook tot die mededinging bygedra. Die paswette het beteken dat swart mense onwettig in stedelike gebiede was tensy hulle in besit was van 'n werkspermit. Werkers het saam gewerk, maar polities en sosiaal was die bevolking gesegregeer. Dit het ras- en arbeidsverhoudinge meer kompleks gemaak. 2 x 2 (4)
- 2.3 Dit het daartoe gelei dat omtrent 18% van die wit bevolking as armblankes geklassifiseer kon word. Die pakt-regering het projekte en departemente daargestel om werk te skep vir wit mense om die armoede te verlig, bv. YSKOR, SAS & H. Baie Afrikaanse kerke het skemas begin om die gevolge van armoede te help verlig. 2 x 2 (4)

Vraag 3:

- 3.1 Die nagevolge van die Tweede Wêreldoorlog het daartoe gelei dat baie soldate huiswaarts gekeer het met hernude geesdrif vir onafhanklikheid en vryheid. Dit

Antwoorde

- het gelei tot die ontstaan van pan-Afrikanisme en Afrika-nasionalisme wat op hul hoogtepunt sou lei tot dekolonisering. Dit het die Afrikaners, wat die verlies van mag en beheer gevrees het indien die swart meerderheid onafhanklikheid sou kry, bang gemaak. Toenemende binnelandse onstabieliteit, bv. die 1946-staking en ander voorbeelde van arbeidsonrus, het bekommernis ontlok en die wit arbeidsmag het 'n beroep op die regering gedoen om in te gryp en die verspreiding van onstabieliteit te stop. Linkse elemente in die arbeidsbeweging het die regering bekommer. 2 x 2 (4)
- 3.2 Toenemende industrialisering het al hoe meer goedkoop arbeid nodig gehad. Dit kon in die tuislande en in “lokasies” naby dorpe gevind word. Goedkoop arbeid was ook nodig op plase. Die impak van die Wêreldoorlog en toenemende verstedeliking in die 1940's het gelei tot 'n persepsie van dreigende gevaar in stedelike gebiede. Kommissies is aangestel om ondersoek in te stel na die beste pad vorentoe vir SA. Rasse-beleidsrigtings was geskoei op hierdie voorstelle. Sommige Afrikaners het die beleid van die Verenigde Party, bv. die afskaffing van die kleurhefboom, gesien as 'n bedreiging vir wit arbeid. 2 x 2 (4)
- 3.3 Die Fagan-kommissie se voorstelle was om te aanvaar dat swart mense en wit mense sy aan sy kon saamleef met wetgewing om die ontwikkeling van alle groepe by te staan. Die Sauer-kommissie het algehele segregasie voorgestel as die enigste oplossing om konflik tussen rasse te vermy. Die NP het die bevindings van die Sauer-kommissie ondersteun. 2 x 2 (4)

Vraag 4:

- 4.1 Hy het 'n doeltreffende veldtog georganiseer om steun te werf deur elke huis te besoek, asook die effektiewe gebruik van die media. Hy het die vrese van wit kiesers gebruik en die afbakening van kiesafdelings was in die guns van die NP. 2 x 2 (4)
- 4.2 Moet 'n paragraaf wees met van die volgende punte:
- Hy het onmiddellik rassistiese wette ingestel om die raamwerk vir maatskaplike manipulering op te stel.
 - Die Wet op Bevolkingsregistrasie: Alle Suid-Afrikaners is ingedeel in sekere “klasse” volgens ras. Voorregte en regte is aan groepe toegestaan volgens hul rasseklassifikasie.
 - Groepsgebiedewet: gebiede is afgebaken volgens ras.
 - Ontugwet: seksuele verhoudings oor die kleurgrens is verbied.
 - Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike: het huwelike oor die kleurgrens verbied. 5 x 2 (10)
- 4.3
- 4.3.1 Dit is uitgedaag deur die stedelike individu, maar die NP het hul gesag vergroot onder die dekmantel van self-ontwikkeling in die landelike gebiede.

Antwoorde

- 4.3.2 Trekarbeiders is gesien as tydelike inwoners op dorpe en in stede. Hulle is nie toegelaat om hul gesinne saam te bring nie, wat gelei het tot die verval van die gesinseenheid.
- 4.3.3 Die Wet op Bantoe-onderwys van 1953 het aparte onderwysdepartemente vir elke rassegroep geskep. Die onderrig van wit leerders het voorrang geniet en die onderwysstandaarde van “nie-blanke” leerders was minderwaardig. Wit mense is opgevoed om te heers en swart mense om arbeiders te wees.
- 4.3.4 Rasseverhoudings het agteruitgegaan omdat “nie-blankes hul menswaardigheid ontnem is en met geen respek en waardigheid hanteer is nie. Konflik tussen rasse het toegeneem soos weerstand vergroot het.
- 4.3.5 Arbeidsverhoudings was gespanne omdat swart werkers weerstand gebied het teen die beperkings en ongelykhede. Hulle is nie toegelaat om by vakbonde aan te sluit nie. Dit was moeilik om arbeid te segregeer in die werkplek, ondanks al die ander vorms van segregasie. 5 x 2 (10)
- 4.4 Leerders moet enige drie apartheidswette kies wat die politieke regte van individue wat as “nie-blank” geklassifiseer is, ondermyn het en dan verduidelik hoe dié wette dit gedoen het. 3 x 2 (6)

Vraag 5:

- 5.1 Die Vryheidsmanifes het sosialistiese beginsels bevorder, bv. grond moes genasionaliseer en verdeel word aan almal wat daarop werk, myne moes genasionaliseer word en die rykdom gedeel word, bevordering van gelykheid, gratis behuising, onderwys en gesondheidsdienste. 3 x 2 (6)
- 5.2 Baie linkse organisasies was deel van die insameling en saamstellingsproses. Die nasionaliseringsklousules was kommunisties, en so ook die meer algemene klousules wat gratis behuising, onderwys, ens. verwag het. 1 x 2 (2)
- 5.3 Die Vryheidsmanifes het ’n bloudruk vir demokrasie voorsien en die vraag na ’n vry en demokratiese SA uitgelig. 1 x 2 (2)
- 5.4 Dit het alles waarvoor hulle gestaan het weerspreek, aangesien hulle teen die vermenging van ras gekant was, asook teen die ondermyning van hul model vir die samelewing. 1 x 2 (2)

Antwoorde

Vraag 6:

- 6.1 In die vroeë 1950's was die aard van die weerstand nie-gewelddadig en passief. Dit was egter besig om 'n massa-beweging te word. Teen die 1960's was weerstand 'n massa-beweging en ná Sharpeville het die weerstand meer militant geraak. 1 x 2 (2)
- 6.2 Ja: vanweë die verbod op die bevrydingsorganisasies en die stigting van twee militêre vleuels het die weerstand meer openlik uitdagend en gewelddadig geraak. Weerstand het steun uit die buiteland gekry en sanksies het die SA regering se situasie vererger. 1 x 2 (2)
- 6.3 Daar was internasionale veroordeling nadat betogers by Sharpeville doodgeskiet is – die meeste mense is in die rug geskiet. Dit het die wêreld geskok dat die SA regering so wreed kon wees en baie versetplegers in die buiteland het gevoel dat druk op die SA regering uitgeoefen moes word om hul beleid te verander. 1 x 2 (2)
- 6.4 Brutale reaksionêre magsgebruik deur die polisie en die weermag. Het ook 'n noodtoestand uitgeroep en meer beperkende wetgewing ingestel om die weerstand hok te slaan. 3 x 1 (3)

Geskiedenis Graad 11: Eksamenoeefening

Tyd: 3 ure Punte: 150

Instruksies

- Kandidate MOET drie vrae beantwoord.
- Kies minstens een brongebaseerde vraag en een opstelvraag.
- Die derde vraag mag óf 'n brongebaseerde vraag óf nog 'n opstel wees.
- Alle vrae tel 50 punte.
- Kandidate mag kies om twee vrae oor dieselfde tema te doen.

BRONGEBASEERDE VRAE

Vraag 1: Tot watter mate was Lenin se beleidsrigtings tussen 1918 en 1924 daarop gerig om die sosialistiese revolusie te red?

Verwys na bronne 1A, 1B, 1C, 1D en 1E en beantwoord dan die volgende vrae:

- 1.1 Verwys na Bron 1A en jou eie kennis:
- 1.1.1 Verduidelik elk van die volgende in die konteks van die bron:
- | | | |
|---|--------------------------|-------------|
| a | kapitalistiese regerings | (1 x 2) (2) |
| b | sosialistiese revolusies | (1 x 2) (2) |
| c | imperialistiese leërs. | (1 x 2) (2) |
- 1.1.2 Deur gebruik te maak van bewyse uit die bron, wys hoekom Russiese nywerheid en produksie teen 1920 in 'n swak toestand was. 2 x 2 (4)
- 1.1.3 Die bron verwys na konfiskering as 'n beleid van die Bolsjewiste tydens Oorlogskommunisme. Uit jou eie kennis, beskryf twee ander metodes wat gebruik is om "sosialistiese revolusie te bereik". 2 x 3 (6)

Eksamenoefening

- 1.1.4 Hoekom, volgens die bron, was dit nodig dat Lenin in 1921 'n nuwe beleid aanvaar wat sou fokus op landbou en kleinboere? 2 x 2 (4)
- 1.2 Gebruik die bewyse in Bron 1B en jou eie kennis om 'n paragraaf te skryf in reaksie op die volgende vraag:
- 1.2.1 Dink jy dat die siening van die Kronstadt- revolusionêre komitee dat Rusland 'n staat geword wat "deur die bajonet en die tralievenster geregeer word" eerder as "n glorieryke werkerstaat" akkuraat was? Staaf jou argument met feite. (8)

Hierdie vraag sal geassesseer word volgens die volgende rubriek:

Vlak	Kriteria	Punte
1	- Bewyse is nie uit die bron nie. - Argument is onlogies. Beperkte begrip van die vraag. - Interpretasie van die bron is swak. - Styl is informeel en kommunikasie is swak.	0–3
2	- Argument is gestruktureerd. - Basiese begrip is duidelik. - Bewyse is vaardig gebruik. - Goeie interpretasie. - Geskrewe kommunikasie is samehangend oorgedra.	4–6
3	- Logiese en samehangende argument. - Kundige gebruik van bewyse. - Deeglike begrip van die vraag. - Goeie interpretasie. - Skryfvaardighede is uitsonderlik.	7–8

- 1.3 Gebruik jou eie kennis en die bewyse in Bron 1C om die volgende vrae te beantwoord:
- 1.3.1 Wat was die hoofdoelwitte van hierdie plakkaat? Verwys na die hofie en die prent in jou antwoord. 2 x 3 (6)
- 1.3.2 Hoe betroubaar is hierdie bron vir 'n geskiedskrywer wat die implementering van Lenin se NEB in 1921 bestudeer? Gee TWEE redes vir jou antwoord. 2 x 2 (4)
- 1.4 Bestudeer Bron 1C, Bron 1D en Bron 1E:
- 1.4.1 Hoe is die foto in Bron 1D bruikbaar vir 'n geskiedskrywer wat die gevolge van die NEB bestudeer? 2 x 2 (4)
- 1.4.2 Op watter manier weerspreek Bron 1D die boodskap op die plakkaat in Bron 1C? 2 x 2 (4)
- 1.4.3 Verwys na Bron 1E. Hoekom het so baie Bolsjewiste die NEB teengestaan? 2 x 2 (4)
- [50]

Vraag 2: Wat was die belangrikste oorsake van die Groot Depressie in die VSA teen 1929?

Verwys na Bron 2A, 2B, 2C, 2D en 2E.

- 2.1 Bestudeer die bewyse in Bron 2A en gebruik jou eie kennis:
- 2.1.1 Watter TWEE afleidings kan jy uit Bron 2A maak oor die veranderings in die Amerikaanse samelewing in die 1920's? Verduidelik jou antwoord. 2 x 2 (4)
- 2.1.2 Waarna wys die twee advertensies in die bron ten opsigte van verbruikerswese, massaproduksie en bemaking in die stedelike gemeenskappe in die VSA in die 1920's? Gebruik leidrade uit albei bronne as deel van jou antwoord. 3 x 3 (9)
- 2.1.3 Kies EEN van die prente of die statistieke in Bron 2A om te regverdig dat die ekonomiese beleid van die Amerikaanse regering geskoei was op die beginsel van *laissez-faire*. Verduidelik hoe jy redeneer deur bewyse uit die bron wat jy gekies het. Onthou om aan te dui watter bron jy gekies het. 2 x 2 (4)

Eksamenoefening

2.2 Verwys na Bronne 2B EN 2C en gebruik jou eie kennis om die volgende vraag te beantwoord. Jou antwoord moet in die vorm van 'n paragraaf wees.

2.2.1 Vergelyk die impak van “tegnologiese verandering” op mense se leefwyse in Amerikaanse stede en op die platteland gedurende die 1920's. (8)

Hierdie vraag sal geassesseer word volgens die volgende rubriek:

Vlak	Kriteria	Punte
1	- Bewyse uit die bron nie doeltreffend aangewend nie. - Vergelyking is onlogies. - Interpretasie van die bron is swak. - Styl is informeel en kommunikasie is swak.	0–3
2	- Vergelyking is gestruktureerd. - Bewyse is vaardig gebruik. - Goeie interpretasie van bronne. - Geskrewe kommunikasie is samehangend oorgedra.	4–6
3	- Logiese en samehangende skrywe. - Kundige gebruik van bewyse en eie kennis. - Goeie interpretasie. - Skryfvaardighede is uitsonderlik.	7–8

2.3 Verwys na Bron 2D en gebruik jou eie kennis:

2.3.1 Wat dink jy is die boodskap in hierdie liedjie? 2 x 2 (4)

2.3.2 Hoe is so 'n liedjie bruikbaar as 'n geskiedkundige bron? Gebruik leidrade in die bron om jou argument te verduidelik. 2 x 2 (4)

2.4 Verwys na Bron 2E en gebruik jou eie kennis:

2.4.1 Verduidelik wat word bedoel met per capita-inkomste. 1 x 2 (2)

2.4.2 Verduidelik hoe die statistieke die bewyse in die foto ondersteun. 3 x 2 (6)

2.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom boere veral kwesbaar was toe die Groot Depressie in 1930 begin het. 3 x 2 (6)
[50]

Vraag 3: Watter impak het eugenetika op die Nazi-rassebeleid gehad?

Verwys na Bronne 3A, 3B, 3C, 3D, 3E en gebruik jou eie kennis:

3.1 Verwys na Bron 3A en jou eie kennis.

3.1.1 Sien Uittreksel A. Sal jy saamstem dat Francis Galton se definisie die idee van “positiewe eugenetika” bevorder? Verduidelik jou antwoord. 2 x 2 (4)

3.1.2 Stem jy saam met Galton se siening dat “sedes” uitgelaat moet word uit die gesprek rondom die verbetering van “ras”? Staaf jou antwoord. 3 x 2 (6)

3.1.3 Uit jou eie kennis en die bewyse in Bron 3A (Uittreksel B), verduidelik hoe die militaristiese elemente in die Duitse samelewing in die 1930's die Nazi's gehelp het om hul rasse-ideologie te versprei. 2 x 2 (4)

3.1.4 Vergelyk Uittreksel A en B om te wys hoe Nazi-ideologie beïnvloed is deur Galton se idees oor eugenetika. 2 x 2 (4)

3.2 Verwys na Bron 3B en jou eie kennis:

3.2.1 Gebruik jou eie kennis en beskryf wat die Duitse “rassehygiëne-beweging” was. 1 x 3 (3)

3.2.2 Die wette beskryf in Uittreksels A en B is afgedwing en ondersteun deur geleerde en opgevoede mense. Uit jou eie kennis, verduidelik hoe jy dink dit kon gebeur het. 2 x 2 (4)

Eksamenoefening

- 3.2.3 Wat gee die skrywer van Bron 3B te kenne oor die omstanders se gedrag in Duitsland ten tyde van die aanvaarding van die “Wet vir die beskerming van Duitse bloed” en gebeurde soos Kristallnacht? Verwys na die gevolge van hierdie tekort aan aksie vir die Duitse Jode. 2 x 2 (4)
- 3.3 Paragraaf-vraag: Verwys na A, B en C in Bron 3C en gebruik jou eie kennis:
- 3.3.1 Verduidelik die rasionaal of denke agter elk van die Nazi-gebruike wat in Bronne A, B en C voorgestel word en dui aan hoe elkeen gehelp het om die Nazi-konsep van ’n meestersras te bevorder. (7)
- 3.4 Verwys na die twee propagandaplakkate in Bron 3D:
- 3.4.1 Deur na drie slim propagandategnieke te verwys, verduidelik hoe die kunstenaars die Nazi’s se rasse-ideologie bevorder. Verwys na leidrade in albei plakate (A en B). 3 x 3 (9)
- 3.5 Verwys na Bron 3E en gebruik jou eie kennis:
- 3.5.1 Sou jy saamstem met die bewyse in hierdie bron wat wil beweer dat die volksmoord in Nazi-Duitsland nie sou gebeur het sonder die samewerking van regeringsamptenare, burokrate en gewone Duitsers nie? Verduidelik jou antwoord deeglik. 1 x 5 (5)
[50]

GESKREWE LANGVRAE

Instruksies

- Kandidate moet minstens een opstelvraag beantwoord.

Onderwerp 1: Uitdagings van kapitalisme:

Vraag 1:

Bespreek Lenin se ekonomiese beleid tussen 1918 en 1924 en dui aan tot watter mate dit afgewyk het van die kommunistiese ideologie. [50]

Onderwerp 2: Krisis van kapitalisme:

Vraag 2:

Ondanks die groei en verandering van die 1920-era in die VSA, is baie swakhede blootgelê toe die New Yorkse aandelemark in 1929 in duie gestort het en die Groot Depressie ingelei het.

Bespreek die belangrikste swakhede van die Amerikaanse ekonomie teen 1929 wat die Groot Depressie veroorsaak het. [50]

Onderwerp 3: Idees van ras in die laat 19de en 20ste eeu:

Vraag 3:

Eugenetika het die ideologiese agtergrond gevorm wat anti-Semitisme laat floreer het. Die massamoorde en uitwissing van die Jode tydens die Holocaust was slegs die logiese gevolgtrekking van hierdie ideologie.

Tot watter mate is dit ’n akkurate opsomming van Nazi-beleid tussen 1938 en 1945? [50]

Eksamenoefening: Addendum tot bronne

Eksamenoefening: Addendum tot bronne

Vraag 1:

BRON 1A

Die volgende uittreksel is aangepas uit <http://sfr-21.org/war-communism.html>. Hierdie webwerf debatteer kwessies wat verband hou met die revolusies van die verlede en koppel hulle aan moderne revolusionêre strategieë in die 21ste eeu, en om sosialisme te bevorder:

Tydens die Oktoberrevolusie in Rusland het Lenin en andere gehoop dat werkers regoor Europa kapitalistiese regerings omver sou werp en sosialistiese revolusies sou uitvoer. Toe dit nie gebeur nie, was die Sowjetunie ekonomies geïsoleerd, en is van alle kante deur imperialistiese leërs aangeval.

Die Sowjetunie het teruggeveg en die invallende leërmagte teen die einde van 1920 verslaan, maar die skade was gedoen. Produksie en masjinerie, wat reeds grootliks beskadig is deur die kapitaliste wat tydens die revolusie gevlug het, was in 'n volslae warboe. Baie van die beste werkers is in die gevegslyn vermoor of vermink. Die landbou, wat reeds deur die oorlog en demoralisering van die boere gekwes is, het verdere skade gely as gevolg van 'n misoes in 1920. Die mense in die stede was besig om van hongersnood te kom.

Om mense in die stede te voed, het die Sowjet-regering beslag gelê op graan. Soos Lenin verduidelik het in 'n pamflet oor belasting wat in goedere gehê sou word: “Dit was die oorlog en die ondergang wat ons tot Oorlogskommunisme gedwing het.”

By die tiende kongres van die Russiese Kommunistiese Party in Maart 1921, het Lenin 'n beroep gedoen op 'n nuwe beleid: “Tot nou het ons aangepas vir oorlogsdade; nou moet ons aanpas vir omstandighede van vrede.”

BRON 1B

Die uittreksel op die volgende bladsy beskryf die Bolsjewiste se reaksie op die Kronstadt-rebellie. Dit is aangepas uit <http://www.johnclare.net/Russ8Kronstadt.htm>:

Op 1 Maart 1921 het 'n skare van 15 000 soldate op Ankerplein in Kronstadt vergader en 'n revolusie uitgeroep. Die Kronstadt Revolusionêre Komitee het hul eie koerant gepubliseer waarin hulle hul ontevredenheid uitgespreek het oor die “voortdurende vrese vir marteling deur die Tsjeka ... die massateregstellings en bloeddorstigheid wat selfs dié van die tsaristiese generaals oortref...” “Die glorieryke embleem

Eksamenoeffening: Addendum tot bronne

van die werkerstaat – die hamer en die sekel – is vervang deur die bajonet en die tralievenster”, het hulle verklaar.

Trotski is die taak opgelê om die rebellie stop te sit... In Petrograd het die Bolsjewiste die matrose se gesinne gyselaar gehou ... Op 5 Maart het Trotski Kronstadt bereik en die matrose versoek om oor te gee – of hulle sou soos “patryse geskiet word”. Hy het geweet dat hy vinnig moes optree – die pak-ys sou gou smelt en die vlootbasis ondeurdringbaar word ... Maar die eerste Bolsjewistiese troepe wat Kronstadt aangeval het, was jonk en die Tsjeka moes met masjiengewere agter hulle geplaas word om te keer dat hulle die aftog blaas. Toe hulle op 7 Maart ’n aanval aangevoer het oor ’n ysvalke van 5 kilometer, het die Kronstadt-verdediging hulle verslaan.

Trotski het aangehou om die Kronstadt-fort met artillerie te bombardeer en gevolglik ’n leër van 50 000 elite troepe* versamel. Hulle het op 16 Maart aangeval. In ’n stryd van 18 uur is 10 000 soldate van die Rooi Leër doodgemaak, maar Kronstadt is oorgeneem. Honderde muiers is gevange geneem; 500 is op die plek geskiet en ’n verdere 2 000 is oor die volgende paar maande tereggestel. Die res is na Sibirië gestuur.

* elite troepe: deeglik opgeleide soldate

BRON 1C:

Dié Sowjetplakkaat, wat in 1921 gepubliseer is, lui: “Vanuit die NEB-Rusland sal sosialistiese Rusland kom.” (Bron: <http://mises.org/story/3345>)



Eksamenoeffening: Addendum tot bronne

BRON 1D:

Die onderstaande foto is van 'n mark gedurende die NEB-tydperk.

Die bron is http://mail.esdnl.ca/~craig_halliday/NEP.bmp



BRON 1E:

Die volgende uittreksel is uit 'n lesing deur professor Gerhard Rempel van Western New England College waarin hy kommentaar lewer oor die sukses van die NEB.

Die bron is <http://mars.wnec.edu/~grempel/courses/stalin/lectures/NEP.html>.

Teen 1923/1924 het dit duidelik geword dat die regime dit reggekry het om te stabiliseer, ten minste tydelik, soos die ekonomiese herlewing gevorder het. Die oop, dog beperkte, aanmoediging wat aan private ondernemings gegee is, het baie mense binne en buite Rusland laat glo dat “kapitalisme” vir goed teruggekeer het en dat die kommuniste die ideologiese doelwitte wat hulle so lank verkondig het, verwerp het en in elk geval dalk nooit ernstig bedoel het nie. Talle boere het ongetwyfeld verwag dat die NEB permanent sou wees, en hoewel die NEB-manne minder illusies daaroor gehad het, het hulle ook gehoop dat die beleid 'n geruime tyd sou duur. Baie lede van die Kommunistiese Party het gevrees dat die NEB verleng sou word en wou dit beëindig voordat dit handuit geruk het. Miskien sou dit inderdaad 'n bietjie langer aangehou het as dit nie vir sekere verwickelinge was wat beperkte politieke vryheid, binne en buite die party, toegelaat het toe die regime redelik met ekonomiese vryheid geëksperimenteer het.

Eksamenoeffening: Addendum tot bronne

Vraag 2

BRON 2A

Die onderstaande statistieke en advertensies is van <http://newman.baruch.cuny.edu/digital/redscare/IMAGES>

Die uitgawes op advertensies deur Amerikaanse maatskappye in 1927

- Koerante: \$690 miljoen
- Direkte pos: \$400 miljoen
- Tydskrifte: \$210 miljoen
- Advertensieborde: \$75 miljoen
- Radio: \$7 miljoen

Advertensie A



Eksamenoeffening: Addendum tot bronne

Advertensie B

Hierdie advertensie van www.tahg.org is in die 1920's gepubliseer. Dit lees soos volg:

Die Ford Runabout is 'n voorspelbare vennoot en 'n gelukkige maat vir die jong man wat besig is om sy merk te maak in die wêreld van werk en opvoeding. Dit verminder afstand van 'n kwessie van myle na 'n kwessie van minute. Deur tyd en moeite te bespaar, maak dit groter wins moontlik. En omdat dit min kos om te koop en te onderhou, betaal dit homself sommer gou. As die vakansie nader kom, stel die Runabout die jong sakeman in staat om die tyd tussen werk en speel met ure te laat krimp. Laat ons jou vertel hoe maklik dit is om 'n Ford met die weeklikse koopplan te koop. (Bron: Ford-motormaatskappy, Detroit, Michigan)



for the
YOUNG BUSINESS MAN

The Ford Runabout is a profitable partner and a happy companion for the boy who is making his mark in business and at school.

It reduces distance from a matter of miles to a matter of minutes. By saving time and effort, it makes larger earnings possible. And costing little to buy and keep going, it quickly pays for itself.

When vacation time rolls round the Runabout enables the young business man to reduce by hours the time between work and play.

Let us tell you how easy it is to buy a Ford on the Weekly Purchase Plan.

THE RUNABOUT
\$265
F. O. B. Detroit
Demountable Run
and Starter \$95 extra

FORD MOTOR COMPANY, DETROIT, MICHIGAN

Eksamenoeffening: Addendum tot bronne

BRON 2B

Hierdie uittreksel beskryf die veranderings in die Amerikaanse samelewing tydens die 1920's. Dit is aangepas uit eh.net/encyclopaedia/article/Smiley:

Die 1920's was 'n tydperk van vinnige, vooruitstrewende ekonomiese groei... Daar was 'n vinnige aanvaarding van die motorkar ten koste van passasierstreine. Hoewel die voorstede sedert die laat 19de eeu gegroei het, was hul groei gekoppel aan spoor- of tremtoegang, en dit was beperk tot die groot stede. Die buigsaamheid van motortoegang het dit verander en die groei van voorstede het toegeneem. Die aanvraag na motors en vragmotors het gelei tot die vinnige bou van beter paaie vir alle weerstoestande om hul beweging te fasiliteer. Die groeiende elektrisiteitsvoorsieningsnetwerke het gelei tot nuwe verbruikerstoebehore en nuwe soorte beligting en verwarming vir huise en ondernemings. Die bekendstelling van die radio, radiostasies en kommersiële radionetwerke, asook die uitbreiding van langafstand-telefoonkommunikasie, het begin om die plattelandse isolasie af te breek. Ontspanningsaktiwiteite soos om te reis en rolprentteaters te besoek, asook beroepsport, het in groot industrieë ontwikkel. Hierdie tydperk het merkwaardige nuwigheide in die organisering van die sakewêreld asook in die vervaardigingstechnologie gesien.

SOURCE 2C

Hierdie uittreksel is uit *Nebraska: An illustrated history* deur Frederick Luebke, Universiteit van Nebraska, 1995, Lincoln, Londen. Dit hanteer die impak van ekonomiese groei op lewensgehalte in die VSA.

“Die lewenskarakter en -gehalte in Nebraska het in die 1920's dramaties verander... Die effek van tegnologiese verandering was veral in die stede sigbaar. Teen die 1920's het die meeste kleiner stede geplaveide paaie, munisipale elektrisiteit en waterstelsels, telefoonstelsels, straatligte en rioolstelsels gehad... Die meeste huise van voorstedelike Nebraska het lopende water en binnemuurse loodgieterwerk gehad... Elektrisiteit het op groot skaal gedurende die 1920's in huise verskyn, eers vir beligting, maar teen die einde van die dekade vir was- en naaldwerkmasjiene, stryksters, roosters, mengers en stofsuiers... Yskaste het yshouers begin vervang vir die korttermynbewaring van voedsel, en elektriese waaiers het warm somersdae begin afkoel... Verandering het stadiger op die platteland geskied, waar dit nog 'n dekade of twee sou wees voor die verskyning van elektriese toebehore. Plattelanders se lewens is baie meer aangeraak deur die petrolaangedrewe motor en vragmotor, waar die effek veel sigbaarder was in yl bevolkte landboustate soos Nebraska.”

Eksamenoefening: Addendum tot bronne

BRON 2D

Hierdie lirieke (woorde van 'n liedjie) is geskryf deur James Langston Hughes, 'n Amerikaanse digter wat bekend is vir sy insiggewende uitbeeldings van die ervarings van swart Amerikaners van Harlem tot Chicago. Hy is beïnvloed deur die blues wat in die Suide ontstaan het.

I, too, sing America.

I am the darker brother.
They send me to eat in the kitchen
When company comes,
But I laugh,
And eat well,
And grow strong.

Tomorrow,
I'll be at the table
When company comes.
Nobody'll dare
Say to me,
"Eat in the kitchen,"
Then.

Besides,
They'll see how
beautiful I am
And be ashamed –

I, too, am America.

Eksamenoeffening: Addendum tot bronne

BRON 2E

Die volgende bronne wys die situasie in die VSA teen 1930. Die foto is van <http://history1900s.about.com..>



'n Foto wat 'n gedwonge plaasveiling wys

Die statistieke is van www.newman.baruch.cuny.edu/

- Styging in per capita-inkomste vir die boonste 1% van die bevolking in 1920–1929: 75%
- Styging in per capita-inkomste vir die hele nasie in 1920–1929: 9%
- Persentasie Amerikaanse gesinne met geen spaargeld in 1929: 80%
- Plaasproduksie in 1919: \$21 biljoen en 1929: \$11.8 biljoen
- Persentasie van nasionale inkomste gehou deur boere in 1919: 16% en in 1929: 9%
- Hoeveelheid boere van plase gedwing in 1929: 435 000

Eksamenoefening: Addendum tot bronne

Vraag 3:

BRON 3A

Uittreksel A: In 1904 het Francis Galton, die “vader van eugenetika”, verduidelik hoe eugenetika aangewend kan word om die menslike ras te verbeter:

“Eugenetika is die wetenskap wat te doen het met al die invloede wat die ingebore eienskappe van ’n ras verbeter en ontwikkel. Maar wat word bedoel met ‘verbetering’? Ons moet morele waardes uit die bespreking hou, want dit veroorsaak hopelose probleme om te redeneer of ’n karakter in geheel goed of sleg is...Almal sal saamstem dat dit beter is om gesond te wees as siek, sterk in plaas van swak, goed aangepas in plaas van swak aangepas vir jou deel van die lewe. Kortliks, dit is beter om ’n goeie voorbeeld van jou soort te wees as ’n swakker voorbeeld, maak nie saak aan watter soort jy behoort nie... Die doel van eugenetika is om elke klas of sekte te verteenwoordig deur die beste voorbeelde, wat sal veroorsaak dat hulle meer as hul proporsie na die volgende generasie sal oordra... Eugenetika werk saam met die stelsel van die natuur deur te verseker dat die mensdom verteenwoordig word deur die beste aangepaste rasse.”

Uittreksel B: Die onderstaande is ’n uittreksel van Hitler se kommentaar op Nazi-ideologie:

“Hitler het geglo dat etniese en taalverskeidenheid ’n nasie verswak en dat demokrasie’n destabiliserende krag is omdat dit mag in die hande van etniese minderhede plaas. Die Nazi-denkwyse was ingestel op die militaristiese geloof dat groot nasies ontwikkel met militêre mag, wat weer ‘natuurlik’ ontstaan by ‘rasionele, beskaafde kulture’.

Hitler se Nazi-teorie het ook beweer dat die Ariese ras ’n meesterras is, superieur tot alle ander rasse, en dat groot nasies (letterlike groot nasies) geskep word deur groot rasse. Hierdie nasies het kulture ontwikkel wat op ’n natuurlike manier voortgespruit het uit rasse met ‘goeie gesondheid en aggressiewe, intelligente, dapper kenmerke’. Die swakste nasies, volgens Hitler, was dié wat onsuier of gemeng was omdat hulle verdeelde, strydende en daarom swak kulture het. ‘Rasse sonder tuislande’, het Hitler beweer, was ‘parasitiese rasse’, en hoe ryker die lede van ’n ‘parasitiese ras’ was, hoe meer ‘kwaadaardig’ sou die parasitisme wees. ’n ‘Meesterras’ sou dus, volgens Nazi-lerings, versterk kon word deur die ‘parasitiese rasse’ uit hul tuisland te elimineer.”

Eksamenoefening: Addendum tot bronne

BRON 3B

Die onderstaande kommentaar is van 'n aanlyn-uitstalling oor eugenetika in Nazi-Duitsland van www.ushmm.org/museum/exhibit/online/deadlymedicine

Uittreksel A: Hierdie uittreksel is van 'n Nazi-wet wat sterilisering voorgestaan het:

“Op 14 Julie 1933 het die Nazi-diktatuur die Wet op die Voorkoming van 'n Genetiese Siek Nageslag geïmplementeer. Hierdie wet se medeskrywers was Falk Ruttke, 'n prokureur, Arthur Gütt, 'n geneesheer en direkteur van openbare gesondheid, en Ernst Rüdin, 'n sielkundige en vroeë leier van die Duitse rassehigiëne-beweging. Individue wat deur die wet geteiken is, was mans en vroue wat “gely” het aan enige van die nege siektetoestande wat gesien is as oorerflik: swaksinnigheid, skisofrenie, manies depressiewe versteurings, genetiese epilepsie, Huntington se chorea ('n dodelike soort demensie), genetiese blindheid, genetiese doofheid, erge gevalle van fisiese misvormdheid, en chroniese alkoholisme.”

Uittreksel B: Hierdie bron verwys na sommige Nazi-wette wat op daardie tydstip rassemeerderwaardigheid in Duitsland bevorder het:


“Die ‘Reg op die beskerming van Duitse bloed en Duitse eer’ is op 15 September 1935 in Neurenberg goedgekeur. Dit het huwelike of seksuele verhoudings tussen Jode en nie-Joodse Duitsers verbied. Kort daarna het die Nazi-leiers begin met private samesprekings om die ‘algehele emigrasie’ van alle Jode ten doel te stel. Ná die besetting van Oostenryk in Maart 1938 (die Anschluss), het 'n SS-offisier, Adolf Eichmann, die gedwonge emigrasie van tienduisende Oostenrykse Jode gekoördineer. Die Nazi-georganiseerde aanval op Duitse en Oostenrykse Jode se eiendom op 9-10 November 1938 – Kristallnacht – het baie Jode wat in die Reich agtergebly het oortuig dat om te vlug hul enigste opsie op oorlewing was.”

Eksamenoeffening: Addendum tot bronne

BRON 3C

Die Nazi's het baie moeite gedoen om hul konsep van 'n "meesterras" of "herrenvolk" te ontwikkel:

A Was-afbeeldings van Roma-Sinti-gesigte by die Rassehygiene-sentrum.



B Die "Erekrus vir Duitse moeders"

In 1938 is begin om hierdie kruis aan "vrugbare" ma's te oorhandig. Dié wat vier of vyf kinders gehad het, het brons gekry. Ses of sewe kinders het 'n silwer beteken. Dié met ag of meer kinders is met 'n goue kruis vereer. (United States Holocaust Memorial Museum, Washington DC)



Eksamenoeffening: Addendum tot bronne

C Die onderstaande skets, getiteld “Aansporing vir genetiese gesonde gesinne”, het finansiële en maatskaplike voorregte soos behuising, belastingvoordele, huwelikstoelae, enkelgesin-huise, ens. gelys.



BRON 3D

Die Nazi's het plakkate gebruik om hul beleid rondom ras te bevorder:

Plakkaat A


Neues Volk was 'n eugenetiese tydskrif. Die teks lui: “Hierdie genetiese siek mens sal ons mense se gemeenskap 60 000 mark kos tydens sy leeftyd. Burgers, dis jul geld. Lees *Neues Volk*, die maandblad van die rassebeleid-kantoor van die NSDAP.”



Eksamenoeffening: Addendum tot bronne

Plakkaat B

'n Nazi-plakkaat wat die Olimpiese Spele van 1936 in Berlyn adverteer.



BRON 3E

Heydrich en Himmler was deel van die span by die Wannsee-konferensie in Januarie 1942, wie se besluite later bekend gestaan het as die “finale oplossing vir die Joodse probleem”.

“Wannsee het die SS-beamptes toegelaat om meer van hul beplande emigrasie van Jode te finaliseer. Genoeg vervoer is deur die spoorlyne en spoorwegwaens voorsien. Konsentrasiekampe het meer werkgewers nodig gehad. Die eintlike uitwissingsproses het groter presisie en meer hulpbronne benodig. Heydrich en Himmler het gevind dat dit moontlik sou wees om ’n uitwissingsprogram uit te voer, spesifiek gefokus op die volksmoord van ’n groot groep mense, sonder die samewerking van regeringsamptenare.

“Die Joodse bevolking in die Reich is met 3,1 miljoen mense verminder van die begin van die emigrasie in 1933 tot die einde daarvan in 1942. Die grusame werklikhede van daardie tydperk is weggesteek agter ’n masker met die titel “Die finale oplossing”. Hulle wou ten alle koste keer dat die bevolking skrikgemaak of ontstel sou word. Soos Himmler opgemerk het: ‘Ons het die morele reg gehad, ons het die plig teenoor ons mense gehad, om hierdie ras dood te maak wat ons wou doodmaak.’ Volgens die Duitsers het hierdie geloof hul optrede geregverdig en die bewyse voorsien om daarmee voort te gaan totdat hulle die oorwinnaars was.”

Antwoorde vir eksamenoefening

Voorgestelde riglyne vir punttoekenning

BRONGEBASEERDE VRAE

Vraag 1

1.1 Verwys na Bron 1A en jou eie kennis

1.1.1

- a kapitalistiese regerings: demokratiese lande in Europa asook die VSA wat markverwante ekonomieë het en vryheid van keuse, kapitaal word belê om wins te maak. 1 x 2 (2)
- b sosialistiese revolusies: rebellie en revolusies gemik op radikale verandering, dit sal kapitalistiese stelsels uitdaag om gelyke en gesamentlike eienaarskap in te stel, sommige selfs nasionalisering. 1 x 2 (2)
- c armies of imperialism: socialistic view of the White (Allied) armies in imperialistiese leërs: sosialistiese siening van die Wit (Geallieerde) leërs in die burgeroorlog, waar die Geallieerdes uitgebeeld is as ekspansionisties en aggressief. 1 x 2 (2)

1.1.2

- Skade van die oorlog en inval van die Wit Leërs.
- Vernietiging van masjinerie en toerusting deur vlugtende kapitaliste.
- Swak ooste en hongersnood. (Gebruik diskresie – enige twee) 2 x 2 (4)

1.1.3

- Besitneming van oorskotte om die weermag in stand te hou.
- Nasionalisering van ondernemings.
- Afskaffing van private hande.
- Geen erfwet. (Moet enige twee beskryf). 2 x 3 (6)

1.1.4

- Hongersnood in die stede.
- Industrieë en masjinerie in gehawende toestand.
- Kleinboere moedeloos. 2 x 2 (4)

1.2 Paragraaf: Vlak-assessering

1.2.1 Ja, die stelling is korrek: massateregstellings, neem van gyselaars, brutaliteit, uitbuiting, inhegtenisnemings, hang van mense, onderdrukking, optrede van die Tsjeka.

Die kommuniste het nie hul beloftes nagekom nie, armoede het voortgeduur.

Enige ander toepaslike feite. (8)

1.3

1.3.1

- Propaganda deur die kommuniste om steun vir die NEB te bekom; onderskrif is om die bevolking gerus te stel dat die resultaat sosialisties sou wees, hoewel die NEB nie sou wees nie.
- Lenin uitgebeeld as 'n held wat Rusland industrialiseer en streef na 'n werkerstaat. (illusterasie van konstruksiewerkers in die plakkaat). 2 x 3 (6)

1.3.2 Onbetroubaar

Hoekom? Twee redes: propaganda om die waarheid te verdraai, gebruik oordrywing.

Gemik op verkryging van steun vir die NEB. 2 x 2 (4)

1.4

1.4.1 Die foto in Bron 2C wys 'n mark en handel wat plaasvind. Dit beteken dat vryheid van keuse en sekere kapitalistiese neigings die ekonomie gestimuleer het, kapitaal wat verwissel van hande. 2 x 2 (4)

Antwoorde vir eksamenoefening

- 1.4.2 Bron 2D weerspreek die boodskap in die plakkaat (2C) omdat dit 'n kapitalistiese gevolg van die NEB is, nie 'n sosialistiese een nie; geld, handel, mark. Hy belowe om 'n sosialistiese revolusie teweeg te bring, maar die foto dui op kapitalisme (Enige een) 2 x 2 (4)
- 1.4.3 Dit weerspreek die werking van sosialisme deur kapitalistiese maatreëls in te sluit. In effek wys dit eintlik dat sosialisme misluk het en dat kapitalisme tot die "redding" moes kom. Dit blyk dat die kommuniste nie vasgehou het aan hul oorspronklike sosialistiese ideale nie. (Enige twee) 2 x 2 (4)
- [50]

Vraag 2

2.1

2.1.1

- Groot maatskappye het vrye teuels gehad om groot wins te maak en toenemende uitgawes aan te gaan.
- Nuwe uitvindings is bekendgestel, bv. die radio.
- Kommunikasie het verbeter en advertering het 'n nuwe sektor geraak.
- Advertensieborde – reis met motors uit die stede.
- Ontspanningsaktiwiteite sou verander; nuwe produkte kon in tydskrifte geadverteer word, op die radio en in die gedrukte media. (Enige twee) 2 x 2 (4)

2.1.2

Reklame:

- kapitalisme geskoei op vraag en aanbod
- danksy die positiewe impak van die Tweede Wêreldoorlog, het baie meer Amerikaners verbruikers geword
- verbruik het aanvraag vergroot
- advertensie: Coca Cola – metropolitaanse konteks van die stedelike Amerikaner, onspanningsbedryf.
- Model T Ford – het jong en beginner-sakelui aangetrek
- reklame het 'n nuwe bedryf geword = winsgewend; dui op koopkrag en stel huurkoop bekend. (Enige drie feite)

Massaproduksie:

- vraag oorskry aanbod
- verhoogde vraag vanweë koopkrag
- massaproduksielyn is bekendgestel, bv. Coca Cola: sekondêre industrieë, bv. glas en vervoer.
- Ford: eerste massaproduksielyn: spoed en uitbreiding.
- kapitalistiese uitbreiding (Enige drie toepaslike feite)

Bemarking:

- verkope en reklame
- koop en verkoop is deel van die kapitalistiese siklus
- het gelei tot vooruitgang in kommunikasiebedryf
- mededinging het toegeneem
- finansieringskemas om produkte te kon bekostig (Enige drie toepaslike feite) 3 x 3 (9)

2.1.3

Laissez-faire-beleid: toestemming om te doen wat hulle wou, min regulering en staatsinmenging, groot maatskappye het belasting betaal en vryheid geniet om sakewêreld te domineer en wins te maak. Mededinging was streng.

Pas hierdie beginsels toe op enige TWEE van die volgende:

Statistieke:

- Besteding aan reklame dui op die vryheid om te belê en 'n reeks items te adverteer.

Antwoorde vir eksamenoefening

- Dit dui op 'n selfversekerde vervaardigingsektor waar produksie versnel is vanweë die massaproduksielyn. Dit verwys ook na ontspanningsaktiwiteite wat tekens van beter lewenstyle toon.

Visuele beelde:

- Advertensie A: Wolkekrabbers, stedelike metropool, advertensies, professionele kleredrag, skeepbedryf, ontwikkeling, welstand.
- Uitbeelding B: Amerikaanse droom, beter lewenstandaard, hoër lone en salarisse, vroue bly tuis (hoef nie te werk nie), gelukkig, motor vergemaklik lewe, makliker leefstyl.

2 x 3 (6)

2.2

2.2.1 Inhoud

- Stede:
 - Voorstede brei uit omdat mense verder van die werk kon woon
 - Paaie ontwikkel vanweë die bekendstelling van die motorvoertuig
 - Elektrifisering: nuwe verbruikerstoebehore, beligting en verhitte vir huise en ondernemings, uitbreiding van kommunikasiesistels
 - Ontspanningsaktiwiteite het groot industrieë geword – ondernemings moes herorganiseer.
- Platteland:
 - Beligting, rioolstelsels, paaie, telefoonstelsels, nuwe toebehore, voedselpreservering, ens.
 - Kontak en mobiliteit vir 'n klein, wydverspreide bevolking vir daardie tyd.

Aanbieding

- Paragraaf – struktuur moet duidelik wees.
- Assesseer aanbieding volgens rubriekvlakke.

2.3

2.3.1 Boodskap van die liedjie: Swart Amerikaners word gemarginaliseer omdat hulle nie as belangrike burgers in Amerikaanse gemeenskappe beskou word nie. Hul waardigheid word deur diskriminasie en rassisme aangetas, maar deur sekere optrede sal dit binnekort verander. 1 x 5 (5)

2.3.2 Die skrywer druk sy gevoelens van eensaamheid en skaamte uit, maar ook sy vasberadenheid en hoop dat die situasie vinnig sal verander (vers 1 en 3)
Dit wys volharding by baie om dinge te verander om sodoende ingesluit te word en hul regmatige plek in die samelewing in te neem (vers 3 en 4) (Enige ander toepaslike punt.) 2 x 2 (4)

2.4

2.4.1 per capita-inkomste: die gemiddelde inkomste van elke persoon in die land 1 x 2 (2)

2.4.2 Landbouproduksie het met \$21 biljoen tot \$11,8 biljoen gedaal; daarom het talle boere hul plase verkoop – hulle kon nie meer winsgewend boer nie.
435 000 boere is van hul plase afgedwing – kan in die foto gesien word.
80% van Amerikaanse gesinne het geen spaargeld gehad nie: daarom dus geen veiligheidsnet vir moeilike tye nie. 3 x 2 (6)

2.4.3 Kwesbaarheid van boere in 1929:

- produkpryse het tussen 1929 en 1932 met 50 persent geval – surplus oeste kon nie teen 'n wins verkoop word nie.
- ernstige droogte in 1930 – regoor die vlaktes, stofkom, vrugbare bogrond is vernietig
- baie het gemigreer weens die verlies van hul plase. (Enige ander toepaslike feite.) 3 x 2 (6)

[50]

Antwoorde vir eksamenoefening

Vraag 3

3.1

3.1.1 Ja

- Studie wat gebruik is vir die verbetering van kenmerke en eienskappe van ras.
- Beheerde teling om die menslike ras te verbeter.
- Wetenskap wat te doen het met alle invloede wat die ingebore gehalte van ras verbeter en ontwikkel.

2 x 2 (4)

3.1.2 Gee krediet vir redenasievermoë

Nee

- Sedes en waardes moet in gedagte gehou word as daar besluite geneem word oor mense en die beëindiging en verlenging van lewe.
- Daar is geen regverdiging om menslike lewe te neem om 'n ander te laat leef nie.
- Individue wat gestrem of misvorm gebore is, sal op 'n onmenslike manier geteiken word omdat hulle nie “bydra tot 'n gemeenskap” nie.
- Dit kan lei tot die skep van “die ander” en diskriminasie; geskoei op subjektiwiteit; swakkeres sal gemarginaliseer word.
- Dit kan lei tot die stelselmatige uitwissing van 'n minderheidsgroep of swakkeres.

3 x 2 (6)

3.1.3 Bespreek

- Die Nazi's het geglo aan beginsels soos “mag is reg” en “oorlewing van die geskiktes”. Hitler het die idee voorgestaan dat, om aanvalle van ander nasies asook van binne te oorleef, Duitsland 'n sterk militêre mag moes hê ter verdediging en ook om, indien nodig, aanvalle te kon loods, bv. die Slawiërs, lebensraum.
- Hierdie doelwitte het geresoneer met groepe soos die Freikorps, SA, Gestapo, en fasciste in die Duitse samelewing wat politieke regs en anti-links was.

2 x 2 (4)

3.1.4 Gebruik diskresie:

2 x 2 (4)

Eugenetika – Galton	Nazi-ideologie
Behou die beste voorbeelde van 'n ras	Magtige nasies ontwikkel uit magtige voorbeelde
Bevorder en ontwikkel die ingebore eienskappe van ras.	Meesterras kan hulself versterk deur hul swakke elemente uit te wis.
Goeie spesies sal meer as hul proporsie oordra na die volgende geslag.	Magtige nasies ontwikkel uit militêre mag.

3.2

3.2.1 Beskryf

- Rassehygiëne = deel van Nazi-beleid – om die Duitse/Ariese ras te suiwer deur sterilisering
- Nege oorerflikte siektetoestande is geïdentifiseer
- Bekendstelling van gedwonge sterilisering om van swakhede ontslae te raak om sodoende die Ariese ras te versterk en te verbeter.

1 x 3 (3)

3.2.2 Gebruik diskresie en gee punte vir redelike antwoorde.

- Mag van opvoeding en indoktrinasie het die oortreders oortuig om te glo aan die opbou van 'n meesterras.
- Hulle het opreg geglo dat hulle hul vaardighede gebruik om 'n beter ras te skep.
- Moontlik kon hulle ook baat vind as aksies teen ander uitgevoer is, bv. bevordering.

2 x 2 (4)

3.2.3 Bespreek

- “Wet op die beskerming van Duitse bloed” het huwelike tussen Jode en nie-Jode verbied

Antwoorde vir eksamenoefening

- Dit het gelei tot gedwonge emigrasie
- Het later verander tot die “finale oplossing”-program.
- Omstandergedrag (om nie betrokke te raak nie) het die Nazi-oortreders aangemoedig om verder te gaan en meer brutaal en genadeloos te word.
- Die tekort aan reaksie op die inmenging van die staat in die seksuele verhoudings en huwelike van Duitsers en Duitse Jode, was die eerste treë na meer drastiese maatreëls wat sou lei tot Kristallnacht en die uiteindelijke uitwissing van miljoene Jode (volksmoord).

2 x 2 (4)

3.3 Paragraaf

3.3.1 Inhoud

- A – was-afbeeldings van Roma- en Sinti-gesigte om die uiterlike tekens te bestudeer as verskille tussen rasse.
- Sigeuners was uitgeworpenes en studies het “bewys” dat hulle geen bydrae gelewer het tot die Duitse kultuur en beskawing nie.
- B – medaljes vir meer geboortes – Duitse vroue is vergoed vir die toename in Duitsland se geboortesifer en die feit dat hulle individue vir die Ariesse ras gebaar het.
- C – Propaganda om geneties geskikte individue aan te moedig deur middel van vergoeding of toegewings.
- Hierdie voorbeelde wys die idee van selektiwiteit en keuse om die “teelmateriaal” of ras te verbeter om sodoende ’n meestersras te skep..

Vlak	Kriteria	Punte
1 Nie bereik nie	• Nie in staat nie, of slegs gedeeltelik in staat, om die beelde te verbind met die “meestersras-idee” van die Nazi’s. • Swak insig, deurmekaar en tekort aan insig. • Basiese kennis en onvolwasse interpretasie.	1–2
2 Bereik	• In staat om relevante kennis te gebruik om die beelde te verbind met die “meestersras-idee” van die Nazi’s. • Sporadiese tot sterk oomblikke van insig. • Goeie kennis en interpretasie.	3–5
3 Bereik met lof	• In staat om die bewyse goed te verbind met die beelde om die “meestersras-idee” van die Nazi’s aan te dui. • Meesterlike redenasievermoë en uitsonderlike insig word getoon. • Deeglike kennis en volwasse interpretasie.	6–7

3.4 Propaganda plakkaat

3.4.1 Drie tegnieke: Lettertipes, slagspreuke, onderskrifte, visuele effekte

Plakkaat A:

- Selektiewe teling sodat slegs die “sterkste” sal oorleef, diskriminerend teenoor “geneties siek” mense. Houidings word oorheers deur rassebeleid waar Jode gesien is as ’n hindernis om die meestersras te bereik.
- Uitbeelding: sielsiekes.
- Lettertipe: verwys na die ou Duitse ryk, verwys na tradisies en herkoms.
- Kyker internaliseer die aantrekking en word gedwing om ’n persoonlike keuse te maak; emosie/“jou geld”.

Plakkaat B:

- Assosiasie van die uitbeelding van die perfekte menslike vorm van die antieke/ klassieke beskawings, bevorder die idee van kompetisie en oorwinning van die sterkste, slegs die sterkstes sal oorleef. Perfekte beeld van die menslike wese. Brandenburg-hek in Berlyn het geskiedkundige verbintenis met die Duitse geskiedenis.

3 x 3 (9)

Antwoorde vir eksamenoefening

3.5 Bronne en jou eie kennis

3.5.1

- Volsmoord is die doelbewuste en stelselmatige vernietiging van 'n spesifieke godsdienstige, nasionale, kulturele of rassegroep. Dit sou nie moontlik gewees het om die Nazi's se uitwissingsprogram uit te voer indien bekwame burokrate en staatsamptenare nie deel was van die proses nie.
- Die program van die “finale oplossing” het staatgemaak op 'n groot getal amptenare om seker te maak dat groot getalle Jode bymekaar gemaak en vervoer word na die uitwissingskampe.
- Dit is gesien as die plig van alle lede van die Nazi-regering en burokrasie om die Jode dood te maak, want dit was eintlik ter verdediging van hulself. Hulle het net soveel skuld. Indien daar groter weerstand was, sou die volksmoord dalk nie gebeur het nie.

1 x 5 (5)

[50]

GESKREWE LANGVRAE:

Onderwerp 1: Vraag 4

Oorsig

Kandidate moet aandui dat dit sy primêre doel was om in 1918 ten alle koste die revolusie te red, maar dat hy teen 1921 pragmaties verander het en sy eie ekonomiese beleid aangepas het om hierdie doel te bereik. Dit is opmerklik dat hy teen 1924 nog nie ten volle in sy doel geslaag het nie.

Inleiding:

- Dui 'n argumentlyn aan in verhouding tot die vraag – fokus is belangrik:
Lenin moes sy beloftes in 1918 nakom, hoewel hy burgeroorlog en sosio-ekonomiese probleme in die gesig gestaar het. Dit was sy hoofdoel, maar hy moes dit uitstel toe hy in 1921 die NEB bekend gestel het. Baie stoere ondersteuners het in 1921 gevoel dat hy kommunistiese beginsels prysgegee het en teruggeval het op strengere maatreëls ná Lenin se dood.

Uitbreiding

Hoofpunte:

- 1918-bevele
- Verkiesings: onseker situasie – kan nie sosialisme geleidelik bekend stel nie
- Burgeroorlog en Oorlogskommunisme: desperaat om die oorlog te wen om die sosialistiese revolusie te red en die teenrevolusie te beveg.
- Bespreek die wese (kern) van Oorlogskommunisme en die metodes wat die Rooi Leër gebruik het om te wen.
- Oorlogskommunisme het gewys dat hy kommunisme wou afdwing om sodoende aan die mag vas te klou.
- Gevolge van Oorlogskommunisme en die gevaar van teenrevolusie.
- Stel die NEB bekend en gaan 'n kompromie met kapitalisme aan – sluit detail in om sy kompromie met kapitalisme te wys.
- Assesseer die mate van sukses met die implementering van sosialisme.

Slot:

Verwys terug na die vraag en slotargument: NEB slegs 'n tydelike maatreël om genoeg rykdom bymekaar te maak sodat Rusland sosialisties kon raak. Teen 1924 is daar nog nie voldoen aan die meeste sosialistiese eise van die Russiese burgers nie. Oorlogskommunisme was dus nader aan ware kommunisme as die NEB.

[50]

Antwoorde vir eksamenoefening

Onderwerp 2: Vraag 5

Oorsig

Kandidate moet die belangrikste swakhede in die Amerikaanse ekonomie wat die Groot Depressie in 1929 veroorsaak het, bespreek.

Inleiding:

Die 1920's staan bekend as die "stormagtige twintigs" (Roaring Twenties), en tog was die oordadigheid, dekadensie en vooruitgang 'n vernislaag wat die ware swaakteid van die ekonomie verberg het. Dit was 'n kombinasie van faktore wat gelei het tot die depressie..

Uitbreiding

Hoofpunte:

- Lae pryse vir landbouprodukte
- Swak lone vir werkers
- Ongelyke verdeling van rykdom
- Beskermende tariewe: Fordney – McCumber en Smoot- Hawley-wette; handel het afgeneem.
- Europese nasies kon nie skuld terugbetaal nie en het beleggings uit die VSA onttrek.
- Ongereguleerde aandele-spekulاسie het gelei tot die aandelemark-ineenstorting in 1929; verlies van \$40 biljoen ná die ineenstorting.
- Onvermoë van banke: onversekerde bankdeposito's, mense het hul spaargeld verloor, banke het nie lenings aan kopers gegee nie, dit het weer tot vir swak omset en minder besteding gelei.

Slot:

- Daar was baie swakhede wat tot probleme vir die VSA gelei het toe die New Yorkse aandelebeurs in 1929 ineengestort het.
- Begin die argument afsluit.
- Geen nuwe inligting nie.

[50]

Antwoorde vir eksamenoefening

Onderwerp 3: Vraag 6

Oorsig

Kandidate moet 'n onafhanklike redenasie bekendstel waarin hulle 'n mening moet lug om die stelling te ondersteun óf te weerlê. Hulle moet aandui of daar 'n verband is tussen eugenetika en anti-Semitisme, en dan hul idees met die Holocaust moet verbind..

Inleiding:

- anti-Semitisme het al sedert die Middeleeue in Europese samelewings bestaan.
- eugenetika en anti-Semitisme het die nasionalisme en rassisme wat die Nazi's voorgestel het, aangevuur.
- segregasie en rassistiese eienskappe het met eugenetika gekombineer en 'n nuwe dimensie geskep – rassistiese anti-Semitisme.
- dit het aanvaarbaar geraak om die swakkeres en die armes uit die samelewing te verwyder.

Uitbreiding

Hoofpunte:

- bespreking van anti-Semitisme, eugenetika en die Holocaust
- Jode het die skuld gekry vir probleme van Duitsland in die 1930's.
- broosheid van demokrasie gekenmerk deur spanning
- Nazi-ideologie: ras, lebensraum, herrenvolk, diktatuur, ens.
- propaganda om die “perfekte Ariesse ras” te skep
- indoktrinasie van die jeug
- houdings en beleid teenoor die Jode – Neurenberg-wette
- boikot van Joodse ondernemings

Konsentreer op tydperk van 1938 tot 1945:

- *Kristallnacht*
- Ghetto's en pogroms
- Deportering na die kampe
- Massamoord, volksmoord en die “finale oplossing”.

Slot:

Sluit die argument af deur te wys of eugenetika en anti-Semitisme die hoofredes was vir die massa-uitwissing van die Jode.

[50]